# ONDERWYS AAN DIE SWART VOLKE VAN SUIDWES-AFRIKA TOT 1970

deur

CORNELIS MEYER NIEMAND, B.COMM., B.ED.

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die

Departement Historiese en Vergelykende Opvoedkunde

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

STUDIELEIER:

PROF. DR. S.S. BARNARD

Fochville
Augustus 1979

DANKBETUIGING

Ek wil eerstens my Hemelse Vader dank vir die vermoë en die geleenthede wat Hy vir my gegun het om hierdie studie te onderneem en te voltooi.

My innigste dank aan my eggenote, Vonita, vir al die op=offerings gedurende my studie en vir die netjiese tikwerk.

Aan my seuns en dogters, my familie en vriende wil ek my dank betuig vir hulle aanmoediging en belangstelling ty=dens hierdie studie. 'n Spesiale woord van dank aan my moeder vir haar ondersteuning en aansporing. Ek dra graag hierdie werk aan haar op.

'n Woord van dank aan die biblioteekpersoneel van die P.U. vir C.H.O. en die personeel van die staatsbiblioteek in Windhoek.

Aan my studieleier, prof. S.S. Barnard 'n werklike woord van dank en waardering vir wetenskaplike leiding, vir raad en hulp, vir onvermoeide ywer en vir die nodige aanmoediging.

INHOUD


| | | bladsy |
|---|---|---|
| 1. | ORIËNTERING | 1 |
| 1.1 | DIE DOEL VAN EN MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK | 1 |
| 1.2 | DIE VELD VAN ONDERSOEK | 1 |
| 1.3 | PROBLEME WAT ONDERVIND IS MET DIE ONDERSOEK | 2 |
| 1.4 | METODE VAN ONDERSOEK | 2 |
| 1.5 | STRUKTURERING | 3 |
| 1.6 | AFKORTINGS | 4 |
| 2. | DIE LAND EN SY SWART VOLKE - 'N ORIËNTERING | 5 |
| 2.1 | INLEIDING | 5 |
| 2.2 | DIE LAND SUIDWES-AFRIKA | 5 |
| 2.2.1 | Inleiding | 5 |
| 2.2.2 | Geografiese ligging en grense | 6 |
| 2.2.3 | Die grootte en topografie van Suid=wes-Afrika | 8 |
| 2.2.3.1 | Die Namibkusstrook | 11 |
| 2.2.3.2 | Die Kalaharistreek | 11 |
| 2.2.3.3 | Die sentrale hoogland | 11 |
| 2.2.4 | Natuurlike waterbronne | 13 |
| 2.2.4.1 | Riviere | 13 |
| 2.2.4.2 | Fonteine | 14 |

| | | bladsy |
|---|---|---|
| 2.2.4.3 | Panne en watergate | 15 |
| 2.2.5 | Reënval en klimaat | 16 |
| 2.2.6 | Flora en fauna | 16 |
| 2.3 | DIE VERSKILLENDE SWART VOLKE VAN SUIDWES-AFRIKA: 'N ALGEMENE OORSIG | 17 |
| 2.3.1 | Inleiding | 17 |
| 2.3.2 | Die Namas | 17 |
| 2.3.2.1 | Herkoms, vestiging en uiterlike voorkoms | 17 |
| 2.3.2.2 | Oorloë en agteruitgang | 20 |
| 2.3.2.3 | Hul lewenswyse | 21 |
| 2.3.2.4 | Religieuse beskouinge | 23 |
| 2.3.2.5 | Die taal van die Namas | 23 |
| 2.3.2.6 | Die huidige Namatuisland | 24 |
| 2.3.3 | Die Herero's | 24 |
| 2.3.3.1 | Herkoms, vestiging en fisieke voor=koms | 24 |
| 2.3.3.2 | Religieuse opvattings en gebruike | 26 |
| 2.3.3.3 | Volksaard en algemene leefwyse | 27 |
| 2.3.3.4 | Juridiese gebruike | 29 |
| 2.3.3.5 | Huidige tuisland | 30 |
| 2.3.4 | Die Boesmans | 30 |
| 2.3.4.1 | Herkoms, uiterlike voorkoms en geo=grafiese verspreidheid | 30 |

| | | bladsy |
|---|---|---|
| 2.3.4.2 | Die gewoontes en lewenswyse van die Boesmans | 33 |
| 2.3.4.3 | Religieuse opvattings | 34 |
| 2.3.5 | Die Ovambo's | 34 |
| 2.3.5.1 | Herkoms, vestiging en fisieke voor=koms | 34 |
| 2.3.5.2 | Religieuse opvattings | 36 |
| 2.3.5.3 | Stamorganisasie en -beheer | 37 |
| 2.3.5.4 | Lewenswyse | 37 |
| 2.3.6 | Die Bergdamaras | 39 |
| 2.3.6.1 | Oorsprong, vestiging en uiterlike voorkoms | 39 |
| 2.3.6.2 | Stamorganisasie en leefwyse | 41 |
| 2.3.6.3 | Religie | 41 |
| 2.3.6.4 | Juridiese gebruike | 42 |
| 2.3.7 | Die Okavango's | 42 |
| 2.3.7.1 | Vestiging | 42 |
| 2.3.7.2 | Taal, leefwyse en gesagstruktuur | 43 |
| 2.3.8 | Die Oos-Capriviane | 44 |
| 2.3.8.1 | Vestiging en verwantskap | 44 |
| 2.3.8.2 | Leefwyse en regspleging | 45 |
| 2.3.9 | Die Tswanas | 45 |
| 2.4 | DIE KOMS VAN DIE EERSTE GROEPE BLANKES | 46 |

| | | bladsy |
|---|---|---|
| 2.4.1 | Inleiding | 46 |
| 2.4.2 | Portugese seevaarders | 46 |
| 2.4.3 | Die eerste blanke jagters in SWA | 47 |
| 2.4.4 | Ekspedisie van Ryk Tulbach | 47 |
| 2.4.5 | Die eerste reisigers | 47 |
| 2.4.6 | Verkenning van die seekus | 48 |
| 2.4.7 | Die eerste Britse oorname | 48 |
| 2.4.8 | Die aankoms van die eerste groepe sendelinge | 48 |
| 2.4.9 | Anneksasie van die Guano-eilande | 50 |
| 2.4.10 | Anneksasie van Walvisbaai | 50 |
| 2.4.11 | Kaapse verteenwoordigers word in SWA aangestel | 50 |
| 2.4.12 | Dorslandtrekkers | 51 |
| 2.4.13 | Die Duitse anneksasie | 51 |
| 2.5 | OORSIG | 52 |
| 3. | ONDERWYS VANAF DIE VROEGSTE JARE TOT AAN DIE EINDE VAN DIE DUITSE REGIME (1915) | 55 |
| 3.1 | INLEIDING | 55 |
| 3.2 | PRIMITIEWE ONDERWYS VOOR DIE KOMS VAN DIE BLANKES | 58 |
| 3.3 | SENDELINGONDERWYS VOOR DIE DUITSE REGIME | 59 |
| 3.3.1 | Die koms van die eerste sendelinge | 59 |

| | | bladsy |
|---|---|---|
| 3.3.2 | Die verloop van die sendingaksies | 60 |
| 3.3.3 | Die eerste onderwyspogings van die sendelinge | 61 |
| 3.3.3.1 | Geboue, meubels en skooltoerusting | 61 |
| 3.3.3.2 | Instandhouding van die eerste skole | 62 |
| 3.3.3.3 | Verskillende benaderings tot die onderwys | 62 |
| 3.3.3.4 | Onderwysdoelstellings | 63 |
| 3.3.3.5 | Enkele faktore wat die eerste on=derwyspogings belemmer het | 63 |
| 3.3.4 | Die eerste versoek vir 'n onderwyser | 67 |
| 3.3.5 | Eie leesboeke en die eerste drukpers | 69 |
| 3.3.6 | Die behoefte aan afsonderlike skole vir die verskillende etniese groepe | 70 |
| 3.3.7 | Leerlinggetalle teen 1849-1850 | 70 |
| 3.3.8 | Opleiding van die eerste swart on=derwyser | 70 |
| 3.3.9 | Ontwrigting van sendingonderwys ge=durende 1850-1870 | 73 |
| 3.3.10 | Ontwikkeling en uitbreiding van die sendingonderwys na 1870 | 74 |
| 3.4 | ONDERWYSPOGINGS TYDENS DIE DUITSE BEWIND 1884-1914 | 75 |
| 3.4.1 | Die begin van stabiliteit en seku=riteit | 75 |
| 3.4.2 | Verhouding tussen die Duitse re=gering en die sendelinge | 75 |

| | | bladsy |
|---|---|---|
| 3.4.3 | Die eerste regeringskool | 77 |
| 3.4.4 | Meerdere kontak met die Blankes en nuwe eise aan die onderwys | 77 |
| 3.4.5 | Die onderwyspeil te Bethanie | 78 |
| 3.4.6 | Skooltye, skoolure en vakansies | 78 |
| 3.4.7 | Die voertaalkwessie | 79 |
| 3.4.8 | Beroepsopleiding | 81 |
| 3.4.9 | Landbouonderwys | 82 |
| 3.4.10 | Onderwysersopleiding | 82 |
| 3.4.10.1 | Rynse Sendinggenootskap | 82 |
| 3.4.10.2 | Rooms-Katolieke Sendinggenootskap | 83 |
| 3.4.10.3 | Finse Sendinggenootskap | 83 |
| 3.4.11 | Die verskillende soorte skole, kur=rikulums en die onderwyspeil 1900-1915 | 84 |
| 3.4.12 | Die vermeerdering van die aantal skole en leerlinge | 87 |
| 3.4.12.1 | Die Rynse Sendinggenootskap, 1883-1913 | 88 |
| 3.4.12.2 | Die Finse Sendinggenootskap, 1883-1914 | 89 |
| 3.4.12.3 | Die Rooms-Katolieke Sendinggenoot=skap, 1901-1913 | 90 |
| 3.4.13 | Kurrikulums | 91 |
| 3.4.13.1 | Rynse sendingskole | 91 |

| | | bladsy |
|---|---|---|
| 3.4.13.2 | Rooms-Katolieke sendingskole | 91 |
| 3.4.13.3 | Finse sendingskole | 92 |
| 3.4.13.4 | Samevatting | 93 |
| 3.4.14 | Finansiering van die onderwys | 93 |
| 3.4.15 | Skoolbywoning | 94 |
| 3.4.15.1 | Pogings om skoolplig in te stel | 94 |
| 3.4.15.2 | Swak skoolbywoning | 95 |
| 3.5 | DIE KULTURELE INVLOED VAN DIE VROEËRE SENDINGGENOOTSKAPPE | 96 |
| 3.6 | EVALUERING | 98 |
| 4. | DIE ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS IN SWA, 1915-1932 | 101 |
| 4.1 | ALGEMENE OORSIG | 101 |
| 4.2 | BELEID VAN DIE ONDERWYS | 105 |
| 4.2.1 | Inleiding | 106 |
| 4.2.2 | "Onderwijs Proklamatie" nr. 55 van 1921 | 106 |
| 4.2.2.1 | Inleiding | 106 |
| 4.2.2.2 | Die doel van die Onderwysproklamasie van 1921 | 108 |
| 4.2.2.3 | Die Onderwyskonferensie van 1923 met betrekking tot Onderwysproklamasie nr. 55 van 1921 | 108 |
| 4.2.3 | Onderwysproklamasie nr. 16 van 1926 | 109 |
| 4.3 | BEHEER OOR DIE ONDERWYS | 109 |

| | | bladsy |
|---|---|---|
| 4.3.1 | Algemeen | 109 |
| 4.3.2 | Departement van Onderwys | 110 |
| 4.3.3 | Adviserende Onderwysraad | 112 |
| 4.3.4 | Plaaslike beheer en administrasie | 112 |
| 4.4 | FINANSIERING VAN DIE ONDERWYS | 116 |
| 4.5 | OPRIGTING VAN SKOLE | 119 |
| 4.5.1 | Die stigting van nuwe skole | 119 |
| 4.5.1.1 | Sendingskole | 119 |
| 4.5.1.2 | Regeringskole | 120 |
| 4.5.2 | Klassifisering van die skole | 121 |
| 4.5.3 | Vermeerdering van skole | 121 |
| 4.5.4 | Sanitêre geriewe en wasplekke by skole | 122 |
| 4.6 | DIE TOELATING EN VERMEERDERING VAN LEERLINGE | 122 |
| 4.7 | OPLEIDING, VOORSIENING EN DIENSVOOR=WAARDES VAN ONDERWYSERS | 124 |
| 4.7.1 | Onderwysersopleiding | 124 |
| 4.7.1.1 | Onderwysersopleiding aan die Augus=tineum | 124 |
| 4.7.1.2 | Onderwysersopleiding te Döbra en Tses | 125 |
| 4.7.1.3 | Onderwysersopleiding te Oniipa | 126 |
| 4.7.1.4 | Indiensopleiding | 127 |

| | | bladsy |
|---|---|---|
| 4.7.2 | Tekort aan bevoegde onderwysers | 127 |
| 4.7.3 | Aanstellings, salarisse en diens= voorwaardes van onderwysers | 128 |
| 4.7.3.1 | Die aanstelling van onderwysers in vakante poste | 128 |
| 4.7.3.2 | Salarisse en diensvoorwaardes van onderwysers | 129 |
| 4.7.4 | Diensbeëindiging van onderwysers | 130 |
| 4.8 | LEER- EN LEESBOEKE | 131 |
| 4.9 | KURRIKULUMS EN SILLABUSSE | 132 |
| 4.10 | DIE VOERTAALKWESSIE | 134 |
| 4.11 | INSPEKSIEDIENSTE | 135 |
| 4.12 | DIE BYDRAES VAN DIE VERSKILLENDE SENDINGGENOOTSKAPPE TOT DIE ONDER= WYS | 136 |
| 4.12.1 | Inleiding | 136 |
| 4.12.2 | Die Finse Sendinggenootskap | 137 |
| 4.12.3 | Die Rynse Sendinggenootskap | 141 |
| 4.12.4 | Die Anglikaanse Sendinggenootskap | 143 |
| 4.12.5 | Die Wesleyaanse Sendinggenootskap | 144 |
| 4.12.6 | Die Sewende Dag Adventiste | 145 |
| 4.12.7 | Die Rooms-Katolieke Sendinggenoot= skap | 145 |
| 4.12.8 | Samewerking tussen die staat en die verskillende sendinggenootskappe | 146 |

| | | bladsy |
|---|---|---|
| 4.13 | SLOTBESKOUING | 147 |
| 5. | GROTER EENVORMIGHEID EN BESTENDIG= HEID IN DIE ONDERWYS, 1933-1962 | 150 |
| 5.1 | INLEIDING | 150 |
| 5.2 | BEHEER OOR DIE ONDERWYS | 154 |
| 5.2.1 | Inleiding | 154 |
| 5.2.2 | Sentrale beheer oor die onderwys | 156 |
| 5.2.2.1 | Verantwoordelikheid van die Admini= strasie | 156 |
| 5.2.2.2 | Alle skole moes oorgedra word aan die staat | 157 |
| 5.2.2.3 | Aparte afdeling vir onderwys aan Swartes in die Onderwysdepartement | 157 |
| 5.2.2.4 | Die Adviserende Onderwysraad | 158 |
| 5.2.2.5 | Die verantwoordelikheid van die RSA | 159 |
| 5.2.3 | Plaaslike beheer | 159 |
| 5.2.3.1 | Inleiding | 159 |
| 5.2.3.2 | Skoolrade | 160 |
| 5.2.3.3 | Skoolkomitees | 161 |
| 5.3 | SKOOLAKKOMMODASIE EN -TOERUSTING | 162 |
| 5.3.1 | Inleiding | 162 |
| 5.3.2 | Skoolgeboue | 163 |
| 5.3.3 | Toerusting | 165 |
| 5.4 | LEER- EN LEESBOEKE | 165 |

| | | bladsy |
|---|---|---|
| 5.4.1 | Inleiding | 165 |
| 5.4.2 | Ontwikkelinge met betrekking tot die voorsiening van skoolboeke | 166 |
| 5.5 | DIE MEDIUM VAN ONDERWYS | 170 |
| 5.5.1 | Inleiding | 170 |
| 5.5.2 | Moedertaalonderwys | 171 |
| 5.5.3 | Taalonderrig | 173 |
| 5.6 | KURRIKULUMS EN SILLABUSSE | 174 |
| 5.6.1 | Inleiding | 174 |
| 5.6.2 | Die kurrikulums en sillabusse van 1933 | 175 |
| 5.6.3 | Die kurrikulums en sillabusse van 1950 | 176 |
| 5.6.4 | Kurrikulum- en sillabusontwikkeling na 1950 | 176 |
| 5.6.5 | Enkele aanbevelings van die Kommis= sie van 1958 met betrekking tot sillabusse | 180 |
| 5.7 | INSPEKSIES, EKSAMENS EN DIE ONDER= WYSPEIL | 181 |
| 5.7.1 | Inleiding | 181 |
| 5.7.2 | Die inspeksiestelsel | 182 |
| 5.7.3 | Eksamens | 185 |
| 5.8 | LEERLINGAANGELEENTHEDE | 188 |
| 5.8.1 | Inskrywing en skoolbywoning | 188 |
| 5.8.2 | Skoolplig | 194 |

| | | bladsy |
|---|---|---|
| 5.9 | ONDERWYSPERSONEEL | 194 |
| 5.9.1 | Inleiding | 194 |
| 5.9.2 | Opleidingskursusse en opleidingsin= rigtings | 195 |
| 5.9.3 | Kurrikulums en sillabusse vir onder= wysersopleiding | 199 |
| 5.9.4 | Aanstellings en toekennings van onder= wysers aan skole | 200 |
| 5.9.5 | Salarisse | 201 |
| 5.9.6 | Verlof en ander diensvoordele | 205 |
| 5.9.7 | Oorplasing van onderwysers van die een skool na 'n ander | 207 |
| 5.9.8 | Rondreisende onderwysers | 207 |
| 5.9.9 | Diensbeëindiging | 208 |
| 5.9.10 | Onderwysersvereniging vir Swartes | 209 |
| 5.10 | SKOOLSOORTE | 209 |
| 5.10.1 | Inleiding | 209 |
| 5.10.2 | Staatskole | 210 |
| 5.10.3 | Sendingskole | 211 |
| 5.10.4 | Volwasseonderwys | 213 |
| 5.10.5 | Die oorskakeling van sendingskole na gemeenskapskole | 213 |
| 5.10.6 | Klassifisering van gemeenskapskole | 216 |
| 5.11 | FINANSIERING VAN DIE ONDERWYS | 218 |

bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 5.12 | KRITIESE BESKOUING | 223 |
| 5.12.1 | Enkele gebreke met betrekking tot die onderwys aan Swartes, 1933-1962 | 223 |
| 5.12.2 | Enkele voordele wat die onderwys aan Swartes ingehou het | 225 |
| 5.12.3 | Die implementering van die nuwe on=derwysbeleid | 227 |
| 6. | DIE UITBREIDING VAN DIE ONDERWYS, 1962-1970 | 231 |
| 6.1 | INLEIDING | 231 |
| 6.2 | JURIDIESE GRONDSLAG VAN DIE ONDER=WYS | 232 |
| 6.3 | BEHEER OOR DIE ONDERWYS | 234 |
| 6.3.1 | Algemeen | 234 |
| 6.3.2 | Sentrale beheer | 235 |
| 6.3.2.1 | Suidwes-Afrika Onderwysdepartement | 235 |
| 6.3.2.2 | Departement van Bantoe-onderwys van die RSA | 236 |
| 6.3.2.3 | Die Departement van Onderwys en Kultuur van Ovamboland | 237 |
| 6.3.3 | Plaaslike beheer | 238 |
| 6.3.3.1 | Skoolrade | 239 |
| 6.3.3.2 | Skoolkomitees | 240 |
| 6.4 | FINANSIERING VAN DIE ONDERWYS | 241 |
| 6.5 | SKOOLBYWONING EN DIE TOENAME IN LEER=LINGTALLE | 243 |

bladsy

6.6 DIE TEKORT AAN EN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS 248

6.6.1 Algemeen 248

6.6.2 Opleiding van onderwysers 249

6.7 GEBOUE 252

6.8 DIE TAALKWESSIE 254

6.9 KURSUSINDELINGS EN KURRIKULUMS 257

6.10 ONDERWYS IN DIE CAPRIVI 258

6.11 EVALUERING 263

7. SAMEVATTING 267

7.1 HISTORIESE OORSIG 267

7.2 DIE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE SENDINGGENOOTSKAPPE OP DIE ONDERWYS 271

7.2.1 Inleiding 271

7.2.2 Die Londense Sendinggenootskap 271

7.2.3 Die Rynse Sendinggenootskap 271

7.2.4 Die Finse Sendinggenootskap 272

7.2.5 Die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap 273

7.2.6 Die Nederduitse Gereformeerde en die Anglikaanse Kerke 273

7.2.7 Ten besluite 273

7.3 DIE POSISIE VAN SWART ONDERWYS IN 1970 274

ABSTRACT 278

BRONNE 283

KAARTE

| | | bladsy |
|---|---|---|
| 2.1 | GEOGRAFIESE LIGGING VAN SUIDWES-AF= RIKA MET BETREKKING TOT DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN DIE ANDER AFRIKA STATE | 7 |
| 2.2 | GRENSE VAN SUIDWES-AFRIKA | 9 |
| 2.3 | VERGELYKENDE GROOTTES - SUIDWES-AFRIKA, NEDERLAND, ENGELAND EN LI= BERIË | 10 |
| 2.4 | TOPOGRAFIE VAN SUIDWES-AFRIKA | 12 |
| 2.5 | GEMIDDELDE JAARLIKSE REËNVAL | 15 |
| 2.6 | TUISLANDE VIR DIE SWART VOLKE IN SUIDWES-AFRIKA | 19 |
| 2.7 | VERSKILLENDE SWART BEVOLKINGSGROEPE IN SUIDWES-AFRIKA OMSTREEKS 1890 | 53 |
| 4.1 | DIE NOORDELIKE EN SUIDELIKE SEKTORE VAN SUIDWES-AFRIKA | 104 |

TABELLE


| | | bladsy |
|---|---|---|
| 2.1 | DIE AGT HOTTENTOTSTAMME EN HULLE WOONPLEKKE | 20 |
| 3.1 | RYNSE SENDINGSKOLE EN LEERLINGE, 1883-1913 | 88 |
| 3.2 | FINSE SENDINGSKOLE EN LEERLINGE, OVAMBOLAND, 1883-1914 | 89 |
| 3.3 | ROOMS-KATOLIEKE SENDINGSKOLE EN LEERLINGE, 1901-1913 | 90 |
| 4.1 | FINANSIERING VAN DIE ONDERWYS AAN SWARTES, 1922-1933 | 118 |
| 4.2 | AANTAL HERERO- EN NAMAKINDERS IN SKOLE, 1924-1929 | 123 |
| 4.3 | FINSE SKOLE, LEERLINGE EN ONDER= WYSERS IN OVAMBOLAND, 1923-1932 | 141 |
| 4.4 | RYNSE GESUBSIDEERDE SENDINGSKOLE, LEERLINGE EN ONDERWYSERS, 1922-1932 | 143 |
| 4.5 | SKOLE VAN DIE DAMARALANDSE (ANGLI= KAANSE) SENDING VIR SWARTES IN OVAMBOLAND | 144 |
| 4.6 | DIE UITBREIDING VAN DIE ROOMSE SKOOLWESE IN SWA, 1922-1932 | 146 |
| 5.1 | VERSKILLENDE SWART BEVOLKINGSGROEPE IN SWA IN 1956 | 153 |
| 5.2 | DIE VOLKSGROEPE EN HULLE TALE | 170 |
| 5.3 | AFNAME IN DIE LEERLINGTALLE IN DIE HOËR STANDERDS, 1958 | 189 |
| 5.4 | VERSPREIDING VAN LEERLINGE, 1962 | 190 |

| | | bladsy |
|---|---|---|
| 5.5 | VERMEERDERING VAN SWART LEERLINGE IN 'N PERSENTASIE VAN DIE LEERLINGE VAN SKOOLGAANDE OUDERDOM UITGEDRUK, 1922-1962 | 191 |
| 5.6 | DIE AANTAL SKOLE, LEERLINGE EN ON= DERWYSERS IN DIE SUIDELIKE SEKTOR, 1935-1962 | 192 |
| 5.7 | DIE AANTAL SKOLE, LEERLINGE EN ON= DERWYSERS IN DIE NOORDELIKE SEKTOR, 1939-1962 | 193 |
| 5.8 | DIE AANTAL SKOLE, ONDERWYSERS EN LEERLINGE IN DIE CAPRIVI IN 1962 | 193 |
| 5.9 | PERSONEELTOEKENNING, 1952 | 201 |
| 5.10 | SALARISSKALE VAN DIE MANLIKE EN VROULIKE ONDERWYSERS VOLGENS KATE= GORIEË, 1951 | 204 |
| 5.11 | BYKOMSTIGE TOELAES VAN HOOFONDER= WYSERS VOLGENS LEERLINGTALLE, 1951 | 205 |
| 5.12 | DIE STAAT SE BYDRAE PER LEERLING, 1940-1960 | 220 |
| 5.13 | 'N ALGEMENE BEELD VAN SWART ONDER= WYS IN SWA, 1962 | 229 |
| 5.14 | PERSENTASIE KINDERS VAN SKOOLGAANDE OUDERDOM WAT SKOLE BESOEK HET IN ENKELE AFRIKASTATE IN 1960 | 230 |
| 6.1 | DIENSSTAAT VIR ADMINISTRATIEWE PER= SONEEL IN SWA EN OVAMBOLAND | 238 |
| 6.2 | NIE KAPITALE UITGAWES, 1963/64-1967/68 | 241 |
| 6.3 | TOTALE UITGAWES AAN SWART ONDERWYS GEDURENDE DIE BOEKJARE 1934/35-1967/68 | 242 |

| | | bladsy |
|---|---|---|
| 6.4 | AANTAL SKOLE EN LEERLINGE IN DIE SUIDELIKE EN NOORDELIKE SEKTORE IN 1963 EN 1968 | 244 |
| 6.5 | JAARLIKSE LEERLINGGETALLE 1963-1968 MET 100 AS BASIS IN 1957 | 245 |
| 6.6 | DIE MOONTLIKE EN WERKLIKE GETALLE SKOOLGAANDE SWART KINDERS IN DIE VERSKILLENDE GEBIEDE VAN SWA IN 1970 | 246 |
| 6.7 | VERDELING VAN LEERLINGE IN KURSUSSE GEDURENDE 1963 EN 1968 | 247 |
| 6.8 | TAALGROEPE IN SWA, 1970 | 256 |
| 6.9 | VERSPREIDING VAN LEERLINGE VOLGENS STANDERDS, 1964 EN 1970 | 262 |
| 6.10 | AANTAL SKOLE, LEERLINGE EN ONDER=WYSERS IN DIE CAPRIVI, 1964 EN 1970 | 263 |
| 6.11 | VERSPREIDING VAN LEERLINGE VOLGENS SKOLE, 1970 | 263 |
| 7.1 | AANTAL SKOLE, ONDERWYSERS EN LEER=LINGE IN SKOLE VIR SWARTES IN SWA, 1970 | 275 |
| 7.2 | DIE TOENAME VAN DIE SWARTES IN SWA, 1921 EN 1970 | 276 |

# 1. ORIËNTERING

## 1.1 DIE DOEL VAN EN MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK

Die doel met hierdie studie was om meer lig te werp op die verloop van die onderwys aan die Swartes van Suidwes-Afrika.

Daar is getrag om die rol wat die sendelinge in die uitbou=ing van die onderwys gespeel het aan te dui. Terselfdertyd is gepoog om die samewerking van die staat en die kerk in die onderwysverband na vore te bring.

Die ontwikkeling in die onderwys van die Swartes in SWA is kronologies aangedui in vier bepaalde tydperke.

Die geskiedenis van die onderwys aan die Swartes van SWA is gekies omdat dit 'n buurstaat van die Republiek van Suid-Af=rika (RSA) is en daar min bekend is van die onderwys van dié ylbewoonde en uitgestrekte landgebied. Daar is ook gevoel dat daar in die lig van die nuwe staatkundige bedeling wat SWA betree dit vanpas sou wees om 'n studie te maak van die ontwikkeling van die onderwys aan die Swartes in die "ou" staatkundige bedeling.

## 1.2 DIE VELD VAN ONDERSOEK

Die studieveld dek die tydperk vanaf 1805 tot in 1970. Ge=durende dié 165 jaar is daar vele fasette wat tot die ont=wikkeling van die onderwys bygedra het. Daar is in die stu=die gepoog om die belangrikste bydraes tot die ontwikkeling van die onderwys te identifiseer en die rigtinggewende be=ginsels uit te lig.

SWA beskik oor 'n heterogene bevolking en in hierdie studie is slegs die onderwys aan die Swartes (wat uit verskillende bevolkingsgroepe bestaan) bestudeer.

## 1.3 PROBLEME WAT ONDERVIND IS MET DIE ONDERSOEK

Tydens die ondersoek was die Turnhalle-beraad in volle swang. Verskeie departemente in SWA was deurentyd gemoeid met die beraadslagings en om die nodige verslae oor die on=derwerp van ondersoek te verkry, het vele probleme opge=lewer.

Met die toenemende terroristebedrywighede in die gebied was daar beperkings op die beweeglikheid en toeganklikheid tot sekere areas.

Die gebied is uitgestrek en ylbewoon. Die lang afstande wat gereis moes word vanaf Potchefstroom en deur SWA om data te bekom,het hoë psigiese, fisiese en finansiële eise gestel.

Baie van die primêre bronne is vanweë verskillende faktore nie meer beskikbaar nie. Die primêre bronne wat wel nog be=skikbaar is, is oor die hele land versprei en uiters moeilik bekombaar. 'n Groot hoeveelheid van die primêre bronne is met die hand in Hoog-duits geskryf en is nie maklik lees- en verstaanbaar nie.

## 1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Omdat hierdie werk binne die veld van die Besondere Histo=riese Opvoedkunde val, is daar van die historiese metode van ondersoek gebruik gemaak. Data en gegewens is versamel deur veral gebruik te maak van primêre bronne, naamlik verslae oor die onderwys, verslae van kommissies van ondersoek, on=derwyswette en inspeksieverslae. Waar daar geen primêre bronne beskikbaar was nie, is daar van sekondêre bronne ge=bruik gemaak. Bykomende gegewens is verkry uit monografieë en korrespondensie.

Nadat die data versamel is, is dit verwerk en georden en ge= poog om dit sinvol en sistematies te beskryf.

## 1.5 STRUKTURERING

Hoofstuk 2 stel die leser bekend aan die land, wat op sig= self oor 'n wye verskeidenheid van interessanthede beskik. Daar word ook 'n algemene oorsig gegee van die aard van die verskillende swart volke wat daar woon.

In hoofstuk 3 word die onderwysontwikkeling tydens die tyd= perk onder die Duitse bewind (1884-1905) in oënskou geneem en word daar veral gewys op die onderwyspogings van die ver= skillende sendinggenootskappe.

Hoofstuk 4 handel oor die onderwysgeskiedenis vanaf 1915 tot en met 1932. Die Suid-Afrikaanse regering het toe beheer oor die land verkry en verskillende onderwyswette het in hierdie tydperk verskyn. Dit was 'n tydperk van groot ver= anderinge en hervormings in die onderwys aan die Swartes in SWA.

Die uitbreiding van die onderwys aan Swartes oor die hele landgebied in die periode van 1933 tot in 1960 word in hoof= stuk 5 beskryf. Daar word onder andere ook gehandel oor die verslag van 'n kommissie wat ondersoek ingestel het oor die onderwys en die aanbevelings wat oor die onderwys gemaak is.

Die 6de hoofstuk handel oor die dekade 1960-1970 waarin die voorgestelde aanbevelings toegepas is en die onderwys 'n heel nuwe era betree het.

In hoofstuk 7 word daar gepoog om 'n samevatting te gee van die ontwikkeling van die onderwys aan die swart volke in SWA gedurende die tydperk 1805-1970.

## 1.6 AFKORTINGS

In hierdie verhandeling word daar van die volgende afkor= tings gebruik gemaak:

RSA - Republiek van Suid-Afrika

st. - standerd

SWA - Suidwes-Afrika

VSA - Verenigde State van Amerika

## 2. DIE LAND EN SY SWART VOLKE - 'N ORIËNTERING

### 2.1 INLEIDING

Dit is nodig om die geografiese en topografiese eienskappe van Suidwes-Afrika te bespreek om sodoende die geïsoleerd= heid en uitgestrektheid, en die daarmee gepaardgaande rem= mende invloede op die ontwikkeling van die onderwys, aan te toon.

Die onderwysstelsel is onlosmaaklik deel van die kultuur van 'n gemeenskap. Met die verskeidenheid swart volke in SWA, en dus ook die verskeidenheid kulture, is dit belang= rik dat daar ook in hierdie hoofstuk onderskei moet word tussen die betrokke kultuurgemeenskappe ten einde die onder= wysvoorsiening aan die swart volke te beskryf en evalueer.

### 2.2 DIE LAND SUIDWES-AFRIKA

#### 2.2.1 Inleiding

In baie opsigte is SWA eiesoortig en uniek. Dit is 'n re= latiewe "jong" land, dog SWA is wêreldbekend vanweë die heterogene volkesamestelling, politieke woelinge, minerale rykdom en landboumoontlikhede.

Dit is 'n wêreld van sand en son, van reën en droogtes en 'n verskeidenheid van plantegroei wat kontrasterend verskil van streek tot streek. In die suide is dit boomloos en in die noorde is daar bykans ondeurdringbare woude. In die Namib is daar sandduine wat meer as 300 meter hoog is en in Ovamboland is daar moerasse in reëntye. Die yskoue Atlan= tiese oseaan strek vir meer as 1 000 kilometers langs 'n versengende sandwoestyn. 'n Land dus met teenoorgesteldes in die hoogste graad.

Uit die voorafgaande blyk dit dat SWA 'n land van uiter= stes is. Die titel van J.M. White se geskrif oor SWA is byvoorbeeld ontleen aan 'n gesegde van die inwoners, naamlik "The land God made in anger."

Nadat die inwoners ongeveer 'n driekwart eeu lank 'n periode van storm en drang beleef het, het 'n koloniale tydperk ge= volg wat gepaard gegaan het met binnelandse opstande en allerlei probleme. Na die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het dit 'n Mandaatgebied van die Unie van Suid-Afrika geword.

### 2.2.2 Geografiese ligging en grense

SWA is geleë aan die suidwestelike kusgebied van die vaste= land van Afrika tussen die 17de en 19de suiderbreedtegrade en die 12de en 21ste oosterlengtegrade. [1] Die werklike posisie van SWA met betrekking tot die Republiek van Suid-Afrika (RSA) en die ander Afrikastate word op kaart 2.1, p. 7 aangedui.

Die westelike grens volg die kuslyn van die Atlantiese ose= aan vanaf die noordelike oewer van die Oranjerivier in die suide tot by 'n punt in die middestroom van die Kunenerivier in die noorde.

Die oostelike grens begin in die suide by die noordelike oewer van die Oranjerivier en volg die 20°-oosterlengtelyn reg noordwaarts tot by die 22°-suiderbreedtelyn. Hiervan= daan loop die grens ooswaarts tot by die 21°-oosterlengte= lyn en volg dan hierdie lengtelyn noordwaarts tot teenaan

1) SCHOLTZ, P.J. Die ontwikkeling van inboorling onderwys binne die suidelike sektor van Suidwes-Afrika 1915-1962, p. 1.

KAART 2.1

GEOGRAFIESE LIGGING VAN SUIDWES-AFRIKA MET BETREKKING TOT DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN DIE ANDER AFRIKASTATE [2)]




2) SUID-AFRIKA (Republiek) Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 6.

die Caprivistrook.

Die suidelike grens strek langs die noordelike hoogwatermerk van die Oranjerivier vanaf die oosgrens tot waar die rivier uitmond in die Atlantiese oseaan.

Die noordelike grens volg die middel van die Kunenerivier=stroom vanaf die Atlantiese oseaan in die weste tot op die kruin van die Ruacanaval. Hiervandaan loop dit reg oos in 'n reguitlyn tot by 'n punt in die middestroom waar dit die Okavangorivier sny. Die grens volg dan die middestroom van die Okavangorivier tot by die Caprivistrook. [3)]

Die grense soos hierbo beskryf, sluit die Walvisbaaise ge=bied in. Hierdie gebied is administratief by SWA ingesluit maar staatkundig is dit 'n deel van die RSA. Die grense van SWA word op kaart 2.2, p. 9 aangetoon.


2.2.3 Die grootte en topografie van Suidwes-Afrika

Die totale oppervlakte van die land is 823 939,53768 vier=kante kilometer. Die Walvisbaaise gebied van 1 124 vierkante kilometer is hierby ingesluit. [4)] Die werklike grootte van hierdie uitgestrekte landgebied blyk uit kaart 2.3 waar dit vergelyk word met die grootte van lande soos Nederland, Engeland en Liberië. (p. 10)

3) Ibid., p. 6.
4) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Information. South West Africa, the land, its peoples and their future, p. 5. Vgl. ook SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleent=hede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 10 en SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. South West Africa survey 1967, p. 7.

KAART 2.2


GRENSE VAN SUIDWES AFRIKA [5]




5) SUID-AFRIKA (Republiek). <u>Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63</u>, p. 34

KAART 2.3

VERGELYKENDE GROOTTES - SUIDWES-AFRIKA, NEDERLAND, ENGELAND EN LIBERIË




6) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. South West Africa survey 1967, p. 9.

SWA word onderskei in drie smal stroke langs mekaar van noord na suid.[7] Hierdie gebiede is soos volg:

2.2.3.1 Die Namibkusstrook

Die Namibkusstrook lê parallel aan die Atlantiese oseaan, is tussen 64 en 128 kilometer breed en beslaan ongeveer 15 persent van die totale oppervlakte van SWA. Dit is 'n laag=liggende area bestaande grotendeels uit waaisand en sand=duine met enkele plato's. Sommige sandduine het 'n hoogte van meer as 300 meter.[8]

2.2.3.2 Die Kalaharistreek

Hierdie sandbedekte streek is redelik gelyk en is gemiddeld 600 meter bo seespieël. Sommige van die sandduine in hier=die streek is meer as 100 meter hoog. Die sandduine is meestal met gras begroei.

Die streek is in die suide ongeveer 80 kilometer en in die noorde ongeveer 400 kilometer breed.[9]

2.2.3.3 Die sentrale hoogland


Hierdie hooglandgebied word gevorm deur 'n aantal bergreekse wat in die suide by die Oranjerivier begin en tot by die Kunenerivier in die noorde strek. Die vernaamste berge van die gebied is die Huns- en Karasberge wat onmiddellik noord van die Oranjerivier in die omgewing van Karasburg begin. Noordwes van Karasburg is die Zarisberge en in die omgewing van Windhoek is die Auas- en Erosberge. Aan die westekant

7) Vgl. kaart 2.4, p. 12.
8) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 12.
9) Loc. cit.

van Windhoek is die Erongo- en Brandberge en verder noord, naby Sesfontein, lê die Otorocha- en Sebraberge.[10]

KAART 2.4

TOPOGRAFIE VAN SUIDWES-AFRIKA[11]




10) Loc. cit.
11) Ibid., p. 13.

2.2.4 Natuurlike waterbronne

Die skaarste aan water het die ontwikkeling van hierdie uitgestrekte landgebied nadelig beïnvloed. Die volgende natuurlike waterbronne word aangetref:

2.2.4.1 Riviere

* Permanente riviere

  Die permanente riviere, naamlik die Oranje-, Kunene-, Okavango- en Mashirivier, word almal op die grens aan=getref. [12] Nie een van hierdie riviere ontspring in SWA nie. By al hierdie riviere word daar hidroëlektrie=se projekte geloods om elektriese krag en water aan die binneland beskikbaar te stel. Uit die Okavangorivier alleen kan daar volgens berekening tussen 50 000 - 60 000 hektare besproei word. [13]

* Diep, droë riviere

  Hierdie riviere het 'n episodiese vloei en beskik slegs oor oppervlaktewater na groot en langdurige reëns. Na=dat die vloedwaters afgeloop het, vloei die water egter nog onder die sand. Hierdie riviere ontspring almal in die hooglande en word oor die hele gebied aangetref. [14]

* Vlak, droë waterlope met plantegroei in die beddings

  Die lope het slegs water na goeie reëns. Nadat die wa=ters afgeloop het, droog die lope heeltemal op. [15]

12) Vgl. kaart 2.2, p. 9.
13) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. South West Africa survey 1967, p. 11.
14) SWANEVELDER, C.J., KOTZE, J.C. et. al. Senior Aard=rykskunde vir standerd 10, p. 363.
15) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 12.

2.2.4.2 Fonteine

In die Kaokoveld is daar 'n aantal sterk fonteine, onder an= dere by Kaoko, Ubombo, Ovambo en Sesfontein. Verder suid en oos by Fransfontein, Otavi en Grootfontein, is daar ook standhoudende fonteine wat ontspring uit die dolomietrots= formasie.[16)]

2.2.4.3 Panne en watergate

In die noordelike dele van SWA is daar 'n groot aantal panne wat gedurende die reënseisoen vol water word. Hierdie panne is so dig dat dit water deur die hele droë seisoen hou, maar die water word mettertyd brak. In die dolomietiese area van Gamkarab en Otjikoto is daar sinkmere wat water dwarsdeur die jaar hou.[17)]

2.2.5 Reënval en klimaat


Die Namibkusstreek kry bykans geen reën nie. Die res van SWA het 'n onvoorspelbare somerreënval wat van jaar tot jaar wissel. Oorstromings in sommige jare word sonder reëlmaat opgevolg deur langdurige droogtes.[18)] Uit kaart 2.5 p. 15 blyk dit dat die gemiddelde jaarlikse reënval van minder as 50 mm in die suide stelselmatig verhoog tot meer as 600 mm in die noorde.

Die koue Benguelaseestroom veroorsaak dat die temperatuur langs die kus gemiddeld 14° C is. In die suide wissel die temperature tussen 19° C tot 21° C. Die dagtemperature in

16) Ibid., p. 11.
17) Ibid., p. 20.
18) SOUTH WEST AFRICA (Administration). Long term agricul= tural policy commission report 1948, no number. Vgl. ook SOUTH AFRICA (Republic). Department of Information. South West Africa, the land, its peoples and their future, p. 34.

KAART 2.5

GEMIDDELDE JAARLIKSE REËNVAL [19)]




19) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. South West Africa survey 1967, p. 10.

die woestyngedeelte kan soms styg tot 49° C met 'n groot wisseling van dag- en nagtemperature. [20]

### 2.2.6 Flora en fauna

Omdat daar so 'n groot wisseling in reënval, temperatuur en grondsoorte is, is daar 'n ooreenstemmende verskeidenheid en verspreiding van plantegroei. Die suide is 'n bossiewêreld met byna geen bome nie. Daar word grassoorte aangetref wat na reëns vinnig tot in die saadstadium groei.

Vanweë die lae reënval en die tekort aan standhoudende water, is baie dele van SWA heeltemal ongeskik vir landboudoeleindes. Met die huidige beplanning van besproeiingskemas, sal dele wat voorheen nie vir boerdery gebruik kon word nie, wel onder gewasverbouing kom.

Die kort grasveld in die suide is besonder geskik vir kleinvee. Daar word ook groot getalle springbokke aangetref. Die oostelike deel is begroei met Eragrostisgrassoorte, doring- en kameeldoringbome. Verder noord word die plantegroei weliger. Die noordelike streek is dig bebos en het 'n goeie grasbedekking. Sommige dele is feitlik ondeurdringbaar ruig terwyl daar 'n groot verskeidenheid boomsoorte voorkom. Die oostelike en die noordelike dele is besonder geskik vir beesboerdery. Daar word ook baie grootwild in groot verskeidenheid aangetref. [21]

20) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 14. Vgl. ook SWANEVELDER, et. al., op. cit., p. 354.
21) VAN DER SPUY, J.S. Die huidige status van verskeie wildsoorte in Suidwes-Afrika 1961, p. 12.

## 2.3 DIE VERSKILLENDE SWART VOLKE VAN SWA: 'N ALGEMENE OORSIG

### 2.3.1 Inleiding

In ooreenstemming met die regeringsbeleid in verband met die afsonderlike ontwikkeling van die verskillende swart volke is dit ook die gedagte om die verskillende swart volke van SWA te lei tot selfbestuur en onafhanklikheid. Die aanbe= velings van die Odendaalkommissie [22] in verband met grond= oppervlaktes vir die afsonderlike bevolkingsgroepe, is vol= tooi. Die opvoeding van die Swartes moet ook in die lig van hierdie grondverdeling bestudeer word.

Die swart volke van SWA is in volgorde van die grootte van die bevolking soos volg: die Ovambo's (agt volke); die Da= maras; die inwoners van die Kavango (vyf volke); die He= rero's; die Namas; die twee volke in die Caprivi-oos; die Boesmans (met drie taalgroepe); die Kaokovelders en die Tswanas.

Die ongeveer halfmiljoen Swartes in SWA woon verspreid oor 'n uitgestrekte landgebied. Vir baie jare na die koms van die Blankes het verskillende bevolkingsgroepe 'n nomadiese bestaan gevoer. Die vernaamste woongebiede (tuislande) van die swart volke van SWA word op kaart 2.6, p. 19 aangedui.

### 2.3.2 Die Namas

#### 2.3.2.1 Herkoms, vestiging en uiterlike voorkoms

Die Namas (resp. Hottentotte) is sover bekend, die produk

22) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, pp. 80-108.

van 'n vermenging tussen die Boesmans wat in die Groot-Meregebied in Sentraal-Afrika gewoon het en die Hamitiese invallers.[23] Hierdie afstammelinge het in 'n weswaartse rigting beweeg tot in Angola. Daarvandaan het hulle suid=waarts beweeg oor die Kunenerivier tussen die Kaokoveld en Ovamboland deur.[24] Hierdie suidwaartse trek van die Na=mas het voortgeduur tot by die Kaap en soos hulle getrek het, het groepe afgeskei en op sekere plekke gevestig ge=raak. In SWA het die agt stamme wat in tabel 2.1, p. 20 aan=getoon word, tussen die Oranje- en die Swakopriviere geves=tig geraak.


Namate die Blankes gedurende die 17de eeu die suidpunt van Afrika gekoloniseer het, het 'n aantal stamme weer noord=waarts getrek en lateraan ook in SWA gevestig geraak. Hier=die stamme was bekend as die Oorlamsstamme (resp. Orlams).[25] In hulle geledere was 'n groep wat bekend was as die soge=naamde Afrikaners, onder andere die histories bekende per=soonlikheid Jonker Afrikaner.[26]

Die Namas beskik oor 'n middelmatige liggaamsbou. Hulle is fisies nie sterk en gesond nie en het 'n gelerige kleur wat soms selfs rooierig vertoon.[27]

23) RUPERTI, R.M. <u>Die onderwysstelsel in Suider-Afrika</u>, p. 11.
24) VEDDER, H. <u>The Nama.</u> In HAHN, C.H.L., VEDDER, H. and FOURIE, L. <u>The native tribes of South West Af=rica</u>, p. 112.
25) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Af=fairs. <u>South West Africa survey 1967</u>, p. 21.
26) SUID-AFRIKA (Republiek). <u>Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63</u>, p. 30.
27) VEDDER, H. <u>Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika</u>, p. 49.

KAART 2.6

TUISLANDE VIR DIE SWART VOLKE IN SUIDWES-AFRIKA [28)]




28) SUID-AFRIKA (Republiek). <u>Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63</u>, p. 70.

TABEL 2.1

DIE AGT HOTTENTOTSTAMME EN HULLE WOONPLEKKE [29]

| Stam | Woonplek |
|---|---|
| Die Rooinasie "Khaubon" | Hoachanas |
| Fransman se Hottentotte "Kara-gei-khoi" | Oubrivier |
| Kara-ðan | Chamobrivier |
| Velskoendraers "Hawobe" | Noord van die Chamobrivier |
| Swartboois | Rheoboth |
| Groot-doden "O-gei" | Bo-dele van die Visrivier |
| Topnaars "Ouni" | Walvisbaai |
| Bondelswartz "gami-nun" | Warmbad |

2.3.2.2 Oorloë en agteruitgang

Die noordwaartse migrasie van die Namas het vir hulle op 'n baie ongeleë tydstip plaasgevind. Omdat hulle veeboere was en weiding nodig gehad het vir hulle vee, het hulle met die Herero's in botsing gekom. Daar was meer as tagtig jaar lank 'n staat van oorlog tussen die Namas en die Herero's. Vanweë dié langdurige stryd en die stamoorloë tussen die Namas self, is hulle getalle drasties verminder en hulle

29) LEMMER, C.J.C. Geskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 3. Vgl. ook SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 30.

besittings verwoes.[30] Met die koms van die Duitse troepe in 1894, het daar ook oorlog tussen die Namas en die Duitsers ontstaan. Die oorlog is uiteindelik in 1907 gestaak en die Namas het toe in sekere gebiede gevestig geraak.[31]

2.3.2.3 Hul lewenswyse

Die oorspronklike nomadiese leefwyse van die Namas het vereis dat hulle hutte maklik opgeslaan en weer sonder groot moeite verwyder kon word. Hulle vervoerbare besittings was tot die minimum beperk.

Met hulle vestiging op permanente woonplekke in die twintigste eeu, is daar stewige geboue met meer as een vertrek opgerig. Hulle het ook begin om moderne meubels aan te skaf - dit is 'n eienskap van die Namas dat hulle hul lewenswyse maklik verander om by veranderde omstandighede aan te pas.

Met betrekking tot hulle gesinslewe het die huwelik gegeld, dog dit kon maklik weer beëindig word. Sommige huwelike het volgens 'n ou stamtradisie, naamlik dat die vaders vir hulle seuns geskikte bruide gesoek het, tot stand gekom.[32]

Die vroue is nie as ondergeskik aan die mans beskou nie. Swanger vroue is met respek bejeën en goed versorg. Wanneer die bevallingstyd nader gekom het, het die verwagtende moeders na hulle ouerhuise vertrek waar hulle eie moeders die bevallings behartig het.

Die kinders neem 'n aktiewe aandeel aan die normale gesins=

30) VEDDER, H. The Nama. In HAHN, et. al., op. cit., p. 18.
31) Ibid., p. 28.
32) VEDDER, H. South West Africa in early times, p. 54.

bedrywighede - die dogters is in die huise behulpsaam ter=wyl die seuns met die veeversorging help of saam aan die jag=togte deelneem. Sedert die kinders in 'n toenemende mate die skole in die oggende besoek, word hierdie pligte ná skoolure of tydens vakansies onderneem.

Tradisioneel is die Namas werksku - veral wat handearbeid betref. Dit hou verband met die feit dat die Bergdamaras vroeër as slawe deur die Namas gebruik is. 33)

Hulle verkies byvoorbeeld die versameling van veldkosse bo groenteverbouing en jag vir vleisvoorsiening is 'n algemene gebruik. 34)

Op die sosiale gebied is hulle besonder bedrywig en hulle kom graag byeen vir allerlei geleenthede. 35) Die Namas is oor die algemeen musikaal en bespeel met gemak musiekinstru=mente. Hulle kan mooi sing, en sing dan ook graag tydens alle samekomste. 36)

Hulle mededeelsaamheid en bereidwilligheid om dikwels hulle karige voedsel- of tabakvoorraad met ander te deel, is 'n opvallende eienskap van die Namas. Die euwel van drankmis=bruik was veral in die verlede 'n algemene verskynsel onder die Namas. Die gevolg van dié oormatige drankmisbruik het gelei tot die stap dat die Duitse sowel as die latere Suid-Afrikaanse regering 'n verbod op drankhandel geplaas het. 37)

33) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Af=fairs. South West Africa survey 1967, p. 20.
34) VEDDER, H. The Nama. In HAHN, et. al., op. cit., p. 125.
35) VEDDER, H. South West Africa in early times, p. 61.
36) Ibid., p. 59.
37) VEDDER, H. The Nama. In HAHN, et. al., op. cit., p. 125.

2.3.2.4 Religieuse beskouinge

Omdat die Namas reeds meer as drie eeue lank in aanraking met die Blankes en die Christelike geloof is, kan daar nie met sekerheid vasgestel word wat die aard van hulle vroeëre religieuse oortuigings was nie. Volgens verslae van die 17de eeuse sendelinge, het die Namas aan 'n goddelike wese, naamlik Tsui-Goab wat "gewonde knie" beteken, geglo. Hulle het hom beskou as 'n alomteenwoordige, almagtige en goeie wese. [38] Die algemene opvatting was dat Tsui-Goab vroeër 'n hoofman van die Namas was. Hy is verder vereer deur mid= del van seremoniële gebede. Van hom is reën en kos ge= vra. [39] Heiseb was 'n ander wese wat 'n belangrike plek in die geloofslewe van die Namas ingeneem het. [40]

Tot en met die begin van die twintigste eeu het bygeloof en towerkuns 'n belangrike rol in die geloofslewe van die Namas gespeel. Daar was vir bykans elke verskynsel en gebeurtenis 'n bonatuurlike verklaring maar daar was ook ooreenstemmende middels, metodes en seremonies om die kwade af te weer. Tans is baie Namas gekersten. [41]

2.3.2.5 Die taal van die Namas

Net soos met dit die geval met die taal van die Boesmans is, bestaan daar ook geen verwantskap tussen die Namataal (Hot= tentottaal) en dié van ander Afrikatale nie.

Die eerste skrywers oor dié taal het beweer dat 'n volwassene

38) LEMMER, op. cit., p. 3.
39) VEDDER, H. The Nama. In HAHN, et. al., op. cit., p. 129.
40) LEMMER, op. cit., p. 3.
41) VEDDER, H. South West Africa in early times, p. 59.

die taal nie kan aanleer as gevolg van die verskillende klik- en klapgeluide wat met die tong gemaak moet word nie. Nadat daar 'n skryfwyse (ortografie) vir die taal ont=wikkel is, het daar verskeie skool- en storieboeke in die Namataal verskyn.[42)]

2.3.2.6 Die huidige Namatuisland

Hierdie vroeëre nomadiese volk is tans gevestig in reser=vate wat aan hulle behoort, naamlik Berseba, Gibeon (Krantz=platz), Sesfontein, Soromas en Warmbad.[43)] Hierdie tuis=land lê aan die suide van SWA tussen die dorpe Keetmanshoop, Bethanië, Maltahöhe en Mariental. Die gebied het 'n lae reënval en leen hom uitstekend tot karakoel- en ander klein=veeboerdery.

Watervoorsiening kom van boorgate, fonteine en vanuit die Visrivier wat deur die gebied vloei. 'n Groot opgaardam is in die Visrivier voltooi wat die probleme wat in droogte=tye ontstaan, oplos. Die oppervlakte van die tuisland vir die Namas was in 1962 1 115 529 hektaar. Die voorgestelde grootte deur die Kommissie van 1962 is 2 167 707 hektaar.[44)]

2.3.3 Die Herero's

2.3.3.1 Herkoms, vestiging en fisieke voorkoms

Volgens die taal wat hulle besig en hul fyn gelaatstrekke, blyk dit dat hulle van 'n hamitiese-negervermenging af=

42) VEDDER, H. The Nama. In HAHN, et. al., op. cit., p. 139.
43) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 30. Vgl. ook kaart 2.6, p. 19.
44) Ibid., pp. 66-110.

stam.[45] Volgens Herero-oorlewering het hulle ouers in die "Land van Fonteine", wes van die Tanganjikameer gewoon, vanwaar hulle suidwaarts getrek het en later weer weswaarts tot in SWA.[46] Die Herero's het ongeveer in 1700 in die Kaokoveld aangekom en teen 1750 gevestig geraak in die gebiede waar hulle tans woon.[47] Daar was op daardie stadium 'n paar afsonderlike stamme, naamlik die Herero-, Mbanderu-, Tjimba- en Himbastamme.[48]

Sedert 1840 het 'n groep Namas onder leierskap van Jonker Afrikaner van die Kaapprovinsie af noordwaarts getrek en in 'n oorlog met die Herero's betrokke geraak. Hierdie konflik het tot aan die einde van die negentiende eeu geduur.[49]

Tussen 1903 en 1907 het die Herero's in opstand gekom teen die Duitse bewind. Hulle het die onderspit gedelf en byna al hulle vee en grond verloor. As groep is hulle deur die oorloë versprei.[50]

Die Herero's is lank van postuur met 'n goed gevormde, atletiese liggaamsbou. Hulle is donkerbruin van kleur, het

45) LEMMER, op. cit., p. 4. Vgl. ook VEDDER, H. The Herero. In HAHN, et. al. The native tribes of South West Africa, p. 162 en LUTTIG, H.G. The religious system and social organization of the Herero, pp. 2-3.
46) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. South West Africa survey 1967, p. 21.
47) VEDDER, H. The Herero. In HAHN, et. al., op. cit., p. 157. Vgl. ook FREY, K. Die Nie-blanke volkere van Suidwes-Afrika, p. 9.
48) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. South West Africa survey 1967, p. 21.
49) Ibid., p. 22. Vgl. ook VEDDER, H. The Herero. In HAHN, et. al., op. cit., p. 158.
50) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 32.

swart kroeshare en openbaar die eienskappe van 'n konink= like ras. [51]

### 2.3.3.2 Religieuse opvattings en gebruike

Tradisioneel glo die Herero's dat elke mens 'n siel het en dat die siel die liggaam by die dood verlaat. Daar bestaan in sekere gevalle aanvanklike vrees vir die siel van die ge= storwenes, maar hierdie vrees verminder mettertyd en raak later vergete. Blykbaar is dit dan ook die einde van die bestaan van die siel. [52]

Volgens die volkstradisies moet daar tydens sekere geleent= hede geoffer word. Tot 'n paar dekades gelede het vuur nog belangrike simboliese betekenisse gehad en daar was 'n hele aantal seremonies in verband met die "heilige vuur" van die stam. [53]

Daar was vroeër sewe priesters wie se belangrikheid in oor= eenstemming met die grootte van hulle onderskeie veetroppe bereken was. Hierdie priesters het 'n ereplek beklee en het oor bepaalde regte en magte beskik. Volgens Vedder word daar wel nog priesters aangetref, dog hulle neem nie meer die ereplek van hulle voorgangers in die volkshiërargie in nie. Die priesters se belangrikste take is tans om seëninge te vra by afgestorwe voorouers en om dreigende onheile af te weer. [54] Afgestorwe voorvaders is aanbid en elke fami= liegroep het hulle eie afgestorwenes, wat hulle op hierdie

51) VEDDER, H. South West Africa in early times, p. 45.
52) VEDDER, H. The Herero. In HAHN, et. al., op. cit., p. 172.
53) Ibid., p. 167.
54) Ibid., p. 164.

wyse vereer het, gehad. Families het vroeër die name van hulle voorvaders tot agt geslagte terug onthou. Die eerste bekende voorvader van die Herero's was Mukura, wat volgens oorlewering 'n direkte afstammeling was van 'n boom met die naam "Omumborombonga".[55)]

Die Herero's het vroeër aan 'n vriendelike en alomteenwoordige hemelse god, naamlik Ndjambi, geglo.[56)] Volgens hierdie bygeloof het alle seëninge van hom af gekom. Mense wat 'n natuurlike dood gesterf het, het na hierdie god verhuis. Hy is aangeroep in tye van voorspoed sowel as in gevalle van nood. In geen ander geval is sy naam gebruik nie.[57)]

Vandat die sendelinge met die Herero's in aanraking begin kom het, is die evangelie van Jesus Christus aan hulle verkondig en is baie van hulle gekersten. Sommige Herero's hou egter nog steeds by die tradisionele seremonies en gebruike.[58)]

2.3.3.3 <u>Volksaard en algemene leefwyse</u>

Daar bestaan duidelik waarneembare onderlinge statusverskille by die Herero's. Die belangrikheid en status van 'n persoon word bepaal deur die getal van sy beestrop. Diegene sonder beeste geniet as't ware geen status nie en persone met groot troppe beeste is die sogenaamde "meesters".[59)]

55) <u>Ibid</u>., p. 165. Vgl. ook FREY, <u>op. cit</u>., p. 10.
56) LEMMER, <u>op. cit</u>., p. 5.
57) LUTTIG, <u>op. cit</u>., pp. 6-7.
58) VEDDER, H. <u>The Herero</u>. <u>In</u> HAHN, <u>et. al</u>., <u>op. cit</u>., p. 178.
59) <u>Ibid</u>., p. 175.

'n Verdere interessante gewoonte by die Herero's met betrekking tot die geboorte van 'n tweeling, verskil grootliks van dié van ander swart stamme. By hulle word nie een of beide om die lewe gebring nie, maar die ouers moet sekere vernederings in die openbaar ondergaan. Die vader van die tweeling moet byvoorbeeld rondreis in die omgewing en beeste bedel. Die ouerpaar moet ook hulle hut verlaat en in die veld gaan woon.[60)]

Die kinders word in die huisgesinne volgens tradisionele gebruike grootgemaak en opgevoed. Die seuns moet van kleins af leer jag, en wel op muise, voëltjies en akkedisse, terwyl die dogters tuis moet bly om die moeders met die huishoudelike takies behulpsaam te wees. 'n Gewoonte by die Herero's is dat huisgesinne kinders uitruil. In die geval van 'n ouerpaar wat byvoorbeeld vier kinders het, word die kinders tussen vier ander ouerpare vir ander kinders uitgeruil. Hierdie gebruik voorkom dat al die kinders van een ouerpaar tydens 'n epidemie of ander ramp sterf.[61)]

Wanneer Herero's oud genoeg is om in die huwelik te tree, reël die vaders van die betrokke gesinne die huwelik. Soms word die huweliksreëlings ten opsigte van sekere kinders reeds getref wanneer die kinders nog klein is, dit wil sê, baie jare voor die gebeurtenis. Die huwelikbevestiging is 'n lang seremonie en huwelike word as permanent aanvaar.[62)]

Elke afsonderlike werf of stat huisves slegs gesinne wat op

60) Ibid., pp. 175-176. Vgl. ook LUTTIG, op. cit., pp. 72-73.
61) VEDDER, H. The Herero. In HAHN, et. al., op. cit., p. 177.
62) Ibid., pp. 179-180.

een of ander wyse 'n familieverbintenis met mekaar het. Vreemdelinge of verskillende familiegroepe wat nie aan me=kaar verwant is nie, moet op hulle eie 'n werf of stat aan=lê. 63)

Handearbeid word alleenlik gedoen wanneer dit absoluut nood=saaklik is. Volgens die Herero's maak die "Witmense" onno=dige werk. Sulke onnodige werk veroorsaak slegs bekommer=nis. Die enigste noodsaaklike werk vir die Herero's is die versorging van hulle beeste. Dit is gedoen deur die vee=wagters, diensknegte en die jong seuns. Die Herero's sal dus liewer 'n artikel koop alvorens hulle die moeite doen om dit te vervaardig.

Oor die algemeen is die Herero's fisiek baie gesond. Die enigste redelik algemene siekte wat hulle opdoen, is ma=laria. Vroue ondervind dikwels gesondheidsprobleme nadat hulle geboorte geskenk het. 64)

2.3.3.4 Juridiese gebruike

Die Herero's beskik oor hulle eie wette wat gebaseer is op hulle besondere leefwyse en tradisie. Dié wette word steeds gehandhaaf en stiptelik uitgevoer. Die hoofpriester hou toesig oor die interpretasie en uitvoering van die wette. Wanneer die hoofpriester sterf en 'n ander priester aange=stel word, kan dit gebeur dat die wette anders as vroeër vertolk word. Afgesien van die feit dat sommige wette deur hoofpriesters verskillend vertolk en geïmplementeer kan word, bly die aard van die wette en hulle gebruike in hoof=

63) Ibid., p. 180.
64) Ibid., p. 183. Vgl. ook FREY, op. cit., p. 8.

saak onveranderd. [65]

Wanneer daar oortredings voorkom, word daar deeglik besin en regverdigheid word nagestreef. [66] Namate die kontak met die blanke beskawing toegeneem het en die Herero's die Christelike geloof aanvaar het, het hulle al hoe minder uit=voering aan hul eie wette begin gee. [67]

2.3.3.5 <u>Huidige tuisland</u>

Die Herero's word tans gevestig in 'n tuisland wat in die noord-ooste van SWA geleë is. Dit is die grootste tuisland in SWA en is geskik vir veeboerdery. Omdat die Herero's die uitnemendste beesboere onder die swart volke van SWA is, geval hierdie area hulle uitstekend en dit is ook die rede waarom die volk hulle hier kom vestig het. Die ge=bied is egter redelik sonder water behalwe vir 'n aantal boorgate. Dit word beplan om water van die Kavangorivier te benut vir die ontwikkeling van die gebied.

Die grootte in 1962 was 4 374 467 hektaar. Die Odendaal=kommissie het in 1962 voorgestel dat die oppervlakte uit=gebrei moet word na 5 899 680 hektaar. [68]

2.3.4 <u>Die Boesmans</u>

2.3.4.1 <u>Herkoms, uiterlike voorkoms en geografiese ver=spreidheid</u>

Die Boesmans is waarskynlik die eerste inwoners van die

65) VEDDER, H. <u>The Herero</u>. <u>In</u> HAHN, <u>et. al</u>., <u>op. cit</u>., p. 185. Vgl. ook LUTTIG, <u>op. cit</u>., pp. 90-106.
66) LUTTIG, <u>op. cit</u>., pp. 103-105.
67) VEDDER, H. <u>The Herero</u>. <u>In</u> HAHN, <u>et. al</u>., <u>op. cit</u>., pp. 199-201.
68) SUID-AFRIKA (Republiek). <u>Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63</u>, pp. 66-110. Vgl. ook kaart 2.6, p. 19.

land. Dit word algemeen aanvaar dat hulle vanaf die noor= delike en oostelike dele van Afrika suid- en weswaarts ge= trek het. Terwyl hulle deur die land getrek het, het hulle rotstekeninge gemaak. Daar word ook Boesmanrotstekeninge in Ethiopië en Tansanië aangetref. [69] Dusdanige rotstekeninge kom ook voor in Frankryk (Pyreneeberge) en Spanje (in Euro= pa) en in Marokko, Algerië en Egipte in Afrika. Dit kom verder voor in die Sahara, Rhodesië en in die Transvaal. [70]

Blykbaar moes die Boesmans voortdurend vlug voor die ander swart volke totdat hulle mettertyd in die onherbergsame en droë woestyndele 'n veiliger tuiste gevind het. [71]

Die tipiese Boesman is klein van postuur en het 'n gelerige huidkleur. As gevolg van verbastering met verskeie ander swart volke, is daar nie meer veel Boesmans met die ken= merkende fisieke eienskappe van dié ras oor nie. [72]

Die meeste Boesmans word tans in die Kalahari, aan die oos= tekant van SWA en in die noorde tot by die grens van Ovambo= land aangetref. [73] Die Boesmanlandgebied lê suid van Ka= vangoland en is 'n sandgebied in die Kalaharistreek. Daar

69) FOURIE, L. The Bushmen of South West Africa. In HAHN et. al., op. cit., p. 81.
70) SOLLAS, W.J. Ancient hunters, p. 19.
71) RUPERTI, op. cit., p. 11. Vgl. ook FOURIE, L. The Bushmen of South West Africa. In HAHN, et. al. The native tribes of South West Africa, p. 82.
72) SHAW, E.M. Man in Southern Africa, p. 16. Vgl. ook FOURIE, L. The Bushmen of South West Africa. In HAHN, et. al., op. cit., pp. 82-83.
73) FOURIE, L. The Bushmen of South West Africa. In HAHN, et. al., op. cit., pp. 82-83. Vgl. ook MULLER, C.F.J. Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, p. 438 en SUID-AFRICA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 28.

is geen natuurlike waterbronne nie dog daar is goeie wei= ding. Die Boesmans, wat van wild en veldkos lewe, voer hier 'n goeie bestaan omdat wild en veldkossoorte volop is. Teen 1962 was daar nog geen afgebakende gebied nie, maar daar is voorgestel dat 2 392 671 hektaar as tuisland vir die Boes= mans verklaar word.[74)]

Volgens taal verskille kan die Kalahariboesmans in drie hoofgroepe ingedeel word, naamlik die Nu-sanboesmans, die Ngamiboesmans en die Kaukauboesmans. Die Nu-sanboesmans word aangetref in die Gobabis-, Gibeon- en Aroabdistrikte. Die meeste van die Ngamiboesmans woon in Botswana en slegs 'n klein groepie is gevestig by Oas in SWA. Die derde groep, naamlik die Kaukauboesmans bewoon 'n groot deel van die Oma= heke en ook 'n deel van die Kaokoveld.

Behalwe die drie groepe Kalahariboesmans wat hierbo genoem is, is daar ook nog die Hei-//[75)]omboesmans wat aangetref word in die omgewing van die Etoshapan, Grootfontein en Outjo. Hierdie groep se leefwyse stem ooreen met dié van tipiese Boesmans maar hulle praat 'n Namadialek en word in hulle le= wenswyse grootliks beïnvloed deur die Ovambo's.[76)]

Omdat die Boesmans in onherbergsame en soms onbegaanbare ge= biede woon, is 'n noukeurige sensusopname van die bevolking

74) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, pp. 66-110. Vgl. ook kaart 2.6, p. 19.
75) Die klank wat met die // aangedui word is 'n klapgeluid wat gemaak word deur die tong weg te trek van die ver= hemelte af.
76) LEMMER, op. cit., p. 94. Vgl. ook FREY, op. cit., p. 4

bykans onmoontlik. Die getal Boesmans vir 1962/63 word aangegee as 11 762. [77]

2.3.4.2 Die gewoontes en lewenswyse van die Boesmans

Daar is by die Boesmans nie sprake van 'n vaste stamorganisasie nie. Elke stam of groep bestaan uit 'n aantal families wat op een of ander manier aan mekaar verwant is. Daar is ook geen sentrale beheer oor die stam of groep nie. Elke familie het hulle eie interne reëls waarvolgens hulle leef. Afsonderlike families of groepe besit hulle eie grondgebiede en oortree nie deur op ander groepe se grondgebiede te jag of veldkos te soek nie. Soms trek groepe Boesmans weens faktore soos ongunstige klimaat of skaarste aan voedsel na ander streke maar dan maak hulle seker dat hulle nie op die grondgebiede van ander stamme opereer nie. [78]

Vir elke lid van 'n gesin is daar selfvasgestelde reëls in verband met die huishouding. Take soos byvoorbeeld jag, die stel van strikke, die maak van wapens en die verwerking van velle vir klere word deur die mans gedoen. Die jong seuns vergesel die vaders tydens hul jagtogte. Die vroue bou die hutte of ander skuilings, maak veldkosse bymekaar en berei die kos voor. Die dogters van 'n groep Boesmans word in die sorg van 'n ou vrou gelaat. Dié bejaarde vrou is vir die jong dogters se opvoeding verantwoordelik en sy leef saam

77) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 28. Vgl. ook FREY, op. cit., p. 7.

78) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. South West Africa survey 1967, p. 19.

met hulle in 'n aparte hut. [79]

Vir ontspanning word daar gedans en speletjies gespeel. Dusdanige danse en spele word soms uitgevoer om aan die ander familielede te illustreer hoe 'n geveg verloop het en gewen is, of hoe 'n wildsbok gedood is. Sang, die vertel van stories (met baie handgebare) en die bespeling van solo-instrumente, vind veral saans, na die dag se aktiwiteite, plaas. Die stories wat vertel word, hou gewoonlik 'n les in en handel gewoonlik oor die veld, reën, jag, heldedade en die bonatuurlike. [80]

2.3.4.3 Religieuse opvattings

Tradisioneel is die Boesmans baie bygelowig, veral waar die dood in gedrang kom. Daar word byvoorbeeld goeie voorsorg getref dat 'n afgestorwene dit nie nodig vind om rond te dwaal nie. Om dit te verhoed, word daar water op die graf uitgegooi en die oorledene se pyle en boog word by die graf gelaat. Daar word ook kruie oor die graf gestrooi. Volgens hulle geloof bestaan daar die god Khutse, waar diegene heen gaan wat goed gelewe het. By dié god is daar baie water en kos. Hulle glo ook dat daar 'n duiwel met die naam Gaua is, waarheen persone gaan as hulle sleg gelewe het. By hom heers daar smart en honger. [81]

2.3.5 Die Ovambo's

2.3.5.1 Herkoms, vestiging en fisieke voorkoms

Met die koms van die Blankes na SWA, was die Ovambo's alreeds in die noorde van die land gevestig. Blykbaar het

79) FOURIE, L. The Bushmen of South West Africa. In HAHN, et. al., op. cit., p. 91.
80) Ibid., pp. 95-98.
81) Ibid., pp. 103-104.

hulle in dieselfde tydvak as die Herero's (1700) weswaarts vanaf die Zambesievallei getrek. Die Herero's het hulle in die Kaokoveld gevestig terwyl die Ovambo's die vrugbare ri=vieroewers van Ovamboland verkies het.[82)]

Hierdie selfregerende tuisland is geleë aan die noordekant van SWA en grens aan Angola. Dit is 'n plat laagliggende ge=bied wat as gevolg van ongeveer driehonderd jaar se bewoning redelik ontbos is. Die suide van die gebied is egter nog ruig bebos en is geskik vir veeboerdery. Die grond is san=derig met 'n digte onderlaag sodat water nie wegdreineer nie. Die gevolg hiervan is dat water byna die hele jaar lank in gate en holtes behoue bly.

Met die groot ontwikkelings by die Kunenewaterskema word be=plan dat besproeiingskanale groot gebiede, wat tot dusver nie gebruik kon word nie, beskikbaar gemaak kan word vir land=boudoeleindes. In 1962 was die grootte van Ovamboland 4 201 000 hektaar. Die Odendaalkommissie het voorgestel dat die tuisland vergroot moet word tot 5 607 200 hektaar.[83)]

Die Ovambo's is afstammelinge van "Nangombe Ya Magundu".[84)] Daar is agt verskillende stamme in Ovamboland, naamlik On=donga, Ukuanyama, Ukuambi, Ongandjera, Ukualuthi, Ombalantu, Onkolonkathi en Aunda. Die Ondongo en die Ukuanyama is die grootste in getal en vorm gesamentlik ongeveer 80 persent

82) HAHN, C.H.L. The Ovambo. In HAHN, et. al., The native tribes of South West Africa, p. 1.
83) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, pp. 66-110. Vgl. ook kaart 2.6, p. 19.
84) HAHN, C.H.L. The Ovambo. In HAHN, et. al., op. cit., pp. 1-2. Vgl. ook RUPERTI, op. cit., p. 12.

van die totale bevolking. [85]

Die Ovambo's het nie juis bepaalde kenmerkend fisieke eien=skappe wat hulle van die ander swart volke onderskei nie. Hulle is van middelmatige liggaamsbou en hulle huidkleur is besonder swart.

### 2.3.5.2 Religieuse opvattings

Tradisioneel word die Ovambo's se geestelike lewe deurweef met die bonatuurlike. Volgens hulle gelowe is daar altyd geeste wat die mens ten goede of ten kwade beïnvloed. Baie van hulle glo nog aan 'n oorheersende gees wat as Kalunga be=kend staan en soos 'n mens lyk, maar onsigbaar is. [86] Ka=lunga sorg volgens hulle vir goeie oeste asook vir pestilen=sies. Om die wrewel van Kalunga en ander geeste vry te spring, moet sekere rituele voorskrifte streng nagekom word. Daar is 'n aantal seremonies wat uitgevoer moet word met se=kere geleenthede soos byvoorbeeld met oestyd, die koms van reën, volmaan of die afsterwe van persone. [87] By ander ge=leenthede speel toordokters 'n belangrike rol. Hulle is ge=vreesde wesens omdat hulle kan sê wie verantwoordelik is vir onheile wat oor die stam kom. Hulle kon die nodige strawwe oplê - selfs die doodstraf was vroeër nie ongewoon nie. [88]

Vuur speel 'n belangrike rol by die seremonies van die Ovam=bo's. Die vuur by die kaptein se hut is simbolies van die

85) HAHN, C.H.L. The Ovambo. In HAHN, et. al., op. cit., p. 1.
86) LEMMER, op. cit., p. 4.
87) Loc. cit.
88) Loc. cit. Vgl. ook HAHN, C.H.L. The Ovambo. In HAHN, et. al., op. cit., pp. 2-8.

lewe van die stam. Dit mag nooit uitbrand nie, behalwe by die afsterwe van 'n kaptein wanneer die vuur saam met die kaptein "sterf". Wanneer 'n stam van een plek na 'n ander verhuis, word 'n gedeelte van die vuur saamgeneem en aan die brand gehou, om sodoende weer die vuur in die nuwe stat te kan begin. [89)]

2.3.5.3 Stamorganisasie en beheer

Elkeen van die Ondonga-, Ukuambi-, Ongandjera- en Ukualuthi= stamme word deur 'n hoofman of 'n kaptein regeer. By die ander vier stamme, naamlik die Ukuanyama, Ombalantu, Onko= lonkathi en die Eundastamme is die hoofmanne vervang deur 'n Raad van Hoofmanne wat deur die Suidwes-administrasie beheer word. [90)] Die kaptein is 'n outokratiese heerser en dit word aanvaar dat die hele stam en al hulle besittings aan hom be= hoort. Hy stel self sy hoofmanne wat in onbelangrike sake hulle eie beslissings vel, aan. Daar is egter sekere vaste reëls en wette en die verontagsaming daarvan kan swaar strawwe tot gevolg hê. Die seremonies wat in verband staan met die huishouding, die dood, begrafnis en die opvolging van kapteins, is onder al die kapteinstamme dieselfde en word getrou nagekom. Wanneer 'n kapteinskap vakant raak, kan slegs lede van koninklike families in aanmerking kom. [91)]

2.3.5.4 Lewenswyse

Die poligamiese lewenswyse by die Ovambo's kry onder andere

89) HAHN, C.H.L. The Ovambo. In HAHN, et. al., op. cit., pp. 17-18.
90) Ibid., pp. 8-10.
91) Ibid., pp. 8-17. Vgl. ook SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. South West Africa sur= vey 1967, p. 9.

uitdrukking in die wyse waarop die hutte in hulle krale ge=rangskik word. In elke afsonderlike stat is daar 'n hut vir die hoofman, hutte vir sy verskillende vroue, en verder weg is daar hutte vir die ander inwoners van die stat. Die hoofman se hut is die grootste. Sy status word bepaal deur die aantal vrouens wat hy het en sy rykdom word gemeet vol=gens sy graanvoorraad en sy vee. Die vroue werk gewoonlik harder as die mans, en hoe meer vrouens 'n man het, hoe mak=liker word sy taak. [92]

Sodra die seuns oud genoeg is begin hulle help met allerlei noodsaaklike werk. Aanvanklik pas hulle kleinvee en kalwers op waarna hulle in die lande saam met die moeders werk. Die seuns help die moeders ook met allerlei huishoudelike take. Die seuns se volgende taak is om die pligte van hulle vaders oor te neem en as daar dan 'n jonger broer is, kan dié weer die moeder help. Dogters verrig van kleins af, totdat hul=le hubaar is, allerlei huishoudelike takies en is ook be=hulpsaam met die oppas van kinders. [93]

Daar word elke jaar slegs voldoende graan geplant om in die behoeftes van die betrokke een jaar te voorsien. Graansor=gum word onder andere ook gebruik vir die maak van bier. Wildevrugte is vir hulle belangrike voedsel en die wilde=vrugtebome word goed versorg. Ten spyte van die feit dat die Ovambo's oor groot hoeveelhede vee beskik word daar sel=de van die vee geslag vir eie gebruik. [94]

92) HAHN, C.H.L. <u>The Ovambo</u>. <u>In</u> HAHN, <u>et. al</u>., <u>op. cit</u>., p. 24.
93) <u>Ibid</u>., pp. 27-29.
94) <u>Ibid</u>., pp. 33-34.

### 2.3.6 Die Bergdamaras

#### 2.3.6.1 Oorsprong, vestiging en uiterlike voorkoms

Die oorsprong van die Bergdamaras kan nie met sekerheid vasgestel word nie. Volgens die Departement van Inligting van die RSA, kan hierdie volk die eerste inwoners van SWA wees. Daar is ook geen bewyse dat die Damaras aan enige an= der swart volk verwant is nie. Toe daar vir die eerste keer met hulle kennis gemaak is deur die Blankes, was die Damaras se leefwyse net so primitief soos dié van die Boesmans. [95)]

Vedder meen dat hulle as die veewagters van die Hottentotte in SWA aangekom het. [96)] Vanweë hierdie verhouding tussen die Bergdamaras en die Hottentotte het die Bergdamaras met= tertyd die taal van die Hottentotte as hulle eie taal aan= vaar. [97)]

Dit is bekend dat die Bergdamaras ystersmeewerk gedoen het toe hulle vir die Hottentotte gewerk het. Daar was 'n groot aanvraag na hierdie smeewerk by die verskillende swart volke van SWA. Daar kan nie presies vasgestel word waar die Berg= damaras die ystersmeekuns aangeleer het nie. Dit is moont=

95) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Information. South West Africa and the Union of South Africa. The history of a mandate, p. 10.

96) VEDDER, H. The Berg Damara. In HAHN, et. al. The na= tive tribes of South West Africa, pp. 40-41.

97) Ibid., p. 41. Vgl. ook SUID-AFRIKA (Republiek). Ver= slag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 30 en SOUTH AFRICA (Re= public). Department of Information. South West Afri= ca and the Union of South Africa. The history of a mandate, p. 10 waar dit beweer word dat die Herero's die Bergdamaras as slawe gebruik het.

lik dat hulle dié kuns met hulle van hulle vorige woonplekke af saamgebring het.[98)]

Nadat die Bergdamaras weggebreek het van die Hottentotte, het hulle in die Auas-, die Erongo- en die Brandberg geves= tig geraak. Hulle moes in hierdie bykans ontoeganklike dele gaan woon omdat die meeste ander stamme hulle beskou het as kwaaddoeners, brandstigters en wegloopslawe.[99)] Hulle het behalwe die naam Bergdamaras, ook die naam "Klipkaffers" ge= kry.[100)]

Die tuisland waar hulle tans woon is reeds vir meer as een= honderd jaar in besit van hierdie groep. Uit die naam van dié bevolkingsgroep kan dit afgelei word dat die omgewing wat hulle bewoon bergagtig is. Aan die oostekant is die ge= bied woestynagtig en dit grens aan die Namibwoestyn. In die noorde grens die Damaratuisland aan die Kaokoveld. Die land= gebied is geskik vir veeteelt en daar word in die meer water= ryke gelyk dele en in rivierbeddings 'n mate van landbou be= oefen. Die gebied besit minerale neerslae en daar bestaan enkele mynbedrywighede. In 1962 het dit 'n oppervlakte van 626 375 hektaar beslaan. Die Odendaalkommissie het aanbe= veel dat die grondbesit vir hierdie swart volk uitgebrei word na 4 799 021 hektaar.[101)]

98) VEDDER, H. The Berg Damara. In HAHN, et. al., op. cit., pp. 42-43.
99) Loc. cit.
100) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Information. South West Africa and the Union of South Africa. The history of a mandate, p. 10.
101) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, pp. 66-110. Vgl. ook kaart 2.6, p. 19.

Die huidkleur van die Bergdamaras is pikswart en hulle het oor die algemeen gesonde, spierwit tande. Hulle is klein van postuur en skraal van liggaamsbou. [102)]

2.3.6.2 Stamorganisasie en leefwyse

Daar was teen 1790 sowat elf afsonderlike Damarastamme. Hul= le het nie hoofmanne gehad nie, maar het onder die beheer van die oudstes van elke groep gestaan. [103)]

By die Bergdamaras is daar 'n besliste arbeidsverdeling tus= sen die mans en die vroue. Oor die algemeen verrig die mans die harde werk terwyl die vroue kos bymekaarmaak en voorbe= rei. Swanger vroue geniet hoë agting by die gemeenskap en daar word altyd aan hulle wense voldoen. Klein kinders bly permanent in die sorg van die moeder. Wanneer hulle groter word, leer die dogters die huishoudelike take by hul moeders terwyl die seuns die nodige vaardighede ten opsigte van jag, verwerking van velle en die bou van hutte by die vaders leer. [104)]

2.3.6.3 Religie

Die Bergdamaras glo aan 'n god, Gamab wat vir goeie reënjare en baie kos sorg. Die Bergdamaras glo voorts dat 'n persoon na Gamab verhuis wanneer hy sterf. [105)] Net soos by die meeste ander swart volke in SWA, speel vuur 'n belangrike

102) VEDDER, H. The Berg Damara. In HAHN, et. al., op. cit., pp. 44-46. Vgl. ook FREY, op. cit., pp. 22-26.
103) VEDDER, H. The Berg Damara. In HAHN, et. al., op. cit., p. 43.
104) Ibid., pp. 44-59.
105) Ibid., p. 61.

rol by die godsdienstige seremonies van die Damaras.[106)]

2.3.6.4 Juridiese gebruike

Vir die Bergdamaras bestaan daar min tradisionele wette en reëls wat nagevolg moet word en dié wat wel bestaan handel oor eiendom, wraakneming in die geval van bloedvergieting en erfporsies.[107)] Die daadwerklike toepassing van hier= die reëls het met die koms van die Blankes grootliks in on= bruik geraak; trouens, die Bergdamaras beskou die moderne wette van die Blankes as 'n seën vir hulle omdat hulle in vrede en gerief op grond kan leef wat nie van hulle wegge= neem kan word nie.[108)]

2.3.7 Die Okavango's

2.3.7.1 Vestiging

Hierdie volk is saamgestel uit vyf verskillende stamme naamlik die Kuangari, Bunja, Sambiu, Djiriku en die Mbuku= shu. Dié stamme bly afsonderlik langs die suidelike oewer van die Okavangorivier. Alhoewel hulle 'n redelik breë grondgebied besit, woon hulle gekonsentreerd langs die ri= vieroewer. Daar is egter 'n aantal Okavango's wat langs die vlak waterlope (omarambas) van die gebied woon.

Okavango geniet 'n goeie reënval en die grond is diep en vrugbaar. Die streke wat verder van die rivier af geleë is, is goeie weiveld en die beesboerdery is tans besig om te ontwikkel. Die land is gedeeltelik dig bebos met groot hoeveelhede Rhodesiese kiaathout wat deur die inwoners ge= bruik word vir houtsneewerk. Die grootte van hierdie gebied

106) Ibid., pp. 63, 69-70.
107) Ibid., p. 71.
108) Ibid., p. 74.

was in 1962 3 299 617 hektaar. Die Odendaalkommissie het in hulle verslag voorgestel dat dié tuislandgebied uitge= brei moes word tot 4 170 050 hektaar. [109)]

2.3.7.2 <u>Taal, leefwyse en gesagstruktuur</u>

Die taal van die Okavango's is verwant aan die Swartes se taalfamilie [110)] en staan bekend as Kuangali.

Hulle leefwyse stem baie ooreen met dié van die Ovambo's. Landbou is die belangrikste aktiwiteit en daarnaas kom die veeboerdery. Die weiding en die veldprodukte word op 'n ge= samentlike basis benut. Lande word deur die volksowerheid aan indiwidue toegewys en elke indiwidu en sy huisgesin be= werk dié spesifieke stuk grond. Vis voorsien in 'n belang= rike deel van hulle daaglikse voedsel. [111)]

Volgens tradisie behoort die kinders van 'n huisgesin aan die familie van die moeder. Daar is ook die neiging by die Oka= vango's om in familiestatte te woon.

Die kapteinskap van elkeen van die vyf groepe Okavango's word bepaal deur oorerwing. Elke kaptein se grondgebied is opgedeel in wyke en vir elke wyk word daar 'n raadslid aan= gestel. Hierdie raadslede is verantwoordelik vir die uit= voering van die wette in hulle onderskeie wyke. Dit gebeur ook dat die kapteins van die vyf verskillende Okavangostamme

109) SUID-AFRIKA (Republiek). <u>Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63</u>, pp. 66-110. Vgl. ook kaart 2.6, p. 19.

110) <u>Ibid</u>., p. 35. Vgl. ook SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. <u>South West Africa survey 1967</u>, p. 18.

111) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Af= fairs. <u>South West Africa survey 1967</u>, p. 35.

soms saam vergader oor sake van gemeenskaplike belang.[112)]

2.3.8 Die Oos-Capriviane

2.3.8.1 Vestiging en verwantskap

Hierdie volk woon in die oostelike gedeelte van die Cap=rivistrook in die noordooste van SWA. Die Caprivistrook word verdeel in 'n westelike en 'n oostelike deel. Die wes=telike Caprivi is 'n wildreservaat en is vir menslike bewo=ning nutteloos. Dit is moerasagtig, baie ruig begroei met bome en bosse en onontwikkeld.

Die Oos-Capriviane word verdeel in twee hoofgroepe, naamlik die Masubia en die Mafwe. Sover vasgestel kan word, het hierdie volk geen etniese verbintenis met die ander swart volke van SWA nie. Die taal van die Oos-Capriviane is ver=want aan die Lozi- en die Makolostamme van Barotseland.[113)]

Die oostelike deel van Caprivi daarenteen het in 1976 onaf=hanklikheid aanvaar. Die gebied is baie waterryk en lê strategies tussen Botswana, Rhodesië en Zambië. Die bevol=king woon meestal langs die rivierlope.

As gevolg van die ongesonde klimaat word die inwoners ge=teister deur allerlei siektes. Die area hou egter goeie moontlikhede in vir akkerbou, veeteelt, vis- en houtbedrywe. Die grootte in 1962 was 1 153 387 hektaar. In die verslag van die Odendaalkommissie word voorgestel dat die oppervlak=te van dié tuisland onveranderd bly.[114)]

112) Ibid., p. 18.
113) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 37.
114) Ibid., pp. 66-110. Vgl. ook kaart 2.6, p. 19.

2.3.8.2 Leefwyse en regspleging

Die Oos-Capriviane is landbouers sowel as veeboere. Net soos by die Okavangovolk, behoort die weiding en veldop=brengs aan die gemeenskap. Elkeen het egter sy eie deel grond wat hy bewerk vir graanverbouing. Vis is die stapel=voedsel, maar 'n gedeelte word ook bemark. Die gesin is 'n belangrike eenheid en families woon gewoonlik in groepe saam in statte.

Kapteinskappe is oorerflik en daar is een kaptein vir elkeen van die twee hoofgroepe. 115) Die kapteins word bygestaan deur raadslede. Hierdie raadslede verteenwoordig sekere ge=biede en die groep raadslede staan bekend as die "Kuta". Die uitvoering van die regspleging word deur die "Kuta" be=hartig. 116)

2.3.9 Die Tswanas

Daar word ook kleiner etniese groepe in SWA aangetref wat nie ingeskakel kan word by die gemeenskappe wat bespreek is nie.

Die meeste van hierdie Swartes wat nie deel uitmaak van die belangrikste swart volke of gemeenskappe nie, is die Tswa=nas. Die Tswanas in SWA is verwant aan die Tswanavolk van Botswana en word meestal aangetref in die Aminiusgebied en op die sendingplaas, Epukiro. 117)

115) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Af=fairs. South West Africa survey 1967, p. 17.
116) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 37.
117) Loc. cit.

Die Tswanagebied is geleë in die Kalaharigebied en grens aan Botswana. Dit is baie goeie beesveld met uitstekende weiding en daar is reeds voorsiening gemaak vir water op verskeie plekke. Vroeër is hierdie area deur Blankes ge= bruik vir noodweiding in droogtetye. In 1962 was daar geen geproklameerde afgebakende gebied vir die Tswanas nie. Die voorgestelde grootte vir die gebied is 115 400 hektaar. [118)]

## 2.4 DIE KOMS VAN DIE EERSTE GROEPE BLANKES

### 2.4.1 Inleiding

Die gevolg van die kontak met die Blankes was dat georgani= seerde onderwys in SWA posgevat het. Al hoe meer blanke groepe het vir verskeie redes die gebied binnegekom en dit het die onderwysaksie gestimuleer en bespoedig. Die teen= woordigheid van die Blankes in die gebied het die onderwys aan die Swartes 'n noodsaaklikheid gemaak.

### 2.4.2 Portugese seevaarders

Portugese seevaarders, naamlik Diego Caõ (1484), Bartolo= meu Dias (1486) en Gasper Vegas (1534) was die eerste Blan= kes wat in SWA voet aan wal gesit het. [119)] Hulle het egter nie in die grondgebied belanggestel nie. Twee eeue later, dit wil sê nadat die verversingstasie aan die Kaap die Goeie Hoop gestig was, is die kuslyne beter verken deur Blan= kes. [120)]

118) Ibid., pp. 66-110. Vgl. ook kaart 2.6, p. 19.
119) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 8.
120) Loc. cit.

### 2.4.3 Die eerste blanke jagters in SWA

Sover bekend, was die eerste Blanke wat die gebied vanaf Suid-Afrika binnegegaan het 'n sekere Willem van Wyk, naamlik in 1738. Hy is gevolg deur Jacobus Coetsee in 1760. Hulle was jagters en het vanuit die suide oor die Oranjerivier SWA binnegegaan. Destyds was die Oranjerivier bekend as die Gariep- of Groeterivier. [121]

### 2.4.4 Ekspedisie van Ryk Tulbach

Na aanleiding van die eerste jagters se bevindings en ver= tellings, het goewerneur Ryk Tulbach 'n wetenskaplike eks= pedisie in 1761 uitgestuur onder leiding van Hendrik Hop om die gebied te verken. Die ekspedisie het die gebied net noord van die Oranjerivier verken en 'n kaart daarvan opge= stel. [122]

### 2.4.5 Die eerste reisigers

Die volgende reisigers het belangrike gegewens van die ge= bied en sy inwoners versamel: Wikar (1775-1779), Patterson (1799) en Van Rheenen en Brand (1791-1792). [123]

Daar was ook reisigers wat in later jare die noordelike dele van SWA besoek en deurkruis het. Hulle het gehelp met die kartering van die gebied en met die versameling van gegewens oor die landstreek. 'n Aantal van die negentiende eeuse reisigers was: Sir James Alexander (1836-1837), Sir Francis

121) Loc. cit. Vgl. ook LEMMER, op. cit., p. 16 en GOLD= BLATT, I. History of South West Africa, p. 15. Die eienaardige naam van Groeterivier kan dalk afgelei ge= wees het van Grootrivier of Groterivier.

122) VAN SCHOOR, M.C.E., et al. Senior Geskiedenis vir Suid-Afrikaanse skole, p. 606.

123) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 8.

Galton en Charles John Anderson (1851), James Chapman (1855), Hahn, Rath en Green (1856) en Charles John Anderson (1859-1867).[124)]

### 2.4.6 Verkenning van die seekus

Die Nautilus, 'n Britse boot, het in 1786 die kus verken en by Angra Pequena anker gegooi. In 1793 is 'n aantal persone met die Meermin vanuit die Kaap gestuur om Angra Pequena, Walvisbaai en Halifaxeiland te proklameer onder Nederlandse soewereiniteit.[125)]

### 2.4.7 Die eerste Britse oorname

Met die Britse oorname van die Kaap in 1795, het die gebiede aan die weskus van Suid-Afrika ook onder Britse beheer ge= kom. Die Britse vlag is gevolglik by alle landingsplekke langs die weskus tot by Angola gehys.[126)]

### 2.4.8 Die aankoms van die eerste groepe sendelinge

Gedurende die negentiende eeu het verskillende sendelinge van afsonderlike sendinggroepe die land binnegegaan en sen= dingstasies opgerig. Die eerste sendinggroep wat met hulle werksaamhede in SWA begin het, was die "London Missionary Society". Twee broers, sendelinge van hierdie groep, Abra= ham en Christian Albrecht het in 1805-1806 onder die Bondel= swarts, 'n Namagroep in die suide van SWA, by Warmbad begin met hulle werksaamhede.[127)]

124) Loc. cit.
125) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Af= fairs. South West Africa survey 1967, p. 26. Vgl. ook VEDDER, H. South West Africa in early times, pp. 8-18.
126) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Af= fairs. South West Africa survey 1967, p. 26.
127) KRITZINGER, J.J. Sending en kerk in Suidwes-Afrika, vol. I, pp. 35, 483.

In 1815 het die sendeling Abner van dieselfde genootskap, 'n sendingstasie by genoemde Jager Afrikaner se kraal, by die huidige Blydeverwacht, begin. In dieselfde jaar het die "London Missionary Society" ook 'n sendingstasie by Bethaniën onder die leiding van sendeling Johann Heinrich Schmelen tussen die Orlams begin. [128]

Die "Wesleyan Missionary Society" het 'n sendingstasie in 1834 by Warmbad onder die leiding van sendeling Cook geopen. Teen 1850 het die Wesleyaanse Sendinggenootskap reeds drie stasies gehad op Warmbad, Hoole's-fontein en Naosanabis. [129]

Die volgende sendinggenootskap wat met sy werksaamhede in SWA begin het, was die Rynse Sendinggenootskap wat in 1841 onder die leiding van Hugo Hahn en Heinrich Kleinschmidt, stasies geopen het by Windhoek, Okahandja en Otjikango. [130]

Die Finse Sendinggenootskap het in 1870 op die toneel verskyn en het hulle meer in die noorde van SWA, waar die grond nog braak gelê het, gevestig. [131]

Die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap het eers in 1896 in SWA begin. Vanweë teëspoed, is die eerste sendingstasie eers in 1910 in die noordooste van die land gestig. [132]

128) Ibid., vol. II, pp. b76, b85.
129) VEDDER, H. South West Africa in early times, p. 220.
130) KRITZINGER, op. cit., vol. I, pp. 26-27. Vgl. ook VEDDER, H. South West Africa in early times, p. 221.
131) KRITZINGER, op. cit., vol. I, pp. 30-31.
132) Ibid., pp. 38, 124.

Die Anglikaanse Kerk het eers na die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) in SWA aangekom en in 1924 in Ovamboland met hulle werksaamhede begin. [133)]

Die stabiliteit wat die sendinggenootskappe gebring het, het veroorsaak dat verskeie stamme 'n vaste sentrale kerk en skoolsentrum verkry het. Die gevolg hiervan was dat daar met die maak van paaie begin is. Die nomadiese leefwyse van die Swartes is grootliks teengewerk en die stamme het permanent in sekere gebiede begin woon. [134)]

### 2.4.9 Anneksasie van die Guano-eilande

Gedurende 1861-1866 het die Kaapse regering die onbewoonde Guano-eilande langs die kus van SWA in besit geneem. Daar is dadelik begin met die verskeping van die guano na Euro= pa. [135)]

### 2.4.10 Anneksasie van Walvisbaai

In 1878 het Kommandeur R.C. Dyer aan boord van die Britse skip "Industry" die gebied rondom Walvisbaai in die naam van Brittanje geannekseer en die gebied by die Kaapprovin= sie ingelyf. [136)]

### 2.4.11 Kaapse verteenwoordigers word in SWA aangestel

Omdat daar in die jare 1870-1880 binnelandse onrus en oor= loë in SWA tussen die Oorlams, Namas en Herero's geheers

133) Ibid., p. 47.
134) VEDDER, H. South West Africa in early times, pp. 222-223.
135) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 8.
136) VEDDER, H. South West Africa in early times, p. 436. Vgl. ook Walfish Bay and St. John's River Territories Annexation Act, 1884, Cape.

het, was die posisie van die sendelinge, handelaars en reisigers onveilig. Daar was ook 'n bedreiging vir die Herero's en Maharero, 'n leier van 'n groep van die Herero's, het die Kaapse regering om hulp gevra. Ingevolge sy versoek is William Coates Palgrave op 16 Maart 1876 as Buitengewone Kommissaris vir Namaland en Damaraland aangestel. Sy taak was om vrede tussen die inheemse groepe te probeer herstel en om die veiligheid van die Blankes in die gebied te verseker. In 1879 is 'n landdros, majoor Manning, in Okahandja gesetel om vir Maharero van die Herero's as raadgewer op te tree. In dieselfde jaar is daar 'n vrederegter te Otjimbingwe aangestel.[137]

2.4.12 <u>Dorslandtrekkers</u>

Gedurende dieselfde tyd toe die Kaapse verteenwoordigers in SWA aangestel is, het die Dorslandtrekkers deur SWA na Angola getrek. 'n Klein groepie van hulle het teruggekeer uit Angola en hulle gevestig tussen Grootfontein, Otavi en Waterberg.[138]

2.4.13 <u>Die Duitse anneksasie</u>

In 1883 het 'n Duitser, Heinrich Vogelsang, by Angra Pequena geland en 556 609 km² grond van die Namakaptein van Bethanie (vroeër Bethaniën), Josef Frederick, verkry. In 1884 het keiser Bismark van Duitsland die Kaapse regering in kennis gestel dat die gebied rondom Angra Pequena onder Duitse bewind geplaas is. Die Duitse vlag is daar gehys en Angra

137) SUID-AFRIKA (Republiek). <u>Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63</u>, p. 8.

138) VAN SCHOOR, et al., <u>op. cit.</u>, p. 607.

Pequena is herdoop na Luderitzbucht. Duitsland het sy ou=toriteit oor die gebied gaandeweg uitgebrei deur verdrae en ooreenkomste met verskeie inheemse stamhoofde te sluit. In Augustus 1884 is SWA, behalwe die Walvisbaaise gebied, for=meel verklaar tot 'n Duitse protektoraat. In 1886 is die grense van SWA bepaal deur Duitsland en Portugal en in 1890 deur Brittanje en Duitsland. Op daardie stadium was die verskillende swart volke al redelik gevestig in bepaalde ge=biede.[139)]

As gevolg van die anneksasie van SWA deur Duitsland, het 'n groot aantal amptenare en hulle gesinne, asook 'n groot troe=pemag vanaf Duitsland, hulle in SWA gevestig. Spoedig het daar boere uit Duitsland en Suid-Afrika plase in SWA gekoop en met veeboerdery begin.[140)]

## 2.5 OORSIG


SWA beskik oor 'n heterogene volkesamestelling. Die verskil=lende swart volke verskil radikaal van mekaar ten opsigte van hulle herkoms, taal, kultuur, godsdiens, tradisies, men=taliteit, beskawingspeil en lewenstandaard.

Die diversiteit van gemeenskappe het remmend op die onder=wysontwikkeling in SWA ingewerk. Dit moet voorts in gedagte gehou word dat die skool 'n vreemde instelling is wat deur die Blankes in die swart gemeenskappe ingebring is. Aan=

139) Sien kaart 2.7, p. 53.
140) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 10. Vgl. ook SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. South West Africa survey 1967, pp. 26-27.

KAART 2.7

VERSKILLENDE SWART BEVOLKINGSGROEPE IN SWA OMSTREEKS 1890 141)




141) KRITZINGER, op. cit., vol. II, p. 10b.

vanklik is die skool ook grootliks verwerp, maar daar het geleidelik 'n verandering ingetree en die waarde van skool=onderwys word in 'n toenemende mate deur die meeste van die swart volke aanvaar.

Daar word in die volgende hoofstukke gepoog om 'n oorsig te gee van die onderwysontwikkeling by die swart volke en ge=meenskappe in SWA.

## 3. ONDERWYS VANAF DIE VROEGSTE JARE TOT AAN DIE EINDE VAN DIE DUITSE REGIME (1915)

### 3.1 INLEIDING

Tereg poneer C.J.C. Lemmer dat die "geskiedenis van naturel=le onderwys in Suidwes, grotendeels 'n geskiedenis van sen=dingaktiwiteite" is. [1] Wanneer die vroeëre onderwys- en sendingpogings in SWA nagevors word, blyk dit dat die een nie van die ander losgemaak kan word nie. Aanvanklik het die sending die onderwys en aanverwante sake op eie koste gefinansier. Later het die staat finansiële hulp verleen in die vorm van subsidies. Die doel van die sendingonder=wys onder die swart volke was om die evangelie te verkondig, hulle aan dissipline gewoond te maak en om hulle op te voed tot bruikbare lede van die samelewing. Dit was vir die sen=delinge noodsaaklik om die Swartes te leer lees, sodat hulle self die Bybel kon lees.

Daar moes dus nie net van die evangelie gehoor word nie, maar dit moes ook gelees kon word. Taalstudie was dus nie 'n "doel op sigself nie, maar steeds 'n noodsaaklike instru=ment en hulp vir die evangelieverkondiging". [2]

Die opvoeding en onderwys van die swart kinders moes geskied sonder om die Europese kultuur op hulle af te dwing. Hande=werk het by die sendingskole 'n belangrike rol gespeel. Die Swartes moes leer dat handewerk nie vernederend is nie. [3]

1) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 187.
2) KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 334.
3) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 187.

Dit was vir die sendelinge nodig om die tale van die swart volke te leer praat en skryf. Omdat daar sekere klanke in hulle tale voorkom wat nie in die alfabet voorkom nie, moes daar 'n skryfwyse (ortografie) vir elke afsonderlike taal op=gestel word. Die Khoisan[4]-taalgroepe het byvoorbeeld 'n ryk=dom klap en klikgeluide. In die mate wat die swart kinders geleer het om te lees en skryf, het daar 'n vraag ontstaan na literatuur in die verskillende volkstale, maar dit was op daardie stadium bykans onverkrygbaar.

Die Kommissie van Ondersoek na Nie-blanke onderwys in SWA het in hulle verslag van 1958 soos volg oor die sendingonder=wys geskryf: "Die prestasies van die sending op hierdie ge=bied (onderwys) dwing dan ook die meeste bewondering af. Nie alleen word daar in die sendingskole lofwaardige werk gedoen nie, maar die skool het ook deur die jare as 'n newe=diens van die sending 'n baie vername bydrae gemaak vir die bevordering van 'n oorweënd Christelike inboorlingbevolking in hierdie land". [5] Volgens J.J. Kritzinger het die sen=ding 'n weldeurdagte en doeltreffende onderwysstelsel vir die swart volke opgebou. [6]

Die ouers was van die begin af passief en het nie veel be=langstelling in die onderwys getoon nie. [7] Vanweë die be=langeloosheid aan die kant van die ouers, het die staat in 'n toenemende mate seggenskap in die swart onderwys verkry. [8]

4) "Khoi" beteken Hottentot en "San" beteken Boesman.
5) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 45.
6) KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 335.
7) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. South West Africa survey 1967, p. 173.
8) KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 335.

In die beginjare van die Duitse kolonialisasie was daar aan=vanklik teenkanting teen die gedagte van onderwys vir die swart volke. 9) Vanaf 1909 het die Duitse regering egter 'n subsidie aan die sendelinge toegestaan met die veronderstel=ling dat die Duitse taal in die sendingskole bevorder sou word. 10)

Vanaf die eerste onderwyspogings in SWA was daar groepe Kleurlinge in die skole vir Swartes teenwoordig. Hierdie gebruik het baie jare in die praktyk gegeld voordat daar la=ter 'n skeiding tussen swart- en kleurling onderwys gekom het. 11) Alle statistiese gegewens wat beskikbaar is voor hierdie skeiding sluit dus albei groepe in.

Volgens sendeling Olpp van die Rynse Sendinggenootskap, is die sending soms die grootste opvoedingsvereniging genoem. Die skool was as't ware 'n onvermydelike noodwendigheid vir die sendingaksie. 12) Volgens die Kommissie van Ondersoek na Nie-blanke onderwys in SWA in 1958 was elke sendingskool 'n volwaardige onderwysinstelling met onder andere sy eie re=gulasies, kurrikulums, sillabusse, skoolure en kalenders. Elke sendeling was in eie reg 'n soort "Direkteur van Onder=wys". 13)

9) SCHUTTE, op. cit., p. 9.
10) KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 335.
11) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, pp. 10-16. Vgl. ook SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleent=hede in Suidwes-Afrika 1962-63, p. 244 en SCHUTTE, C.H.J. Kleurlingonderwys in Suidwes-Afrika, p. 1.
12) MISSIONAR OLPP. Kultuurbedeutung der Evangelischen Rheinische Mission für Südwest, p. 18.
13) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 32.

## 3.2 PRIMITIEWE ONDERWYS VOOR DIE KOMS VAN DIE BLANKES

Dit kan aanvaar word dat daar allerlei vorms van primitiewe opvoeding en onderwys by die verskillende swart volke was voor die koms van die Blankes in SWA. Daar was met die op=voeding 'n tweërlei doelstelling, naamlik die teoretiese en die praktiese. Die teoretiese doelstellings het onder ande=re die oordra van tradisies en gewoontes asook die inskerping van wette en gelowe deur seremonies en rituele behels. Die praktiese opvoedingsdoelstelling het onder andere weer ge=stalte gevind in jag, die gebruik en vervaardiging van wapens en die opleiding in oorlogvoering. Alhoewel verdediging be=sondere aandag geniet het is die kinders ook geskool in die verkryging en voorbereiding van voedsel, die maak van klere en die oprigting van hutte, die voorbereiding van medisyne, geneeskundige tegnieke asook verskillende soorte handewerk. Bogenoemde vaardighede moes deur die kinders aangeleer word omdat dit noodsaaklik vir die voortbestaan van die indiwidu sowel as die stam was.

Wanneer die verskillende stamme se opvoeding en onderwys met mekaar vergelyk word, is daar opvallende ooreenkomste sowel as verskille merkbaar. Die natuur het die grootste deel van die inhoud van die leerstof gebied omdat dit voedsel, warmte, kleding en water aan hulle gebied het. Die son, maan, weer=lig, wolke, wind, diere en plante het dus belangrike kompo=nente van die leerstof uitgemaak. Natuurverskynsels het 'n ereplek ingeneem by die verskillende rituele en seremonies. Goeie reënjare was 'n borg vir volop voedsel, water en wild terwyl droë jare hongersnood, dood en armoede gebring het. Die opkoms en die ondergaan van die son asook die groei en

afneem van die maan het vir hulle dinge beteken wat hulle nie altyd verstaan het nie, maar wat hulle tot die besef van hulle nietigheid gebring het.[14] Aan enige natuurverskyn= sel - hetsy goed of sleg - het hulle die werkinge van goeie of bose geeste gekoppel.

Vuur was vir hulle 'n simbool van krag, van vernietiging, van verandering en ook van voorouerаanbidding. Dit was dan ook altyd langs die vuur waar hulle met afgestorwenes raadple= ging gehou het. "In kort: Die hele natuur en die daelikse handel en wandel was die leerskool van die primitiewe na= tuurvolk".[15]

## 3.3 SENDELINGONDERWYS VOOR DIE DUITSE REGIME

### 3.3.1 Die koms van die eerste sendelinge

Meer as 'n honderd jaar nadat die sendelinge in die Kaapkolo= nie met hulle werksaamhede begin het, het die eerste sende= linge in SWA 'n begin gemaak met hulle sendingaksies. Hier= die pionier-sendelinge het aanvanklik met ernstige probleme en moeilike omstandighede te doen gekry omdat hulle op 'n tydstip in SWA aangekom het toe die verskillende stamme van die gebied in 'n gedurige staat van oorlog verkeer het. Moord, rowery en plundery was aan die orde van die dag en selfs die sendingstasies het nie die plunderings vrygespring nie.[16]

Twee broers, Abraham en Christian Albrecht, en J. Seiden= faden van die Londense Sendinggenootskap, het in 1805 by

14) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 22.
15) Ibid., p. 23.
16) SCHUTTE, op. cit., p. 7.

Warmbad[17] in die woongebied van die "Bondelswarts", 'n "Or=lamstam", 'n sendingstasie gestig en dadelik met 'n skool be=gin. Daar was spoedig sestig leerlinge. Hulle het geleer om tydens onderwyspogings stil te sit en is onderrig in lees, skrywe, reken en Bybelse geskiedenis. In 1812 het die roof=sugtige Namakaptein, Jager Afrikaner, hierdie sendingstasie vernietig.[18]

3.3.2 Die verloop van die sendingaksies

In 1815 het die Londense Sendinggenootskap vir sendeling Jo=hann Heinrich Schmelen na Bethaniën gestuur om daar 'n sen=dingstasie op te rig.[19] Gedurende 1821 het John Archbell, wat lid was van dieselfde sendinggenootskap, in Namaland by die Orlamshoofman, Tsaumeb, begin en 'n sendingstasie gebou. Hy is in 1825 opgevolg deur sendeling Trelfall, maar hy is kort daarna vermoor. Gedurende 1840 het die Londense Sen=dinggenootskap al sy werksaamhede in SWA oorgedra aan die Rynse Sendinggenootskap.[20]

Die Wesleyaanse Sendinggenootskap het in 1834 'n sendingsta=sie by Warmbad geopen met sendeling Cook aan die hoof. Teen 1850 het hierdie Genootskap ook stasies gehad op Hoole's-fontein en Noasanabis.[21]

Die Rynse Sendinggenootskap het in 1824 sendeling Knudsen na SWA gestuur. Hy het tussen die "Orlams" by Bethanie 'n sen=dingstasie gestig. Kleinschmidt het later vir Knudsen op=gevolg. In 1845 het Kleinschmidt met sy werksaamhede onder

17) In 1805 was Warmbad bekend as "Blyde Uitkomst".
18) VEDDER, H. Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 220.
19) KRITZINGER, op. cit., vol. II, p. b85.
20) SCHUTTE, op. cit., p. 11.
21) VEDDER, H. South West Africa in early times, p. 220.

die sogenaamde "Swartboois" by Rehoboth begin en in dieselfde jaar het sendeling Hahn 'n sendingstasie by Berseba gestig. In 1850 het ene Kolbe na Okahandja gegaan om daar met sy werksaamhede te begin terwyl sendeling Bam met sendingwerk onder die stam van Jonker Afrikaner by Windhoek begin het.[22]

Selfs die nodigste onderwysmiddele was onbekombaar en sendeling Hahn het byvoorbeeld die letters van die alfabet op 'n plankie geskryf waarvandaan die leerlinge dit moes lees. Volgens Hahn het die sang van die kinders meer na die gehuil van wolwe geklink.[23]

Die Finse Sendinggenootskap het eers in 1870 op die toneel verskyn. Hulle het hul meer by die Swartes in die noordelike dele van SWA bepaal.[24]

In 1896 het die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap na SWA gekom en hulle in die noordooste van die land gevestig.[25] Die Anglikaanse Kerk het eers in 1924 op die toneel verskyn en hulle in Ovamboland gevestig.[26]

### 3.3.3 Die eerste onderwyspogings van die sendelinge

#### 3.3.3.1 Geboue, meubels en skooltoerusting

Die nodige geboue by die sendingstasies was gewoonlik deur die sendelinge self, die leerlinge en soms ook deur die ouers opgerig. Die sendelinge het deur hierdie aktiwiteit die noodsaaklikheid om hulle op 'n vaste plek te vestig aan die stamme geleer. Die skoolmeubels is deur die sendelinge en

22) Loc. cit. Vgl. ook KRITZINGER, op. cit., vol. I, pp. 103-174.
23) VEDDER, H. Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 275.
24) KRITZINGER, op. cit., vol. I, pp. 30-31.
25) Ibid., pp. 38, 124.
26) Ibid., p. 47.

leerlinge by die sendingstasies vervaardig. Die vervaardi= ging daarvan het terselfdertyd deel uitgemaak van die hand= werkonderrig wat in die skole aangebied is. Die leerlinge het met griffies op leie geskryf. Skryfborde was daar nie en leer- en leesboeke was skaars. Dit was nie ongewoon om 'n klas in die koelte van 'n boom aan te tref waar hulle met hul vingers in die sand letters geskryf het nie. 27)

3.3.3.2 <u>Instandhouding van die eerste skole</u>

Sendelinge het bykans geen finansiële steun van hulle ge= nootskappe ontvang om hulle onderwyswerksaamhede aan die gang te hou of uit te brei nie. Sendeling H. Kreft het ge= durende 1850-1870 'n groot trop beeste by die sendingstasie Bethanie aangehou. Hierdie beestrop het as die "skoolkudde" bekend gestaan. Met die inkomste uit die vee, wat deur die ouers geskenk is, het hy die skool in stand gehou. Ongeluk= kig het die "skoolkuddes" later daartoe aanleiding gegee dat die sendelinge deur die stamme verwyt is dat hulle hulself verryk het deur die vee vir hulself te neem. Daar moes ook op gelet word dat die kuddes nie te talryk word nie, want dit sou ander stamme tot strooptogte uitlok. 28)

3.3.3.3 <u>Verskillende benaderings tot die onderwys</u>

Die Londense Sendinggenootskap het hulle veral toegelê op die verkondiging van die Evangelie en die onderrig van die Swartes in lees en skryf. Benewens die verkondiging van die Evangelie het die Rynse Sendinggenootskap baie tyd bestee aan die onderwys wat prakties van aard was. Hulle het geglo

27) SCHUTTE, <u>op. cit.</u>, p. 31.
28) <u>Ibid.</u>, p. 12. Vgl. ook SUID-AFRIKA (Republiek). <u>Ver= slag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke on= derwys in Suidwes-Afrika</u>, dl. I, p. 33.

dat die kennis wat 'n leerling deur praktiese ondervinding opgedoen het, van meer blywende aard was. Dit sou dus die blywende aard van die godsdiens beïnvloed. [29]

3.3.3.4 Onderwysdoelstellings

Vir die sendelinge was die kerstening van die inwoners van SWA, onder andere deur middel van godsdiensonderwys, 'n be=langrike onderwysdoelstelling. Aandag is ook geskenk aan karaktervorming en die algemene opheffing van die swart vol=ke. Die sendelinge het voorts probeer om aan die jong ge=slag die adel van handearbeid te leer. Handwerkonderrig het dus 'n belangrike deel van die kurrikulum uitgemaak. [30] Van=weë die aanvanklike oorbeklemtoning van die sektariese doel=stellings, het die skoolvakke nie altyd die nodige aandag geniet nie. [31]

3.3.3.5 Enkele faktore wat die eerste onderwyspogings be=lemmer het

* Verskillende taalgroepe

  Oor die heterogene samestelling van die leerlinge skryf Heese soos volg: "Die leerlinge van die sendelinge het uit die heterogeenste groepe, waaraan 'n mens kon dink, bestaan. Daar was vir eers die groot verskil tussen hul=le ouderdomme. Heel jong kinders van vyf jaar het skool gegaan ... maar veral was daar die groot verskeidenheid weens die verskillende stamgroepe. In Kitchener se skool

29) SUID-AFRIKA (Unie). Verslag van die Rehoboth Kommissie 1926, p. 50.
30) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 191.
31) Ibid., p. 49.

te Sakrivier was daar Boesmans, Orlams-Hottentotte en Basters".[32)]

Hierdie verskeidenheid van groepe het onder andere probleme met betrekking tot die voertaal veroorsaak. Sommige van die leerlinge het Hollands gepraat, andere het die Namataal gebesig en sommiges het die Boesmantaal gepraat. Dit het meegebring dat die sendelingonderwyser die verskillende tale moes leer praat. Die sendelinge kon somtyds nie die leerlinge verstaan nie, en die leerlinge kon op hulle beurt weer nie die sendelinge verstaan nie.[33)]

* <u>Vyandskap tussen die verskillende etniese groepe</u>

Die tradisionele vyandskap tussen die verskillende groepe was 'n verdere probleem. Die "Bondelswarts", een groep Hottentotte, het 'n afkeer gehad van alle "hoeddraers", naamlik Blankes, Basters en "Orlams-Hottentotte".[34)] Vanweë hul vermenging met die Blankes het die Basters hulleself hoër geag as die Swartes.[35)]

* <u>Verskille in vermoëns</u>

Die verskillende groepe se vermoëns om te leer het onderling verskil. Dit is byvoorbeeld aanvaar dat dit feitlik onmoontlik was om die Boesman te "beskaaf" en op te voed.[36)] Die Namakwas wou graag skoolgaan maar hulle

32) HEESE, J.A. <u>Onderwys in Namakwaland</u>, p. 11.
33) <u>Ibid.</u>, p. 70.
34) <u>Ibid.</u>, p. 112.
35) <u>Loc. cit.</u>
36) <u>Ibid.</u>, p. 113.

was "onmoontlike leerlinge" in die klas. Hulle sendelingonderwyser, C. Albrecht het selfs op 13 Desember 1805 gaan bid om wysheid. [37)]

* <u>Vermenging van die verskillende volke</u>

'n Verdere probleem was dat die verskillende volke met mekaar vermeng het. Van Warmelo het soos volg oor 'n Boesman, Khugoab, geskryf: "The informant, like his brother, had a Bergdama wife by whom he had several children, amongst them three daughters all living in Sesfontein. One of the daughters was married to a Hottentot, another to a Bergdama, now dead, the third, though old enough to be married had not yet found a husband and was living with her brothers". [38)]

* <u>Drankmisbruik</u>

Die swart volke het 'n voorliefde vir sterk drank gehad. Hierdie euwel, wat hand aan hand gegaan het met onsedelikheid, onstandvastigheid en onbetroubaarheid, het selfs ook by kinders wat die opleidingskursusse in die skole gevolg het, voorgekom. [39)]

* <u>Onverskillige houding teenoor die onderwys</u>

Die Swartes was negatief ingestel teenoor die onderwyspogings van die sendelinge. Hierdie beskouing het tot die gevolg gehad dat baie kinders nie toegelaat was om die skole te besoek nie. Die ouers het geredeneer dat

37) <u>Loc. cit.</u>
38) VAN WARMELO, N.S. <u>Notes on the Kaokoveld (South West Africa) and its people</u>, p. 40.
39) STRASSBERGER, E. <u>The Rhenish Mission Society in South Africa 1830-1950</u>, p. 91.

die skole die kinders uit die werk gehou het en dat dit wat hulle geleer het, minderwaardig en ontoereikend was.[40] Die doel en praktiese waarde van die onderwys was dus duidelik bevraagteken. Om die onderwys vir die mense aanvaarbaar te kon maak, moes dit dus prakties wees en nuttigheidswaarde hê.[41] Daar was onder andere die geval van 'n swart man wat beswaar gemaak het teen die op=rigting van 'n skool omdat dit volgens hom geen doel gedien het nie. Die onderhawige swart man was 18 jaar lank in die skool en kon in dié tyd nie leer om te lees nie.[42]

- <u>Tekort aan geboue, meubels en toerusting</u>

  Die groot gebrek aan geboue, meubels en hulpmiddels het 'n uiters nadelige uitwerking op die ontwikkeling van die onderwys gehad. Die tekort aan geld het onder andere meegewerk tot die ernstige gebrek aan skoolakkommodasie, meubels en toerusting.[43]

- <u>Tekort aan opgeleide onderwysers</u>

  Daar was bykans geen opgeleide onderwysers beskikbaar nie, en waar onderwysers wel beskikbaar was, het hulle taal- en ander probleme ondervind. Die beskikbare onderwysers was nie onderlê in hulle vakke nie en die gevolg hiervan was die swak en powere onderwysmetodes. Hulle lesaanbie=dings het dus veel te wense oorgelaat.[44]

40) OLPP, <u>op. cit.</u>, p. 27.
41) SUID-AFRIKA (Unie). <u>Rapport aangebied deur die Rege=ring van die Unie van Suid-Afrika aan die Raad van die Volkebond omtrent die administrasie van Suidwes-Afrika 1934</u>, p. 27.
42) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Rapport van de Admini=strateur voor het jaar 1923</u>, p. 50.
43) Vgl. 3.3.3.1, p. 61.
44) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Rapport van de Admini=strateur voor het jaar 1923</u>, p. 34.

* Agterdog jeens die Blankes

  Die agterdog teenoor die Blankes het veroorsaak dat die Herero's byvoorbeeld nie hulle kinders skooltoe gestuur het nie.[45)]

* Die nomadiese leefwyse van die meeste stamme

  Die nomadiese lewenswyse van die meeste stamme het ver=oorsaak dat baie leerlinge vir korter of langer tydperke van 'n jaar nie die skool kon bywoon nie en dikwels om=trent alles vergeet het wat hulle vroeër geleer het.[46)]

* Ander faktore wat voortgesette onderwys nadelig beïnvloed het

  Daar was verskeie ander redes vir die swak skoolbywoning. Werkgewers het die kinders uit die skool gehou om beeste op te pas of om ander werkies te verrig. Die ouers het geen straf toegepas as die kinders weggebly het van die skool nie. Die kinders het self geen behoefte vir onder=wys gehad nie en die ouers het hulle kinders ook nie aan=gemoedig om die skole by te woon nie. Die oormatige ge=bruik van die lat het ook aanleiding gegee tot afwesig=heid van die skool. Sommige skole was ook te ver van die woonplekke geleë om gereeld besoek te word.[47)]

### 3.3.4 Die eerste versoek vir 'n onderwyser

Nadat Jager Afrikaner, leier van 'n "Orlamstam", in 1811 die sendingstasie by Warmbad geplunder en verwoes het, en selfs die klavier in stukkies gekap en dit as buit onder die plun=

45) Loc. cit.
46) SCHOLTZ, op. cit., p. 17.
47) Ibid., pp. 16-19.

deraars verdeel het, het hy in 1931 twee briewe aan die sen=dinginspekteur, Campbell, geskryf. [48)]

In een van dié briewe wat in gebrekkige Hollands geskryf was en deur H. Vedder in Afrikaans vertaal is, het hy onder an=dere die volgende versoek gerig: "Ek Jager Afrikaner, wat om 'n leraar gevra het, omdat ek ook 'n siel het wat die Here God in my geskape het, sê hier dat as dit mag wees dat die Here God sal gee dat ek 'n onderwyser kan bekom dan hoef hy as hy by my kom niks te vrees nie, want die wêreld sê baie dinge, en die onderwyser hoef die wêreld nie te vrees nie. As God die Here hom vir ander dinge uitgestuur het, om tot seën van my hart te wees, sal ek my hand van die kind van God af hou, want as die Here God sal kom, bely ek my sondes. Ja ek dink ek praat 'n bietjie veel omdat ek die klere van Seidenfaden gevat het". [49)] Dit blyk uit die brief dat Ja=ger Afrikaner 'n skuldgevoel gehad het oor sy vorige misdade, maar dit blyk ook dat daar 'n begeerte by hom was vir gods=dienstige skoolonderwys.

Die tweede vertaalde brief van Jager Afrikaner lui soos volg: "Seergeagte goeie Heer! As ek mag vra of daar 'n on=derwyser is, moet die kinders daarvan verneem, en hy moet tog 90 A B C boeke, 66 vraeboekies en 96 gekleurde gesang=boekies saambring. Ek skrywe verder om 42 Bybelboeke. Ek skrywe verder vrees geen mens. Al die mense glo my nie, maar God en die Here Jesus is my getuie. Ek wens van harte

48) VEDDER, H. South West Africa in early times, p. 191.
49) Soos aangehaal deur SCHUTTE, op. cit., p. 10.

dat ek 'n onderwyser sal kry, maar ek weet nie watter een nie, en dus kan ek nie sy naam noem nie, maar dat ek graag een wil kry, dit skryf ek". [50]

### 3.3.5 Eie leesboeke en die eerste drukpers

Krönlein het op Berseba 'n studie van die Namataal gemaak om= dat hy in die moedertaal onderwys wou verskaf. In 1859 het hy begin met die vertaling van die Nuwe Testament in die Na= mataal. Dié groot werk is in 1864 voltooi en is tesame met 'n omvangryke Bybelse geskiedenis in Duitsland gedruk. Uit sy pen het ook 'n leesboek met Christelike verhale, diereseto= ries, liedere en fabels in die Namataal verskyn. [51] In 1871 is die Psalms, wat hy in die Namataal vertaal het, in Kaapstad gedruk en in 1873 het hy begin met die vertaling van die Ou Testament. [52] Benewens 'n Nama-woordeboek wat hy saamgestel het, het Weber ook nog die bekende "Christen se reis na die Ewigheid" van John Bunyan vertaal. Die vol= gende persone het leesboekies in die Namataal geskryf: Knudsen (1845), Vollmer (1854), Olpp (1888), Hegner (1906) en Vedder (1914). [53]

In 1824 het sendeling Rath 'n leesboekie in die Hererotaal geskryf. Hy is in sy poging nagevolg deur Hahn (1862), Viehe (1879) Beiderbecke (1879), Brincker (1879) en Vedder (1913). Brincker het gesorg vir 'n leesboek, gesangeboek en ander taalkundige werke wat gebruik kon word in die skole en

50) Ibid., p. 11.
51) VEDDER, H. Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 553.
52) Ibid., p. 640.
53) SCHUTTE, op. cit., p. 13.

kerke van die Herero's. [54]

Gedurende 1901 is daar op Oniipa 'n drukpers deur eerwaarde Savola in gebruik geneem. Heelparty van bogenoemde skrywers se werke is daar gedruk. Die gebou waarin die drukpers ge=huisves was, is in 1924 deur weerlig getref en dit het uit=gebrand. 'n Nuwe gebou is later opgerig. [55]

### 3.3.6 <u>Die behoefte aan afsonderlike skole vir die verskil=lende etniese groepe</u>

Aanvanklik was daar nie aparte skole en sendingstasies vir die verskillende volksgroepe nie. Daar was byvoorbeeld in die skool in 'n oorwegend Ovambogebied, Ovambokinders sowel as kinders van ander volksgroepe. "Tot diep in die twinti=gerjare van die huidige eeu is daar nog altyd gepraat van naturelle-onderwys wanneer onderwys vir óf naturelle óf kleurlinge, óf albei rasse bedoel is". [56] Die sendelinge en skrywers van die Duitse Koloniale-tydperk het erken dat die Kleurlinge ander opvoedingsgeleenthede moes hê as die Swartes, en dat hulle aparte skole moes besoek.

### 3.3.7 <u>Leerlinggetalle teen 1849-1850</u>

Volgens Vedder was daar in Nama- en Damaland (Damaraland) 'n groot opbloei van die onderwys wat veral gestimuleer is deur die koms van die Rynse sendelinge. Daar was in 1849 226 kinders en 140 volwassenes te Bethanie in die skool. Van Paul Goliath, een van die Namaleiers se volgelinge, was daar 221 kinders en 126 volwassenes in die skool. Van die

54) VEDDER, H. <u>Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika</u>, p. 554.
55) KRITZINGER, <u>op. cit.</u>, vol. I, p. 299.
56) SCHUTTE, <u>op. cit.</u>, p. 9.

Basters van Rehoboth was daar in dieselfde jaar 150 leer=linge in die skool op Rehoboth. Daar was in Rehoboth ook nog 40 meisies wat onderrig in Naaldwerk en Handwerk ont=vang het.[57)] In Windhoek was daar in 1850 280 leerlinge en by die pasgestigte Otjimbingweskool, tussen 40 en 50 leer=linge.[58)]

### 3.3.8 Opleiding van die eerste swart onderwysers

Die eerste opgeleide swart onderwyser van wie daar geskryf word, was 'n Herero, Paul Shepherd. Hy het in 1853 op Hoachanas saam met die sendelinge gewerk.[59)] Paul Shep=herd het sy opleiding in Engeland aan 'n militêre opleiding=skool ontvang en kon benewens die Herero- en Namataal ook nog Engels en Hollands praat.[60)]

Wanneer 'n sendeling 'n sendingstasie gestig het, het hy so gou as moontlik die geboue opgerig en vir hom 'n helper op=gelei om hom behulpsaam te wees met sy vele take. Die hel=per het onder andere waargeneem by die sendingstasie in die afwesigheid van die sendeling.[61)] Kleinschmidt het voor 1861 alreeds drie swart jongelinge as assistente opgelei.[62)] Hierdie leerlinge sou ook na 'n onderwyserseminaar op Gena=dendal in die Kaapprovinsie gestuur word om verder opgelei te word. Dié reëling het so byval gevind dat die getal la=ter verhoog is tot twaalf. Die ouers van die voornemende assistente het geldelike en ander bydraes gemaak om die op=

58) Ibid., p. 243.
59) KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 339.
60) SCHUTTE, op. cit., p. 13.
61) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 33.
62) SCHUTTE, op. cit., p. 12.

leiding vir hulle kinders moontlik te maak. Die jongmense van Gobabis, later ook dié van Namaland, was gretig om ver=dere onderwys by Genadendal te ontvang. Dit het egter la=ter geblyk dat die opleiding as gevolg van die veranderde lewenswyse en die groot klimaatsverandering, nie heeltemal suksesvol was nie.[63]

Die sendelinge moes voortdurend kontak hou met die rondtrek=kende stamme. Hulle was dus genoodsaak om assistente saam met die stamme te stuur wanneer hulle rondgetrek het, en dit het die behoefte vir meer assistente verhoog.[64] Hugo Hahn het in 1864 van Duitsland af teruggekeer nadat hy die nood=saaklikheid van 'n opleidingsentrum vir onderwysers gaan be=pleit het. Prinses Augusta van Lippe het 3 500 Riksdalers geskenk en verdere bydraes ten behoewe van onderwysersop=leiding is gemaak deur Prins Ernst van Schoeneburg en Prin=ses Mathilde van Rudolstadt. Daar is toe dadelik 'n begin gemaak met die oprigting van die opleidingsentrum te Otjim=bingwe. Hierdie sentrum is in 1866 geopen en is ter ere van Prinses Augusta die Augustineum genoem.[65]

Aanvanklik was daar slegs nege leerlinge in die Augustineum. Die Hereroleier van Maharero se twee seuns, Wilhelm en Sa=muel, was van die eerste leerlinge. In 1867 het die Ovambo=kaptein, Shikongo, sy twee seuns by die Augustineum inge=skryf.[66] Kritzinger het oor die Augustineum ~~as~~ soos volg ge=skryf: "Aanvanklik was dit minder as opleidingsinrigting

63) VEDDER, H. <u>South West Africa in early times</u>, p. 402.
64) <u>Ibid</u>., p. 403. Vgl. ook KRITZINGER, <u>op. cit</u>., vol. I, pp. 354-355.
65) VEDDER, H. <u>Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika</u>, pp. 552-553.
66) <u>Loc. cit</u>.

vir onderwysers bedoel en meer as bloot 'n prestige opleidingskool. Hierdie kwekelinge sou hulle eie mense moes leer - in kerk (leraars en evangeliste), skool (onderwysers) en samelewing (leiers, kapteins). Daarom is die Augustineum die eintlike begin van sowel onderwys- as leraarsopleiding, en baie meer". [67)]

By die Augustineum was dit noodsaaklik dat die kandidate vir eksamendoeleindes 'n kennis van die Bybelse geskiedenis moes hê. Hulle moes ook "iets" weet van die wêreld en die kerkgeskiedenis. Kandidate moes die Namataal sowel as die Nederlandse taal kon lees en skryf, en sinne van die een taal na die ander kon vertaal. Hulle moes ook 'n kennis hê van Aardrykskunde, Rekenkunde en Musiek. [68)] Die Augustineum is in 1890 na Okahandja verskuif.

Gedurende die jare 1871-1883 het sendeling Olpp onderwysers te Gibeon, waar die nodige geboue opgerig was deur sendelinge, ouers en leerlinge, opgelei. [69)] In 1877 het W. Coates Palgrave geskrywe dat die Rynse Sendinggenootskap oor 'n uitstekende kollege beskik wat onderwysers oplei. Hy het onder andere verwys na die Augustineum te Otjimbingwe. [70)]

### 3.3.9 Ontwrigting van sendingonderwys gedurende 1850-1870

Ongelukkig is die ontwikkeling van sendingonderwys gedurende 1850-1870 gestrem vanweë die stamoorloë. Die gedurige wis=

67) KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 354.
68) VEDDER, H. South West Africa in early times, p. 403.
69) SCHUTTE, op. cit., p. 13. Vgl. ook SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, pp. 33-34.
70) CAPE OF GOOD HOPE. Report of W. Coates Palgrave, p. 12.

seling van woonplek gedurende en na gevegte en gedurende die lang strooptogte het veroorsaak dat die kinders nie die sko=le kon bywoon nie. Daar was gevolglik geen toename in leer=linggetalle oor dié twintig jaar nie. [71)]

### 3.3.10 Ontwikkeling en uitbreiding van die sendingonderwys na 1870

Die jare tussen 1871 en 1883 was vredesjare. Die mense het gevestig geraak, skole is opgerig en die onderwys het vinnig uitgebrei. [72)] Die Finse Sendinggenootskap het in 1870 hul=le werk uitgebrei na Ovamboland. [73)] Dat daar 'n behoefte begin ontstaan het vir onderwys blyk duidelik uit die vol=gende gebeurtenis: Nadat die Vrede van Rehoboth op 13 Julie 1882 onderteken is, het Maharero die Hererovolk uit die ge=bied van Okahandja weggelei. Hy het egter ook die sendeling, Eich, saamgeneem. Hy het sodoende gesorg dat die Christene onder sy volk nie sonder 'n prediker sou wees nie. Daar was egter nog 'n rede vir hierdie stap van Maharero, naamlik om die Christene se steun te verwerf teen die heidene onder sy eie mense. Maharero het ook twee Herero-onderwysers met hom saamgeneem sodat die kinders onderwys kon ontvang. [74)]

In 1871 het sendeling Schroeder 'n skool geopen op Windhoek en in 1874 het sendeling Heider 'n skool op Hoachanas be=

71) VEDDER, H. Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 540. Vgl. ook LEMMER, C.J.C. 'n Geskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 34 en tabel 3.1, p. 88.
72) VEDDER, H. Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 540.
73) Loc. cit. Vgl. ook KRITZINGER, op. cit., vol. II, pp. b176-b177.
74) VEDDER, H. South West Africa in early times, p. 470.

gin.[75] Gedurende 1875 het die inskrywings in Krönlein se skool op Berseba 170 leerlinge getel.[76] In dieselfde jaar het Weber 'n skool op Warmbad geopen en in 1878 het sendeling Pabst met sy werk op Grootfontein begin.[77] Op 2 September 1880 is die eerste skoolgebou in Ondonga-Oos in gebruik ge= neem.[78]

## 3.4 ONDERWYSPOGINGS TYDENS DIE DUITSE BEWIND, 1884-1914

### 3.4.1 Die begin van stabiliteit en sekuriteit

Die sendelinge het die koms van die Duitse regime gedurende Augustus 1884 om verskeie redes verwelkom, onder andere van= weë die geldelike steun, beskerming, vooruitgang, wet en or= de wat in vooruitsig gestel is. Die sendingwerk sou voort= aan met groter stabiliteit, op 'n vaster fondament en met beplanning kon voortgaan. Die verskillende sendinggroepe het dadelik hul werksaamhede uitgebrei en die Rooms-Kato= lieke Kerk het in 1888 met die bearbeiding van die Namas be= gin. In 1896 het hulle werksaamhede by die Herero's 'n aan= vang geneem.[79]

### 3.4.2 Verhouding tussen die Duitse regering en die sende= linge

Vir die Duitse regering was die sendelinge in meer as een opsig 'n seën. Die sendelinge het 'n deeglike kennis van die land gehad. Hulle het kontak gehad met die meeste swart stamme en hulle kon ook die onderskeie volkstale praat. Die

75) Ibid., p. 634.
76) Ibid., p. 632.
77) Ibid., pp. 630-632.
78) KRITZINGER, op. cit., vol. II, pp. b187-b188.
79) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. South West Africa survey 1967, p. 109.

sendelinge was dus in 'n posisie om die regering se taak te vergemaklik deur die owerheid op verskeie gebiede met raad en inligting te bedien. [80)]

Die sendelinge moes egter hulle onderwyspogings aan die Swar=tes so aanpas dat dit beide die owerheid en die blanke inwo=ners tevrede stel. Prof. Mirbt het daadwerklik gepoog om 'n skolestelsel te vind wat sou voldoen aan die vereistes van die owerheid, die blanke inwoners en die sendelinge. Hy wou hê dat "die opvoeding van die Nie-blankes 'n volksopvoeding moet wees, waaraan die hele blanke gemeenskap ook 'n deel moes hê en meehelp, maar waaraan die sending die toon moes aangee". Hy het die volgende belangrike aspekte vir 'n eventuele pro=gram vir sendingonderwys voorgestel: [81)]

* "Bygeloof en towery moes oorkom word.
* "Daar moes aanpassing en gewenning aan blanke leiding aangekweek word.
* "Daar moes opgevoed word tot handewerk, landbou en sol=datediens". [82)]

Hierdie hele program was op 'n godsdienstige basis geskoei en die regering het hom nie ingemeng met die onderwyspogings van die sendelinge nie. Hierdie houding van die regering teenoor die sendelinge en hulle onderwyspogings het vir die sending=groepe gunstiger werksgeleenthede daargestel. Die Duitse Ad=ministrasie het beskerming aan die sendinggenootskappe gegee en hulle was nie meer so afhanklik van die welwillendheid en

80) SCHUTTE, op. cit., p. 15. Vgl. ook KRITZINGER, op. cit., vol. I, pp. 33-34.
81) SCHUTTE, op. cit., p. 16.
82) Loc. cit.

goedgesindheid van die swart opperhoofde nie. [83)]

### 3.4.3 Die eerste regeringskool

Die Duitse regering het in 1892 op Windhoek onderwysfasili=teite aan die Swartes van die omgewing voorsien. Die doel met hierdie stap was hoofsaaklik om 'n kennis van die Duitse taal aan die Swartes wat in die diens van die regering was, oor te dra. Die leerlinge is ook onderrig in Lees, Skryf en Reken. [84)]

In 1894 is 'n verpleegster, Marianne Bohler, teen 'n maandelik=se salaris van M60 [85)] in die skool te Windhoek aangestel om onderwys te verskaf. Daar was toe aparte beroepsgerigte kur=susse vir seuns en dogters. [86)]

In 1895 het "Pastor" Siebe die onderwys van die volwassenes waargeneem. Die regering het aan hom 'n jaarlikse bedrag van M800 (R80,00) betaal. Nadat Siebe afgetree het, het ene Anz hom opgevolg. Anz het hom slegs toegelê op die onderrig van Duits en Rekenkunde. [87)] Laasgenoemde twee vakke was nuttig vir die leerlinge omdat die meeste van hulle later in die diens van die regering getree het as kantoor- en polisiebo=des. [88)]

### 3.4.4 Meerdere kontak met die Blankes en nuwe eise aan die onderwys

Nadat SWA in 1884 deur Duitsland geannekseer is, het daar 'n groot aantal Blankes hulle in die gebied kom vestig. Die

83) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, pp. 33-34. Vgl. ook SCHOLTZ, op. cit., p. 12.
84) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 189.
85) 60 Mark was gelykstaande aan R6,00 in 1894.
86) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 37.
87) Loc. cit.
88) Ibid., p. 39.

Swartes het by die Blankes in diens getree, naby die Blankes hulle wonings opgerig en hulle lewenswyse het verander om by dié van die Blankes aan te pas. Hierdie aanraking met die Westerse beskawing het veroorsaak dat hulle aanpassings in hulle lewenswyses moes maak wat hulle soms ten goede maar soms ook ten kwade beïnvloed het. Daar is onder andere 'n nuwe vereiste aan die Swartes gestel, naamlik die lewering van handearbeid. Ten einde handearbeid vir die Blankes te verrig, was dit nodig dat die Swartes die taal van die Blan= kes asook deugde soos eerlikheid en betroubaarheid moes aan= leer. [89)]

### 3.4.5 Die onderwyspeil te Bethanie

Volgens Hegner, die Praesens van die Rynse Kerk by Bethanie, het die kinders die geskiedenis van die Bybel redelik goed geken. Sommiges het selfs die Tien Gebooie, die Geloofsbe= lydenis en die Onse Vader geken. Al die kinders van die be= trokke skool kon tot by honderd in Nama en in Hollands tel. Die peil van rekenkunde was swak maar dié van lees en skryf was goed. [90)]

### 3.4.6 Skooltye, skoolure en vakansies

Die Rynse Sendinggenootskap het 'n skoolweek van vyf dae ge= had. Die duur van 'n skooldag het gewissel tussen een en tot sewe ure by verskillende skole. Die Rooms-Katolieke skole het weer 'n skoolweek van drie en soms vier dae gehad. Die gemiddelde duur van 'n skooldag van die Rooms-Katolieke skole was drie ure, maar in uitsonderlike gevalle het dit gebeur dat slegs anderhalf uur per maand skoolgehou was. [91)]

89) Ibid., p. 41.
90) Vgl. SCHUTTE, op. cit., p. 19.
91) SCHUTTE, op. cit., p. 26.

Vakansies was nie volgens 'n vooropgestelde program gereël nie en het gewoonlik saamgeval met reëntye, oestye en tye wanneer daar met die troppe vee getrek moes word. Daar was somtyds vakansies vanaf Kersfees tot aan die einde van Januarie, twee weke oor Paastyd en twee weke in September. Sommige skole het geen vakansies toegelaat nie, terwyl ander weer om die beurt veertien dae skool en veertien dae vakansie gehad het. [92]

### 3.4.7 Die voertaalkwessie

Die medium van onderwys het in die beginjare ernstige probleme veroorsaak omdat daar in byna elke skool leerlinge van die verskillende volksgroepe teenwoordig was. Die sendelingonderwysers was verplig om byna die onmoontlike te vermag deur die verskillende tale van die Swartes te leer praat voordat hulle kon skoolhou. Van hulle is byvoorbeeld verwag om Nama-, Herero-, Bergdamara-, Boesman- en Ovambotaal te leer praat. Die Rynse sendelinge kon in dié reël die tale van die swart volke praat en hulle het dan ook in die onderskeie moedertale aanvangsonderwys verskaf. Die Rynse Sendinggenootskap het die Duitse taal eers op 'n later stadium by die kurrikulum ingesluit. Om hulle in hul taak by te staan, het die Rynse sendelinge Swartes uit die betrokke swart volke as onderwysers opgelei. Hierdie stap het die taalprobleem baie verlig. [93]

In Hereroland was dit die algemene gebruik by die Rynse sendelinge om in die moedertaal aanvangsonderrig te gee. Die

92) Loc. cit.
93) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 46.

Duitse taal is eers op 'n later stadium gebruik. Op aandrang van die regering is die Duitse taal as vak by alle sending=skole ingevoeg. [94)]

Emmy Fenchell het in 1905 by Keetmanshoop alle "leervakke" in Duits aan die leerlinge oorgedra. Leerlinge moes alle antwoorde in Duits gee. Hollands is uit die klaskamers ver=ban en namate die Duitse taal aangeleer en gebruik is, het hulle die Duitse gewoontes en kultuur aangeleer. [95)]

Die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap het die vereiste van die regering, naamlik dat die Duitse taal deur alle leerlinge geleer moes word, die getrouste nagekom. Omdat die Rooms-Katolieke sendelinge nie die swart volke se tale magtig was nie, het hulle Duits as onderrigmedium verkies. Die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap het dus nie veel waarde geheg aan moedertaalonderwys nie. [96)]

Die Finse sendelinge was nie Duits magtig nie en het dus nie gekwalifiseer vir die regeringsubsidie vir hulle skole nie. [97)] Hulle het deur medium van die taal van die Ovam=bo's skoolgehou en nie die wens van die regering uitgevoer om die Duitse taal aan die Ovambo's bekend te stel nie. [98)] Dit blyk uit latere geskrifte en ondersoeke dat die Finse Sendinggenootskap reg was met die beginsel van moedertaal=onderwys en dat dit ook didakties voortreflik was.

Die Duitse regering het alles in sy vermoë gedoen om die redelik algemene gebruik van Hollands in die skole in die suidelike deel van SWA uit te skakel.

94) <u>Loc. cit.</u>
95) <u>Loc. cit.</u>
96) <u>Ibid.</u>, p. 47.
97) Vgl. par. 3.4.3, p. 77.
98) LEMMER, C.J.C. <u>Onderwys in Suidwes-Afrika</u>, p. 47.

Goldblatt het hom soos volg daaroor uitgelaat: "But the Government persisting in its attempts to replace Dutch by German, ordered (1914) that apart from the Native language only German was to be taught".[99]

Professor Mirbt het onder andere aan die hand gedoen dat daar eers moedertaalonderrig gegee moes word alvorens daar in 'n ander kultuurvolk se taal opgevoed word. Volgens hom kon daar slegs gepraat word van 'n gebrekkige opvoeding in= dien 'n volk nie in sy moedertaal opgevoed word nie.[100]

3.4.8 Beroepsopleiding

Sendeling Hahn het Duitsland besoek en het met sy terugkeer ses sendelingkoloniste met hom saamgebring. Sy oogmerk was om deur die voorbeeld van hierdie jong manne aan die Herero's te toon dat arbeid goed is. Hieroor het sendeling Olpp die volgende geskryf: "Sie solten ihren schwarzen Leuten die Biblische Wahrheit zeigen, dass Der Mensch im Schweiss seines Angesichts sein Brot essen soll".[101]

Toe die Herero's sien hoe die Blankes werk, het hulle ook hulle kinders in die skole waar daar werkswinkels was, ge= plaas om sodoende die vaardighede van die Blankes aan te leer. Die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap het die voor= deel gehad dat al hulle "lekebroers" tegnies-opgeleide per= sone was. Omdat hierdie opgeleide persone die handwerkvakke by die Rooms-Katolieke skole onderrig het, was die skole meer geslaag met hulle handwerkopleiding. Hulle het by hul= le skole veral aandag gegee aan beroepsopleiding in Messel=

99) GOLDBLATT, op. cit., p. 196.
100) Vgl. SCHUTTE, op. cit., p. 28.
101) OLPP, op. cit., p. 6.

werk, Baksteenmakery, Tuinbou, Timmer- en Smidswerk vir die seuns. Die dogters het opleiding ontvang in Huiswerk, Naald=werk, Was, Stryk en Koskook.[102]

Teen 1900 is die Finse skole volgens die Europese skole ge=herorganiseer om meer aandag aan die praktiese vakke te skenk. Terwyl die sendelinge die seuns geleer het om hout=werk te doen en om huise te bou, het die vroue van die sen=delinge vir die meisies naaldwerk geleer. Die resultate was baie bevredigend.

Die Rynse Sendinggenootskap het in 1907 'n konferensie in Groot Namakwaland en in 1908 een in Hereroland gehou. Op hierdie konferensies is daar besluit om handwerk in alle Rynse skole te onderrig. Vir die seuns sou daar Timmer- en Smidswerk geleer word en die meisies sou Naaldwerk en Algemene Huiswerk leer.[103]

3.4.9 Landbouonderwys

Die Rynse Sendinggenootskap het 'n sendingplaas, Gaub, in die Grootfonteinse distrik gehad en die seuns het as deel van hulle opleiding die grondbeginsels van Landbou geleer. Op die sendingplase by Doebra en Epukiro, wat aan die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap behoort het, het die leerlinge ook opleiding in Landbou ontvang.[104]

3.4.10 Onderwysersopleiding

3.4.10.1 Rynse Sendinggenootskap

Die Augustineum het in 1911 verander na 'n skool vir baster=

102) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 42.
103) Loc. cit.
104) Loc. cit.

kinders. In die plek van die Augustineum is daar op Gaub, in die Grootfonteinse distrik, 'n opleidingskool vir onderwysers opgerig. Sendeling Heinrich Vedder, het aan die hoof van laasgenoemde inrigting gestaan.[105] Daar was reeds in die eerste jaar 17 kwekelinge van gemengde herkoms, naamlik Herero's, Hottentotte en Bergdamaras. Die voertale vir die kwekelinge was Nama en Herero en die kurrikulum het die volgende vakke ingesluit: Godsdiensonderrig, Duits, Rekene, Natuurbeskrywing, Aardrykskunde, Geskiedenis en Volkekunde (Herero en Nama), Onderwysmetodiek en Musiek (viool en harmonium).[106] Die kwekelinge moes ook klas gee onder die leiding van die hoof. Die kursus het drie jaar geduur en die onderwysers wat hier opgelei sou word, sou die groot tekort aan onderwysers help oplos. Ongelukkig was die eerste kandidate pas in hulle finale jaar toe die Eerste Wêreldoorlog in 1914 uitgebreek het.[107]

3.4.10.2 Rooms-Katolieke Sendinggenootskap

Gedurende die Herero-opstande (1904-1907) het die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap 'n opleidingskool vir onderwysers by Doebra begin. Die kurrikulum by hierdie inrigting vir onderwysersopleiding was grotendeels dieselfde as dié van die Rynse Sendinggenootskap.[108]

3.4.10.3 Finse Sendinggenootskap

Die Finse sendelinge het vir hulself helpers opgelei wat onder andere ook opgetree het as onderwysers. So vroeg as 1873 het 'n Ovambo opgetree as onderwyser en in 1882 is 'n

105) Ibid., p. 44.
106) Loc. cit. Vgl. ook SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 37.
107) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 44.
108) Loc. cit.

Ovambo alreeds as hoof van 'n skool aangestel. Die getal swart onderwysers het gaandeweg sodanig toegeneem dat daar in 1914 alreeds 71 onderwysers by die Finse Sendinggenoot=skap werksaam was. Die Finse Sendinggenootskap het nie oor 'n opleidingskool vir onderwysers beskik nie. Die begaafste leerlinge in die skole is aangeraai om onderwysers te word en is in sekere vakke "gelei" totdat hulle daarin kon klas=gee. Daar is vir hulle spesiale klasse gereël vir Saterdae en na verloop van tyd is daar ook spesiale kursusse vir alle diensdoende onderwysers ingestel. Hierdie kursusse het van een tot twee maande geduur en is jaarliks aangebied. 109)

### 3.4.11 Die verskillende soorte skole, kurrikulums en die onderwyspeil, 1900-1915

Omdat die Duitse regeringskole sekulêr van aard was, het dit nie aangepas by die tipe onderwys wat die sendelinge vir die Swartes beoog het nie. Die sendelinge het aangevoer dát die Swartes eers geleer moes wórd om 'n "waardige, betroubare, ordentlike en waaragtige mens te wees, voordat die wete en tegniese kan (das Wissen und technisch Können) vir hom van waarde kan wees. Daarom behoort die leerplan dan ook nie dieselfde te wees as dié van die Duitse regeringskole nie". 110)

Sendelinge het spoedig op dorpe, waar daar baie Blankes was en waar hulle veiliger gevoel het, skole geopen. Volgens Mirbt kon daar in die jare 1908-1912 onderskei word tussen hoofstasieskole, stasieskole en buiteposskole. Eersgenoemde

109) Ibid., pp. 44-45.
110) SCHÜTTE, op. cit., pp. 16-17.

twee soorte skole was gewoonlik onder die beheer van 'n blan= ke skoolhoof. Die kleiner skole of buiteposskole het meest= al onder die beheer gestaan van 'n Swarte wat bygestaan is deur swart onderwysers.[111)]

Die standaard van die onderwys by bogenoemde skooltipes was baie laag. Een van die redes vir die swak onderwyspeil, was dat die ingevoerde sendelingonderwysers nie die Duitse taal magtig was nie en hulle het ook nie die swart volke se tale geken nie. 'n Verdere rede vir die swak onderwysstandaard was die feit dat die swart onderwysers self weinig kennis gehad het van lees, skryf en reken.[112)]

Die enigste sekondêre skool gedurende die jare 1908-1912 was die skool te Windhoek wat onder die beheer was van die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap.[113)]

Die skoolsoorte het van sendinggroep tot sendinggroep ver= skil. In 1915 het die volgende skooltipes voorgekom:

* Die Rynse Sendinggenootskap het dagskole, Sondagskole en aandskole gehad.
* Die Finse Sendinggenootskap het dagskole gehad maar die kurrikulum het uitsluitlik uit Godsdiensonderrig bestaan.
* Die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap het oor elementêre dagskole, aandskole, handwerkskole, huishoudskole, kate= gismusskole en opvoedingstehuise beskik.[114)]

111) Ibid., pp. 23-24.
112) Loc. cit.
113) Ibid., p. 42.
114) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 189.

Bogenoemde skoolsoorte het ontstaan namate die behoefte daar=voor ontwikkel het. Teen die einde van die Duitse regime was daar reeds by elke Rynse sendingstasie dagskole en Sondag=skole. By die sendingstasies by Otjimbingwe, Usakos en Swa=kopmund was daar behalwe die dag- en Sondagskole ook aand=skole. [115] In die dagskole is die gewone skoolvakke aan die skoolgaande kinders aangebied, terwyl besondere aandag aan Godsdiensonderrig bestee is in die Sondagskole wat onder an=dere ook deur enkele volwassenes besoek is.

Die aandskole van die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap het net soos die aandskole van die Rynse Sendinggenootskap hulle toegespits op volwasseonderwys, veral met die oog op perso=ne wat bedags gewerk het. In 1912 was daar reeds 11 aand=skole van die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap met 167 leerlinge. Die kurrikulum van die aandskole was grotendeels beroepsgerig en het Duits, Lees, Skryf en Rekene ingesluit.

In die handwerkskool, waarvan daar slegs een was en wat on=der die beheer van die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap ge=staan het, het die kursus oor drie jaar gestrek. Die "leke=broers" het die onderrig in laasgenoemde skool waargeneem en die kurrikulum het Bouwerk, Smidswerk en Houtwerk inge=sluit. [116] Na die voltooiing van hul studies aan dié skool het die leerlinge goeie inkomste verkry as handlangers. Daar was in 1913 tussen 10 en 18 leerlinge in die skool en die Duitse regering het aan die Rooms-Katolieke Sendingge=

115) Ibid., p. 39.
116) SCHLUNK, M. Die Schulen für Eingeborene in den Deutschen Schutzgebieten, p. 120.

nootskap 'n subsidie van M200 (R20,00) per leerling per jaar betaal.[117]

Aan die einde van die Duitse tydperk was daar vier huishoud=kundeskole met 'n totale leerlingtal van 42. By die huis=houdkundeskole was daar benewens die huishoudkundekursus ook 'n verplegingskursus vir die opleiding van swart verpleeg=sters.

In die kategismusskole wat in Windhoek gevestig was en onder leiding van die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap was, was daar agt leerlinge in 1911 en 12 leerlinge die jaar daar=na.

Die twaalf elementêre skole van die Rooms-Katolieke Sending=genootskap was oor die hele gebied versprei. Daar was alte=saam 167 leerlinge in die elementêre skole. In dié skole is hoofsaaklik Godsdiensonderrig aangebied, maar Duits, Lees en Skryf het ook aandag gekry.[118]

### 3.4.12 Die vermeerdering van die aantal skole en leerlinge

Tot aan die einde van die Duitse beheer oor SWA het die leerlinge in byna alle skole bestaan uit kinders van verskil=lende etniese groepe.[119] Daar was dus nie aparte voorsie=ning gemaak in 'n sekere gebied vir aparte skoolgeriewe nie. Wanneer bykomende skole opgerig is, het dieselfde toestand homself herhaal en was daar in 'n skool leerlinge van ver=skillende bevolkingsgroepe bymekaar en het hulle dieselfde

117) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 39.
118) Ibid., p. 40.
119) SCHUTTE, op. cit., p. 22.

onderwys ontvang. Die verskillende sendinggroepe het hulle egter in bepaalde gebiede gevestig en het dus grootliks vir daardie groepe onderwys verskaf.

3.4.12.1 <u>Die Rynse Sendinggenootskap, 1883-1913</u>

Hierdie sendinggroep se aktiwiteite was meer beperk tot die suidelike deel van SWA. In die tabel wat volg, word die werklike vermeerdering van skole en leerlinge duidelik in die getalle weerspieël.

TABEL 3.1

RYNSE SENDINGSKOLE EN LEERLINGE, 1883-1913 [120)]

| Jaar | Skole | | | | Leerlinge | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nama-land | Dama-land | Ovambo-land | Totaal | Nama-land | Dama-land | Ovambo-land | Totaal |
| 1883 | - | - | - | - | - | - | - | 200 |
| 1887 | - | - | - | - | - | - | - | 400 |
| 1892 | 10 | 9 | - | 19 | 817 | 832 | - | 1 649 |
| 1893 | 10 | 9 | - | 19 | 787 | 961 | - | 1 748 |
| 1894 | 10 | 10 | 2 | 22 | 847 | 805 | 22 | 1 674 |
| 1895 | 10 | 10 | 2 | 22 | 940 | 800 | 23 | 1 763 |
| 1896 | - | - | 2 | - | - | - | 68 | - |
| 1897 | 10 | 22 | 2 | 34 | 765 | 1 445 | 93 | 2 303 |
| 1898 | 10 | 22 | 2 | 34 | 717 | 1 320 | 108 | 2 145 |
| 1899 | 10 | 33 | 2 | 45 | 287 | 1 818 | 113 | 2 218 |
| 1900 | 11 | 38 | 2 | 51 | 844 | 1 737 | 113 | 2 694 |
| 1901 | 9 | 43 | - | - | 610 | 1 787 | - | - |
| 1902 | 9 | 48 | 3 | 60 | 428 | 1 977 | 130 | 2 535 |
| 1903 | 9 | 46 | 3 | 58 | 378 | 2 057 | 135 | 2 570 |
| 1904 | 4 | 7 | 2 | 13 | 402 | 776 | 244 | 1 422 |
| 1905 | 6 | 25 | 3 | 34 | 530 | 2 344 | 251 | 3 125 |
| 1906 | 6 | 30 | 3 | 39 | 518 | 2 329 | 294 | 3 141 |
| 1907 | 9 | 59 | 4 | 72 | 685 | 2 388 | 348 | 3 421 |
| 1908 | 7 | 40 | 4 | 51 | 476 | 2 127 | 342 | 2 945 |
| 1909 | 6 | 38 | 4 | 48 | 626 | 2 069 | 487 | 3 182 |
| 1910 | 9 | 38 | 4 | 51 | 764 | 1 810 | 315 | 2 889 |
| 1911 | 9 | 34 | 4 | 47 | 663 | 1 468 | 306 | 2 437 |
| 1912 | 10 | 35 | 4 | 49 | 594 | 1 585 | 382 | 2 561 |
| 1913 | 8 | 34 | 4 | 46 | 533 | 1 282 | 375 | 2 190 |

Dit blyk uit die bostaande tabel dat die leerlingtal oor die algemeen langsaam toegeneem het tot in 1904, waarna daar 'n

120) LEMMER, C.J.C. <u>Onderwys in Suidwes-Afrika</u>, p. 214. Vgl. ook SCHUTTE, <u>op. cit.</u>, pp. 20-23 en KRITZINGER, <u>op. cit.</u>, vol. I, p. 341.

vermindering van getalle gevolg het. Die groot vermindering van leerlinge in Damaland in 1904 is waarskynlik die gevolg van die Hottentot-Herero oorloë van 1904.

3.4.12.2 Die Finse Sendinggenootskap, 1883-1914

Die aktiwiteite van die Finse Sendinggenootskap was hoofsaak=lik gekonsentreerd in die noordelike SWA en meer bepaald in Ovamboland. Die werklike toename van skole en leerlinge in Ovamboland vir die onderhawige tydperk was soos volg:

TABEL 3.2

FINSE SENDINGSKOLE EN LEERLINGE, OVAMBOLAND, 1883-1914 [121)]

| Jaar | Skole | Leerlinge |
|---|---|---|
| 1883 | - | 200 |
| 1887 | - | 400 |
| 1900 | 3 | 570-670 |
| 1902 | 4 | 1 029 |
| 1903 | - | 1 517 |
| 1904 | 6 | 1 492 |
| 1905 | 6 | 1 183 |
| 1906 | 15 | 865 |
| 1907 | 15 | 1 174 |
| 1908 | 23 | 1 239 |
| 1909 | 21 | 2 317 |
| 1910 | 28 | 1 883 |
| 1911 | 28 | 1 927 |
| 1912 | 39 | 2 228 |
| 1913 | - | 2 984 |
| 1914 | 49 | - |

Dit is opvallend dat die leerlingtal in 1906 veel minder was as die vorige jaar terwyl die aantal skole tot 15 gestyg

121) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 216A.

het. Hierdie afname in die leerlingtal moet moontlik toegeskryf word aan die Herero-opstande gedurende die tydperk 1904-1907. Globaal gesien was daar egter, net soos by die Rynse Sendinggenootskap, 'n steeds stygende leerlingtal.

### 3.4.12.3 Die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap, 1901-1913

Tabel 3.3 hieronder vertoon in hoofsaak dieselfde tendense as die voorafgaande twee tabelle, naamlik 'n geleidelike vermeerdering van skole en van leerlinge.

TABEL 3.3

ROOMS-KATOLIEKE SENDINGSKOLE EN LEERLINGE, 1901-1913 [122]

| Jaar | Skole | | | Leerlinge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Namaland | Damaland | Totaal | Namaland | Damaland | Totaal |
| 1901 | - | 3 | - | 40 | - | - |
| 1902 | 1 | 5 | 6 | 40 | - | - |
| 1903 | 1 | 5 | 6 | 45 | 244 | 289 |
| 1904 | 1 | 6 | 7 | - | 188 | - |
| 1905 | 1 | 7 | 8 | 50 | 300 | 350 |
| 1906 | 2 | 9 | 11 | - | 204 | - |
| 1907 | 3 | 10 | 13 | - | 356 | - |
| 1908 | 3 | 10 | 13 | 117 | - | - |
| 1909 | 3 | 11 | 14 | 190 | 447 | 637 |
| 1910 | 3 | 11 | 14 | 169 | 371 | 540 |
| 1911 | 12 | 11 | 23 | 220 | 446 | 666 |
| 1912 | 15 | 12 | 27 | 200 | 501 | 701 |
| 1913 | - | 11 | - | - | - | - |

122) Loc. cit.

3.4.13 Kurrikulums

3.4.13.1 Rynse sendingskole

Die kurrikulums wat by hierdie sendinggroep se skole gevolg is, was gebaseer op dié van die Duitse volkskole.[123] Vol= gens die skoolrooster is die meeste tyd aan Godsdiensonder= rig toegeken. Duits het die Hollandse taal stadigaan ver= dring, veral as gevolg van die regeringsbeleid en die subsi= dies wat ten opsigte van die Duitse taal aan die sendingge= nootskappe betaal is. Daar is ook in die kurrikulum voorsie= ning gemaak vir Lees, Skryf, Rekene, Sang en Aardkunde. Die Rynse skole het algemeen vormende onderwys beoog in teenstel= ling met dit wat die gemeenskap van die onderwys verlang het, naamlik 'n praktiese beroepsgerigte opleiding.[124] As ge= volg van toenemende publieke aandrang het die Rynse sending= skole reeds voor 1914 praktiese beroepsvakke in die kurriku= lum ingesluit, onder andere Was, Stryk en Naaldwerk vir die meisies en Tuinwerk, Veldwerk, Houtwerk, Skoenmakery en Skrynwerk vir die seuns.[125]

3.4.13.2 Rooms-Katolieke sendingskole

Die kurrikulums het van skool tot skool verskil. Op sommige skoolplekke is byvoorbeeld Tuinbou as vak in 'n skool aange= bied omdat daar voldoende water en bewerkbare grond was. Op die sendingplase Doebra en Epukiro het die seuns Landbouop= leiding ontvang.

By alle Rooms-Katolieke sendingskole is daar besondere aan=

123) Ibid., p. 27.
124) Loc. cit. Vgl. ook SCHUTTE, op. cit., p. 22.
125) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, pp. 41-42.

dag gegee aan Godsdiensonderrig. Duits het as taal die vernaamste plek ingeneem. Die ander vakke waaraan aandag gegee is, was Skryf, Rekene, Sang, Aardrykskunde en Geskiedenis. Somtyds is die moedertaal van die leerlinge gebruik as hulptaal in die klasse.[126)] Handearbeid in verskeie vorms het altyd 'n deel uitgemaak van die kurrikulum. In die sendingskool in Windhoek is daar voorsiening gemaak vir die volgende vakke: Smidswerk, Skoenmakery, Skrynwerk, Tuinbou en Wynbou.[127)] In die huishoudkundeskole is die leerlinge hoofsaaklik opgelei om hulle te bekwaam as huisbediendes en daarom het die kurrikulum voorsiening gemaak vir die volgende vakke: Netheid, Koskook, Naaldwerk, Was- en Strykwerk. Behalwe vir bogenoemde beroepsgerigte vakke moes die leerlinge ook nog die volgende leer: Duits, die Moedertaal, Godsdiensonderrig, Lees, Skryf, Rekene, Sang en Aardkunde. Die vakke en leerinhoud was in die Rooms-Katolieke sendingskole grootliks op dié van die gewone Duitse skole gebaseer.[128)]

3.4.13.3 <u>Finse sendingskole</u>

Aanvanklik is daar hoofsaaklik nadruk gelê op Godsdiensonderrig, en weinig aandag is bestee aan lees en sang in die moedertaal. Na 1900 is een van die Finse sendingskole volgens die Europese styl geherorganiseer en as gevolg van die uitstekende resultate wat behaal is, is daar in 1901 besluit dat al die skole van hierdie sendinggenootskap die nuwe rig=

126) <u>Loc. cit.</u>
127) SCHUTTE, <u>op. cit.</u>, p. 26. Vgl. ook LEMMER, C.J.C. <u>Onderwys in Suidwes-Afrika</u>, p. 42.
128) SCHUTTE, <u>op. cit.</u>, p. 27.

ting moes inslaan. Die Finse skole het egter oorwegend godsdienstig in karakter gebly. Handearbeid by hierdie skole het slegs 'n geringe deel van die kurrikulum beslaan en het eers veel later van groter betekenis geword. [129)]

### 3.4.13.4 Samevatting

Sammevattend kan dit beweer word dat--

* daar 'n redelike mate van gelykvormigheid en enersheid in die kurrikulums van die verskillende sendinggenootskappe se skole oor die hele SWA was;
* die Duitse taal die mees algemeen-gebruikte taal in die skole was met slegs 'n mate van erkenning aan die moeder=tale;
* die kurrikulums grootliks bestaan het uit Bybelse geskie=denis, Lees, Skryf, Rekene, Sang, Geskiedenis, Aardryks=kunde, Opstel, Diktee, Gedragsleer, Handvaardigheid en Liggaamsoefeninge; [130)]
* die toepassing van die kurrikulums verskil het namate om=standighede dit vereis het en dat dit aangepas is by die doelstellings van die verskillende skole. [131)]

### 3.4.14 Finansiering van die onderwys

Aanvanklik was daar geen finansiële steun aan die sendingge=nootskappe vir hulle onderwyspogings van die kant van die Duitse regering nie. [132)] Die sendinggenootskappe het self uit eie fondse hulle onderwyswerksaamhede gefinansieer. Die Duitse regering het vanaf 1902 'n jaarlikse subsidie van R500,00 aan die sendinggenootskappe betaal met die uitsluit=

129) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 43.
130) SCHUTTE, op. cit., p. 27.
131) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, pp. 188-190.
132) Ibid., p. 188.

like doel om die Duitse taal aan die Swartes te leer. [133] Voordat hierdie betalings aan die sendinggenootskappe gemaak is, moes die Distriksrade eers ondersoek instel om seker te maak dat die onderwys van die Duitse taal behoorlik aandag geniet het. Die bedrae vir dié subsidies is van tyd tot tyd verhoog sodat dit vir die jaar 1909 R900,00 beloop het. 'n Subsidie van R500,00 is ook in 1909 aan sendingskole uitbe= taal vir handwerkopleiding. [134] Die regering het 'n subsi= die aan die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap betaal vir die werk wat hulle gedoen het in die ambagskool in Windhoek. Die subsidie aan laasgenoemde skool was R20,00 per leerling per jaar vir losies en klere. [135] In 1914 is daar voorsie= ning gemaak vir 'n honorarium van R60,00 aan die Rynse Sen= dinggenootskap en R30,00 vir die Rooms-Katolieke sendingsta= sie by Heirachabis. [136]

3.4.15 Skoolbywoning

3.4.15.1 Pogings om skoolplig in te stel

Daar is in 1914 gepoog om verpligte onderwys vir die Swartes in te stel, maar dit het nie geslaag nie. Die sendelinge wou nie die voorwaardes aanvaar wat die regering gestel het, naamlik dat die sendinggenootskappe verantwoordelik sou wees vir die bykomende geboue en onderwysers, nie. Dit sou 'n té groot finansiële las op die sendinggenootskappe geplaas het. [137] Die "Landesrat" het in hierdie verband bepaal dat hoër subsidies aan die sendinggenootskappe betaal sou word, maar dat daar dan ook hoër eise gestel sou word oor die kur=

133) SCHLUNK, op. cit., p. 120. Vgl. ook SCHUTTE, op. cit., p. 29.
134) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 37.
135) SCHUTTE, op. cit., p. 29.
136) Loc. cit.
137) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 38.

rikulums, algemene skoolwerk, die aankweek en aanleer van dissipline en pligsbesef.[138] ŉ Verdere bepaling aangaande skoolplig sou wees dat die skoolplig sou begin op seweja=rige ouderdom en dat ouers self hulle kinders by die skole moes gaan inskryf. Ouers sou ŉ boete betaal of slae kry as hul kinders nie gereeld die skool bywoon nie. Die regering het die reg voorbehou om die skoolwerk te inspekteer.[139] Die ordonnansie insake skoolplig sou op 1 Januarie 1915 in werking tree.[140]

3.4.15.2 <u>Swak skoolbywoning</u>

Skoolbywoning by die sendingskole was van die begin af wis=selvallig. Die belangrikste redes vir die ongereelde skool=bywoning was onder andere--[141]

* Die ouers het nie die kinders skool toe gestuur nie omdat die kinders by die huise moes werk.
* Die nomadiese leefwyse van die volke en stamme het veroor=saak dat die kinders gedurende sekere seisoene verwyder was van die skoolarea.
* Die gedurige opstande en oorloë het veroorsaak dat stamme en gemeenskappe wat ŉ skoolbevolking gevorm het, uitme=kaar verdryf is.
* Daar was geen straf aan die ouers of die kinders wanneer die kinders weggebly het van die skool af nie.

138) <u>Loc. cit.</u>
139) Die inspeksie sou nie Godsdiensonderrig insluit nie, omdat Godsdiensonderrig nie in die offisiële kurriku=lum ingesluit was nie.
140) LEMMER, C.J.C. <u>Onderwys in Suidwes-Afrika</u>, p. 38.
141) SCHUTTE, <u>op. cit.</u>, pp. 30-31.

* Blankes wat jeugdige Swartes in diens gehad het, het die jeugdiges verhinder om die skole by te woon.
* Swartes wat ver van die skole af gebly het, kon nie hulle kinders by die skole kry nie.
* Die oormatige gebruik van die lat in die skool het die kinders uit die skool laat bly.
* Die regering het nie die nodige aansporing aan die swart volke gemaak om hulle kinders na die skole te stuur nie.
* Die regering het ook nie sy plig gedoen deur die nodige finansiële steun aan die sendinggenootskappe te verleen nie.

Die ongereelde skoolbesoek het ook gelei tot verdere proble= me. Dit het onder andere kontinuiteit in die onderwys on= moontlik gemaak en die organisasie en administrasie in die skool bemoeilik. [142)]

## 3.5 DIE KULTURELE INVLOED VAN DIE VROEËRE SENDINGGENOOT= SKAPPE [143)]

Die invloed van die sendingpogings was op verskeie vlakke verreikend. Die sendinggenootskappe het met hulle opvoe= dingspogings nuwe waardes na vore gebring en 'n ander lewens= wyse as waaraan die Swartes gewoond was gepropageer en ge= demonstreer. Die sendelinge het hierdeur die volksaard en karakter van die Swartes beïnvloed en sodoende hulle lewens= uitkyk verander, verbreed en ander gesigspunte daargestel. Die sendelinge het die tale van die swart volke aangeleer en dit ontwikkel tot skryf- en skooltale. Omdat daar vir die

142) Loc. cit.
143) KRITZINGER, op. cit., vol. I, pp. 31-32.

tale van die Swartes ortografieë opgestel is, kon die Bybel vertaal word en was daar die nodige kontak met die skoolwese en die leesstof deur die skryftaal.

Daar was as gevolg van die leerredes van die sendelinge 'n waarneembare invloed op maatskaplike gebied. Die posisie van die vrou as mens in die gemeenskap het heeltemal veran= der en sy was ten minste menswaardig. Monogame huwelike is verkondig en 'n sedelike leefwyse is gepropageer. Sindelik= heid en netheid het begin posvat en gesondheid het belangrik geword.

Vir die eerste keer het die Swartes die terrein van die eko= nomie betree. Daar kon handel by die sendingstasies en tus= sen die verskillende stamme gedryf word. Daar is ontdek= kingsreise onderneem en sommiges van die bevolkings is deur die reisigers in diens geneem. Die paaie en kommunikasie is verbeter, handvaardigheid is bevorder en nuwe behoeftes wat by die Swartes geskep is moes bevredig word.

Daar was ook die ontwikkeling op die staatkundige en poli= tieke vlak. Voor die koms van die sendelinge was die stamme in gedurige oorloë gewikkel, meestal as gevolg van hulle no= madiese leefwyse. Deur die invloed en leiding van die sen= delinge het die volke gevestig geraak en die stamorganisasie het verander.

Dit was grootliks as gevolg van die sendinggenootskappe se bemoeiinge dat die gebied by Duitsland bekend geword het. Die sendelinge het gereelde korrespondensie gehad met koning Wilhelm en kanselier Bismarck in Duitsland. Na die annek= sasie van Walvisbaai deur die Kaapse regering in 1878, en die beskermingsverdrae tussen die Duitse regering en die

swart volkere in 1883, het baie Blankes grond gekoop in SWA.[144] Dit het die gedagte laat ontstaan oor reserwes wat later verander is na tuislande.

Met die vermeerdering van Blankes het daar werkgeleenthede ontstaan en dit was die eerste maal in die geskiedenis van die swart volke (behalwe in die geval van die Bergdamaras) dat hulle as huurlinge begin werk het.

## 3.6 EVALUERING

Aan die einde van die Duitse bewind (1915) was die onderwys reeds goed gevestig en was daar 'n bestendige uitbreiding van die onderwyspogings. Omdat die onderwys aan die Swartes uit=sluitlik 'n sendingaksie was met die minimum staatshulp, het die verandering van regering in 1915 byna geen uitwerking op die onderwys gehad nie.

Die Rynse Sendinggenootskap het hulle in hulle onderwyspo=gings grootliks toegespits op Namaland en Damaraland, ter=wyl die Finse Sendinggenootskap gekonsentreer het op Ovambo=land. Die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap het in Ovambo=land en ook langs die Okavangorivier gearbei. Daar was nog drie ander sendinggroepe in SWA werksaam, maar hulle het op 'n baie klein skaal gewerk. Hulle was die Wesleyaanse Sen=dinggenootskap wat hul werksaamhede beperk het tot Namaland en wel onder die Kleurlinge, die Anglikaanse Sendinggenoot=skap wat gewerk het onder die Kleurlinge sowel as onder die Ovambo's en die Sewende Dag Adventiste wat die oostelike deel van die Caprivistrook bearbei het.

144) Ibid., pp. 32-35.

Die tekort aan bevoegde onderwysers was steeds kritiek. [145] In 1915 het die Rynse Sendinggenootskap swart onderwysers by die Augustineum in Okahandja opgelei. Die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap het op Tses en Doebra, en die Finse Sen= dinggenootskap het by Oniipa onderwysers opgelei. Die op= leiding van die onderwysers het drie jaar geduur en die kur= rikulum het 'n verskeidenheid vakke ingesluit.

Met die oorname van die gebied deur die Unieregering (1915) was daar 115 skole met 'n totale leerlingtal van 5 490. [146] Die subsidies van die Duitse regering is gestaak en die re= gering van die Unie van Suid-Afrika het die verskillende sendinggenootskappe aangeraai om hulle skole onder die beheer van die SWA-Onderwysdepartement te plaas ten einde te kwali= fiseer vir subsidies. [147]

Met die regeringsverandering het die doel van die onderwys onveranderd gebly en was Godsdiensonderrig, karaktervorming en opleiding tot waardering van handearbeid steeds die mik= punt. Daar is ook gepoog om nie die Europese kultuur op die Swartes af te dwing nie, maar eerder om die volksgewoontes van die Swartes te gebruik as fondament vir die opvoedings= werk. [148]

Die nadeel van die onderwysstelsel soos dit onder die Duitse tydperk bestaan het, was dat die meeste skole as sending- of

145) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 191.
146) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Information. South West Africa, the land, its peoples, and their future, p. 69.
147) SCHUTTE, op. cit., pp. 34-35.
148) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 193.

kerkskole begin het. Daar was 'n verskeidenheid kerke wat 'n verskeidenheid gemeenskappe bedien het. Dit het veroorsaak dat daar weinig of geen koördinasie van skoolbelange met gemeenskapsbelange was nie. Daar was ook geen koördinasie van skoolonderrig met die landsbeleid nie omdat sommige van die sendelinge vreemd gestaan het teenoor die landsbeleid.

Na hierdie oorsig van die onderwysvoorsiening aan die Swartes in SWA vanaf die beginjare tot die einde van die Duitse regime, word daar vervolgens aandag geskenk aan die bedeling en verloop van die onderwys onder die Suid-Afrikaanse regering vir twee dekades. Hierdie twee dekades was veral 'n ekonomiese strawwe tydperk en 'n tydperk waarin daar grotendeels gepoog is om 'n meer eenvormige en gekoördineerde stelsel te bewerkstellig.

## 4. DIE ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS IN SWA, 1915-1932

### 4.1 ALGEMENE OORSIG

Kort na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914, het die Suid-Afrikaanse troepemagte, onder die bevel van genl. Louis Botha, SWA sonder noemenswaardige weerstand ver=ower.

Na die verowering van SWA is die Vrede van Korab op 9 Julie 1915 gesluit en 'n militêre bewind onder Sir Howard Gorges is in die land ingestel. [1] Hierdie bewind het tot aan die einde van die oorlog in 1918 geduur. Kragtens die Vredeskon=ferensie van Versailles is die administrasie van SWA aan die Unie van Suid-Afrika toevertrou as 'n C-Mandaat. [2]

Die verbintenis van Suid-Afrika met dié gebied het veroor=saak dat daar 'n groot aantal Blankes en Kleurlinge uit die destydse Unie van Suid-Afrika na SWA verhuis het. 'n Paar Suid-Afrikaanse kerke, onder andere die Metodiste Kerk en die Nederduits-Gereformeerde Kerk, het dit toe nodig gevind om staanplek in SWA te kry.

Gedurende die tydperk 1914-1918, het die onderwysontwikke=ling feitlik tot stilstand gekom. Daar is ook baie min ge=gewens beskikbaar oor die onderwys vir hierdie tydperk.
Van die sendelinge het die sendingstasies verlaat en in die dorpe gaan woon. Opleidingsgeriewe vir swart onderwysers het ook gedurende die oorlog tot stilstand gekom en alle fi=nansiële hulp vanaf Duitsland is gestaak.

1) LEMMER, C.J.C. <u>'n Geskiedenis van Suidwes-Afrika</u>, p. 79.
2) KRITZINGER, <u>op. cit.</u>, vol. I, p. 44.

Met die oorname van die administrasie oor SWA deur die Unie van Suid-Afrika, was daar in die praktyk byna geen ontwrig= ting in die bestaande onderwyspatroon en die onderwysbedry= wighede nie. Die nuwe administrasie in Pretoria het self min gedoen ten opsigte van die onderwys aan die Swartes. Die verskillende sendinggenootskappe moes self, sonder enige finansiële hulp van die Unie-regering, met hulle onderwys= pogings voortgaan. Die Rynse Sendinggenootskap - wat die grootste werksaamhede in die suide van die land gehad het - moes dus sonder die finansiële steun van óf die Unie-rege= ring óf van die regering van Duitsland klaarkom. Eers in 1922, nadat die nuwe onderwysproklamasie[3] in werking getree het, het die regering 'n bedrag geld beskikbaar gestel vir swart onderwys.

Op daardie stadium (1918) was daar nog steeds net die drie baanbreker-sendinggenootskappe, naamlik die Rynse, die Rooms-Katolieke en die Finse. Later het die Anglikaanse Kerk se sendinggenootskap, "Damaraland Mission", asook dié van die Wesleyaanse Kerk en dié van die Sewende Dag Adventiste by hulle aangesluit.

Die onderwyswerksaamhede onder die Namas en Kleurlinge, met ander woorde, van die hele suidelike deel van die land, was toe reeds op 'n bevredigende peil. In die noordelike deel, naamlik Ovamboland, die Kavango en die Caprivi-strook het die onderwyswerksaamhede 'n groot agterstand gehad. Laasge= noemde dele was meestal deur die Finse Sendinggenootskap

3) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Onderwijs Proklamatie nr. 55 van 1921</u>.

bearbei, en hulle onderwyspoging het nog in 'n aanvangstadium verkeer. 4)

Kragtens die Vrede van Versailles (1919) het Suid-Afrika formeel beheer oor en verantwoordelikheid vir SWA aanvaar. In Suid-Afrika is die "Zuid-West-Afrika Mandaat Wet" (Wet nr. 49 van 1919) aangeneem. Die Unie-regering moes jaarliks 'n verslag 5) aan die Mandaatkommissie te Genève stuur, en in dié verslag moes daar onder andere, gereeld na die onderwys van die Swartes verwys word.

Die Suid-Afrikaanse regering het met die oorname van die gebied in 1915 geen georganiseerde sentrale beheer of koördinasie van onderwysdienste in SWA gevind nie. Benewens die verslae van die verskillende sendinggenootskappe, was daar geen amptelike verslae waaruit die ontwikkeling van die onderwys aan die Swartes van SWA opgespoor kon word nie. In 1915 was daar slegs 62 skole vir die Swartes in die suidelike sektor 6) met 2 115 leerlinge (gemiddeld 34 leerlinge

4) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 193. Kyk ook kaart 4.1, p. 104.

5) SUID-AFRIKA (Unie). Rapporte aangebied deur die Regering van die Unie van Suid-Afrika aan die Raad van die Volkebond. In die voetnote word hierna slegs die verkorte titel gegee naamlik, Rapporte aangaande SWA.

6) SWA was opgedeel in 'n suidelike en 'n noordelike sektor. Hierdie twee dele was onderskeidelik ook bekend as binne die polisiesone en buite die polisiesone.

In die suidelike sektor, dit wil sê binne die polisiesone, het die Herero's, Damaras, Namas en die Tswanas gewoon en in hierdie sektor het die Suid-Afrikaanse polisie die mag gehad om wette wat op SWA van toepassing was, uit te voer en af te dwing.

Die noordelike sektor het die Kaokoveld, Ovamboland, die Okavangostreek en die Caprivistrook ingesluit. Vgl. kaart 4.1, p. 104.

per skool). In die noordelike sektor was daar in dieselfde jaar 53 skole met 3 375 leerlinge - gemiddeld 64 leerlinge per skool. [7)]

KAART 4.1

DIE NOORDELIKE EN SUIDELIKE SEKTOR MET DIE ROOILYN [8)]




7) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. <u>South West Africa survey 1967</u>, p. 109.
8) KRITZINGER, <u>op. cit.</u>, vol. I, p. 10c.

Daar was 'n dringende behoefte aan doelmatige onderwysdienste op 'n georganiseerde basis. 'n Inspekteur van Onderwys van die Kaapprovinsie is aangestel met die opdrag om 'n onderwysstel= sel, soortgelyk aan dié wat destyds in die Kaapprovinsie in werking was, vir SWA te beplan. 9)

4.2 BELEID VAN DIE ONDERWYS

4.2.1 Inleiding

Volle beheer oor en verantwoordelikheid vir die gebied, soos bepaal deur die Vredesverdrag van Versailles en die "Zuid-West-Afrika Mandaat Wet, 1919" (Wet nr. 49 van 1919), is deur die regering van Suid-Afrika aanvaar. Ten einde die onder= wysdienste op georganiseerde wyse te bestuur en te beheer, is die eerste onderwyswet in SWA deur middel van Proklamasie nr. 55 van 1921 in werking gestel. Alle onderwysdienste is kragtens hierdie wet onder die beheer van die staat geplaas. Daar is 'n Onderwysdepartement ingestel met 'n Direkteur van Onderwys as die permanente hoof-uitvoerende beampte.

Om die veranderinge wat deur dié Wet teweeggebring is beter te verduidelik, en om behoorlike uitvoering aan die Wet te gee, is daar in 1923 'n baie belangrike onderwyskonferensie van alle belanghebbendes gehou. Op hierdie konferensie was verteenwoordigers van die sendinggenootskappe sowel as van die staat teenwoordig. Dié konferensie was rigtinggewend ten opsigte van die onderwys vir Swartes; trouens, hierdie konferensie kan beskou word as die begin van georganiseerde

9) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Information. South West Africa, the land, its peoples and their future, p. 69.

onderwys aan die Swartes in SWA.

In 1925 was daar 'n belangrike beleidsverandering met betrek= king tot die onderwys. Kragtens die "Zuid-West-Afrika Kon= stitutie Wet", (Wet nr. 42 van 1925) is daar uitvoerende ge= sag oor die onderwys aan die Administrasie van SWA toegeken. Volledige reëlings in verband met die onderwysdienste is deur Proklamasie nr. 16 van 1926, wat Proklamasie nr. 55 van 1921 gedeeltelik herroep het, uiteengesit. In die 1926-proklamasie is daar voorsiening gemaak vir die klassifise= ring van die verskillende soorte skole wat deur die sending= genootskappe gestig is. Die reëlings in verband met die on= derwysdienste van die 1926-proklamasie het voortgeduur tot in 1949 toe die wetgewende gesag oor alle onderwys oorgedra is aan die Wetgewende Raad onder die finale gesag van die regering van Suid-Afrika. [10)]

4.2.2 "Onderwijs Proklamatie" nr. 55 van 1921

4.2.2.1 Inleiding

Hierdie proklamasie het die eerste vaste juridiese grondslag vir die onderwys aan die Blankes, Kleurlinge en Swartes van SWA daargestel. In soverre dit die onderwys aan Swartes be= tref het die proklamasie feitlik alle fasette van die betrok= ke onderwysprogram behels. Die Kommissie van 1958 het die volgende stelling oor die proklamasie gemaak: "Die wetgewer was bewus van die feit dat die bepalings van die onderwyswet vir Nie-blanke onderwys die ontwikkeling van die Nie-blan=

10) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 220.

kes vooruitgeloop het". [11] Hierdie uitspraak dui daarop dat die opstellers van Onderwysproklamasie nr. 55 van 1921 orde en ontwikkeling in gedagte gehad het alhoewel die stip= telike uitvoering van die Wet in die praktyk byna onmoontlik was. Die Kommissie het voorts beweer dat die "...Direkteur van Onderwys ... besef (het) dat dit vir hom nie moontlik was om op die oomblik van sy kragwording, die Wet letterlik te handhaaf nie". [12] Ten einde kontinuïteit te handhaaf en sorg te dra dat die onderwyspogings binne die raamwerk van die Wet voortgaan, is die onderwys volgens die verslag van die Kommissie van 1958 soos volg gereël:

"Die Direkteur was hoofsaaklik daarop gesteld om die be= staande te bewaar en om 'n fondament te lê, waarop langsaam voortgebou kon word. Hy het dus al die sendingskole wat by die Departement geregistreer was, as wetlik gestigde skole erken as daar 'n aanneemlike skoolvertrek, 'n gemiddelde skool= bywoning van 20 leerlinge en 'n onderwyser was. Waar die skool in 'n kerkgebou gehou was, is so 'n kerkgebou as skool= lokaal erken. Afkeuring van die skoolvertrek sou beteken dat die skool moes sluit. Die onderwysers is erken as die sending hulle vir aanstelling aanbeveel het, al het hulle geen opleiding gehad nie. Die toestand van die meerderheid skole was nog so agterlik, dat hierdie tipe onderwyser geen kwaad gedoen het nie, mits hulle van goeie karakter, pligs= getrou en vlytig was en in staat was om dissipline te hand=

11) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommis= sie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, 1958, dl. I, p. 38.
12) Loc. cit.

haaf. In amper alle gevalle het hulle 'n goeie opvoedkundige invloed op die leerlinge sowel as op die omgewing van die skool uitgeoefen". [13)]

4.2.2.2 <u>Die doel van die Onderwysproklamasie van 1921</u>

Die doel van die owerheid met hierdie proklamasie was om die voorsiening van doelmatige onderwysgeleenthede aan die Swar= tes te bespoedig en om te verseker dat daar van goedgekeurde kurrikulums en sillabusse gebruik gemaak word.

Daar was van die begin af goeie samewerking tussen die staat en die sendinggenootskappe. Die staat het so min as moont= lik ingemeng in die onderwyswerksaamhede van die sendingge= nootskappe. Hierdie houding van die staat het direk meege= help om die doel wat deur die proklamasie beoog is, naamlik die verskaffing van voldoende onderwysgeleenthede, te laat slaag. Die staat het nie oor die nodige opgeleide onderwys= personeel beskik nie en was dus op die dienste van die on= derwysers van die verskillende sendinggenootskappe aange= wys. [14)]

4.2.2.3 <u>Die Onderwyskonferensie van 1923 met betrekking tot Onderwysproklamasie nr. 55 van 1921</u>

Onderwysproklamasie nr. 55 van 1921 moes as fondament dien vir die toekomstige onderwysbedrywighede in SWA. Daar moes eenvormigheid wees met betrekking tot die kurrikulums, sil= labusse en alle aanverwante aangeleenthede in die skole van

13) <u>Ibid</u>., p. 40.
14) SUID-AFRIKA (Republiek). <u>Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63</u>, pp. 219-220.

die verskillende sendinggenootskappe.

Die Direkteur van Onderwys het onder andere 'n konferensie in Windhoek belê vir Oktober 1923 om bogenoemde sake indringend te bespreek. Tydens die konferensie het die Direkteur van Onderwys die bepalinge van die Onderwysproklamasie aan al die verteenwoordigers van die verskillende sendinggroepe en die Onderwysdepartement verduidelik. Hy het ook die beleid wat hy in die toekoms sou toepas, uiteengesit. [15]

### 4.2.3 Onderwysproklamasie nr. 16 van 1926

Die Onderwysproklamasies van 1921 en 1926 was basies, vir sover dit die onderwys aan die Swartes betref, dieselfde. Hierdie wetgewings het in werking gebly tot in 1929 toe die volle wetgewende gesag oor die onderwys aan die Wetgewende Raad van SWA oorgedra is. Die Suid-Afrikaanse regering het egter nog die finale seggenskap gehad.

Die Proklamasie van 1926 het onder andere vir die volgende voorsiening gemaak: die verskaffing van skoolboeke; die uitbetaling van subsidies aan privaatskole; die beheer oor skole; finansiële hulp aan opleidingskole; die stigting van nuwe skole en inspeksies by skole. [16]

## 4.3 BEHEER OOR DIE ONDERWYS

### 4.3.1 Algemeen

Elke sendinggenootskap het deur middel van sy sendelinge self beheer oor sy eie skole uitgeoefen. By kleiner skole

15) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Rapport van de Administrateur voor het jaar 1923, p. 35. Vgl. ook SCHOLTZ, op. cit., p. 24.
16) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 220.

was daar sogenaamde "helpers" wat deur die sendelinge opge= lei is om hulp op onderwys- en kerklike gebied te verleen. Van 'n sentrale beheerstelsel of gekoördineerde beheerstruk= tuur tussen die verskillende sendinggenootskappe, was daar geen sprake nie.

Ten spyte van die feit dat die Suid-Afrikaanse regering se= dert 1916 die finansiële verantwoordelikheid vir die onder= wys aan Swartes aanvaar het, was dit eers in 1919 dat volle beheer oor die onderwys die verantwoordelikheid van die re= gering van Suid-Afrika geword het. Hierdie verantwoordelik= heid is toegeken kragtens die Vredesverdrag van Versailles en die "Zuid-West-Afrika Mandaat Wet" (Wet nr. 49 van 1919).

4.3.2 Departement van Onderwys

Kragtens die Proklamasie van 1921 [17] is daar 'n Departement van Onderwys ingestel met 'n Direkteur van Onderwys [18] aan die hoof. Hy was verantwoordelik vir die uitvoering van die Wet in die praktyk. Sy pligte is later vollediger omlyn in art. 4 (ii) van Onderwysproklamasie nr. 16 van 1926.

Die staat het die onderwysdienste van die sendinggenootskap= pe behou, maar die sendingskole is onder die beheer van "Be= stuurders" van skole [19] geplaas. Die sendinggenootskappe kon egter met hulle onderwyswerk voortgaan. [20]

17) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwijs Proklamatie nr. 55 van 1921.
18) G.R. Lewis was die eerste Direkteur van Onderwys.
19) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 220.
20) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwijs Proklamatie nr. 55 van 1921, art. 3A.

Die Onderwysdepartement het egter sekere minimum vereistes gestel waaraan die onderwyswerksaamhede van die sendelinge moes voldoen voordat subsidies aan hulle uitbetaal kon word. Die belangrikste vereistes was dat daar voldoen moes word aan sekere minimum standaarde ten opsigte van die oprigting en instandhouding van geboue, die beheer oor skole, die kur=rikulums en sillabusse, die aanstelling en diensvoorwaardes van onderwysers, inspeksies en die indeling van die skole.[21] Die sendelinge was oor die algemeen tevrede met genoemde reëlings.

Die sendinggenootskappe is onthef van die geldelike las waaronder hulle vroeër gebuk gegaan het en kon met min ad=ministratiewe en organisatoriese veranderinge hulle werk=saamhede voortsit. Alle sendingskole wat by die Departe=ment ingevolge dié Proklamasie geregistreer was, is dan ook deur die Departement as wetlik opgerigte skole erken.[22]

Kragtens die "Zuid-West-Afrika-Konstitutie Wet 1925", het die Administrateur van SWA in 1925 volle seggenskap oor die onderwys verkry. Hy het die mag verkry om die nodige onder=wyshervormings in die onderwys aan te bring. Die Admini=strateur se besluite was egter onderworpe aan die finale goedkeuring van die regering van die destydse Unie van Suid-Afrika.[23]

21) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommis=sie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 39.
22) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwijs Proklamatie 1931, art. 100 (a) (i).
23) SUID-AFRIKA (Unie). Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet, 1925 (Wet nr. 42 van 1925).

### 4.3.3 Adviserende Onderwysraad

Daar is in die "Onderwijs Proklamatie" van 1921 voorsiening gemaak vir die instelling van die "Opvoedings Adviserende Raad".[24] Daar het vyf jaar verloop alvorens hierdie Raad ingestel is.

Kragtens die "Onderwys Proklamasie" van 1926 moes die Admi= nistrateur persone benoem om op die Raad te dien. Die Raad het uit sewe lede bestaan waarvan een lid benoem moes word vanweë sy kennis van die swart volke.[25] Die Direkteur van Onderwys het as voorsitter van die Raad opgetree en die lede is jaarliks deur die Administrateur aangewys. Die Raad is sedert 1926 jaarliks aangewys totdat dit in 1931, vanweë ekonomiese druk, ontbind het.[26]

Die Adviserende Onderwysraad moes namens die verskillende groepe wat hulle verteenwoordig het in 'n raadgewende hoeda= nigheid teenoor die Administrasie van SWA optree. Die funk= sie van die Raad kan soos volg saamgevat word: "Dit sou die amp van die Adviserende Opvoedingsraad wees om die Ad= ministrasie van Suidwes-Afrika raad te gee op alles wat die onderwys aangaan, op die beheer van onderwyssake en op die uitgawe van gelde wat vir onderwys toegestaan is."[27]

### 4.3.4 Plaaslike beheer en administrasie

Die plaaslike beheer oor en administrasie van die skole het

24) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwijs Proklamatie nr. 55 van 1921, art. 2 (b).
25) Ibid., 1926, art. 3.
26) SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande SWA, 1932, p. 44.
27) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Offisiële Koerant. G.K. nr. 29, reg. I.

in die hande van die verskillende sendinggenootskappe gebly. Slegs die sentrale beheer oor die onderwys is deur die staat oorgeneem. Op grond van die subsidies wat aan die sending=genootskappe ten behoewe van die onderwys uitbetaal is vol=gens die Onderwysproklamasie van 1921, is 'n mate van rege=ringsbeheer deur middel van departementele inspeksies toege=laat oor sake soos die kurrikulums, sillabusse, die skool=kalender en vaste skoolure.[28)]

Elke instansie wat 'n skool gestig het, was dus in die prak=tyk in beheer van die betrokke skool. Kragtens die Onder=wysproklamasies van 1921, 1926 en 1934 is elke instansie wat vir die stigting van skole verantwoordelik was, gevra om vir elke afsonderlike skool 'n sogenaamde "Bestuurder" aan te stel. Die bestuurder van 'n skool was die skakel tussen die Departement van Onderwys en die betrokke instansie wat ver=antwoordelik was vir die oprigting van die skool. Die be=stuurder van 'n staatskool, 'n erkende sendingskool of 'n sen=dingopleidingskool moes die regulasies wat deur die Admini=strateur opgestel is in verband met die toelating, registra=sie, skoolbywoning, oorplasing en skorsing van leerlinge uitvoer.[29)] Volgens die Departement van Onderwys se voor=skrifte moes die skoolbestuurder sorg dat:[30)]

28) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Rapport van de Admini=strateur voor het jaar 1923</u>, p. 36. Vgl. ook SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. <u>South West Africa survey 1967</u>, p. 110.

29) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Onderwys Proklamasie 1926</u>, art. 130, gewysig deur art. 4 van <u>Proklamasie nr. 10 van 1934</u>.

30) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Bantoe-onderwys Lêer E 742</u>.

* "... 'n geskikte skoolgebou beskikbaar is en dat die gebou steeds in 'n goeie toestand gehou word.
* "... wanneer 'n inspeksieverslag ontvang is, enige aanbe= velings daarin oor geboue en ander sake waarvoor hy ver= antwoordelik is, soos verder sal blyk uit hierdie memo= randum, sy aandag sal geniet.
* "... omsendbriewe wat van tyd tot tyd deur die Departement uitgestuur word onder die aandag van alle onderwysers in sy skool kom, met die oog daarop dat opdragte daarin ver= vat, sonder onnodige versuim uitgevoer kan word.
* "... die uitsetting van 'n leerling weens onsedelike of aan= houdende wangedrag of gebrek aan sindelikheid op aanbe= veling van die onderwyser, by die Departement aanbeveel word.
* "... (hy) so gereeld moontlik ... sy skole besoek en in= speksie hou van geboue, meubels en uitrusting en toesien dat alle dokumente en registers in verband met die skool behoorlik bygehou word, maar nie in te meng wat die pro= fessionele werk en onderwysmetodes van die leerkrag be= tref nie, behalwe sover dit godsdiensonderrig betref.
* "... hy aan die einde van die jaar indien enigsins moont= lik, die eksamen in inboorlingskole afneem, of onder sy toesig laat afneem. Verder toe te sien dat die skedules korrek is en dat hulle sonder versuim aan die Kringin= spekteur gestuur word.
* "... alle bestellings vir uitrusting, boeke en skryfbe= hoeftes opgestel word, hulle te onderteken en te sorg dat hulle nie later as 15 Maart en 15 September deur die Kringinspekteur ontvang word nie.

* "... die kwartaalstate sonder versuim op die laaste dag van elke kwartaal aan hom gestuur word en dat hulle dan verder, sonder vertraging, na ondertekening na die Direk= teur van Onderwys deurgestuur word.
* "... hy ingeval enige klagtes by hóm ingedien word teen enige leerkrag, 'n behoorlik opgestelde aanklag wat binne die raamwerk van die Onderwyswet val, aan die Direkteur van Onderwys voorlê.
* "... ingeval hy meen dat hy genoegsame grond binne die raamwerk van die Onderwyswet het, hy op eie houtjie 'n be= hoorlik opgestelde aanklag, dit is te sê as die aanklag binne die raamwerk van die Onderwyswet val, aan die Di= rekteur van Onderwys kan voorlê.
* "... dadelik na ontvangs van uitrusting ens., bewyse van uitgifte onderteken word en aan die Departement terugge= stuur word sodat rekenings binne 'n redelike termyn betaal kan word.
* "... wanneer onderwysers verplaas word of uit diens tree, hy sal sorg dat die inventaris in orde is; die uiteinde= like verantwoordelikheid vir alle uitrusting berus by die Bestuurder.
* "... hy moet sorg dat alle instruksies en optrede t.o.v. inventarisse (September elke jaar) en van opname ens., noukeurig uitgevoer word.
* "... hy moet toesien dat onderwysers sonder versuim die nodige verlofvorms in tweevoud invul en hulle aan die De= partement voorlê in geval van afwesigheid uit die skool om een of ander rede.

* "... hy vir alle aanstellings van onderwysers eers die nodige toestemming van die Onderwysdepartement verkry.
* "... hy dadelik rapporteer wanneer 'n onderwyser na aan= stelling of verplasing by sy skool diens aanvaar sodat reëlings in verband met die uitbetaling van salarisse betyds deur die Onderwysdepartement getref kan word.
* "... hy geen tjeks oorhandig tensy die onderwyser in diens was tot op die laaste skooldag van 'n maand of kwartaal nie en dat daar niks met sy wete teen die on= derwyser hangende is nie".

By groter skole, waar daar meer probleme met betrekking tot die organisasie en administrasie was, is Blankes aangestel as skoolhoofde. Die beginsel waarna daar steeds gestreef is, was om die meer ontwikkelde Swartes aan te stel om die onderwyswerk onder hul eie mense te behartig. [31)]

Die Departement van Onderwys het sekere vereistes gestel wanneer 'n bestuurder of skoolhoof aangestel word. Die Di= rekteur van Onderwys moes onder andere die aanstelling goed= keur. Hy het ook oor die gesag beskik om te versoek dat 'n hoofonderwyser of skoolbestuurder wat onbevredigende werk gedoen het, deur 'n geskikter persoon vervang word. [32)]

## 4.4 FINANSIERING VAN DIE ONDERWYS

Nadat Onderwysproklamasie nr. 55 van 1921 van krag geword het, het die finansiële verpligtinge met betrekking tot die

31) SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande Suidwes-Afrika 1930, p. 51.
32) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie 1926, art. 134-137.

onderwys aan Swartes swaar op die SWA Administrasie gerus. Vanaf die begin van 1922 het alle swart skoolkinders gratis onderwys asook gratis skoolboeke ontvang. [33]

Onderwysproklamasie nr. 16 van 1926 het bepaal dat sodra daar by 'n skool twintig leerlinge ingeskryf was en die sendingge= nootskap oor die nodige gebou en die onderwyser beskik het, die Administrasie verantwoordelik was vir die nodige meubels, die onderwyser se salaris, water en sanitêre geriewe. [34]

Daar is ook 'n wysiging ten opsigte van die subsidies aan privaatskole voorgeskryf. [35] Die gevolg van die gewysigde subsidiestelsel was dat desentralisasie van die onderwys na 1926 moontlik geword het. Skole is meer oor die gebied ver= sprei. Die onderwys was gratis tot en met standerd 6. Die Departement het 'n daaglikse onderhoudstoelaag van R0,07½ per leerling aan sendinggenootskappe toegestaan. Daar is ook 'n bedrag goedgekeur vir die herstelwerk aan geboue. [36] Die werklike koste waarvoor die Administrasie in 1932 ver= antwoordelik was, was R25 456,00 dit wil sê ongeveer R6,00 per leerling. [37]

Wanneer 'n staatskool opgerig is, was die staat verantwoorde= lik vir die oprigtings- en instandhoudingskoste van die skoolgeboue. Soms moes die staat van die "reservaatfondse"

33) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommis= sie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 40.
34) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926, art. 127 (i).
35) Ibid., art. 121 bis.
36) SUID AFRIKA (Unie). Rapport aangaande SWA, 1927, p. 48
37) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 69.

vir hierdie doel gebruik maak. Die staat was ook verant=woordelik vir die betaling van die onderwysers se salarisse, die voorsiening van skooltoerusting en benodigdhede van die staatskole. Die leerlinge kon skryfbehoeftes en boeke teen verminderde pryse by die skole koop.[38)]

In tabel 4.1 word die werklike bedrae wat aan die onderwys van die Swartes gedurende die jare 1922-1933 bestee is, aan=getoon.

TABEL 4.1
FINANSIERING VAN DIE ONDERWYS AAN SWARTES, 1922-1933 [39)]

| Boekjaar | Bedrag in R |
|---|---|
| 1922/23 | 862 |
| 1923/24 | 7 336 |
| 1924/25 | 9 418 |
| 1925/26 | 10 902 |
| 1926/27 | 14 530 |
| 1927/28 | 17 606 |
| 1928/29 | 18 960 |
| 1929/30 | 22 028 |
| 1930/31 | 24 206 |
| 1931/32 | 25 456 |
| 1932/33 | 23 000* |

*Beraamde bedrag

Uit die tabel kan gesien word hoe vinnig die jaarlikse bydrae wat deur die staat bestee is, gestyg het. Die afplatting en afname in die bydraes tussen 1930-1933 kan moontlik toege=skryf word aan die ekonomiese depressie wat gedurende daardie

38) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Rapport van de Admini=strateur voor het jaar 1924, p. 27.
39) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 223.

jare geheers het.

## 4.5 OPRIGTING VAN SKOLE

### 4.5.1 Die stigting van nuwe skole

#### 4.5.1.1 Sendingskole

Die sendinggenootskappe moes self die geboue voorsien vir nuwe sendingskole. In baie gevalle is die kerkgebou aanvaar as 'n geskikte gebou vir 'n skool.

Geen nuwe skool is gestig alvorens die Direkteur van Onderwys hom daarvan vergewis het dat daar wel 'n behoefte daarvoor be= staan het nie. Proklamasie nr. 55 van 1921 het vereis dat daar 'n minimum van twintig leerlinge vir minstens vier agter= eenvolgende skoolkwartale die skool bywoon alvorens dusdanige skole finansieel ondersteun kon word. [40)]

Wanneer die sendinggenootskappe voldoen het aan die minimum vereistes, onder andere met betrekking tot die skoolgeboue, het die Administrasie al die skooltoerusting kosteloos voor= sien en die salarisse van die onderwysers betaal.

Ten einde die Direkteur van Onderwys te verseker dat daar aan die vereistes wat in die Onderwysproklamasie gestel is voldoen is, was dit nodig dat daar eers 'n departementele in= speksie gehou moes word. Soms het dit gebeur dat skole eers aan die einde van die jaar inspeksie gekry het en is die subsidies dan nog later uitbetaal. Die sendinggenootskappe moes dus voorlopig die onkostes verbonde aan hulle skole self dra tot tyd en wyl die Departement se goedkeuring vir

40) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwijs Proklamatie nr. 55 van 1921, art. 110 (a) (i).

die uitbetaling van die subsidies verkry is. [41]

Dit was vir die sendinggenootskappe nie nodig om vooraf die goedkeuring van die Direkteur van Onderwys te verkry om 'n skool tot stand te bring nie. 'n Bestaande skool kon egter deur die Direkteur gesluit word indien die sluiting daarvan in die belang van die inwoners van die gebied was. [42]

4.5.1.2 Regeringskole

Gedurende 1929 was daar in die reservate in die suidelike sektor 7 623 kinders van skoolgaande ouderdom sonder onder= wysfasiliteite. [43] Die regering kon egter slegs daartoe oorgaan om skole in die reservate op te rig indien die in= woners dit versoek het. Nadat laasgenoemde aangeleentheid aan die ouers van die leerlinge verduidelik is, is daar la= ter op grond van hulle versoeke skoolgeboue op verskillende plekke opgerig. [44] Die Onderwysproklamasie van 1921 het die Administrateur gemagtig om regeringskole op te rig vir "nie-blanke" kinders waar dit nodig was. In die Onderwys= proklamasie van 1926 is daar voorsiening gemaak vir die op= rigting van "Regering-Kleurlingskole", en Onderwysproklama=

41) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Rapport van de Admini= strateur voor het jaar 1923, p. 36.
42) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwijs Proklamatie nr. 55 van 1921, art. 124.
43) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommis= sie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, pp. 44-45.
44) Vir die wetsbepalinge vir die oprigting van hierdie sko= le vgl. Onderwijs Proklamatie 1921, art. 110 (a) en (b); Onderwys Proklamasie 1926, art. 124; SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande SWA 1929, p. 49 en SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommissie van onder= soek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 45.

sie nr. 10 van 1934 het voorsiening gemaak vir die oprigting van "Naturelle Regeringskole".[45]

Dieselfde vereistes as dié vir die gewone sendingskole het gegeld vir die oprigting van staatskole. Die Direkteur moes daarvan oortuig wees dat daar wel 'n behoefte vir onderwys bestaan het en dat daar voldoende leerlinge sou wees om die skool gereeld by te woon, naamlik minstens twintig leerlinge vir twee agtereenvolgende kwartale.

'n Verdere vereiste was dat daar voldoende akkommodasiegeriewe moes wees wat aan die voorgeskrewe standaarde voldoen.[46] Dusdanige staatskole is onder andere in 1935 by Rietquele en in 1938 en 1940 respektiewelik in die Epukiro- en die Waterbergreservaat opgerig.[47]

### 4.5.2 Klassifisering van die skole

Volgens die Onderwysproklamasie van 1921 is skole soos volg geklassifiseer:[48]

| Skooltipe | Leerlingtal |
|---|---|
| Spesiale skole | 500 en meer leerlinge |
| A-skole | 300-499 leerlinge |
| B-skole | 100-299 leerlinge |
| C-skole | 50-99 leerlinge |
| D-skole | 20-49 leerlinge |

### 4.5.3 Vermeerdering van skole

Die gevolg van die finansiering van die sendingskole deur

45) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, pp. 45-46.
46) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926, art. 122 (4).
47) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Rapport van de Administrateur voor het jaar 1924, p. 27.
48) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwijs Proklamatie nr. 55 van 1921, art. 100 (b) (iii).

die staat was dat dusdanige skole vinnig vermeerder het. Aan die einde van 1923 was daar alreeds 36 sendingskole wat finansiële steun van die staat ontvang het. Benewens die ondersteunde sendingskole was daar in 1923 ook 14 privaat=skole vir Swartes wat nie subsidies ontvang het nie. [49)]

4.5.4 <u>Sanitêre geriewe en wasplekke by skole</u>

Daar is tydens 'n konferensie in 1923 besluit dat daar by die Departement aanbeveel sou word dat geld beskikbaar gestel word vir sanitêre geriewe en wasplekke by skole. Die De=partement moes ook vir die lopende onkostes van hierdie noodsaaklikhede, wat by soveel skole as moontlik ingestel moes word, betaal.

4.6 DIE TOELATING EN VERMEERDERING VAN LEERLINGE

Volgens Proklamasie nr. 55 van 1921 moes 'n kind reeds sewe jaar oud wees voordat hy in die skool toegelaat kon word. Indien daar nie bewysstukke oor die ouderdom van 'n kind be=staan het nie, moes die ouer se woord daarvoor aanvaar word. Indien die ouer nie geweet het wat die kind se ouderdom was nie, moes die onderwyser die ouderdom skat. [50)]

Van al die swart volke van SWA het die Herero's aanvanklik die minste belang gestel in georganiseerde skoolonderwys. Hulle het nie ten volle gebruik gemaak van die onderwysge=leenthede wat vir hulle daargestel is nie. Baie van die He=rero-ouers het nie die waarde van voorgesette onderwys besef

49) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Rapport van de Admini=strateur voor het jaar 1923</u>, p. 36.

50) SCHOLTZ, <u>op. cit.</u>, pp. 45-46. Vgl. ook SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Onderwijs Proklamatie nr. 55 van 1921</u>, art. 108.

nie en het hulle kinders summier uit die skole gehou. Vol=gens die onderstaande statistiese gegewens blyk dit duidelik dat die Herero's in vergelyking met die Namas, min waarde aan skoolonderwys geheg het.

TABEL 4.2

AANTAL HERERO- EN NAMAKINDERS IN SKOLE, 1924-1929 [51]

| | Aantal kinders in skole | |
|---|---|---|
| Jaar | Herero | Namas |
| 1924 | 303 | 1 759 |
| 1925 | 281 | 2 014 |
| 1926 | 263 | 2 287 |
| 1927 | 306 | 3 517 |
| 1928 | 344 | 2 802 |
| 1929 | 366 | 3 185 |

Uit bostaande tabel blyk dit duidelik dat die totale aantal Hererokinders gedurende die periode 1924-1929 redelik kon=stant gebly het, terwyl daar 'n aansienlike vermeerdering van Namakinders was. Daar was slegs 'n 20,79 persent toename in die getalle Hererokinders teenoor 'n 81,06 persent toename by die Namakinders vir dieselfde tydperk. [52]

Gedurende 1932 is daar 'n skool vir Hereroleerlinge in Wind=hoek geopen. Daar was beplan vir klasse tot en met stan=derd 6, maar as gevolg van die klein aantal leerlinge in die hoër standerds, is Namas ook in die hoër standerds van die skool toegelaat. [53]

51) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommis=sie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 48.
52) Ibid., pp. 47-48.
53) Ibid., p. 48.

Die Administrasie van SWA het later regeringskole in die Hereroreservate begin oprig. Die kurrikulums en sillabusse wat in die skole vir Swartes in Kaapland in gebruik was, is in hierdie regeringskole gebruik. Die Herero's het daarop aangedring dat Engels die voertaal moes wees. Die leerlinge se vordering in dié taal was egter so onbevredigend dat Afrikaans in die praktyk as voertaal gebruik is, terwyl Engels aangebied is as skoolvak. 54)

Nadat die Windhoekse Herero-ouers in 1932 deur 'n deputasie beswaar aangeteken het by die Direkteur van Onderwys, en hulle ontevredenheid met die bestaande skole uitgespreek het, is sekere voorstelle aanvaar en veranderings aangebring. Die veranderings het tot gevolg gehad dat die Herero's 'n aanvaarding van die onderwys getoon en hulle kinders in groter getalle die skole bygewoon het. 55)

## 4.7 OPLEIDING, VOORSIENING EN DIENSVOORWAARDES VAN ONDERWYSERS

### 4.7.1 Onderwysersopleiding

#### 4.7.1.1 Onderwysersopleiding aan die Augustineum

Die Augustineum van die Rynse Sendinggenootskap is gedurende die Eerste Wêreldoorlog gesluit. Dit het weer in 1922 heropen en ná die Konferensie van 1923 het dit 'n staatsopleidingskool vir onderwysers geword. 56) Dr. H. Vedder is as hoof van die inrigting aangestel. Gedurende die eerste jaar is 18 onderwyskandidate ingeskryf en die regering het 'n toelae van R1 530,00 aan die inrigting betaal. 57)

54) Ibid., pp. 47-48.
55) Ibid., p. 48.
56) KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 337.
57) SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande Suidwes-Afrika, 1925, p. 49.

Die studente wat van voornemens was om as onderwysers opge= lei te word by die Augustineum, is baie streng gekeur. Deur middel van 'n proses van eliminasie gedurende die opleidings= tydperk het slegs die beste kandidate die kursus voltooi.

Om toegelaat te word tot die Augustineum was dit 'n vereiste dat kandidate alreeds 'n vierjarige laerskoolkursus voltooi het.[58] Wanneer daar egter meer kandidate benodig was, is hierdie toelatingsvereiste verlaag tot persone wat 'n drie= jarige en soms 'n tweejarige laerskoolkursus voltooi het.[59]

Die kursus aan die Augustineum het oor drie jaar gestrek. In 1932 is die vierde kursus van drie jaar by dié inrigting voltooi. Twee-en-dertig studente het hulle opleidingskur= sus in dié jaar voltooi.[60]

4.7.1.2 <u>Onderwysersopleiding te Döbra en Tses</u>

Die Rooms-Katolieke opleidingsentrums te Döbra en Tses het 'n opdraande stryd gevoer. Ernstige probleme is ondervind vanweë die tekort aan bekwame dosente, 'n tekort aan rekrute en die swak keuring van rekrute.[61]

Die kursusse wat by hierdie twee opleidingsentrums aangebied is, het oor drie jaar gestrek. Die kurrikulums het die vol= gende vakke ingesluit: Primêre skoolvakke, Skoolbestuur, Aardrykskunde, Plaaslike Geskiedenis, Natuurstudie en Te= kene.[62]

58) Ibid., 1930, p. 51.
59) Ibid., p. 52.
60) Ibid., 1933, p. 49.
61) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommis= sie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 44.
62) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 61.

Die peil van die onderwysers na die driejarige opleiding aan die opleidingskole was min of meer gelykstaande aan dié van standerd 2 leerlinge in blanke skole.[63] Kandidate wat hul= le kursusse voltooi het, is as onderwysers by die sendingsko= le geplaas. Die meeste van die kandidate by die opleiding= skole by Döbra en Tses het vanaf Ovamboland gekom en na vol= tooiing van hulle studies is hulle weer terug daarheen.[64] Nadat hulle begin skoolhou het, is daar by hulle besoek af= gelê om sodoende aan hulle praktiese leiding en hulp te ver= leen.[65]

4.7.1.3 Onderwysersopleiding te Oniipa

Die Finse Sendinggenootskap het in 1923 begin met die oplei= ding van onderwysers te Oniipa. Teen 1932 was daar reeds 33 onderwyskandidate ingeskryf en die sendinggenootskap het jaarliks 'n toelaag van R200,00 van die regering ontvang.[66] Die opleiding was gratis tot en met standerd 6. Die Admini= strateur kon finansiële bydraes van die staat verminder of vermeerder volgens die meriete van elke geval.

Die kurrikulums van die opleidingskole van onderwysers is in 1923 tydens die Onderwyskonferensie vasgestel in oorleg met die Departement. Behalwe vir die tale van die verskil= lende swart volke waar die skole geleë was, was Afrikaans algemeen aanvaar as die voertaal. Die studie van die Afri=

63) SCHOLTZ, op. cit., p. 34.
64) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommis= sie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 43.
65) SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande SWA, 1925, p. 49.
66) Ibid., pp. 40-51. Vgl. ook KRITZINGER, op. cit., vol. I, pp. 56-64 en ook SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, pp. 224-226.

kaanse taal het besondere aandag geniet en die volgende vakke is deur medium van Afrikaans aangebied: Aardrykskunde, Geskiedenis en Natuurstudie. 67)

4.7.1.4 Indiensopleiding

Omdat daar so 'n ernstige tekort aan onderwysers was, het die Rynse Sendinggenootskap 'n somervakansiekursus gereël vir diensdoende onderwysers. Hierdie kursus het drie agtereenvolgende jare, naamlik 1922-1925, op Okahandja plaasgevind. Die aanvraag vir toelating tot die kursus was so groot dat daar elke jaar meer aansoeke was as waarvoor daar akkommodasie was. 68)

4.7.2 Tekort aan bevoegde onderwysers

Toe die Permanente Mandaatkommissie in 1930 die Administrasie gevra het waarom die ontwikkeling van die onderwys aan die Swartes van SWA so stadig was, is die tekort aan bevoegde onderwysers as rede daarvoor aangevoer. 69)

Die tekort aan onderwysers was ook een van die redes waarom die regering nie meer staatskole opgerig het nie. Dit was aan die sendinggenootskappe oorgelaat om bykomende skole op te rig omdat hulle dan self moes sorg vir die voorsiening van onderwysers vir dusdanige skole. 70)

67) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 41.
68) KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 266.
69) SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande SWA, 1931, p. 46.
70) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 46.

### 4.7.3 Aanstellings, salarisse en diensvoorwaardes van onderwysers

#### 4.7.3.1 Die aanstelling van onderwysers in vakante poste

Die getal onderwysers wat by 'n skool aangestel kon word, is deur die Direkteur van Onderwys vasgestel. 71) Wanneer daar 'n vakature by 'n sendingskool ontstaan het, het die bestuurder van die betrokke skool die naam van die aansoeker vir die vakante pos aan die Direkteur voorgelê vir goedkeuring. Nadat die Direkteur goedkeuring verleen het vir die aanstelling, was die Administrasie van SWA verantwoordelik vir die salaris van die onderwyser. Die salaris is egter deur die Administrasie aan die betrokke kerk, sendinggenootskap of bestuurder oorhandig. 72)

Indien die bestuurder nie die nodige stappe gedoen het om 'n vakature te vul of om 'n addisionele personeellid aan te beveel wanneer die uitbreiding aan 'n skool dit regverdig het nie, kon die Direkteur self die aanstelling doen. 73)

Wanneer onderwysers aangestel moes word by 'n staatskool, het die Direkteur onderwysers genomineer en is dié onderwysers onder 'n skriftelike dienskontrak in diens geneem. 74)

Swart onderwysers was nie geregtig op vakansieverlof, uitgesonderd die gewone skoolvakansies, nie. Die toekenning van buitengewone verlof, siekteverlof en reisvoorregte is geleidelik aan swart onderwysers toegestaan. 75)

71) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926, art. 134.
72) Ibid., art. 138 (2).
73) Ibid., art. 139.
74) Ibid., art. 139.
75) SCHOLTZ, op. cit., p. 76.

4.7.3.2 Salarisse en diensvoorwaardes van onderwysers

Die Onderwysproklamasie van 1921 het voorsiening gemaak vir die nodige fondse waaruit die salarisse van onderwysers be= taal kon word. Beide die Onderwysproklamasies van 1921 en 1926 het die diensvoorwaardes en verlofvoordele van onder= wysers uiteengesit. [76]

Voordat 'n onderwyser by 'n sending- of sendingopleidingskool 'n salaris kon ontvang, moes sy aanstelling as onderwyser eers deur die Direkteur van Onderwys goedgekeur word. [77] Die salarisskale van onderwysers verbonde aan sendingskole is deur die Direkteur vasgestel terwyl die salarisskale van die onderwysers wat aan staatsopleiding-, staats- en erkende sendingskole verbonde was, deur die Administrateur vasgestel is. [78]

Salarisverhogings is slegs toegestaan en uitbetaal indien die Direkteur daarvan oortuig was dat die betrokke onderwy= sers met hulle werksaamhede sou voortgaan. [79] Indien 'n onderwyser aan leerlinge bokant die sesde standerd onderwys verskaf het, is sy salaris met 'n verdere bedrag van sy volle salaris verhoog. [80]

Swart onderwysers wat voor 1932 'n opleidingskursus deurloop het en voor 1932 aangestel is, het 'n beginsalaris van R7,00 per maand ontvang. Onderwysers wat gedurende 1932 aanstel=

76) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926, hoofstukke XVI en XVII.
77) Ibid., art. 138 (2).
78) Ibid., art. 146.
79) Ibid., art. 147.
80) Ibid., art. 150.

lings ontvang het, het slegs R5,00 per maand as beginsala=ris ontvang.[81]

'n Spesiale tarief is deur die Departement van Onderwys vas=gestel synde die vergoeding aan onderwysers wat nie oor die vereiste kwalifikasies beskik het nie. Hulle het R4,00 per maand ontvang met 'n maandelikse latere verhoging van R0,50 per maand indien daar geen klagtes teen hulle ontvang is nie.[82]

Geen toepaslik gekwalifiseerde onderwyser is toegelaat om onderwys in enige skool vir Swartes te verskaf sonder die goedkeuring van die Direkteur van Onderwys nie.[83]

4.7.4 Diensbeëindiging van onderwysers

In erkende sending- en sendingopleidingskole kon onderwysers hulle dienste beëindig deur drie maande voor die diensbeëin=diging kennis te gee aan die bestuurder van die skool. Die bestuurder kon, indien die belange van die skool nie daar=onder sou ly nie, 'n korter kennisgewing aanvaar.[84]

Die Direkteur kon ook op sy beurt die dienste van 'n onder=wyser beëindig indien 'n pos afgeskaf is, of as daar enige ander goeie rede was wat die dienste van 'n onderwyser onno=dig gemaak het. Die Direkteur het dan aan die bestuurder van die skool opdrag gegee om die onderwyser drie maande

81) SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande Suidwes-Afrika, 1933, p. 5.
82) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommis=sie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 39.
83) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwijs Proklamatie nr. 55 van 1921, art. 113. Vgl. ook SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie 1926, art. 136.
84) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926, art. 140.

voor die diensbeëindiging kennis daarvan te gee. [85]

'n Onderwyser kon op sestigjarige ouderdom, en 'n onderwyseres op vyf-en-vyftigjarige ouderdom aftree. Indien dit die me=ning van die Direkteur was dat dit in die algemene belang van die onderwys was, kon 'n onderwyser na sy normale aftree-ouderdom nog in diens bly. [86]

'n Onderwyser kon geskors word indien hy van wangedrag[87] skuldig bevind is. Nadat 'n klagte van wangedrag oor 'n on=derwyser ontvang is, moes daar 'n ondersoek ingestel word. Sekere voorskrifte oor die ondersoek na die klagte moes eg=ter nagekom word. [88]

4.8 LEER- EN LEESBOEKE

Kragtens die Onderwysproklamasie van 1921, moes boeke gratis aan leerlinge verskaf word. [89] Hierdie vergunning was op alle leerlinge in alle standerds, dit wil sê, tot aan die einde van die laerskoolkursus aan sendingskole van toepas=sing. Hierdie reëling het veroorsaak dat die onderwys vin=nig uitgebrei het. Dit het ook gelei tot 'n beter verstand=houding tussen die Swartes van die gebied en hulle nuwe re=geerders.

Die gebruik wat sedert 1921 in swang was, naamlik dat die

85) Ibid., art. 141.
86) Ibid., 1921, art. 54.
87) Die volle omskrywing van wangedrag is vervat in Onder=wys Proklamasie nr. 16 van 1926, art. 49. Vgl. ook Proklamasie nr. 38 van 1931, art. 5.
88) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926, art. 49 (7), (11), (12).
89) Ibid., 1921, art. 111.

Administrasie alle skoolboeke en skryfmiddele aan alle leerlinge verskaf, is gestaak deur middel van Onderwysproklamasie nr. 16 van 1926. Laasgenoemde proklamasie het egter daarvoor voorsiening gemaak dat skoolboeke teen 'n verminderde prys, naamlik 50 persent van die verkoopprys, aan werklik behoeftige leerlinge voorsien word. [90)]

4.9 KURRIKULUMS EN SILLABUSSE

Die kurrikulums en sillabusse waarop daar tydens die Onderwyskonferensie van 1923 besluit is, het min veranderinge aan die bestaande kurrikulums en sillabusse gebring. Die vakke wat in die kurrikulum ingesluit is, is reeds deur al die sendinggenootskappe by hulle skole aangebied. Dié vakke was Godsdiensonderrig, Lees en Skryf in die Moedertaal, een van die amptelike tale - Afrikaans of Engels - Rekene, Praktiese Gesondheidsleer en Sang. [91)] Elke leerling moes ook twee van die volgende handwerkvakke neem: Houtwerk, Metaalwerk, Tuinwerk, Bouwerk, Naaldwerk, Huiswerk en Mandjievleg. [92)]

Die Praktiese Gesondheidsleer wat hierbo genoem is, is nie as eksamenvak aangebied nie. Die algemene beginsels van gesondheid is aan die leerlinge geleer en sover moontlik moes dit prakties toegepas word op liggaamlike reinheid en omgewingsnetheid by die huis en skool. [93)]

90) Ibid., 1926, art. 132 (i).
91) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. South West Africa survey 1967, p. 110.
92) SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande SWA, 1925, p. 110.
93) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Rapport van de Administrateur voor het jaar 1924, p. 52. Vgl. ook SCHUTTE, op. cit., p. 36.

Tydens die Konferensie van 1923 is handwerkopleiding in plaas van boekopleiding bepleit. Daar was ook algehele in=stemming vir laasgenoemde pleidooi. [94] Die Unie van Suid-Afrika het reeds in 1921 R8 600,00 opsy gesit vir industri=ële opleiding aan die Swartes van SWA. Die inhoud van die handwerkvakke is indringend tydens die konferensie bespreek. Die gevolg van die besprekings was dat daar in 1924 Naald=werkonderwyseresse op 'n deeltydse basis by die skole aange=stel is. Omdat die belangrikheid van handearbeid al hoe meer besef is en daar werklik 'n behoefte ontstaan het vir gekwalifiseerde vakmanne, is die Rynse sendingskool te Otjimbingwe in 1924 omgeskep in 'n vakskool. Gedurende 1927 is 'n verdere vakskool geopen op Kransplaas. [95] Baie van die meubels wat in skole vir Swartes gebruik is, is in hier=die vakskole vervaardig. [96]

Volgens die Administrateur se verslag van 1926 moes die Swar=tes geleer word om werk nie as 'n skande te beskou nie. Dit was noodsaaklik om aan die leerlinge te toon dat 'n hoër le=wenstandaard verkry kon word deur gereeld te werk. Goeie werkgewoontes sou ook daartoe bydra dat ledige tye, wanneer mense gewoonlik slegte gewoontes aanleer, voorkom word. Die Administrateur het voorts aanbeveel dat leeringe oor arbeidsaamheid langsaam moes plaasvind sodat die waarde daar=van "goed kon insink en kon posvat". [97]

94) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Rapport van de Admini=strateur voor het jaar 1923, p. 35.
95) Kransplaas word ook "Krantzplatz" genoem.
96) SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande SWA, 1928, p. 49. Vgl. ook SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 40.
97) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Rapport van die Admini=strateur van Suidwes-Afrika 1926, p. 32.

Die Administrateur het in 1927 verklaar dat dit belangrik is dat leerlinge persoonlike sindelikheid aanleer. Hy het ook die standpunt gehuldig dat die kurrikulums en sillabusse algaande aangepas, gewysig en uitgebrei moes word om by die steeds veranderende onderwyspatroon aan te pas. [98)]

## 4.10 DIE VOERTAALKWESSIE

'n Verdere besluit wat op die Onderwyskonferensie van 1923 geneem is, het gegaan oor die uitvoering van die beleid aan= gaande die voertaal. Die Rynse Sendinggenootskap het Afri= kaans as voertaal gekies terwyl die Rooms-Katolieke Sending= genootskap Engels gekies het. Elke afsonderlike swart volk moes ook nog hul eie moedertaal as skoolvak neem. [99)] Moe= dertaalonderwys kon nie tereg kom nie vanweë die feit dat die onderwysers nie die tale van die swart volke kon praat nie.

Met die nuwe kurrikulums wat in 1933 opgestel is, het die moedertaalkwessie pertinent aandag ontvang. Op daardie stadium was daar alreeds verskillende boeke in die verskil= lende tale beskikbaar. [100)] Daar was swart onderwysers van elke bevolkingsgroep beskikbaar wat vir die kinders van hul= le eie volksgenote kon skoolhou. Leerlinge het dus vanaf die begin van die dertigerjare in alle skole hulle aanvangs= onderwys in hul moedertaal ontvang. In standerds 2 en 3 moes die onderrigtaal een van die twee amptelike tale (Eng= els of Afrikaans) wees. [101)]

98) Ibid., 1927, p, 29.
99) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 410.
100) SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande SWA, 1933, p.30.
101) Ibid., p. 41.

Die vakke wat in 1933 in die kurrikulums ingesluit is, naam=lik Gesondheidsleer en Aardrykskunde, is deur H. Vedder, wat toe Organiserende Inspekteur was, in die verskillende swart volke se tale geskryf en beskikbaar gestel. [102)]

## 4.11 INSPEKSIEDIENSTE

Alle sendingskole was kragtens die Proklamasie van 1926 on=derhewig aan 'n jaarlikse inspeksie deur die inspekteurs van die Departement van Onderwys. [103)] Die Administrateur het die mag gehad om inspekteurs aan te stel. [104)] Die inspek=teurs het voorgeskrewe pligte gehad wat tydens inspeksies by skole uitgevoer moes word. Die Direkteur van Onderwys kon ook bepaalde bevoegdhede aan die inspekteurs verleen en verdere pligte aan hulle opdra. [105)]

Wanneer 'n inspekteur 'n skool besoek het, moes hy besondere aandag skenk aan die geboue, boeke, skoolorganisasie, onder=wysmetodes en die bevordering van leerlinge van die een na die volgende jaarklas. Enige inligting wat die inspekteurs benodig het in verband met die genoemde sake, kon hulle van die skoolhoofde verkry. [106)]

Die regeringskole was onderhewig aan verpligte jaarlikse

102) Ibid., p. 30.
103) Die destydse hoof van die Augustineum, dr. H. Vedder, was die eerste Inspekteur van Onderwys. Hy het opge=tree in waarnemende hoedanigheid. J.D. de Waal was die eerste voltydse inspekteur. Hy is op 1 Desember 1923 opgevolg deur dr. C. Frey.
104) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 184.
105) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Rapport van de Admini=strateur voor het jaar 1923, p. 32.
106) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie 1926, art. 5.

inspeksie. Aangesien dieselfde inspekteurs skole vir Swar=tes sowel as vir Blankes moes besoek, kan dit aanvaar word dat min skole vir Swartes meer as eenkeer per jaar deur 'n inspekteur besoek is. Die inspekteurs is lateraan vryge=stel van die taak om skole te besoek met die oog op hoofde=like inspeksie[107] met die doel om die leerlinge na 'n vol=gende jaarklas te bevorder. Die bevordering van die leer=linge na 'n volgende klas is toe gedoen deur blanke skool=hoofde of blanke skoolbestuurders.[108] In 1937 is SWA vir inspeksiedoeleindes in drie dele verdeel, naamlik 'n noorde=like, suidelike en sentrale gebied. Vir elke gebied was daar 'n inspekteur wat verantwoordelik was vir die onderwys=aangeleenthede in sy ressort.[109]

## 4.12 DIE BYDRAES VAN DIE VERSKILLENDE SENDINGGENOOTSKAPPE TOT DIE ONDERWYS

### 4.12.1 Inleiding

Die verskillende sendinggenootskappe was gedurende die tyd=perk 1915-1932 nog steeds die stukrag agter die onderwyspo=gings vir die Swartes in SWA. Die afsonderlike genootskap=pe het gepoog om op 'n gekoördineerde basis onder die swart volke van SWA te werk. Die regering het die onderwyspogings van die sendinggenootskappe gesubsidieer en sodoende ook hul=le samewerking verkry.[110]

107) Met hierdie inspeksies is elke leerling indiwidueel deur die Inspekteur getoets. Vgl. SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Rapport van de Administrateur voor het jaar 1924, p. 61.
108) SUID AFRIKA (Unie). Rapport aangaande SWA 1935, p. 23
109) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Departement van On=derwys. Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys 1938, p. 5.
110) KRITZINGER, op. cit., vol. I, pp. 150-174.

Die Onderwysproklamasies van 1921 en 1926 het sekere voor=skrifte en bepalings waarvolgens die sendinggenootskappe hulle onderwyswerk moes doen, daargestel. Die belangrike Onderwyskonferensie van 1923 het baie gehelp om rigting te gee aan die werksaamhede van die verskillende sendinggenoot=skappe sover dit die onderwys betref het.

4.12.1 <u>Die Finse Sendinggenootskap</u>

Een van die hoof onderwysdoelstellings van die Finse Sending=genootskap was om die Swartes te leer lees. Hulle het dan ook so vroeg as 1880 die eerste skoolgebou, naamlik op Omu=longa, in gebruik geneem. [111] In 1913 is die opleiding=skool by Oniipa geopen en in 1920 is twee meisieskole met koshuisgeriewe geopen - beide was primêre skole. [112]

Gedurende 1926 het die Direkteur van Onderwys 'n inspeksie=toer na Ovamboland onderneem. Op daardie stadium het die Finse Sendinggenootskap 10 sendingstasies onder die beheer van blanke sendelinge gehad. Daar was 150 buitestasies wat onder die toesig van swart arbeiders of helpers was. 'n Groot deel van die onderwyswerk is dus deur swart helpers gedoen. Hulle was self nog onervare en meestal ongekwali=fiseerd. Die feit dat baie van die "leerlinge" volwasse=nes was wat nie maklik tot ander insigte gebring kon word nie en derhalwe ordeprobleme veroorsaak het, het die taak

111) STALS, E.L.P. <u>Die aanraking tussen die Blankes en Ovambo's in Suidwes-Afrika 1850-1915</u>, p. 78.
112) VOIPIO, R. <u>Kontrak soos die Ovambo dit sien</u>, p. 12.

van die helpers verder bemoeilik. [113]

Daar was geen skoolmeubels of skryfborde nie. Die gebrek aan onderwysers wat die nodige kennis van Afrikaans of die tale van die betrokke swart volke gehad het, het die Finse Sendinggenootskap verhinder om te kwalifiseer vir 'n staat=subsidie. [114]

Die gevolg van die besoek van die Direkteur in 1926 aan O=vamboland asook die wedersydse kontak wat daaruit voortge=vloei het, is dat daar in 1928 'n vakskool op Nguediva, wat voldoen het aan die wetsvereistes, [115] geopen is. Hierdie skool is deur die Administrasie met 'n bedrag van R200,00 per jaar gesubsidieer. Vanaf 1929 het die Finse Opleiding=skool te Oniipa ook 'n jaarlikse hulptoelaag van R200,00 ontvang. [116] Die subsidies wat deur die Administrasie be=taal is het die Finse Sendinggenootskap aangespoor om hul=le skole, wat op daardie stadium nog geen subsidies ontvang het nie, so te organiseer dat hulle wel daarvoor kon kwali=fiseer.

Nadat 'n sendeling na Angola gestuur is om te sien hoedat die Amerikaanse Sendinggenootskappe hulle skole organiseer, is

113) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Rapport van die Admi=nistrateur vir die jaar 1926, p. 57. Vgl. ook SUID=WES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 50.

114) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid=wes-Afrika, dl. I, p. 50.

115) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926.

116) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid=wes-Afrika, dl. I, p. 50.

drie nywerheidskole in SWA gestig, naamlik te Engela, Oshi=gambo en Onguediva. 117)

Die kurrikulum vir die driejarige kursus het die gewone pri=mêre skoolvakke, naamlik Engels, Tuinwerk, Smidswerk, Land=bou en die aanplant van bome, ingesluit. Die werk was van so 'n hoë standaard dat dié nywerheidskole almal gekwalifi=seer het vir die Administrasietoelaag van R200,00 per skool per jaar. 118)

Die drukkery wat by Oniipa opgerig is, het in 1901 'n hele aantal leesboekies uitgegee. Byna alle drukwerk wat deur die Finse skole benodig was, is deur hierdie drukkery behartig. 119)

Die kweekskool wat in 1922 by Oniipa gestig is, het reeds in 1925 sy eerste leraars gelewer. 120)

In 1939 het die Inspekteur van Skole gerapporteer oor die ernstige pogings wat die Finse Sendinggenootskap aangewend het om die onderwys op 'n gesonde voet te plaas. In 1958 het die Kommissie van Ondersoek onder andere soos volg ge=skryf: "Vandag verdien die Finse sending die hoogste lof vir die uitmuntende werk wat in Ovamboland op onderwysge=bied gedoen word". 121)

117) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, pp. 53-54.
118) Ibid., p. 55.
119) KRITZINGER, op. cit., vol. I, pp. 60-61.
120) SMIT, A.P. God het laat groei. Geskiedenis van die Bybelgenootskapbeweging in Suider-Afrika 1920-1970, pp. 217-219. Vgl. ook KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 48.
121) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid=wes-Afrika, dl. I, p. 51.

Skole wat later op sentrale plekke in Ovamboland opgerig is, is voorsien van koshuise en blanke skoolhoofde is aangestel. Die peil van die werk in hierdie skole was hoër as dié in "plattelandse" skole. Rekrute is by hierdie sentrale skole opgelei om later verder te gaan leer by die opleidingskool te Oniipa.[122)]

Die Departement van Onderwys was bereid om vanaf 1937 toe= laes wat gewissel het van R36,00 tot R48,00 per jaar vir die salarisse van sendingonderwysers te betaal. Om vir bogenoem= de toelaes te kwalifiseer was dit nodig dat 'n onderwyser 'n eksamen afgelê het wat gelykstaande was aan standerd 6 en hulle moes 'n kennis van een van die amptelike tale en van Opvoedkunde gehad het.[123)]

Die aantal skole, leerlinge en onderwysers in die Finse sen= dingskole in Ovamboland gedurende die tydperk 1923-1932, word in tabel 4.3, p. 141 aangetoon.

Die statistiese gegewens in tabel 4.3 dui dat die leerling= tal met 73,68 persent gestyg het.[124)]

122) Loc. cit.
123) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 238.
124) Daar kon tydens die ondersoek geen afdoende rede ver= kry word vir die tydelike vermindering van die aantal leerlinge vir die periode 1929-1930 nie.

TABEL 4.3

FINSE SKOLE, LEERLINGE EN ONDERWYSERS IN OVAMBOLAND, 1923-1932 [125]

| Jaar | Aantal skole | Aantal leerlinge | Aantal onderwysers | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | Blankes | Swartes | Totaal |
| 1923 | 163 | 5 073 | 7 | 256 | 263 |
| 1924 | 168 | 4 689 | 10 | 294 | 304 |
| 1925 | - | 4 896 | - | - | - |
| 1926 | 146 | 6 206 | 7 | 223 | 230 |
| 1927 | - | - | - | - | - |
| 1928 | 176 | 6 615 | 14 | - | - |
| 1929 | 181 | 5 136 | 16 | - | - |
| 1930 | 165 | 4 741 | 14 | - | - |
| 1931 | 220 | 7 559 | 13 | - | - |
| 1932 | 158 | 8 811 | 27 | 285 | 312 |

### 4.12.3 Die Rynse Sendinggenootskap

Die Rynse Sendinggenootskap het sy werksaamhede grootliks in die suide van die land verrig. Die meeste skole van hierdie sendinggenootskap het staatsubsidies ontvang omdat hulle vol= doen het aan die voorskrifte van die Onderwysproklamasies.

Gedurende 1924 het die Rynse Sendinggenootskap 'n vakskool by Otjimbingwe en in 1927 een by Kransplaas opgerig met die doel om die Swartes op te lei in Houtwerk. [126] By hierdie skole is meubels vervaardig wat in die Swart- en Kleurling= skole benodig is.

125) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 218.
126) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid= wes-Afrika, dl. I, p. 44.

In die Kaokoveld, [127] waar die meeste van die Swartes lid=mate van die Rynse Sendingkerk was, [128] was die onderwys nog in 'n beginstadium. Die rede daarvoor was grootliks dat die Kaokoveld buite die polisiesone geval het en die Onder=wysproklamasies van 1921 en 1926 dus nie van toepassing op die gebied was nie.

Die skoolgeboue in die Kaokoveld was ook gebruik om kerk=dienste in te hou. 'n Sekere Nicodemus Kido, 'n Hottentot, het vanaf 1898 as sendeling in die Kaokoveld opgetree. Kido was verbonde aan die Rynse Sendingstasie by Franzfontein.

Slegs 'n geringe aantal volwasse Namas in hierdie area kon in 'n mate die Namataal lees, maar nie skryf nie. Die kinders, meestal Hottentotte en Bergdamas, kon lees en skryf. Die ongeveer 45 leerlinge het gewissel van beginners tot stan=derd 3. Afrikaans is geleer as "blanke" taal en die skool het goeie vordering gemaak onder Nicodemus Hendrik, 'n bloed=verwant en die opvolger van Nicodemus Kido. Nicodemus Hen=drik was self 'n oud-leerling van die Augustineum op Oka=handja. [129]

Die onderwyspogings van die Rynse Sendinggenootskap blyk duidelik uit die statistiese gegewens in tabel 4.4, p. 143.

Nie alleen het die leerlingtal in tabel 4.4 met 66,30 per=sent toegeneem nie, maar die getal onderwysers het met 230,56 persent vermeerder. Die onderwyser-leerlingratio het gedaal van 1 : 53,58 na 1 : 26,95.

127) Kyk kaart 4.1, p. 104.
128) VAN WARMELO, <u>op. cit.</u>, pp. 50-57.
129) <u>Ibid.</u>, p. 43.

TABEL 4.4

RYNSE GESUBSIDEERDE SENDINGSKOLE, LEERLINGE EN ONDERWYSERS, 1922-1932 [130]

| Jaar | Aantal skole | Aantal leerlinge | Aantal onderwysers |
|---|---|---|---|
| 1922 | 26 | 1 929 | 36 |
| 1923 | 23 | 1 557 | 36 |
| 1924 | 26 | 1 897 | 54 |
| 1925 | 27 | 1 950 | 58 |
| 1926 | 28 | 2 210 | 70 |
| 1927 | 35 | 2 434 | 76 |
| 1928 | 39 | 2 910 | 83 |
| 1929 | 42 | 2 451 | 105 |
| 1930 | 45 | 3 662 | 115 |
| 1931 | 44 | 3 410 | 114 |
| 1932 | 45 | 3 208 | 119 |

### 4.12.4 Die Anglikaanse Sendinggenootskap

In 1923 het die Anglikaanse Sendinggenootskap met onderwysvoorsiening aan die Kleurlinge in Luderitzbaai en Windhoek begin. Goeie werk is gedoen en in 1932 was daar alreeds 'n totaal van 117 leerlinge in hierdie twee skole. [131]

In 1924 het G.W.R. Tobias goedkeuring en ondersteuning van die Anglikaanse Sendinggenootskap gekry om met sendingwerk onder die Swartes in Ovamboland te begin. 'n Sendingstasie is te Odibo opgerig waar daar dadelik met onderwyspogings begin is. Daar is onder andere aandag geskenk aan die op=

130) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 217.
131) Ibid., p. 54.

leiding van assistente om die sendelinge behulpsaam te wees met die sending- en skoolwerk. [132]

Vanaf 1924 tot 1932 het hierdie kerk se skole in Ovamboland merkwaardig vermeerder. Volgens tabel 4.5 was daar reeds nege skole in 1932. Die aantal leerlinge het vanaf 1929 vinnig vermeerder.

TABEL 4.5

SKOLE VAN DIE DAMARALANDSE (ANGLIKAANSE) SENDING VIR SWARTES IN OVAMBOLAND [133]

| Jaar | Aantal skole | Aantal leerlinge | Aantal onderwysers |
|---|---|---|---|
| 1929 | 4 | 122 | 4 |
| 1930 | 5 | 155 | 4 |
| 1931 | 8 | 298 | 4 |
| 1932 | 9 | 312 | 4 |

Uit die gegewens in die bostaande tabel wat oor slegs vier jaar strek, is die persentasie toename van die leerlinge 155,73.

4.12.5 Die Wesleyaanse Sendinggenootskap

Hierdie sendinggenootskap se werksaamhede was in 1921 nog hoofsaaklik tot die Kleurlinge van Windhoek beperk. In 1927 het hulle 'n skool op Luderitzbaai geopen en in 1932 een op Karibib. Die onderwyspeil by dié skole was goed en die skole het sodoende gekwalifiseer vir die regeringsubsidie.

132) Ibid., p. 31. Vgl. ook KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 133.

133) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 219.

Teen 1932 was daar reeds 162 leerlinge in hierdie sending=genootskap se skole.[134)]

4.12.6 Die Sewende Dag Adventiste

Dié sendinggroep het hulle sending- en skoolaktiwiteite be=perk tot die oostelike deel van die "Caprivizipfel" (later bekend as die Capristrook). Omdat die skole afgeleë en moeilik bekombaar was, is hulle nooit deur 'n beampte van die Onderwysdepartement besoek nie. Hierdie sendinggroep het in 1932 reeds oor ses skole beskik. Omdat hulle nie aansoek gedoen het vir die nodige inspeksies en subsidies nie, moes hulle self vir die onkostes van hulle skole voorsiening maak.[135)]

4.12.7 Die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap

Hierdie genootskap het hulle in 'n groter mate as die ander sendinggroepe op die onderwys toegespits. Benewens die ge=wone skoolonderwys het die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap ook aandag geskenk aan kindertuin- en jeugwerk. Hulle het ook oor 'n drukkery beskik ten einde literatuur aan die Swar=tes beskikbaar te stel.[136)]

Die werklike vermeerdering van die aantal skole, leerlinge en onderwysers blyk uit die statistiese gegewens wat in tabel 4.6 vervat word. (p. 146.)

134) _Ibid_., p. 54.
135) _Loc. cit_.
136) KRITZINGER, _op. cit_., vol. I, p. 125.

TABEL 4.6

DIE UITBREIDING VAN DIE ROOMSE SKOOLWESE IN SWA, 1922-1932 137)

| Jaar | Aantal skole | Aantal leerlinge | Aantal onderwysers |
|---|---|---|---|
| 1922 | 16 | 459 | 10 |
| 1923 | 14 | - | 15 |
| 1924 | 15 | 560 | 19 |
| 1925 | 16 | 639 | 18 |
| 1926 | 17 | 563 | 19 |
| 1927 | 16 | 570 | 18 |
| 1928 | 17 | 659 | 21 |
| 1929 | 17 | 688 | 22 |
| 1930 | 18 | - | 26 |
| 1931 | 20 | - | 29 |
| 1932 | 20 | 717 | 28 |

Dit blyk uit die bostaande tabel dat die uitbreiding in die getal leerlinge stelselmatig was; trouens dit was ook die geval by die ander sendinggroepe. Gedurende die dekade 1922-1932 was daar 'n vermeerdering van 56,20 persent in leer=linggetalle. Eweneens was daar 'n afname in die onderwyser-leerlingratio, naamlik vanaf 1 : 45,60 tot 1 : 25,60.

### 4.12.8 Samewerking tussen die staat en die verskillende sendinggenootskappe

Daar was reeds gedurende die Duitse tydperk (1884-1915) goeie samewerking tussen die regering en die sendinggenoot=skappe. Die Duitse regering het egter geldelik baie min ge=doen om die sendinggenootskappe met hulle aktiwiteite te

137) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 218.

help.

Nadat die Suid-Afrikaanse regering die gebied oorgeneem het, was daar ook goeie samewerking tussen die nuwe regering en die sendinggenootskappe. Lemmer het met betrekking tot die samewerking soos volg geskryf: "Vanaf 1922 beskou die Administrasie en die sendings die taak om aan nie-blanke kinders onderwys te verskaf, as 'n gemeenskaplike". [138] In die praktyk moes die sendinggenootskappe die geboue en onderwysers voorsien en moes ook toesien dat daar nie minder as twintig leerlinge vir elke skool was nie. Die Administrasie het weer op hulle beurt gesorg dat die onderwysers hulle salarisse ontvang. Hulle het ook voorsiening gemaak vir die toerusting in die skool, en het 50 persent bygedra tot die koste van die handboeke wat gebruik is. [139]

Vir hierdie betalings wat die Administrasie gemaak het, het die Departement van Onderwys die reg gehad om inspeksies by die skole uit te voer. Hierdie reëling het albei partye welgeval. [140]

## 4.13 SLOTBESKOUING

'n Nuwe benadering is in hierdie tydperk (1915-1932) in die onderwys geopenbaar en daar is daadwerklik getrag om die onderwys by die nuwe beskouinge te laat aanpas. Volgens die Administrateur se jaarverslag van 1926 was daar sekere grondbeginsels wat nie uit die oog verloor moes word met die

138) LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika, p. 70.
139) Ibid., p. 70.
140) Ibid., p. 70. Vgl. ook SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. South West Africa survey 1967, pp. 109-110 en KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 336.

onderwys van die "Naturel en die Kleurling" nie. Die op=voeding en onderwys moes aan die volgende vereistes voldoen:

* Dit moes volgens die leerlinge se aanlegte en vermoëns wees.
* Die moedertaal moes die voertaal wees.
* Die onderwys moes geskied ooreenkomstig die gewoontes, gebruike en lewenswyse van die mense.

Om bogenoemde doelstellinge te bereik, moes hulle gehelp word om "stap vir stap uit hulle teenswoordige baar toestand te kom".[141] Die Administrateur het in dieselfde verslag beweer dat die Blankes die geestesgesteldheid van die Swar=tes uiters moeilik verstaan het. Die rede hiervoor was dat die Swartes se lewensbeskouings radikaal verskil het van dié van die Blankes. Hy het voorts beweer dat deugde soos eer=likheid, regverdigheid en konsiderasie nie by die Swartes bestaan nie en dat hulle sorgeloos en onsindelik in hulle gewoontes was. Onderwys aan die Swartes was dus opvoeding in alle opsigte.[142]

In die Administrateursverslag van 1927 word beweer dat daar tekens van vooruitgang in die werk van die sendinggenoot=skappe was maar dit is duidelik dat daar "op verkeerde be=ginsels met die werk aangegaan" is. Die Administrateur het in dieselfde verslag soos volg geskryf: "Ons het die Natu=rel behandel asof hy 'n leë vat is wat met 'n taak, 'n gods=

141) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die Ad=ministrateur vir die jaar 1926, p. 49.
142) Ibid., p. 50.

diens en Europese gewoontes gevul moet word". [143]

Daar het allerweë 'n stewige en voortdurende uitbreiding in die skole van die verskillende sendinggenootskappe plaasge= vind tot in 1932. Op daardie stadium het swart onderwys ook reeds posgevat langs die Okavangorivier op die noorde= like grens en selfs tot binne die Caprivistrook. [144]

Daar het egter in 1932-1933 'n wêreldwye ekonomiese depressie geheers. Die uitwerking van hierdie ekonomiese druk is ook in die onderwys van die Swartes in SWA gevoel.

Die tydperk 1915-1932 kan as 'n fase van bestendigheid en uitbreiding waartydens daar grootliks geslaag is om orde in die patroon van die swart onderwys te bewerkstellig, beskou word.

143) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Rapport van die Ad= ministrateur van Suidwes-Afrika nr. 22, 1927, par. 131.

144) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Jaarrapporte van Suidwes-Afrika 1922-1932.

# 5. GROTER EENVORMIGHEID EN BESTENDIGHEID IN DIE ONDERWYS, 1933-1962

## 5.1 INLEIDING

Daar is in die vorige hoofstukke hoofsaaklik gelet op die onderwysaksies van die verskillende sendinggenootskappe ten einde die verloop van die onderwys te bepaal. Aangesien die onderwysvoorsiening aan die Swartes sedert die dertigerjare meer in 'n spanpoging tussen die sendinggenootskappe en die regering verander het, en daar 'n groter mate van eenvormig=heid ontstaan het, word daar vervolgens enkele onderwys=vraagstukke gedurende die periode 1933-1962 behandel. In dié onderhawige tydvak het daar 'n nuwe bedeling in die on=derwys aan die Swartes gekom.

As gevolg van die gedurige kontak met die ekonomie en maat=skaplike lewe van die Blankes het daar 'n veranderde waarde=besef by die Swartes ontwikkel. Die skoolwese was nie daar=op ingestel om hierdie nuwe tendens te stuit of in die ver=anderde en veranderende behoeftes te voorsien nie. Dit was ook duidelik merkbaar dat verskeie onderwysers geensins be=siel was met die ideaal om hul volkseie te behou en uit te bou nie. [1] Baie onderwysers het onder andere nie die nood=saaklikheid daarvan ingesien om die verskillende volkstale te ontwikkel sodat dit as skoolvakke aangebied kon word nie. Daar word dan ook in hierdie hoofstuk besondere aandag aan die taalvraagstuk gegee.

Die onderwyspogings van die sendingskole het ook in hierdie

1) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 52.

tydperk ŉ verandering ondergaan. Die algemene doelstelling van die sendingskole was die kerstening van die swart kind. Dit is op sigself ŉ lofwaardige doelstelling, maar in die steeds veranderende maatskaplike en ekonomiese lewe was dié suiwer godsdienstige doelstelling nie voldoende nie. Die skole moes begin om te voorsien in die vraag na opgeleide arbeiders.

In die onderhawige tydperk het die Administrateur en die Uitvoerende Komitee van SWA ŉ kommissie benoem om ondersoek in te stel na die onderwysvoorsiening aan die Swartes. Die benoeming van die Kommissie is by wyse van Goewermentskennisgewing nr. 204 van 15 Augustus 1958 in die Offisiële Koerant bekragtig. Die voorsitter van die Kommissie was H.G. van Zyl en hy is bygestaan deur ses lede. Die verslag wat deur hierdie Kommissie gelewer is, staan bekend as die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Nie-blanke Onderwys in Suidwes-Afrika. Hierdie verslag het in twee dele verskyn, naamlik deel I (Inboorling-onderwys) en deel II (Kleurling-onderwys).

Die drieledige opdrag aan die Kommissie kan kortliks soos volg saamgevat word:

* Die formulering van ŉ doeltreffende onderwysstelsel vir die Swartes van SWA.
* Die formulering van ŉ doeltreffende onderwysstelsel vir die Kleurlinge van SWA.
* Aanbevelings oor die wenslikheid, al dan nie, van ŉ skoolvoedingskema vir genoemde rassegroepe.

Die Kommissie moes ook oorweeg in hoeverre die destydse onderwysstelsels van die Unie van Suid-Afrika vir genoemde

rassegroepe van SWA van toepassing gemaak kon word. [2)]

Die Kommissie het 'n intensiewe ondersoek na bykans elke as= pek van die onderwys aan Swartes ingestel en het onder an= dere dikwels gebruik gemaak van die verslae van vorige kom= missies, naamlik die Interdepartementele Kommissie vir Na= turelleonderwys (1935-36), die Naturelleonderwyskommissie (Eiselen-kommissie) (1949-1951) en die Kommissie insake Kleurlingonderwys (1935-1956) van Kaapland.

"Die Kommissie het nie sonder meer van die standpunt uitge= gaan dat die huidige onderwysbeleid van SWA ondiensbaar aan die Nie-blanke gemeenskap is nie. Die diensbaarheid van 'n onderwysbeleid moet getoets word aan die geleentheid wat dit op 'n bepaalde tydstip aan die skoolgaande jeug van die be= trokke gemeenskap bied om doeltreffend aan te pas by die le= wenswyse wat op daardie bepaalde tydstip aan die jeug ge= stel word". [3)] Die Kommissie het voorts gepoog om in sy ondersoek dit nie uit die oog te verloor dat die onderwys tred moes hou met die toenemende en veranderende lewenseise van 'n progressiewe gemeenskap nie. Ernstige oorweging is ook geskenk aan 'n bevredigende stelsel waarvolgens die ouers en gemeenskappe tot die onderwys van die jeug kon bydra. [4)] Wanneer die verskeidenheid volksgroepe en hulle versprei= ding oor die land in aanmerking geneem word, was die taak van die Kommissie voorwaar 'n uitdaging.

Die swart bevolking was in 1956 ongeveer 383 000. [5)] Hier=

2) Ibid., p. 2.
3) Ibid., p. 4.
4) Loc. cit.
5) Ibid., p. 5. Vgl. ook tabel 5.1, p. 153.

die klein getal Swartes was nie alleen verspreid oor 'n uit=gestrekte gebied nie, maar hulle was ook verdeel in 'n aan=tal verskillende bevolkingsgroepe, elkeen met 'n eie taal en identiteit. Hulle woongebiede was geleë in sewentien reser=vate binne die polisiesone, en drie tuislandgebiede buite die polisiesone, op plase en ook in dorpslokasies.[6] In tabel 5.1 word die verskillende bevolkingsgroepe en hulle getalle aangetoon.

TABEL 5.1

VERSKILLENDE SWART BEVOLKINGSGROEPE IN SWA IN 1956 [7]

| Bevolkingsgroep | Getal |
|---|---|
| Nama | 30 374 |
| Herero | 31 017 |
| Ovambo en Okavango | 256 235 |
| Damara | 36 449 |
| Boesmans | 16 633 |
| Ander (meestal Tswanas) | 12 485 |
| Totaal | 383 193 |

Die bestaande onderwysbeleid het geen noemenswaardige ver=anderings ondergaan nie, maar is volledig in die Memorandum van Onderwysbeleid van 1960 [8] uiteengesit. Hierdie Memo=randum het gevolg nadat die Kommissie van Ondersoek van 1958 hulle verslag uitgebring het.

Wanneer die verslag van die Kommissie van 1958 met die Memo=

6) Ibid., p. 11.
7) Ibid., p. 10.
8) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Departement van Onder=wys. Memorandum van onderwysbeleid, bepaal na aanlei=ding van verslae van kommissies insake Blanke en Nie-blanke onderwys, benoem in 1958 en 1962 onderskeidelik.

randum van 1960 vergelyk word, is dit duidelik dat die meeste van die voorstelle van die Kommissie van 1958 geïnkorporeer is in die nuwe onderwysbeleid. Die toespraak van H.F. Verwoerd in die Senaat in 1954 [9] het reeds die riglyne vir die beleid bepaal. Die Kommissie van 1958 wou graag die noodsaaklikheid vir die verandering in die stelsel beklemtoon aangesien die stelsel wat tot op daardie stadium (1958) gevolg is nie in die belang van die swart bevolking was nie, en buitendien strydig was met die algehele "naturelle"-beleid van die regering.

## 5.2 BEHEER OOR DIE ONDERWYS

### 5.2.1 Inleiding

Tot in Maart 1955 het die Administrasie van Naturellesake in SWA ingevolge die Suidwes-Afrika Konstitusiewet van 1925, buite die bestek van die bevoegdheid van die Wetgewende Vergadering en Uitvoerende Komitee van dié gebied geval. Die Administrasie van Naturellesake het direk onder die beheer van die Administrateur geval. Ingevolge die Wet op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika [10] ressorteer dié bevoegdhede sedert 1 April 1955 onder die Minister van Naturellesake van die destydse Unie van Suid-Afrika. Naas die Administrateur van Suidwes-Afrika, was die Hoofnaturellekommissaris in Windhoek die hoof-uitvoerende beampte. Binne die polisiesone het die landdros van elke dis=

9) SUID-AFRIKA (Unie). Departement Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling. Bantoe-onderwys beleidsbepaling vir die onmiddellike toekoms.
10) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Wet nr. 56 van 1954.

trik opgetree as Naturellekommissaris. Buite die polisie=sone was daar Rade van Hoofmanne en het die Naturellekommis=sarisse slegs as raadgewers opgetree. Daar was dus in werk=likheid 'n vorm van selfbestuur. [11)]

Alhoewel die sentrale beheer vir die suidelike sowel as die noordelike gebiede deur dieselfde Onderwysdepartement uitge=oefen is, het daar wesentlike verskille ten opsigte van die plaaslike beheer, kurrikulums, inspeksies, subsidiëring, op=leiding en diensvoorwaardes van onderwysers, eksamens en be=vorderings van die twee gebiede bestaan. Daar was selfs ook verskille wat betref die toepassing van sekere opvoedkundige beginsels. [12)]

Daar was sewe verskillende sendinggenootskappe wat hulle met die onderwys bemoei het. Daarbenewens was daar 'n aantal skole wat deur die staat beheer was. Die staat het ook die sendingskole gefinansier en dit was dringend noodsaaklik om die stelsel van verdeelde beheer te verander. Tot op daar=die stadium was die onderwysers werknemers van óf die staat óf die kerke. Daar was dus geen direkte verband tussen die ouers en die onderwys nie. Die kinders het ook aanvaar dat hulle ouers niks tot hulle skoolopvoeding bygedra het nie. Omdat die ouers geen aandeel in die welsyn of die finansie=ring van die skole gehad het nie, was daar ook geen verant=woordelikheid van hulle kant ten opsigte van die skoolopvoe=ding van hulle kinders nie. Hulle het dus heeltemal onver=

11) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, pp. 22-23.
12) Loc. cit.

skillig teenoor die onderwys gestaan.[13]

5.2.2 <u>Sentrale beheer oor die onderwys</u>

5.2.2.1 <u>Verantwoordelikheid van die Administrasie</u>

Die Kommissie van 1958 het aanbeveel dat die Onderwysdepar= tement van die SWA Administrasie verantwoordelikheid moes aanvaar vir die volgende tipes onderwys:

* Junior en senior primêre onderwys.
* Sekondêre onderwys tot en met matriek.
* Onderwysersopleiding.
* Vakopleiding - ook landbouopleiding.
* Volwasseopvoeding en voortsettingsklasse.
* Spesiale onderwys vir dowes, blindes en "ander gestrem= des".[14]

As gevolg van die treffende ooreenkoms tussen die algemene kulturele agtergrond van die Swartes in SWA en die Swartes in Suid-Afrika was daar sekere rigtinggewende beginsels wat in Suid-Afrika aanvaar is wat dus ook aanvaarbaar vir die Swartes in SWA kon wees.[15]

Die onderwys moes dus so georganiseer word dat dit nie slegs vir doeltreffende skole voorsiening gemaak het nie, maar ook vir gesonde maatskaplike instellings. Die onderwys moes gekoördineerd wees met die beplande ontwikkeling van die swart gemeenskappe.

Met die bogenoemde tipes onderwysinrigtings kon daar meer en meer aandag gegee word aan die opvoeding van die breë volks=

13) <u>Ibid</u>., p. 117.
14) <u>Ibid</u>., p. 89.
15) <u>Ibid</u>., pp. 90-91.

massa sodat hulle kon deelneem aan die nuwe ontwikkelings en inpas by die nuwe sosiale lewensvorme en instellings.

Die skole moes voorsiening maak vir die hoogs moontlike ont=wikkeling van die indiwidu. [16)]

5.2.2.2 <u>Alle skole moes oorgedra word aan die staat</u>

As gevolg van die verdeelde beheer oor die onderwys het die Kommissie van 1958 aanbeveel dat sendinggenootskappe die sko=le wat hulle beheer het, moes oordra aan die staat. Onder=wysersopleidingskole, sekondêre skole en vakskole waar blan=ke personeel noodsaaklik was, moes geklassifiseer word as staatskole en sou direk onder die Onderwysdepartement res=sorteer. Die beheer oor primêre skole en skole waar daar geen blanke personeel was nie, moes oorgedra word aan die plaaslike ouergemeenskappe en sou bekend staan as gemeen=skapskole. Skoolkomitees en skoolrade wat uit Swartes moes bestaan, sou vir hierdie skole verantwoordelik wees. Die De=partement sou sulke skole subsidieer en slegs indirek be=heer. Ook in hierdie gevalle sou daar voorsiening gemaak word vir verteenwoordiging vir die kerk aan wie die skool vantevore behoort het. Dié verteenwoordigers moes almal Swartes wees. [17)]

5.2.2.3 <u>ŉ Aparte afdeling vir onderwys aan Swartes in die Onderwysdepartement</u>

Indien die voorgestelde skema van gemeenskapskole enige suk=ses wou behaal, was dit noodsaaklik dat daar ŉ aparte afde=

16) <u>Ibid</u>., p. 92.
17) <u>Ibid</u>., pp. 117-118.

ling vir die onderwys aan die Swartes by die Onderwysdepar= tement van SWA ingestel word. Die sentrale beheer sou nog gesetel wees in die hoofkantoor van die Onderwysdepartement. Die Direkteur en Adjunk-Direkteur sou die hoof-beheer beamp= tes bly vir swart-, kleurling- en blanke onderwys. [18]

Onder die jurisdiksie van die Adjunk-Direkteur moes daar Hoofinspekteursposte geskep word vir swart-, kleurling- en blanke onderwys. [19] Op 1 September 1960 is die eerste Hoofinspekteur vir swart onderwys aangestel. [20] Hy was aan die Adjunk-Direkteur wat weer aan die Direkteur van Onderwys verantwoordelik was, verantwoording verskuldig. Die Hoof= inspekteur is bygestaan deur nog 'n blanke inspekteur en twee swart opsieners van skole. [21] Hulle het die Hoofinspekteur in die uitvoering van sy pligte bygestaan. [22]

### 5.2.2.4 Die Adviserende Onderwysraad

Die Administrateur van SWA kon, ingevolge artikel 3 van die Onderwysproklamasie van 1926, 'n Adviserende Onderwysraad aanstel. Dié Raad het bestaan uit sewe persone en is jaar= liks aangestel. Die funksie van die Raad was om die Admini= strasie van SWA raad te gee insake alle onderwysaangeleent= hede op die gebied van "onderwyspolitiek", die "beheer van onderwyssake" en die "uitgawe van gelde wat vir die onderwys toegestaan is". [23] Nadat die Raad in 1932, as gevolg van 'n tekort aan finansies, ontbind het, is dit eers weer in 1960

18) Ibid.; p. 119.
19) Loc. cit.
20) P.J. Brand het op 11 Oktober 1960 diens aanvaar.
21) A.J. Tjikenuna en M. Shipange was die eerste twee Swar= tes om hierdie poste te beklee.
22) SCHOLTZ, op. cit., p. 175.
23) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Offisiële Koerant (G.K. nr. 29). Reg. 1.

heraangestel. Die Memorandum van Onderwysbeleid van 1960 maak voorsiening vir die samestelling van 'n "Adviesraad vir Inboorlingonderwys" wat die Departement van Onderwys met ad= vies moes bedien. Verteenwoordiging op dié Raad is verleen aan kerke wat hulle skole aan die staat oorgedra het. Die lede van die Raad is nie vir hulle dienste betaal nie maar het vergoeding gekry vir reis- en verblyfkoste. Die Depar= tement het vergaderings vir die Raad belê wanneer dit nodig geag is. [24] Die Onderwysordonnansie van 1962 het daarvoor voorsiening gemaak dat die Administrateur, wanneer hy dit in die belang van die onderwys geag het, 'n "Adviesraad vir Inboorlingonderwys" kon aanstel. [25]

#### 5.2.2.5 Die verantwoordelikheid van die RSA

Die Kommissie van 1958 het aan die hand gedoen dat onderwys aan die Swartes van SWA die verantwoordelikheid van die De= partement Naturellesake van die RSA word. Laasgenoemde De= partement het oor die nodige ondervinding en organisasie= struktuur beskik om die taak te behartig. [26]

### 5.2.3 Plaaslike beheer

#### 5.2.3.1 Inleiding

Die ouers moes die verantwoordelikheid aanvaar vir die op= voeding en onderwys van hulle kinders deur die stigting van gemeenskapskole, skoolrade en skoolkomitees. Die plaaslike

24) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. *Memorandum van onderwysbeleid, 1960*, p. 31.
25) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). *Onderwysordonnansie, nr. 27 van 1962*, art. 99 (1).
26) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). *Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika*, dl. I, p. 138.

beheer oor die skole sou dus in 'n nuwe bedeling die grootste verandering ondergaan omdat daar skoolrade en skoolkomitees uit die ouergemeenskappe gekies moes word. Hierdie rade en komitees moes verantwoordelik wees vir die plaaslike beheer oor en organisasie en administrasie van die skole. Hulle sou in hulle werk bygestaan word deur die Inspektoraat. [27)]

5.2.3.2 Skoolrade

Groepe skole, byvoorbeeld al die skole in een reservaat, moes gesamentlik onder 'n skoolraad ressorteer. Daar moes verteenwoordigers wees van die stamraad, of as dit in 'n dorp gesetel was, van die stadsraad. Die kerk, wat hoof=saaklik in die gebied werksaam was, moes ook verteenwoordi=ging op die skoolraad hê. Die verteenwoordiger van die On=derwysdepartement moes deur die Direkteur benoem word, en die verskillende skoolkomitees van elke betrokke skoolraads=gebied moes uit eie geledere drie verteenwoordigers op die skoolraad hê. Dit is duidelik dat daar gepoog is om die ouer tot op die plaaslike vlak te betrek by die onderwys=program. [28)]

Die skoolrade moes die bestuurders van die skole vervang en gesag oor die skole in hulle eie gebiede uitoefen. Hierbe=newens moes die skoolrade (met of sonder staatshulp) voor=siening maak vir die nodige skoolgeboue. Die skoolrade was voorts verantwoordelik vir die indiensneming en ontslag van onderwysers, die vasstelling van die skoolpligte van die onderwysers, die beheer van skoolraadsgeld asook die toesig

27) *Ibid*., p. 119.
28) *Ibid*., pp. 121-123.

oor die finansies van skoolkomitees en die hantering van die verslae van die skoolinspekteurs. Die skoolrade moes die Departement van advies bedien rakende sake oor die onderwys in hulle gebiede. 29)

5.2.3.3 Skoolkomitees

Vir elke afsonderlike skool moes daar 'n skoolkomitee wees. Die lede van die skoolkomitee moes uit die ouers van die betrokke skoolgemeenskap saamgestel word. By die samestelling van 'n skoolkomitee vir 'n skool in 'n reservaat, moes daar sorg gedra word dat daar verteenwoordigers is van die kerk wat die skool voorheen beheer het, asook vir lede wat deur die ouergemeenskap verkies moes word. Daar moes voorts 'n verteenwoordiger wees van die stamraad of hoofman asook die verteenwoordiger wat deur die Direkteur van Onderwys benoem moes word.

Wanneer die skool in 'n munisipale woonbuurt vir Swartes geleë was, moes die samestelling van die skoolkomitee dieselfde wees soos wat dit hierbo beskryf is, behalwe vir die verteenwoordiger wat deur die stamraad of hoofman benoem moes word. Die betrokke munisipaliteit of stadsraad kon dan 'n verteenwoordiger benoem.

Die belangrikste funksies van die skoolkomitees kan soos volg opgesom word: Dit moes

* sake betreffende die welsyn van hulle onderskeie skole onder die aandag van die betrokke skoolraad bring,
* sorg vir die instandhouding van die skoolgeboue,

29) Ibid., p. 122.

* huisvesting bied aan die onderwysers,
* let op die gedrag van die onderwyspersoneel, en
* die skoolfondse administreer. [30)]

## 5.3 SKOOLAKKOMMODASIE EN -TOERUSTING

### 5.3.1 Inleiding

Die sendinggenootskappe het nog steeds alle geboue vir die sendingskole verskaf. Baie van die geboue wat in gebruik was as skole, is ook gebruik om kerkdienste in te hou. [31)] Die skoolgeboue is deur die sendelinge, in medewerking met die ouers en die leerlinge, opgerig. Die staat het wel fi= nansieel bygedra tot die onderhoudskoste van herstelwerk aan die skoolgeboue. Die geboue wat in die reservate opgerig moes word, is deur die staat opgerig omdat die sendinggenoot= skappe nie te vinde was om geboue op te rig wat in werklik= heid nie aan hulle kon behoort nie. [32)]

Die toerusting vir die skole was in die meeste gevalle be= perk tot die noodsaaklikste, naamlik skryfborde en banke. Die toerusting is deur die sendelinge en die leerlinge ver= vaardig; trouens, die vervaardiging van skoolmeubels was deel van die praktiese opleiding in Handwerk. Die Admini= strasie het ook van die toerusting kosteloos voorsien in= dien daar aan al die voorskrifte van die Onderwysdepartement voldoen is aangaande die verskaffing van die geboue en die aantal leerlinge. [33)]

30) <u>Ibid</u>., pp. 120-121.
31) SCHOLTZ, <u>op. cit</u>., p. 25.
32) Vgl. <u>Onderwys Proklamasie nr. 10 van 1934</u>.
33) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Rapport van de Admini= strateur voor het jaar 1923</u>, p. 36.

### 5.3.2 Skoolgeboue

Die Departement het sedert die 1923-Onderwyskonferensie be= taal vir die voorsiening van wasplekke en sanitêre geriewe by skole.[34] Die sendinggenootskappe het ook halfjaarliks toelaes van die Departement ontvang vir die voorsiening en instandhouding van dusdanige geriewe by die sendingskole. Hierdie toelaes is eers uitbetaal nadat die sendinggenoot= skappe die rekenings vir die instandhoudingskoste aan die Kringinspekteurs voorgelê het. Nadat die onkostes goedge= keur is, het die Administrasie die toelaes aan die betrokke sendinggenootskappe uitbetaal.[35]

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het "vriende" in die Verenigde State van Amerika (VSA) geld ingesamel en aansienlike bedrae geld aan die sendinggenootskappe in SWA gestuur.[36] Hierdie geld is deur die sendinggenootskappe aangewend om in die tekort aan geboue te voorsien.

Die ekonomiese toestande in SWA het in 1948 begin verbeter en die Rynse Sendinggenootskap het gehoop om vir die vol= gende vyf jaar jaarliks elf klaskamers te bou.[37] Die Ad= ministrasie het ook besluit om die bouprogram te bespoedig en het jaarliks 'n aansienlike bedrag vir hierdie doel ge= stem.[38]

34) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 40.
35) Ibid., p. 56.
36) VEDDER, H. Kort verhale uit 'n lang lewe, p. 127.
37) SCHOLTZ, op. cit., p. 83.
38) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Departement van Onder= wys. Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys 1948, p. 16.

Nadat die Augustineum in 1943 deur die Administrasie oorge=neem is, is daar met 'n bouprogram by dié inrigting begin. Aansienlike uitbreidings is gemaak tot in 1953. In 1957 is die uitbreidings aan die koshuise van die Augustineum vol=tooi.[39]

Vanweë die landsbeleid van afsonderlike woonbuurtes, het dit in 1957 duidelik geword dat 'n aantal dorpe hulle swart woon=buurtes moes verskuif. Dit het meegebring dat die skoolge=boue van die sendinggenootskappe prysgegee moes word en dat ander skoolgeboue opgerig moes word. Volgens die Uitvoe=rende Komitee se besluit sou die Administrasie bereid wees om die nodige finansies te voorsien vir die oprigting van nuwe skoolgeboue in die swart woonbuurtes.[40] Die Departement van Naturellesake sou die nodige planne vir hierdie skole voorsien en die SWA Administrasie moes die geboue oprig en in stand hou. Wanneer dit nodig geword het, sou die Admini=strasie ook sorg vir bykomende klaskamers.[41] Gedurende 1961-62 is die eerste skole, wat volgens hierdie beleid op=gerig is, naamlik die twee primêre skole in Windhoek, die primêre skool op Keetmanshoop, die primêre skool op Usakos en dié op Otjihorongo in gebruik geneem.[42]

Die jaarlikse instandhoudingstoelaag wat deur die Administra=sie aan die sendinggenootskappe vir geboue betaal is, is in

39) Ibid., 1957, p. 48.
40) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). U.K.-besluit: Minute 520, ged. 14 Mei 1958.
41) Ibid.
42) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Witboek, 1961/62, p. 41.

1951 verhoog en vasgestel op R0,50 per leerling. [43]

### 5.3.3 Toerusting

Een van die gevolge van die 1923-Onderwyskonferensie was dat die Departement geld beskikbaar gestel het vir die voorsie= ning van toerusting. [44]

Toe die Administrasie die Augustineum in 1943 van die Rynse Sendinggenootskap oorgeneem het, is daar voorsiening in die Wet gemaak vir finansiële steun vir die kostelose verskaf= fing van toerusting, skoolbenodigdhede en skryfbehoeftes. [45]

Volgens die Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys het die Departement van Onderwys in 1961 ook die aankoop van hulpmiddels vir gebruik in die skole en klaskamers gefinan= sieer. Die Administrasie het vir hierdie doel R3,00 byge= dra vir elke R1,00 wat die skool bygedra het. [46]

## 5.4 LEER- EN LEESBOEKE

### 5.4.1 Inleiding

Die "Onderwijs Proklamatie" van 1921 het daarvoor voorsie= ning gemaak dat alle skoolboeke kosteloos aan swart leer= linge voorsien word. Hierdie vergunning is egter geskrap met die Onderwysproklamasie van 1926, maar daar is wel voor= siening gemaak vir behoeftige leerlinge sodat hulle hul boeke teen 'n verminderde prys kon aankoop.

43) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Departement van Onder= wys. Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys 1951, p. 37.
44) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 40.
45) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Proklamasie nr. 18 van 1943.
46) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Departement van Onder= wys. Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys, 1961, pp. 29-31.

Sedert die begin van die onderwyspogings in SWA, was daar 'n ernstige tekort aan geskikte lees- en leerboeke. Een van die groot probleme met betrekking tot die voorsiening van boeke was die verskeidenheid volkstale by die Swartes. Daar moes dus lees- en leerboeke in al die verskillende volks=tale vir al die jaarklasse voorsien word. 'n Verdere belem=mering was dat baie van die tale oor geen ortografie beskik het nie en dat dit eers ontwikkel moes word.

5.4.2 Ontwikkelinge met betrekking tot die voorsiening van skoolboeke

Die Inspekteurs van Onderwys het gereeld in hulle jaarver=slae daarvan melding gemaak dat die bestaande leesboekies nie geskik was vir die swart leerlinge nie. Die leesboekies wat gebruik is, was vir blanke leerlinge saamgestel, en dit was te moeilik vir die Swartes.[47] Daar was 'n dringende behoefte aan 'n reeks leesboekies in die verskillende volks=tale van die Swartes.[48]

Die Rynse Sendinggenootskap het in 1948 aansienlike bedrae geld bestee aan die druk van nuwe skoolboeke en die herdruk van bestaande boeke wat geskik was vir skoolgebruik.[49]

'n Boekekomitee van die Onderwysdepartement onder die voor=sitterskap van 'n Kringinspekteur het boeke gekeur vir skool=gebruik. Hierdie Komitee het besluit oor die lees- en leer=boeke wat op 'n boekelys moes verskyn ten einde dusdanige

47) SCHOLTZ, op. cit., p. 106.
48) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Departement van Onder=wys. Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys, 1940, p. 18.
49) Ibid., 1948, p. 16.

boeke bekend te stel. Die skole in die suidelike sektor het die boeke wat op dié lys verskyn het wel vir klasgebruik be= stel. Die skole in die noordelike sektor het egter nie van die boekelys gebruik gemaak om boeke te bestel nie aange= sien die betrokke sendelinge self besluit het oor watter boeke geskik was vir skoolgebruik. [50)]

In 1955 het N.J. van Warmelo, etnoloog (onderwys), aan die Sekretaris van SWA geskryf en hom meegedeel dat daar 'n ern= stige tekort aan geskikte leesboeke vir die Swartes was. Volgens Van Warmelo het die bestaande boekies nie voldoen aan die vereistes nie. Daar was ook in sommige tale ver= skillende spelwyses vir bepaalde woorde. Die Swartes het self nie boekies geskryf nie en die Onderwysdepartement was dus van die sendelinge afhanklik vir die skryf van leer- en leesboeke. Om hierdie probleem op te los, het Van Warmelo voorgestel dat 'n swart onderwyser aangestel moes word om ge= skikte leer- en leesboekies vir skoolgebruik saam te stel. Dié onderwyser moes die Onderwysdepartement ook behulpsaam wees met alle taal- en boekaangeleenthede. [51)] Die Departe= ment het die versoek van Van Warmelo oorweeg en goedgekeur. Die eerste aanstelling wat gemaak is, was in verband met die Hererotaal. Volgens die Kommissie van Ondersoek van 1958, is die voorbereiding van lees- en ander klasboeke in die tale van die Swartes weens die destydse beleid, [52)] op on=

50) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 68.
51) VAN WARMELO, N.J. Brief aan die Sekretaris van Suid= wes-Afrika, 1955-10-27.
52) Die beleid onder die Duitse bewind was om nie deur me= dium van die moedertaal onderwys te verskaf nie.

rusbarende wyse agterweë gelaat. Daar was manuskripte van leesboeke wat deur die sendinggenootskappe saamgestel is, maar omdat daar gevrees is dat daar geen afset vir die boeke sou wees nie, is dit nooit gedruk nie. Vir die amptelike tale, Afrikaans en Engels, en die sogenaamde "inhoudsvakke" was daar genoeg boeke in Afrikaans. Dusdanige vakke is dan ook gewoonlik deur medium van Afrikaans aangebied. Die leesboekies wat beskikbaar was in die volkstale, was slegs geskik vir leerlinge in sub-standerds A en B.[53] Die ses belangrikste swart volke, elk met 'n eie volkstaal, in SWA was die Namas, Herero's en Tswanas in die suide en die Ndongas, Kuanyamas en Kuangalis in die noorde. Omdat die verskillende tale geen vordering as skryftale kon maak son=der die daadwerklike ondersteuning en belangstelling van buite nie, was dit die Kommissie se oortuiging dat 'n lig=gaam gestig moes word om hierdie belangrike aspek te han=teer. Die Kommissie het in die lig van die bogenoemde pro=bleme aanbeveel dat daar 'n Buro vir Inboorlingtale gestig moes word. Dié Taalburo is in 1962 ingestel. Die eerste hoof van die Buro, M.W. du Bois, het op 1 Januarie 1962 diens aanvaar.[54]

Dit is as 'n vereiste gestel dat die hoof van die Buro 'n taal=kundige moes wees. Twee sendinggenootskappe moes hom by=staan in sy werk. Die een sendinggroep sou met die tale van die suidelike volke en die tweede sendinggroep met die tale

53) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, pp. 111-113.
54) SCHOLTZ, op. cit., pp. 149-151.

van die noordelike volke behulpsaam wees.

Die Taalburo het aan die begin van sy werksaamhede opnames gemaak van die getalle leerlinge van die verskillende taal=groepe, en vasgestel in watter tale die leerlinge kon lees. Daarna is 'n daadwerklike poging aangewend om leesboekies in die verskillende tale te voorsien. Die Buro het ook 'n pro=gram opgestel vir die samestelling van 'n grammatikaboek vir die Nama- en Hererotaal. Die funksies van die Buro was on=der andere soos volg:

* Om die genoemde tale tot skryf- en skooltale te ontwikkel.
* Die daarstelling van 'n grammatika vir elkeen van die ge=noemde tale.
* Die samestelling van skoolleesboeke en gegradeerde klas=boeke vir skoolgebruik.
* Die beskikbaarstelling van gesonde algemene leesstof vir persone op verskillende stadia van ontwikkeling.
* Die aanmoediging van swart sowel as blanke onderwysers om te skryf en om tradisionele letterkunde te versamel.
* Die ontwikkeling van die vakterminologie vir skoolge=bruik.
* Die voorbereiding van 'n gereelde nuusbrief in die tale van die Swartes.[55]

Volgens hulle tale kan die verskillende volksgroepe soos volg ingedeel word:

55) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika</u>, dl. I, pp. 113-115.

TABEL 5.2

DIE VOLKSGROEPE EN HULLE TALE, 1958 [56]

| Bevolkingsgroep | Spreektaal |
|---|---|
| Okavango | Kuangali en Diriku |
| Ovambo | Ndonga, Kuanyama en Kwambe |
| Herero | Herero |
| Tswana | Tswana |
| Damara en Nama | Nama |
| Boesman | Boesman |

Teen 1958 het slegs die volgende tale die status van skool=taal verwerf: Ndonga, Kuanyama, Kuangali, Herero, Nama en Tswana. Die literatuur in hierdie tale was meestal nog be=perk tot kerklike lektuur en aanvangsleesboekies vir skool=gebruik. Daar was op daardie stadium wetenskaplike navor=sing aan die gang oor die ortografie van die Boesmantaal, maar daar was nog geen literatuur in dié taal voorhande nie. [57]

## 5.5 DIE MEDIUM VAN ONDERWYS

### 5.5.1 Inleiding

Die voertaalkwessie was een van die faktore wat die ontwik=keling van die onderwys aan die Swartes in SWA ernstig ge=strem het. Daar was nie minder nie as nege tale wat die Swartes gebesig het en drie tale wat deur die Blankes ge=praat is. Die Rynse Sendinggenootskap het Afrikaans en die

56) Loc. cit. Vgl. ook SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 240.

57) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 240.

Roomse Sendinggenootskap het Engels as amptelike taal ver= kies.[58] Tydens die Konferensie van 1923 is die taalkwes= sie dan ook indringend bespreek.

In die eerste onderwysjare van die leerlinge is die pedago= gies-korrekte beginsel van moedertaalonderwys gevolg. Elke afsonderlike taalgroep het dus met aanvangsonderwys in hulle moedertaal formele skoolonderwys ontvang.[59]

### 5.5.2 Moedertaalonderwys

Die kurrikulum wat in 1933 vir primêre skole saamgestel is het daarvoor voorsiening gemaak dat die huistaal van die leerlinge die onderrigtaal moes wees. Die moedertaal moes gedurende die beginjare (sub-standerd a tot en met stan= derd 1) die vernaamste onderrigtaal wees. Eers in standerd 2 en 3 kon daar oorgeskakel word na een van die twee ampte= like tale, naamlik Afrikaans of Engels as onderrigtaal.[60] Die moedertaal het as skoolvak in die hoër standerds ver= dere aandag geniet en die Bybel was die vernaamste leer- en leesboek in die moedertaal.[61] In 'n omsendbrief[62] wat die Departement se beleid duidelik saamvat, word daar mel= ding gemaak van moedertaalonderwys. In die betrokke om= sendbrief word die moedertaal die "Eerste Taal" genoem en

58) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 40.
59) SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande Suidwes-Afrika 1934, p. 40.
60) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 107.
61) SCHOLTZ, op. cit., p. 55.
62) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Omsendbrief N5/1954, 1954-06-15.

dit moes as vak aangebied word vanaf "klein a" [63] tot en met standerd 2.

Die moedertaal is in die suidelike sektor by al die skole in sub-standerds A en B as voertaal gebruik. Rekenkunde is so= ver dit nodig was in die moedertaal verduidelik en verder deur medium van Afrikaans aangebied. Die enigste tale van die Swartes wat in 1958 as skooltale in SWA erken was, is Nama, Herero, Tswana, Ndonga, Kuanyama, Kuangale en Diri= ku. [64]

In die noordelike deel was die moedertaal ook die voertaal in die junior primêre klasse. Die moedertaal is oor die al= gemeen gebruik vir die onderrig van Bybelse geskiedenis van= af "klein a" tot en met standerd 3. Die volgende vakke is ook deur medium van die moedertaal aangebied: Geskiedenis, Aardrykskunde, Natuurstudie en Gesondheidsleer. [65]

Waar daar in 'n skool 'n minderheidsgroep was, en die groep te klein was om 'n afsonderlike onderwyser te regverdig, moes die minderheidsgroep by die meerderheidsgroep inskakel met betrekking tot die onderwysmedium. Die Kringinspekteur kon 'n gemotiveerde aanbeveling by die Departement maak vir goed= keuring en die eventuele stigting van 'n aparte moedertaal= groep by 'n skool. In 1954 is hierdie beleid verander toe die Direkteur van Onderwys bepaal het dat slegs Nama, Otji=

63) "Klein a" was 'n eenjarige kursus voor Sub.-A. Daar was dus drie sub-standerds.

64) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 107.

65) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Omsendbrief N/5 1954.

herero en enigeen van die Ovambodialekte as moedertaal erken sou word.[66]

5.5.3 Taalonderrig

Die meerderheid van SWA se swart bevolking was gedurende die onderhawige tydperk Afrikaanssprekend. In die eerste skool=jaar is daar begin met die onderrig van Afrikaans en vanaf die derde skooljaar, dit wil sê vanaf standerd 1, ook met die onderrig van Engels, die tweede amptelike taal.[67] Engels en Afrikaans is ook as skoolvakke onderrig.[68] On=derwysers in die tuislande vir Swartes het beweer dat dit vir kinders wat nog nooit Engels of Afrikaans gehoor het nie bykans 'n onbegonne taak was om die tale te leer en dat dié tale vir hulle meer 'n hindernis as 'n voordeel was.[69]

'n Swart skoolhoof het hom in hierdie verband soos volg uit=gelaat: "Yes, it is a good thing to learn one's mother tongue if I know that I am like a chicken inside a hencoop. But when I know the White man's language (English), I can soar like an eagle!"[70]

Dit is egter duidelik waarom daar soveel klem op die aanleer van die amptelike tale, naamlik Afrikaans en Engels, was. 'n Kennis van hierdie tale het dit moontlik gemaak dat die

66) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Memorandum oor taalgroepe in Naturelle-skole in Suid=wes-Afrika, 1954-06-11.
67) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Memorandum van onderwysbeleid 1960, p. 30.
68) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 67.
69) MALHERBE, E.G. Bantu manpower and education, p. 7.
70) Soos aangehaal deur MALHERBE, op. cit., p. 7.

blanke werkgewers met hulle swart werknemers kon kommuni=keer. Die minimum slaagvereiste vir dié tale was 50 persent vir die Eerste Taal en 45 persent vir die Tweede Taal.

Die swart onderwysers se gebruik van Afrikaans was egter baie swak. Volgens die Direkteur van Onderwys het 'n sekere skoolhoof in 1948 'n baie foutiewe "uitspraak" gehad. Sy woordeskat en idiomatiese uitdrukkings het 'n groot ooreen=koms met Duits getoon. Die taal wat in die Namaskool gehoor is, was 'n soort "Duitse Sendeling-Nama-Afrikaans". 71)

5.6 KURRIKULUMS EN SILLABUSSE

5.6.1 Inleiding

Op die Onderwyskonferensie van 1923 is daar vir die eerste keer eenvormige kurrikulums en sillabusse opgestel. Hierdie kurrikulums en sillabusse is in alle sendingskole tot in 1933 gebruik. Gedurende 1933 is daar nuwe kurrikulums en sillabusse opgestel omdat daar 'n behoefte daarvoor ontstaan het. Die onderwys het in die tydperk 1923-1932 bo verwag=ting goed beantwoord aan die standaarde van georganiseerde onderwys en die tyd was ryp om hoër eise in die verskillende vakke te stel. 72)

Die nuwe sillabusse vir die moedertale het onder meer voor=siening gemaak vir meer sistematiese taalonderwys. Die nuwe sillabus vir Rekenkunde het hoër eise aan die leerlinge ge=stel. Aardrykskunde en Gesondheidsleer is as nuwe vakke by

71) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys, 1948, p. 17.
72) SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande Suidwes-Afrika, 1933, p. 30.

die kurrikulums gevoeg. Daar is in 1933 voorsiening gemaak vir 'n vyfde skooljaar, naamlik standerd 3, sodat leerlinge meer gevorderde werk kon doen. [73]

5.6.2 Die kurrikulums en sillabusse van 1933

Hierdie kurrikulums en sillabusse het die minimum vereistes vir elke jaarklas bepaal. Vir sub-standerds A en B asook vir standerds 1 en 2 was die kurrikulums dieselfde, naamlik die Eerste Taal, die Tweede Taal, Skrif, Rekenkunde en Han=dearbeid, maar die sillabusse het in elke standerd meer uit=gebreid geraak. In standerd 3 het Aardrykskunde en Gesond=heidsleer bygekom. [74] Godsdiensonderrig is volgens die sillabusse wat deur die betrokke sendinggenootskappe opge=stel was in alle klasse gegee. Daar is 'n maksimum van een uur per dag vir Godsdiensonderrig toegelaat. Vir Handwerk (seuns) en Naaldwerk (dogters) is daar ook een uur per dag toegelaat. [75]

Die hoofde van die opleidingskole het in oorleg en in same=werking met die Onderwysdepartement sillabusse opgestel vir elkeen van die vakke van die opleidingskole. Die studie van Afrikaans het voorrang geniet en Aardrykskunde, Geskiedenis en Natuurstudie is deur medium van Afrikaans onderrig om die Afrikaanse taalgebruik nog verder te verbeter. Die kurriku=lum het die volgende vakke ingesluit: Afrikaans, Skoolbe=stuur, Aardrykskunde, Plaaslike Geskiedenis, Natuurstudie en Teken.

73) Ibid., p. 31.
74) BANTOE ONDERWYSDEPARTEMENT (Windhoek). Native educa=tion general. Lêer 742, vol. II.
75) SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande Suidwes-Afrika 1934, p. 55.

### 5.6.3 Die kurrikulums en sillabusse van 1950

Gedurende 1950 was daar 'n konferensie oor swart onderwys onder die voorsitterskap van die Hoofinspekteur van Skole. Daar was verteenwoordigers van die Onderwysdepartement, van die Rynse en Rooms-Katolieke Sendinggenootskappe asook die hoofde van die opleidingskole.[76] Hulle het oor die hele veld van swart onderwys besin, dit wil sê vanaf die sub-standerds tot en met die opleidingskole. Die nuwe sillabusse wat vir al die vakke opgestel is, is in 1952 in gebruik geneem. Oor die algemeen was die standaard van die nuwe sillabusse baie hoër as dié van die voriges.[77]

### 5.6.4 Kurrikulum- en sillabusontwikkelings na 1950

Gedurende 1954 is die hele stelsel van primêre onderwys deur die Departement herbeplan en herorganiseer. Hierdie nuwe stelsel is deur 'n departementele omsendbrief aan alle skole bekendgestel.[78] Tot op daardie stadium het die standaard van die werk wat in standerd 6 gedoen is, verskil tussen die skole vir Blankes, Kleurlinge en Swartes. Verskillende standerd 6-sertifikate is ook vir die verskillende kleurgroepe uitgereik. Met die herbeplanning van die skoolwese in die vyftigerjare is die volgende kurrikulum vir die primêre skoolkursus saamgestel: Bybelse geskiedenis en Sedeleer, Gesondheidsleer, Liggaamsoefeninge, die Eerste Taal (die Moedertaal wat ook as skoolvak vanaf sub-standerd "klein a" tot en met standerd 2 onderrig is), die Tweede Taal (een van

76) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys 1950, p. 31.
77) SCHOLTZ, op. cit., p. 92.
78) BANTOE ONDERWYSDEPARTEMENT (Windhoek). Omsendbrief nr. N/5/1954.

die twee amptelike tale, naamlik Afrikaans of Engels, wat geleer is vanaf sub-standerd "klein a" tot aan die einde van die skoolloopbaan), die Derde Taal (die ander amptelike taal, dit wil sê Afrikaans of Engels wat geneem is vanaf standerd 2) en Skrif. Skrif wat tot en met standerd 4 'n eksamenvak sou wees sou as vak onderrig word tot en met standerd 6. Die volgende vakke is ook nog in die kurrikulum ingesluit: Tekene, Rekene, Aardrykskunde, Natuurstudie, Handearbeid (soveel vorms van handearbeid as wat moontlik was moes deur beide die seuns en die dogters beoefen word) en Sang. Sang was nie 'n eksamenvak nie. [79]

Daar is 'n deeglike tydsindeling gemaak vir al die vakke wat in die verskillende standerds onderrig moes word gedurende 'n skoolweek van 25 uur. Vir sub-standerd "klein a" was daar 'n skoolweek van 20 ure en vir sub-standerds A en B elkeen 'n skoolweek van 22½ ure. [80] In die drie sub-standerds het die klem hoofsaaklik geval op Bybelse geskiedenis, Sedeleer, die Moedertaal en die Eerste Amptelike Taal (Afrikaans of Engels), Rekene en Skrif.

Sedert die begin van 1954 is 'n junior sekondêre skoolkursus, wat ná standerd 6 moes volg, volgens die voorskrifte van die Universiteit van Suid-Afrika ingestel. Die vakke vir hier= die kursus is die tale, (Afrikaans A en Engels B) en Ge= skiedenis, Aardrykskunde, Biologie, Liggaamsoefeninge, Sang en Bybelse geskiedenis as kulturele vakke. Die junior se= kondêre kursus moes drie jaar duur. [81]

79) Loc. cit.
80) SCHOLTZ, op. cit., pp. 98-99.
81) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys 1954, p. 52.

Daar is gedurende 1956 'n driejarige tegniese kursus inge=stel by die Augustineum. Die volgende vakke is aangebied: Praktiese Afrikaans, Engels, Praktiese Rekenkunde, Gesond=heidsleer, Teorie van die hoofvak, Sang, Liggaamlike Opvoe=ding en Bybelse geskiedenis. Die studente moes een van die volgende vakke as hoofvak neem: Kleremakery, Meubelmakery of Bouwerk.

In die noordelike sektor het die sendinggenootskappe self gesorg vir geskikte en toepaslike kurrikulums en sillabusse vir hulle onderskeie skole. Slegs die Organiseerder van swart onderwys in die noordelike gebiede het 'n mate van be=heer hieroor uitgeoefen. [82)]

Die groot verskil ten opsigte van die inhoud van die leer=stof in die noordelike en suidelike gebiede was een van die redes waarom daar nie eenvormigheid in die onderwys was nie. Daar kon geen regverdiging vir hierdie verskille gevind word nie. Dit het die sentrale beheer oor die onderwys bemoeilik en verwarring by die leerlinge geskep. Die sillabusse van die suidelike sektor wat in 1952 saamgestel is, was teen 1958 nog nie weer hersien ten einde tred te hou met die ver=anderde omstandighede nie. Daar het twyfel bestaan of die leerlinge in alle opsigte voldoen het aan die meerdere eise wat deur die nuwe ontwikkeling op onderwysgebied teweeg ge=bring is. Die sillabusse wat in die noordelike gebied ge=bruik is, het ook "baie te wense" oorgelaat. [83)] Sommige

82) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 66.
83) Ibid., p. 85.

van die sillabusse was verouderd terwyl andere onvoldoende of onvolledig was. Gevalle het selfs voorgekom waar daar geen sillabusse was nie. Die Organiseerder van swart onder=wys was daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat die sil=labusse gevolg word.[84)]

In die suidelike deel het die moedertaal as skoolvak 'n on=dergeskikte plek in die kurrikulum beklee. Vanweë die feit dat die moedertaal in die skole selde as skryftaal gedien het, kon die ontwikkeling van die betrokke swart volke ook nie plaasvind nie. Die moedertale is hoofsaaklik slegs as spreektale gebruik. Dieselfde verskynsel het in die noorde=like dele voorgekom waar daar ook nie in die kurrikulums voorsiening gemaak is vir enige verdere of gevorderde studie in die moedertaal nie.[85)]

Daar was 'n wesentlike verskil tussen die kurrikulums en sil=labusse vir die opleiding van onderwysers in die suidelike en noordelike dele. Hierdie verskille het ook probleme ge=lewer by die afneem van eksamens asook by die bepaling van die onderwysers se salarisse. Die kurrikulum vir onderwy=sersopleiding in die noordelike sektor is deur die Organi=seerder van swart onderwys in medewerking met die verteen=woordigers van die sendinggenootskappe opgestel, en daar is geen voorsiening gemaak vir die moedertaal as skoolvak nie. Die gevolg hiervan was dat daar 'n onverskilligheid by die jong onderwysers ontstaan het jeens die tale van die Swartes. Die kurrikulums vir onderwysersopleiding in die suidelike

84) <u>Ibid.</u>, p. 88.
85) <u>Loc. cit</u>.

deel is deur die hoofde van die inrigtings waar opleiding van onderwysers plaasgevind het, opgestel en dit moes deur die Onderwysdepartement goedgekeur word. [86)]

5.6.5 Enkele aanbevelings van die Kommissie van 1958 met betrekking tot sillabusse

As gevolg van die ooreenkoms wat daar bestaan het tussen die volkskulture van die Swartes van SWA en dié van Suid-Afrika, het die Onderwysdepartement op aanbeveling van die Kommissie sommige sillabusse wat deur die Suid-Afrikaanse Swartes gebruik is aanvaar en van toepassing gemaak op die Swartes in SWA. Hierdie reëling is van toepassing gemaak op die volgende kursusse: die Laer Primêrekursus, die Junior Sertifikaatkursus, die Laer Primêre Onderwyserskursus, die Hoër Primêre Onderwyserskursus en Vakopleiding. [87)] Die Onderwysdepartement het 1 000 kopieë van die sillabusse vir die junior primêre skole, 175 kopieë vir die senior primêre skole en ook 'n aantal kopieë van die sillabusse van ander onderwyskursusse vanaf die destydse Departement van Bantoeonderwys van Suid-Afrika bestel en dit tussen die betrokke skole vir Swartes in SWA versprei. [88)]

Die aard van die sillabusse van 'n aantal vakke kan soos volg opgesom word: [89)]

86) Ibid., pp. 88-89.
87) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Memorandum van onderwysbeleid 1960, p. 30.
88) Brief van die Direkteur van Onderwys van Suidwes-Afrika aan die Departement van Bantoe Onderwys Pretoria, 1960-04-19.
89) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 107.

* Godsdiensonderrig

  Hierdie sillabusse moes so opgestel word dat die Christe= like karakter van die onderwys in die skole behoue bly. Die verskillende kerkgenootskappe wat baie jare die sko= le beheer het, is gevra om behulpsaam te wees met die samestelling van die sillabusse. Daar is ook aandag ge= gee aan die Godsdiensonderrig by die onderwysersoplei= dingskole.

* Rekenkunde

  Die leerstof vir die Rekenkundesillabus het weinig ver= skil van diè van enige ander Rekenkundesillabus wat el= ders in gebruik was. Daar was egter 'n verskil in bena= dering.[90]

* Gesondheidsleer

  By die keuse van die leerstof moes daar steeds gestrewe word na die bevordering van die gesondheid van die in= diwidu sowel as van die gemeenskap.

* Omgewingsleer

  Omgewingsleer was 'n nuwe vak en die sillabus moes so saamgestel word dat hierdie vak tot voordeel van die Swartes kon wees.

* Natuurstudie en Handvaardigheidsvakke

  Nuttige leerstof is in die sillabusse van hierdie twee vakke opgeneem.[91]

## 5.7 INSPEKSIES, EKSAMENS EN DIE ONDERWYSPEIL

### 5.7.1 Inleiding

In die Onderwysproklamasie van 1926 is daar bepaal dat die Administrateur skoolinspekteurs kon aanstel. Sekere be=

90) Ibid., p. 109.
91) Loc. cit.

voegdhede is deur die Proklamasie aan hulle verleen. Die Direkteur van Onderwys kon ook ander pligte aan hulle op= dra. [92] Die inspekteurs kon enige onderwysinrigting in= spekteer en daaroor verslag doen. Hulle kon onder andere rapporteer oor die skoolgebou en die -terrein, die skool or= ganisasie, die onderwysmetodes en die vordering van die leerlinge.

Omdat die blanke inspekteurs verantwoordelik was vir die toesig oor die onderwys aan die Blankes, Kleurlinge en Swar= tes, was daar nie vir hulle die geleentheid om besondere aandag te skenk aan 'n bepaalde kultuurgroep nie. Die in= spekteurs kon hulle dus nie verdiep en interesseer in sake wat eie was aan swart onderwys nie. [93]

5.7.2 <u>Die inspeksiestelsel</u>

Die Inspekteurs van Onderwys moes blanke sowel as swart sko= le inspekteer. Al die sendingskole wat deur die regering ondersteun is, was onderhewig aan verpligte amptelike inspek= sies. Daar is eenkeer per jaar 'n hoofdelike inspeksie ge= doen om te bepaal of die leerlinge na 'n volgende jaarklas oorgeplaas kon word. Tydens die hoofdelike inspeksies is elke leerling indiwidueel getoets in Lees, Reken en Skrif. [94] Benewens die verpligte besoeke aan staats- en staatsondersteunde skole het die inspekteurs ook nog in= formele besoeke aan nie-ondersteunde skole afgelê wanneer

92) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Onderwys Proklamasie van 1926</u>, art. 5.
93) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika</u>, dl. I, pp. 86-87.
94) SCHOLTZ, <u>op. cit.</u>, p. 58.

die tyd en die geleentheid dit toegelaat het. [95]

Gedurende 1935 is die stelsel van hoofdelike inspeksies ge=staak. By skole waar daar 'n blanke onderwyser werksaam was, moes hy die verantwoordelikheid vir die bevordering van die leerlinge na 'n volgende jaarklas aanvaar. Indien daar nie 'n blanke onderwyser was nie, is die bestuurder van die skool gevra om te help met die bevorderings. [96] Indien daar ook nie 'n blanke bestuurder beskikbaar was nie moes die inspek=teur die bevorderingseksamen van die leerlinge bywoon. [97]

H. Vedder, wat in 1931 aangestel is as Organiserende Inspek=teur van swart onderwys, [98] het die werksaamhede in die sko=le gekoördineer en leiding gegee aan die onderwysers. Met Vedder se aanstelling asook die verandering ten opsigte van die vroeëre gebruik van hoofdelike inspeksies, het daar groot verligting van werk by die inspekteurs gekom. Dit het hulle in staat gestel om meer aandag aan belangrike op=voedkundige aangeleenthede te gee. [99] Met die aanstelling van 'n derde inspekteur in 1938 is SWA in drie inspeksie=kringe ingedeel, naamlik die noordelike, suidelike en sen=trale kringe. Elkeen van die drie inspekteurs was verant=woordelik vir die skole in 'n bepaalde kring. [100]

Nadat Vedder in 1941 afgetree het as Organiserende Inspek=

95) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Rapport van de Ad=ministrateur voor het jaar 1924, p. 61.
96) SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande Suidwes-Afrika, 1935, p. 23.
97) Ibid., p. 24.
98) Ibid., 1931, p. 41.
99) SCHOLTZ, op. cit., p. 58.
100) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys, 1938, p. 5.

teur van swart onderwys, is daar geen aanstelling in die vakante pos gemaak nie totdat die Direkteur in 1947 aanbe=veel het dat 'n inspekteur aangestel moes word ten einde die onderwys op 'n hoër peil te bring.[101] Met die aanstelling van die inspekteur is die sentrale inspeksiekring verdeel in 'n oostelike en 'n westelike kring.

Op 1 Februarie 1952 het die Departement besluit om Organi=seerders van swart onderwys aan te stel. Die Organiseerders van swart onderwys het regstreeks onder die Hoofinspekteur geressorteer. In die drie noordelike streke, naamlik die Kaokoveld, Ovamboland en Okavango, was swart onderwys die verantwoordelikheid van die Onderwysdepartement. Dié skole is nie deur die Inspektoraat besoek nie.[102]

Gedurende 1952 is daar twee blanke Organiseerders van swart onderwys aangestel, naamlik een buite en een binne die po=lisiesone. Die werksaamhede van die Organiseerders van swart onderwys was van 'n omvattende aard. Hulle moes onder andere die onderwysers se werkverslae, persoonlike voorbe=reiding en metode van onderwys evalueer, die vraestelle vir die standerd 6-eksamen opstel en die antwoordstelle na=sien, alle skole besoek en die skoolrekords nagaan, die leerlinge se skriftelike werk nagaan, voorligting gee en demonstrasielesse aanbied.[103]

Gedurende Oktober 1959 is die pos van Organiseerder van

101) Ibid., 1947, p. 20.
102) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid=wes-Afrika, dl. I, pp. 71-72.
103) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys, 1956, p. 34.

swart onderwys omgeskep in die pos van Inspekteur van swart onderwys.[104] Die Direkteur kon van tyd tot tyd, wanneer hy die nodig geag het, Organiseerders aanstel in Huishoud=kunde, Naaldwerk, Houtwerk, Metaalwerk, Kuns, Sang en ander "spesiale" vakke.[105] Verskillende Organiseerders is ge=durende die jare 1944-1960 in verskillende vakke aangestel met die oog daarop om die skole te besoek en om professio=nele leiding aan die onderwysers te gee.[106]

5.7.3 Eksamens

Vanaf 1923 tot in 1935 is die eksaminering en bevordering van leerlinge gedoen deur middel van die stelsel van hoof=delike inspeksies.[107] Die leerlinge is getoets in Lees, Reken en Skrif en die inspekteur het die punte wat hy aan die kandidate toegeken het op 'n punteskedule aangebring.[108]

In skole waar daar blanke onderwysers was, het dusdanige on=derwysers na 1935 die bevorderings van die leerlinge behar=tig. Waar daar nie blanke onderwysers aan 'n skool verbonde was nie, moes die bestuurder van die skool die bevorderings doen. Indien daar nie 'n blanke bestuurder vir 'n skool was nie, moes die inspekteur die bevorderings behartig.[109]

Die standerd 6-eksamens was tot in 1951 'n interne aange=leentheid maar vanaf 1952 is daar 'n eksterne eksamen deur

104) SCHOLTZ, op. cit., p. 117.
105) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926, art. 5 soos gewysig in 1944.
106) SCHOLTZ, op. cit., pp. 117-118.
107) Hieronder word verstaan dat elke leerling indiwidueel deur die inspekteur getoets is.
108) SCHOLTZ, op. cit., p. 58
109) SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande Suidwes-Afrika, 1935, pp. 23-24.

die Departement van Onderwys afgeneem.[110] Die Organiseer= der van swart onderwys was verantwoordelik vir die opstel en nasien van die vrae- en antwoordstelle.[111] Volgens die Jaarrapport van 1954 was die bestaande stelsel waarvolgens die eksamens afgeneem is uiters onbevredigend.[112] Daar is 'n spesiale stel reëls wat nagekom moes word tydens die af= neem van eksamens, opgestel.[113] 'n Beperkte aantal kan= didate het die eerste eksamen in 1952 geskryf. Van die 24 kandidate wat geskryf het, het slegs 11 geslaag nadat die slaagvereistes as 'n spesiale vergunning verlaag is.[114]

Vanaf 1953 is daar halfjaarlikse eksamens geskryf ten einde die leerlinge beter te evalueer en om die vordering van die leerlinge meer gereeld te toets. Beide die vrae- en die antwoordstelle is bewaar tot aan die einde van die jaar vir insae deur die inspekteur en die Organiseerder van swart on= derwys. 'n Voordeel van die halfjaarlikse eksamens, was dat die onderwysers moontlike leemtes in hulle onderwyspogings gouer kon diagnoseer.

In die primêre skole is die eksamens intern afgeneem. 'n Kandidaat moes minstens 50 persent in elkeen van die vakke

110) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys, 1954, p. 52.
111) ORGANISEERDER VAN SWART ONDERWYS. Brief aan die Di= rekteur van Onderwys, 1954-09-08.
112) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys, 1954, p. 52.
113) BANTOE ONDERWYSDEPARTEMENT (Windhoek). Omsendbrief nr. N5 van 1952, 1952-07-05.
114) BANTOE ONDERWYSDEPARTEMENT (Windhoek). Omsendbrief nr. N11 van 1953, 1953-08-28.

behaal om te kon slaag, behalwe in die Tweede Taal waar 45 persent vereis is. 115)

In die noordelike sektor het die eksamens en bevorderings by die verskillende sendinggenootskappe van mekaar verskil om= dat elke afsonderlike sendinggroep volgens eie reëlings, kurrikulums en sillabusse dié aangeleentheid gereël het. In hierdie dele het die sendinggenootskappe self die bevorde= rings gedoen en is daar slegs 'n mate van kontrole uitgeoe= fen deur die Organiseerder van swart onderwys. Die inspek= teurs het geen aandeel in die eksamens en bevorderings ge= had nie. 116)

In die suidelike deel het die stelsel van interne eksamine= ring en oorplasings tot en met standerd 5 en die eksterne eksaminering tot en met standerd 6 bevredigend gefunksio= neer. Inspekteurs wat hierdie eksamenprosedures gekontroleer het, het die skole gereeld besoek. 117)

Die Kommissie van 1958 het voorgestel dat daar vir die stan= derd 6-eksamens dieselfde vraestelle gebruik moes word as wat die toentertydse Departement van Bantoe-onderwys in Suid-Afrika gebruik het. Die Onderwysdepartement van SWA was egter verantwoordelik vir die afneem van die eksamens, die nasien van die eksamenskrifte en die uitreiking van die sertifikate. 118)

115) Ibid., nr. N5 van 1953, 1953-04-07.
116) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 69.
117) Ibid., pp. 80-81.
118) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Memorandum van onderwysbeleid 1960, p. 31.

Die Kommissie het ook voorgestel dat die Juniorsertifikaat=eksamen dieselfde moes wees as dié vir die Swartes in Suid-Afrika. Leerlinge in standerd 10 moes die eksamen van die Gemeenskaplike Matrikulasie Raad aflê. Alle ander skoolek=samens kon intern bly en moes onder die kontrole van die De=partement afgeneem word. Eksamens vir onderwyssertifikate moes deels intern en deels ekstern afgeneem word. Vir die eksterne deel moes die vraestelle van die Departement Ban=toe-onderwys in Suid-Afrika gebruik word. Die SWA Onder=wysdepartement het verteenwoordiging verkry op die Departe=ment van Bantoe-onderwys se eksamenkomitee. [119)]

## 5.8 LEERLINGAANGELEENTHEDE

### 5.8.1 Inskrywing en skoolbywoning

Sedert daar met die onderwyspogings vir Swartes in SWA be=gin is, het skoolbywoning, skoolplig en die tydperk wat die leerlinge die skool moes bywoon allerlei probleme veroor=saak. Die ouers het nie die waarde van voortgesette skool=onderwys besef nie en het kinders vir allerlei redes sum=mier uit die skool gehou. Daar was geen wetlike of morele verpligting wat die leerlinge moes nakom in verband met skoolbywoning nie. Daar was ook geen vasgestelde ouderdom wanneer die leerlinge die skool permanent kon verlaat nie. Die resultaat hiervan was dat die skoolbywoning van die meeste kinders kortstondig van aard was. In die praktyk het die ouderdom van die skoolgaande kinders gewissel van sewe tot veertien jaar. Hierdie ongesonde toestand het voortge=duur tot in 1958. Uit die gegewens in tabel 5.3 blyk dit

119) Loc. cit.

duidelik dat tot in 1958 die waarde van voortgesette onder=wys nog nie besef is nie.

TABEL 5.3

AFNAME IN DIE LEERLINGTALLE IN DIE HOËR STANDERDS, 1958 [120)]

| Onderwysinrigting | Aantal leerlinge | Persentasie van die skoolgaande leerlinge |
|---|---|---|
| Laer primêre klasse van die primêre skool | 25 464 | 90,09 |
| Hoër primêre klasse van die primêre skool | 2 634 | 9,10 |
| Sekondêre skool | 71 | 0,27 |
| Onderwysersopleiding | 99 | 0,36 |
| Vakopleiding | 51 | 0,18 |
| Totaal | 28 319 | 100,00 |

Van die totale leerlingtal, naamlik 28 319 was daar 9 969 in die suidelike en 18 350 in die noordelike deel van SWA. Die aantal skoolkinders in tabel 5.3 verteenwoordig onge=veer 30 persent van die totale aantal kinders van skool=gaande ouderdom in 1958. Sewentig persent van die kinders van skoolgaande ouderdom het geen skool besoek nie. [121)] Ongeveer 32 persent swart kinders het alreeds na die einde van die eerste skooljaar, dit wil sê na "klein a" die skool permanent verlaat. [122)] Oor die algemeen het die leerlinge die skool permanent verlaat voordat hulle 'n redelike peil van ontwikkeling bereik het. In die junior primêre klasse

120) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid=wes-Afrika, dl. I, pp. 74-80.

121) Ibid., p. 95.

122) SCHOLTZ, op. cit., p. 82.

naamlik sub-standerd A tot en met standerd 2 was 89,92 per= sent van die skoolgaande leerlingtal terwyl daar slegs 9,30 persent van die totale getal leerlinge in die hoër primêre klasse was. Die min leerlinge in die hoër primêre klasse was deels te wyte aan die feit dat die onderwysers die skoolwerk nie interessant genoeg aangebied het nie, en deels aan 'n gebrek aan belangstelling vir skoolonderwys by die ou= ers. Daar was ook in sommige gebiede geen geleentheid om verder te leer nie.[123)]

Dit blyk uit die statistiese gegewens in tabel 5.4 dat die verspreiding van die leerlinge in 1962 nie veel verskil het van dié in 1958 nie.

TABEL 5.4

VERSPREIDING VAN LEERLINGE, 1962 [124)]

| Standerd | Skoolfase | Getal | Persentasie |
|---|---|---|---|
| Sub. A | Junior primêr | 22 347 | 47,45 |
| Sub. B | Junior primêr | 10 042 | 21,32 |
| St. 1 | Junior primêr | 6 435 | 13,66 |
| St. 2 | Junior primêr | 3 897 | 8,27 |
| St. 3 | Senior primêr | 2 139 | 4,54 |
| St. 4 | Senior primêr | 1 124 | 2,38 |
| St. 5 | Senior primêr | 630 | 1,35 |
| St. 6 | Senior primêr | 330 | 0,71 |
| St. 7 | Junior sekondêr | 104 | 0,22 |
| St. 8 | Junior sekondêr | 36 | 0,08 |
| St. 9 | Senior sekondêr | 4 | 0,01 |
| St. 10 | Senior sekondêr | 3 | 0,01 |
| Totaal | | 47 091 | 100,00 |

123) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid= wes-Afrika, dl. I, pp. 79-80.

124) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleentehede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 254.

Wanneer tabelle 5.3 en 5.4 vergelyk word, blyk dit dat daar gedurende die periode 1958-1962 'n vermeerdering van 66 per= sent in die totale leerlingtal was. Daar was egter nog tot so laat as 1962 meer as 90 persent van die leerlinge in die junior primêre klasse.

Tabel 5.5 toon die persentasie swart leerlinge wat die skool werklik besoek het van die moontlike getal leerlinge van skoolgaande ouderdom.

TABEL 5.5

VERMEERDERING VAN SWART LEERLINGE IN 'N PERSENTASIE VAN DIE LEERLINGE VAN SKOOLGAANDE OUDERDOM UITGEDRUK, 1922-1962 [125)]

| Jaar | Persentasie van leerlinge van skoolgaande ouderdom |
|---|---|
| 1922 | 15 |
| 1940 | 40 |
| 1962 | 46 |

Volgens die gegewens in tabel 5.5 was daar in 1962 nog 54 persent van die leerlinge van skoolgaande ouderdom wat nie die skool bygewoon het nie. Dit beteken nie dat die leer= linge wat nie in 1962 in die skool was nie nog nooit die skool bygewoon het nie. 'n Groot deel van dié 54 persent was toe alreeds vir een of twee jaar in die sub-standerds, maar het nie langer die skool bygewoon nie alhoewel hulle van

125) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Information. South West Africa. The land, its peoples and its future, p. 69.

skoolgaande ouderdom was. Die vermeerdering in die leerling=talle was aanvanklik stadig maar sedert 1958 [126] het daar 'n vinnige toename in die leerlinggetalle plaasgevind.

In tabel 5.6 word die werklike uitbreiding van die onderwys in die suidelike deel uitgebeeld terwyl die vermeerdering van die leerlinge in die noordelike gebied in tabel 5.7 aangetoon word. Dit is interessant om daarop te let dat die aantal sendingskole in die noordelike sektor na 1958 steeds verminder het terwyl die aantal staats- en gemeenskapskole weer vinnig vermeerder het.

TABEL 5.6

DIE AANTAL SKOLE, LEERLINGE EN ONDERWYSERS IN DIE SUIDELIKE SEKTOR, 1935-1962 [127]

| | Skole | | | Leerlinge | | | | Onderwysers | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaar | Staatskole | Sendingskole | Totaal | Staatskole | Sendingskole | Totaal | Gemiddelde aantal leerlinge per skool | Totaal | Gemiddelde aantal leerlinge per onderwyser |
| 1935 | 1 | 66 | 67 | 115 | 3 805 | 3 920 | 58,50 | 147 | 26,66 |
| 1940 | 2 | 76 | 78 | 240 | 4 216 | 4 456 | 57,12 | 191 | 23,33 |
| 1945 | 6 | 71 | 77 | 555 | 4 797 | 5 352 | 69,50 | 224 | 23,89 |
| 1950 | 6 | 73 | 79 | 553 | 6 080 | 6 533 | 86,49 | 259 | 25,61 |
| 1955 | 8 | 80 | 88 | 935 | 6 958 | 7 893 | 89,69 | 324 | 24,36 |
| 1960 | 13 | 83 | 96 | 2 191 | 9 476 | 11 667 | 121,53 | 441 | 26,45 |
| 1961 | 15 | 82 | 97 | 2 931 | 10 367 | 13 298 | 137,09 | 433 | 30,71 |
| 1962 | 22 | 79 | 101 | 4 065 | 10 775 | 14 840 | 146,93 | 466 | 31,84 |

126) 1958 was die jaar waarin die Kommissie van Ondersoek na swart onderwys sekere aanbevelings oor die stig=ting van gemeenskapskole gemaak het.

127) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 226.

TABEL 5.7

DIE AANTAL SKOLE, LEERLINGE EN ONDERWYSERS IN DIE NOORDELIKE SEKTOR, 1939-1962 [128]

| | Skole | | | Leerlinge | | Onderwysers | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaar | Staats- en Gemeenskap=skole | Sending=skole | Totaal | Totaal | Gemiddelde aantal leer=linge per skool | Totaal | Gemiddelde aantal leerlinge per onder=wyser |
| 1939 | - | 146 | 146 | 13 655 | 93,52 | - | - |
| 1945 | - | 113 | 113 | 13 815 | 122,25 | 321 | 43,03 |
| 1946 | - | 152 | 152 | 15 294 | 100,61 | 392 | 39,01 |
| 1950 | - | 151 | 151 | 16 026 | 106,13 | 441 | 36,34 |
| 1955 | - | 161 | 161 | 17 515 | 108,78 | 522 | 31,73 |
| 1960 | - | 161 | 161 | 26 134 | 162,32 | 633 | 41,11 |
| 1961 | 85 | 88 | 173 | 29 452 | 170,24 | 669 | 44,02 |
| 1962 | 112 | 103 | 215 | 32 248 | 149,99 | 808 | 39,91 |

Enkele statistiese gegewens met betrekking tot die onder=wys in die Caprivi soos in 1962, word in tabel 5.8 verstrek.

TABEL 5.8

DIE AANTAL SKOLE, ONDERWYSERS EN LEERLINGE IN DIE CAPRIVI IN 1962 [129]

| | Onderwysers | | | Leerlinge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Skole | Manlik | Vroulik | Totaal | Seuns | Meisies | Totaal |
| Junior primêr 16 | 32 | - | 32 | 984 | 473 | 1 457 |
| Primêr 1 | 4 | - | 4 | 162 | 35 | 197 |
| Senior primêr 2 | 4 | 3 | 7 | 157 | 71 | 228 |
| Totaal | 40 | 3 | 43 | 1 303 | 579 | 1 882 |

128) Loc. cit.
129) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Bantoe-onder=wys. Jaarverslag vir 1962, p. 32.

5.8.2 Skoolplig

Die Kommissie van 1958 het geoordeel dat die Departement nie skoolplig moes instel nie, maar dat dit aan die skoolrade self oorgelaat moes word om skoolplig in te stel indien dit die wens van die ouergemeenskap was en indien die nodige ak= kommodasie beskikbaar was. Die Kommissie het aanbeveel dat die skoolrade ernstige pogings moes aanwend om die ouers aan te moedig om hulle kinders in die skool te hou nadat hulle ingeskryf is. Ten einde voortgesette onderwys moontlik te maak, moes die nodige koshuisakkommodasie beskikbaar gestel word. Die Kommissie het voorts aanbeveel dat die ouerge= meenskap vir bydraes ter verbetering vir en verder uitbrei= ding van koshuisfasiliteite genader moes word. 130)

5.9 ONDERWYSPERSONEEL

5.9.1 Inleiding

Die tekort aan opgeleide onderwysers het 'n remmende invloed gehad op die onderwysontwikkeling van die swart volke van SWA. Die opleidingskole van beide die Rynse en Rooms-Kato= lieke Sendinggenootskappe het driejarige opleidingskursusse aangebied, dog daar is nie voldoende onderwysers opgelei om die tekort uit te wis nie. 131)

Die kwalifikasies van die onderwysers van SWA het swak ver= gelyk met dié in die destydse Unie van Suid-Afrika. Volgens die standaarde van Suid-Afrika was daar in 1936 nie 'n enkele

130) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid= wes-Afrika, dl. I, p. 34.
131) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys 1936, p. 28.

gekwalifiseerde swart onderwyser in SWA nie. [132]

Die swart bevolking het van 194 796 in 1921 toegeneem tot 428 575 in 1960. [133] Dit verteenwoordig 'n bevolkingstoe=name van 220 persent gedurende veertig jaar. Die personeel=voorsiening aan skole het geensins tred gehou met die skool=bevolkingstoename nie. Die staat en die sendinggenootskappe het die nodige aandag geskenk aan die werwing en opleiding van onderwysers. Die dilemma was dat die seuns op die leef=tyd wanneer hulle moes inskryf as kandidate vir onderwysers=opleiding, ook meteens die ouderdom bereik het om te begin werk en dus dadelik 'n inkomste kon kry. [134]

5.9.2 Opleidingskursusse en opleidingsinrigtings

Die opleidingskursusse het oor die algemeen drie jaar geduur. Die kursus wat na 1930 ingestel is, het die onderwysers in staat gestel om onderwys te verskaf tot en met standerd 3. Die onderwysers wat na 1938 die kursus in die Augustineum voltooi het, kon onderrig gee tot en met standerd 6. [135] Die duur van die opleiding het, nadat die vierjarige primêre skoolopleiding met sukses voltooi is, nog drie jaar aan die opleidingskool vereis. [136]

Die onderwysers wat die Augustineum verlaat het nadat hulle

132) Ibid., p. 30.
133) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 226.
134) SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande Suidwes-Afrika 1937, p. 43.
135) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid=wes-Afrika, dl. I, p. 42.
136) SUID-AFRIKA (Unie). Rapport aangaande Suidwes-Afrika 1928, p. 49.

opleiding voltooi was, het hulle meestal in die suidelike deel van SWA gevestig. Diegene wat hul studies by Döbra vol=tooi het, het hulle in die noordelike sektor gaan vestig. Ten einde die gehalte van die onderwysers steeds te verbeter en om 'n beter verstandhouding tussen die verskillende groepe onderwysers daar te stel, is daar vakansiekursusse geduren=de die tydperk 1922 tot 1925 gehou. Daar was jaarliks meer aansoeke van onderwysers vir die vakansiekursusse as wat daar akkommodasie beskikbaar was. [137)]

By die vakansiekursusse is daar besondere aandag gegee aan handearbeid asook aan die onderrig van Rekenkunde en een van die amptelike tale. Die onderwysers moes ook gereeld oor die regte onderwysmetodes en -doelstellings ingelig word, veral waar hulle nie onder blanke toesig gewerk het nie. Die vakansiekursusse moes voorkom dat die onderwysers weer sou verval in die ondoeltreffende werkswyses wat in gebruik was toe hulle self skoolgegaan het. [138)] Onderwysersoplei=ding het in so 'n mate ontwikkel dat daar in 1944 alreeds 27 kandidate was wat die driejarige opleidingskursus voltooi het. [139)] Teen 1948 was die getal kandidate so groot dat die minimum toelatingsvereistes vir onderwysersopleiding verhoog moes word van standerd 2 na standerd 3. Daar was in daardie jaar 85 studente in die verskillende jaargroepe. [140)] Om die gehalte van die algemene skoolwerk te verhoog, is

137) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Rapport van de Admi=nistrateur voor het jaar 1924, p. 49.
138) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys 1941, p. 16.
139) Ibid., 1944, p. 16.
140) Ibid., 1948, p. 20.

daar reëlings getref om 'n jaarlikse voortsettingskursus in te stel vir diensdoende onderwysers. Hierdie kursus sou een jaar duur en daar sou vir die onderwysers voordele aan ver=bonde wees indien hulle die kursus volg.[141)]

Ten einde die skole vinniger van opgeleide onderwysers te voorsien, is daar in 1951 'n begin gemaak met 'n tweejarige op=leidingskursus vir leerlinge wat in besit was van 'n standerd 6-sertifikaat.[142)] Laasgenoemde reëling was grootliks daar=voor verantwoordelik dat daar in 1962 'n surplus van onderwy=sers was en almal nie werk kon vind nie.[143)]

Teen 1941 het die onderwysers Afrikaans so swak gebruik dat die Inspekteur van Onderwys spesiaal daarvan melding gemaak het.[144)] Aangesien Afrikaans naas die moedertaal die plek ingeneem het van die eerste amptelike taal, moes die leer=linge 'n baie goeie kennis van Afrikaans hê om die nodige ek=samens te kon slaag. As gevolg van verbeterde onderwysteg=nieke in taalonderrig, het daar teen 1944 'n groot verbetering in die gebruik van Afrikaans ingetree.[145)]

Nadat die staat die Augustineum in 1943 gekoop het, is daar onmiddellik met groot uitbreiding begin en in 1967 is die nuwe gebou in Windhoek in gebruik geneem.[146)]

Die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap het 'n opleidingskool by Döbra, naby Windhoek, gehad. Die leerlinge was meestal afkomstig uit Ovambo en die Kavango.[147)] 'n Opleidingskool

141) Ibid., 1947, p. 19.
142) Ibid., 1951, p. 40.
143) Ibid., 1952, p. 25.
144) Ibid., 1941, p. 16.
145) Ibid., p. 17.
146) KRITZINGER, op. cit., vol. I, pp. 355-356.
147) Ibid., p. 359.

is in 1927 by Tses opgerig, maar as gevolg van werwingsprobleme en onvoldoende kandidate, is hierdie skool in 1937 gesluit.[148]

Die Finse opleidingskool by Oniipa het in 1953 95 onderwyskandidate gehad. In 1955 het dié skool na Ongwediva verskuif waar die staat in 1964 die finansiële verantwoordelikheid daarvoor oorgeneem het.[149] In 1952 is daar 'n opleidingskool op Oshigambo gestig, maar dit het in 1960 'n private sekondêre skool geword.[150]

Die Anglikaanse Sendinggenootskap het in 1936 met onderwysersopleiding by Odibo begin, maar as gevolg van personeelprobleme, het dié skool na 1960 geen onderwysers meer opgelei nie.[151]

Gedurende 1962 het die Rynse Sendinggenootskap die privaat sekondêre skool Martin Luther op Karibib geopen met 24 leerlinge. 'n Begin is gemaak met die opleiding van teologiese studente en "verantwoordelike jong mense".[152]

Die Direkteur van Onderwys het in sy jaarverslag van 1950 gemeld dat 'n "baie gangbare" Afrikaans gebesig is tydens die opleiding van onderwysers.[153] Teen daardie tyd (1950) was die Augustineum reeds sewe jaar lank 'n staatsopleidingsentrum.

148) Loc. cit.
149) Ibid., pp. 357-358.
150) Ibid., p. 358.
151) Loc. cit.
152) Ibid., p. 357.
153) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Jaarrapport van die Direkteur van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 70.

Dit wil voorkom of die standaard van onderwysersopleiding in die drie noordelike dele, naamlik Kaokoveld, Ovamboland en Okavango, laer was as dié van die suidelike deel. [154)]

5.9.3 <u>Kurrikulums en sillabusse vir onderwysersopleiding</u>

Oor die jare heen het die kurrikulums en sillabusse vir on= derwysersopleiding meer uitgebreid en omvattend geword. Teen 1951 het die kurrikulum vir onderwysersopleiding by die Augustineum die volgende vakke ingesluit: Afrikaans, Engels, Nama, Otjiherero, Metodiek en Beginsels van Onderwys, Skool= organisasie, Proefonderwys, Demonstrasielesse, Skryfbordwerk, Geskiedenis, Aardrykskunde, Natuurstudie, Gesondheidsleer, Eerstehulp, Bybelse geskiedenis, Liggaamsoefeninge, Hout= werk, Naaldwerk, Leerwerk, Skrif, Sang, Musiek en Reken= kunde. [155)] In die noordelike gebiede het die sendingge= nootskappe self hulle kurrikulums vir hulle opleidingsinrig= tings opgestel en aan die Organiseerder van swart onderwys voorgelê vir goedkeuring. [156)]

Vir die leerlinge wat ingeskryf het vir die akademiese op= leiding vir onderwysers, maar nie na wense vordering gemaak het nie, is daar in 1956 twee tegniese kursusse by die Au= gustineum ingestel waar kandidate hulle kon bekwaam in Mes= sel- en Timmerwerk. [157)]

154) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika</u>, dl. I, p. 70.
155) <u>Ibid</u>., p. 67.
156) <u>Loc. cit</u>.
157) SCHOLTZ, <u>op. cit</u>., pp. 114-115.

5.9.4 Aanstellings en toekenning van onderwysers aan skole

Reeds so vroeg as 1921 moes die Direkteur van Onderwys die nodige goedkeuring verleen alvorens 'n onderwyser by 'n skool aangestel kon word. [158] Nadat goedkeuring verleen is vir die aanstelling van 'n onderwyser het die Administrasie die betrokke sendinggenootskap of kerk gesubsideer ten einde die salaris van die onderwyser te kan betaal. [159] Wanneer daar vakatures by 'n skool ontstaan het, moes die betrokke sen= dinggenootskap of die bestuurder die nodige aanstellings maak. By weiering of versuim om 'n aanstelling te maak kon die Direkteur self die nodige onderwysers aanstel. [160]

Die Departement van Onderwys het teen die jaar 1952 perso= neel toegeken volgens die gegewens bevat in tabel 5.9, p. 201.

Dit was sedert 1958 nodig dat swart onderwysers 'n mediese sertifikaat tesame met hulle aansoeke om 'n betrekking moes voorlê. [161]

Blanke onderwysers kon in diens geneem word vir die oplei= ding van swart onderwysers en vir sekondêre skoolwerk. Hul= le sou net soos hulle kollegas in blanke skole vergoed word. Geen blanke onderwysers is toegelaat om in gemeenskapskole onderwys te verskaf nie. [162]

158) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwijs Proklamatie nr. 55 van 1921, art. 113. Vgl. ook art. 136 van Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926.
159) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926, art. 138.
160) Ibid., art. 139.
161) SCHOLTZ, op. cit., p. 123.
162) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, pp. 80-81.

TABEL 5.9

PERSONEELTOEKENNING, 1952 [163)]

| Toename van die leerlingtal | Afname van die leerlingtal | Aantal onderwys= poste |
|---|---|---|
| 30 | 20 | 1 |
| 50 | 45 | 2 |
| 90 | 85 | 3 |
| 130 | 125 | 4 |
| 170 | 165 | 5 |
| 210 | 205 | 6 |
| 250 | 245 | 7 |
| 290 | 285 | 8 |
| 330 | 325 | 9 |
| 370 | 365 | 10 |
| 410 | 405 | 11 |
| 450 | 445 | 12 |

### 5.9.5 Salarisse

Gedurende die onderhawige tydperk was daar basies twee groe= pe onderwysers, naamlik opgeleide en onopgeleide onderwysers. Die opgeleide onderwysers het meestal oor dieselfde kwalifi= kasies beskik, naamlik 'n driejarige opleidingskursus aan 'n opleidingskool. Daar was dan ook 'n duidelike verskil tus= sen die salarisse van die opgeleide en die onopgeleide on= derwysers. Slegs enkele onderwysers het oor 'n hoër onderwys= kwalifikasie beskik as die derdeklas onderwysersertifikaat. Hulle salarisse is ook dienooreenkomstig aangepas. Die by= komende bedrag vir laasgenoemde kategorie onderwysers is deur die Direkteur vasgestel op 'n maksimum van R36,00 per jaar vir manlike en R24,00 per jaar vir vroulike onderwy=

163) SCHOLTZ, op. cit., p. 115.

sers.[164] Die onopgeleide onderwysers se salarisse was op R48,00 per jaar vasgestel en indien daar geen klagtes teen hulle ingedien is nie, is hulle salaris met R6,00 per jaar verhoog.[165] Die opgeleide onderwysers is in twee groepe verdeel, naamlik diegene wat voor 1932 aangestel is en per= sone wat na 1932 aanstellings ontvang het. Eersgenoemdes het 'n beginsalaris van R84,00 per jaar ontvang terwyl dié wat na 1932 aangestel is slegs 'n salaris van R60,00 per jaar ontvang het - dit was as gevolg van die ekonomiese depres= sie.[166]

Soms is daar by sendingskole onderwys verskaf nadat stan= derd 4 afgelê is. Die goedkeuring van die Direkteur moes egter daarvoor verkry word en twee-derdes van die salarisse van die onderwysers wat hierdie klasse waargeneem het, is deur die Administrasie betaal. Die betrokke sendinggenoot= skap moes die ander derde van die salaris betaal. By die salaris is die waarde van 'n gratis huis, voedsel en losies ingereken.[167]

Vanaf 1936 het die staat bydraes gemaak vir die salarisse van alle gekwalifiseerde onderwysers by die gewone skole. Dié bydraes is in 1945 uitgebrei tot alle gekwalifiseerde onderwysers van dagskole, nywerheidskole, opleidingskole en

164) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Offisiële Koerant. G.K. nr. 129 van 1926</u>, reg. 17 (d).
165) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid= wes-Afrika</u>, dl. I, p. 39.
166) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Rapport aangaande SWA 1934</u>, p. 5.
167) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926</u>, art. 150.

seuns- en dogterskole asook aan Distriksinspekteurs wat in die diens van die sendinggenootskappe was.[168)]

Die salarisskale van die onderwysers wat aan sendingskole verbonde was is in 1938 hersien, en verdienstelike gevalle het salarisverhogings ontvang. Die maksimum salaris is toe vasgestel op R144,00 per jaar vir onderwysers met 'n stan=derd 6-kwalifikasie. In 1943 was die salarisskaal vir die=selfde onderwysers R44 x R12 - R288, en met 'n verdere op=leiding van drie jaar na standerd 6 het hulle op die skaal R216 x R16 - R360 gekom.[169)] Gedurende 1951 is die nuwe salarisse wat vanaf 1 Januarie 1951 in werking getree het, bekend gemaak. Daar is toe volgens kwalifikasies onderskei tussen vyf kategorieë van onderwysers vir beide mans en vroue. Die salarisskale vir die verskillende kategorieë word in tabel 5.10, p. 204 aangetoon.

Die salarisse van die hoofonderwysers by die sendingskole was in ooreenstemming met dié vir assistentonderwysers, maar daar is aan hoofde bykomstige toelaes betaal volgens die aantal leerlinge wat in die skool was. Die bykomstige toe=laes wat betaalbaar was, word in tabel 5.11 (p.205) aangedui.

168) INTERNATIONAL COURT OF JUSTICE. South West Africa cases, p. 439.

169) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Offisiële Koerant. G.K. nr. 129 van 1926, soos gewysig deur Offisiële Koerant. G.K. nr. 191 van 1947.

TABEL 5.10

SALARISSKALE VAN MANLIKE EN VROULIKE ONDERWYSERS VOLGENS KATEGORIEË, 1951 [170)]

| Kwalifikasie | Kate=gorie | Salarisskaal Mans | Salarisskaal Vroue |
|---|---|---|---|
| Laer as st. 6 | 1 | R120 x 8 - R168 | R120 x 8 - R168 |
| Gelykstaande aan st. 6 | 2 | 192 x 12 - 336 | 168 x 12 - 288 |
| Goedgekeurde een=jarige kursus na st. 6 | 3 | 204 x 12 - 348 | 180 x 12 - 300 |
| Goedgekeurde twee=jarige kursus na st. 6 | 4 | 216 x 12 - 360 | 192 x 12 - 312 |
| Goedgekeurde drie=jarige kursus na st. 6 | 5 | 222 x 12 - 372 | 204 x 12 - 336 |

Die salarisse van onderwysers is weer met ingang 1 April 1953 verhoog en verdere aanpassings is gemaak gedurende 1954. [171)] Die Kommissie van 1958 het aanbeveel dat die salarisskale vir swart onderwysers deur die hele gebied dieselfde moes wees en dat die diensvoorwaardes oor die alge=

170) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Offisiële Koerant. G.K. nr. 6 van 1951. Vgl. ook SCHOLTZ, op. cit., p. 119 en SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 70.

171) SCHOLTZ, op. cit., pp. 119-120.

meen verbeter moes word.[172] In 1958 het daar verdere ka=
tegorie-indelings gekom. Behalwe die vyf kategorieë wat in
1951 ingestel is, het die volgendes bygekom: vier jaar na
standerd 6, vyf jaar na standerd 6 en ses jaar na standerd
6. Hierdie bykomende kategorieë het, afgesien van die hoër
algemene salarisse, ook hoër salarisskale meegebring.[173]

Daar het in 1961 weer eens salarisverhogings gevolg.[174]

TABEL 5.11

BYKOMSTIGE TOELAES AAN HOOFONDERWYSERS VOLGENS LEERLING=
TALLE, 1951[175]

| Getal leerlinge | Bykomstige jaarlikse toelaag |
|---|---|
| 20 - 49 | R16,00 |
| 50 - 99 | R30,00 |
| 100 - 149 | R48,00 |
| 150 - 199 | R72,00 |
| 200 en meer | R96,00 |

5.9.6 Verlof en ander diensvoordele

Behalwe vir die gewone skoolvakansies was daar nie vir ver=
lof voorsiening gemaak in die Onderwysproklamasies van 1921

172) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid=wes-Afrika, dl. I, pp. 80-81.
173) Ibid., p. 70.
174) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys 1961, p. 29.
175) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Offisiële Koerant. G.K. nr. 129 van 1926, art. 16 (b).

en 1926 nie. Daar is wel in beide die Proklamasies melding gemaak van buitengewone verlof.[176] Die Direkteur kon bui= tengewone verlof toestaan met volle betaling vir tydperke van tien dae indien hy daarvan oortuig was dat die verlof nodig was.

Vanaf 1 April 1947 is daar voorsiening gemaak vir siekte= verlof. Na elke vyf jaar onderwysdiens was 'n onderwyser ge= regtig op drie maande siekteverlof teen volle betaling, en 'n verdere drie maande siekteverlof teen half salaris.[177]

Kragtens 'n Onderwysproklamasie in 1962 kon 'n onderwyser na vyf jaar aaneenlopende diens 'n jaar studieverlof neem met kwart salaris. Na tien jaar diens kon hy 'n jaar studiever= lof kry met half salaris.[178]

'n Verdere voordeel wat die onderwysers sedert 1961 toegeval het, is die vervoertoelae wat aan onderwysers betaal is wan= neer hulle tussen SWA en Suid-Afrika gereis het. Onderwy= sers is ook vergoed vir reiskoste indien hulle binne SWA van die een na 'n ander plek verplaas is.[179]

Daar was moontlikhede vir beurse en lenings vir studente wat verder wou studeer; trouens, die Departement was gretig om

176) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwijs Proklamatie nr. 55 van 1921, art. 131. Vgl. ook Onderwys Prokla= masie nr. 16 van 1926, art. 152 (5) en SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommissie van onder= soek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, p. 71.
177) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1947, art. 8.
178) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys, 1962, p. 28.
179) SCHOLTZ, op. cit., pp. 122-123.

om studente finansieel te help sodat hulle verder kon stu= deer.[180] Die Onderwyskommissie van 1958 het aanbeveel dat daar beurse en lenings beskikbaar moes wees vir die oplei= ding van onderwysers vir die junior primêre kursus. Vanaf 1960 is daar geld bewillig vir merietebeurse, leningsbeurse en boekbeurse.[181]

5.9.7 <u>Oorplasing van onderwysers van die een skool na 'n ander</u>

Wanneer dit nodig was om 'n onderwyser van die een skool na 'n ander oor te plaas, moes die bestuurder die oorplasing reël. Die Direkteur van Onderwys kon in sekere gevalle opdrag gee dat die oorplasing gedoen word, of hy kon in ander gevalle sy goedkeuring daartoe gee nadat die onderwyser reeds oor= geplaas is.[182]

5.9.8 <u>Rondreisende onderwysers</u>

Ten einde kinders van ylbewoonde en afgeleë gebiede die ge= leentheid te bied om onderwys te ontvang, het die sendingge= nootskappe in samewerking met die Onderwysdepartement 'n stel= sel van rondreisende onderwysers ingestel. Volgens 'n vaste reisplan het dusdanige onderwysers kinders wat nie bestaande skole kon besoek nie, geleer om te lees en skryf.[183] Hier= die onderwysers is op die staat se koste opgelei, maar hulle salarisse is deur die sendinggenootskappe betaal. Daar was in 1930 54 sulke onderwysers en 60 in 1931 in diens van die

180) <u>Ibid.</u>, p. 121.
181) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. <u>Memorandum van onderwysbeleid 1960</u>, p. 35.
182) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926</u>, art. 142.
183) SUID-AFRIKA (Unie). <u>Rapport aangaande SWA 1930</u>, p. 66.

Rynse Sendinggenootskap.[184]

5.9.9 Diensbeëindiging

Onderwysers kon hulle diens beëindig deur drie kalendermaande kennis te gee, maar die bestuurder van 'n skool kon, "as die belange van sy skool nie daaronder sou ly nie", 'n korter kennisgewing as drie maande aanvaar.[185] Die Direkteur van Onderwys het die mag gehad om vir verskillende redes die diens van 'n onderwyser te beëindig. In laasgenoemde geval was die tydperk van kennisgewing ook drie kalendermaande.[186]

Daar is ook voorsiening gemaak vir diensbeëindiging in gevalle van wangedrag.[187] Die Direkteur kon 'n onderwyser skors wanneer daar redelike gronde van wangedrag bestaan het. Die bestuurder van 'n skool kon 'n onderwyser skors, maar moes daarna skriftelik in dier voege aan die Direkteur rapporteer. Die Direkteur kon dan na goeddunke die handelswyse van die bestuurder van die skool bekragtig of ter syde stel.[188] Terwyl die skorsing van 'n onderwyser van krag was, kon die saak ondersoek word, en kon daar volgens die bevinding van die ondersoek gehandel word.[189]

Wanneer onderwysers die aftree-ouderdom bereik het, het diensbeëindiging volgens 'n voorgeskrewe wyse geskied. Mans het in die reël op sestigjarige ouderdom en vroue op vyf-en-

184) SCHOLTZ, op. cit., p. 65.
185) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926, art. 140.
186) Ibid., art. 141.
187) Ibid., art. 49. Vgl. ook art. 9 van Proklamasie nr. 10 van 1934 en art. 21 van Proklamasie nr. 18 van 1943.
188) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926, art. 29 (2), (3), (4).
189) Ibid., art. 49 (7)-(12).

vyftigjarige ouderdom afgetree. [190]

5.9.10 Onderwysersvereniging vir Swartes

Na verskeie samesprekings tussen die Departement en die onderwysers is daar in Desember 1948 in Windhoek besluit om 'n Onderwysersvereniging vir Swartes in SWA te stig. Ampsdraers vir die voorgestelde Vereniging is vir een jaar gekies en daar is by die Departement van Onderwys aansoek gedoen om erkenning vir die Vereniging te verkry, Nadat sekere veranderings aan die grondwet van die Onderwysersvereniging aangebring is, het die Departement die "Suidwes-Afrikaanse Inboorlingonderwysersvereniging" verwelkom en die vertroue uitgespreek dat die Vereniging in sy doelstellings sou slaag. [191]

5.10 SKOOLSOORTE

5.10.1 Inleiding

Behalwe vir enkele privaatskole en die paar staatskole binne die reservate, was alle ander skole sendingskole. Hierdie stand van sake het die regering se goedkeuring om verskeie redes weggedra. Die sendinggenootskappe het onder andere vir die geboue en die onderwysers gesorg. Hulle het ook toegesien dat daar genoegsame inskrywings was om elke skool se stigting en voortbestaan te regverdig. Die enkele privaatskole wat daar was, was dié van die Anglikaanse Kerk en die "African Methodist Episcopal Church". Die privaatskole het nie voldoen aan die minimum vereistes wat voorgeskryf is deur die Onderwysproklamasie van 1926 nie, en het dus nie

190) Ibid., art. 145, soos gewysig deur art. 10 van Proklamasie nr. 10 van 1934 en art. 22 van Proklamasie nr. 18 van 1943.

191) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys 1948, p. 17.

gekwalifiseer vir staatsondersteuning nie. [192]

5.10.2 Staatskole

Byna alle staatskole vir die Swartes was binne die reservate geleë. Die rede hiervoor was dat die regering nie aan die sendinggenootskappe die reg gegee het om in die reservate skole op te rig nie. Die staat was dus verantwoordelik vir die oprigting en instandhouding van alle skole in die re=servate.

Indien die gemeenskap in 'n reservaat gevoel het dat daar 'n uitbreiding van die bestaande onderwysfasiliteite nodig was, kon die betrokke Inspekteur van Onderwys die saak ondersoek en die nodige aanbevelings in dier voege maak. [193] Kragtens die Onderwysproklamasie van 1926 [194] het die Administrateur die gesag gehad om skole op te rig vir swart kinders en om opleidingskole in te stel vir die opleiding van onderwysers. Dusdanige staatskole kon slegs ingestel word indien dit werk=lik nodig was en daar nie alreeds 'n sendingskool beskikbaar was nie. Die voortbestaan van 'n staatskool het gewoonlik afgehang van die leerlinginskrywing. [195]

In 1940 is daar 'n staatskool op Okakarara in die Waterberg=

192) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, pp. 236-246. Vgl. ook SUIDWES-AFRIKA (Ad=ministrasie). Verslag van die kommissie van onder=soek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, p. 52.

193) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid=wes-Afrika, dl. I, p. 53.

194) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926, art. 122.

195) Ibid., art. 122 (4) bepaal dat minstens 20 leerlinge die skool gereeld moes bywoon.

reservaat opgerig. Hierdie skool het vinnig uitgebrei.[196] Ander bestaande staatskole in die reservate het dieselfde tendens van vinnige uitbreiding vertoon. As gevolg van die vermeerdering van onderwysbehoeftes in die skole, is daar op 3 Maart 1943 'n skool begin op Omajette in die Otjihoronga=reservaat. Gedurende 1944 en 1945 is die Rynse sendingskole in die Epukiro- en Okombahereservate deur die staat oorge=neem. Na die oorname van laasgenoemde skole deur die staat het daar 'n vinnige vermeerdering van die leerlingtalle by dié skole gevolg.[197]

Die Administrasie van SWA het ten opsigte van die staatskole die verantwoordelikheid aanvaar vir die voorsiening van alle skooluitrusting en skoolbenodigdhede, die betaling van die salarisse aan die onderwysers en die verskaffing van boeke teen 'n verminderde prys. By die Augustineum was die Admini=strasie verantwoordelik vir alle uitgawes, insluitende die losies van die leerlingonderwysers.[198]

5.10.3 <u>Sendingskole</u>

Sendingskole is in die suidelike sektor deur die Administra=teur op die volgende voorwaardes erken:

* die Direkteur van Onderwys moes daarvan oortuig wees dat daar in die omgewing 'n behoefte vir die skool bestaan het;
* daar moes minstens 20 leerlinge die skool gereeld bywoon;

196) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys, 1940</u>, p. 14.
197) <u>Ibid.</u>, 1945, p. 17.
198) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid=wes-Afrika</u>, dl. I, p. 53.

* daar moes voldoende en doeltreffende akkommodasie beskik=baar wees; en
* die voortbestaan van die skool moes in die belang van die inwoners van die gebied wees. [199]

Die sendinggroep wat erkenning vir 'n skool wou hê, moes die verantwoordelikheid aanvaar om toe te sien dat die bepalings van die Onderwysproklamasie nagekom word. [200] Nadat die Administrateur toestemming vir die oprigting van 'n skool ver=leen het, was die beheer oor die skool die verantwoordelik=heid van die betrokke sendinggenootskap. Daar moes 'n be=stuurder by elke skool aangestel word en hy was verantwoor=ding aan die Direkteur van Onderwys verskuldig met betrekking tot die uitvoering van die onderwysregulasies. [201]

Die posisie in verband met die sendingskole in die noorde van die gebied (buite die polisiesone) was anders. By dié skole het die verskillende sendinggenootskappe met betrekking tot die onderwys meer selfstandig opgetree en in 'n groter mate onafhanklike beheer oor die skole uitgeoefen. Die sending=genootskappe het 'n subsidie ten behoewe van die onderwys van die Administrasie van SWA ontvang. Die toesig oor die skole is opgedra aan die Organiseerder vir swart onderwys wat op Grootfontein gesetel was. Hierdie amptenaar het onafhanklik

199) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926, art. 122 (3), (4), (5), (6). Vgl. ook SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, pp. 53-54.
200) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926, art. 126 (4).
201) Ibid., art. 130.

van die Departement van Onderwys opgetree. Hy was verant=woordelik vir die opstel van die onderwysbegroting, het be=slis oor sake rakende die onderwyspersoneel en ander onder=wysaangeleenthede. Die inisiatief vir die stigting van sko=le en die oprigting van geboue, het by die betrokke sending=genootskappe berus. [202]

5.10.4 Volwasseonderwys

In 1948 is daar begin met 'n aandskool vir volwasse Swartes te Windhoek. Die skool het voorsiening gemaak vir alle standerds tot en met standerd 6 en swart onderwysers het die klasse waargeneem. Hierdie onderwysinrigting is redelik goed ondersteun maar teen 1955 het die inskrywings so gedaal dat die skool gesluit moes word. [203] Verskeie pogings om skole vir volwasseonderwys te stig het hierna gevolg. [204] 'n Spesiale afdeling, naamlik "Volwasse-onderrig" het vanaf 1962 hierdie soort onderwys wat beoog was vir persone ouer as 14 jaar, behartig. [205]

5.10.5 Die oorskakeling van sendingskole na gemeenskapskole

Die aanvoorwerk vir die oorskakeling van sendingskole na ge=meenskapskole is in 1960 in alle erns begin. Die Admini=strasie se begroting vir die boekjaar 1961/62 het die begin van die oorskakeling van sendingskole na gemeenskapskole in die praktyk op finansiële gebied moontlik gemaak. Die oor=

202) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid=wes-Afrika, dl. I, p. 54.
203) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 240.
204) SCHOLTZ, op. cit., pp. 124-125.
205) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 240.

skakeling moes binne die perke van die beskikbare addisionele begroting, wat vir daardie doel bewillig is, bly. Sommige sendingskole het geredelik saamgewerk om die oorskakeling te laat vlot, maar andere was nog nie gereed vir die voorgestel=de veranderings nie. Die Onderwysdepartement het op daardie tydstip nog geen druk op die sendinggenootskappe uitgeoefen om na die gemeenskapskoolstelsel oor te skakel nie. Later=aan sou alle finansiële hulp ten behoewe van die sending=skole aan die sendinggenootskappe onttrek word met die gevolg dat hulle gedwing sou word om hulle skole aan die staat oor te dra. [206)]

Vanaf 1960 het die meeste sendinggenootskappe eers die ju=nior primêre en later ook die senior primêre skole en onder=wysersopleidingskole aan die staat oorgedra. Die onderwys=ontwikkeling na die oordrag was vinnig en die gevolg daarvan was dat die tekort aan onderwysers nog groter as voorheen was.

In die bestek van vyf jaar, naamlik vanaf 1958 tot 1962 het 21 persent van die skole in die suidelike deel en 52 persent van die skole in die noordelike deel gemeenskapskole geword. In Ovamboland was 74 persent van alle skole in 1962 gemeen=skapskole. [207)]

Die buitengewoon vinnige vermeerdering van die leerlingtal wat na die oorskakeling gevolg het, het veroorsaak dat die onderwyser-leerlingratio gedurende die eerste vyf jaar van

206) Ibid., pp. 153-154.
207) Ibid., pp. 221-223.

die bestaan van die gemeenskapskole van 1 : 45,8 tot 1 : 49,4 verander het. Baie van die onderwysers wat groot klasse moes hanteer, was ongekwalifiseerd. [208)]

Daar is ook ŉ aantal nuwe gemeenskapskole op die meer afge= leë plekke gestig. Sodra daar 20 of meer leerlinge byeenge= bring kon word, het die kerk as deel van sy sendingaksie, saam met die ouers en gemeenskap ŉ skool opgerig. ŉ Onder= wyser is dan aangestel en die skool is by die Departement van Onderwys geregistreer as ŉ gemeenskapskool. [209)]

Vanaf 1960 is alle skole volgens die nuwe beleid gestig. Hiervolgens moes die ouergemeenskap (wat die skool aangevra het) die geboue voorsien en ŉ skoolkomitee moes in die lewe geroep word om die skool te bestuur. In die reservate was die prosedure anders. Die Administrasie het daar langter= mynlenings beskikbaar gestel om die nodige onderwysgeriewe tot stand te kon bring. [210)]

Die sendingskole van die Rynse Sendinggenootskap en die staatskole vir die Swartes in die reservate is vanaf 1962 omgeskep in gemeenskapskole. Die nodige inligting ten op= sigte van die nuwe bedeling is tydens vergaderings wat in die reservate gehou is aan die ouers verskaf. Die sukses van die gemeenskapskole sou grootliks afhang van die mate waarin die skoolkomitees en skoolrade hulp en leiding van bevoegde blanke amptenare sou verkry. [211)]

208) KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 346.
209) Ibid., p. 347.
210) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). U.K. - Besluit. Minute 1191, 1961-11-04.
211) SCHOLTZ, op. cit., p. 155.

Die Kommissie van 1958 het aanbeveel dat daar 'n aparte afde= ling vir swart onderwys by die Onderwysdepartement ingestel moes word om bystand te verleen met die oorskakeling van die sendingskole na gemeenskapskole.[212] Aan die hoof van die voorgestelde afdeling vir swart onderwys moes daar 'n Hoof= inspekteur wees. Op 1 September 1960 is P.J. Brand in hier= die pos aangestel.[213] Hy is bygestaan deur H.K. Hecker, 'n blanke inspekteur. Laasgenoemde persoon was spesifiek ge= moeid met die onderwys in die suidelike sektor.[214] Hulle is albei bygestaan deur twee swart opsieners van skole, naamlik A.J. Tjikenuna en M. Shipanga.[215]

5.10.6 Klassifisering van gemeenskapskole

Gemeenskapskole is geklassifiseer as skole wat deur 'n streeksraad, plaaslike of huishoudelike raad of ander swart liggaam ingestel is.[216]

Alle gemeenskapskole is deur die Onderwysdepartement tot 'n bepaalde skooltipe verklaar nadat hulle geregistreer is. Geen skool kon in aanmerking kom vir registrasie tensy die Administrateur oortuig was dat daar 'n werklike behoefte vir so 'n skool bestaan het nie. Elke skool wat gestig is, moes dus geregistreer word en by die versuim daarvan kon die be=

212) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid= wes-Afrika, dl. I, p. 119.
213) SCHOLTZ, op. cit., p. 175.
214) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Departement van On= derwys. Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 1967, p. 36.
215) SCHOLTZ, op. cit., p. 175.
216) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Offisiële Koerant G.K. nr. 57 van 1964, art. 2 (a).

trokke persoon of instansie wat die skool gestig het, skul=dig bevind word aan 'n misdryf. [217)]

Nadat 'n skool geregistreer is, kon dit as een van die vol=gende skooltipes geklassifiseer word: [218)]

* Junior primêre skool

  Dit was 'n skooltipe vir leerlinge vanaf sub. st. A tot en met st. 2.

* Senior primêre skool

  Hierdie skoolsoort het leerlinge vanaf st. 2 tot en met st. 6 geakkommodeer.

* Gekombineerde senior en junior primêre skool

  So 'n skooltipe was as't ware 'n kombinasie van die junior primêre en senior primêre skole.

* Sekondêre skool

  'n Sekondêre skool het onderwys gebied aan leerlinge na die sesde standerd.

* Onderwysersopleidingskool

  'n Onderwysersopleidingskool het leerlinge geakkommodeer wat die standerd 6-eksamen met sukses afgelê het en hulle as onderwysers wou bekwaam.

* Ambagskool

  Voorsiening is gemaak vir die opleiding van ambagsmanne in 'n ambagskool.

* Tegniese skool

  In 'n tegniese skool is daar voorsiening gemaak vir een of meer tegniese kursusse asook vir handelskursusse.

217) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Ordonnansie nr. 27 van 1962, art. 105 (1), (2), (3).
218) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Offisiële Koerant G.K. nr. 57 van 1964, art. 2 (a).

## 5.11 FINANSIERING VAN DIE ONDERWYS

Die finansiering van die onderwys was die verantwoordelik= heid van die Administrasie en dit het grotendeels die vol= gende ingesluit: die oprigting en instandhouding van staat= skole en koshuise, salarisse van onderwysers, onderwysfasi= liteite na matrikulasie buite SWA, subsidiëring van skool= boeke en subsidies aan die sendinggenootskappe ten behoewe van die onderwys. Verdere finansiële bydraes het van die sendinggenootskappe en van die gemeenskappe van die tuis= lande gekom. Afsonderlike voorsiening is jaarliks vir die onderwys onder die pos "Onderwys" in die begroting van die Administrasie gemaak.

Daar was verskillende wyses waarvolgens die onderwys van die suidelike en die noordelike sektore gefinansieer is. In die suidelike sektor het die Administrasie die finansiële ver= antwoordelikheid ten opsigte van staatskole aanvaar betref= fende die skooltoerusting asook vir 'n gedeelte van die skool= boeke. By die sendingskole is 'n toelae vir die instandhou= ding van die geboue deur die Administrateur aan die sending= genootskappe toegestaan, maar die genootskappe moes self sorg vir geskikte geboue. Skole wat nie deur die Direkteur van Onderwys erken is nie, is geheel en al op die koste van die sendinggenootskappe instand gehou.

In die noordelike sektor het die Administrasie slegs bygedra tot die instandhouding van sekere onderwysinrigtings van die sendinggenootskappe. Die bydraes van die Administrasie is hoofsaaklik aangewend ten behoewe van die onderwysers se

salarisse, inspeksiereise en geboue. [219]

Die uitgawes van die Suid-Afrikaanse regering ten behoewe van die onderwys aan die Swartes in SWA het van R18 420,00 in 1916/17 gestyg tot R69 800,00 in 1920/21, met ander woorde, 379 persent binne vier jaar. Na 28 jaar, dit wil sê in 1949 het die Suid-Afrikaanse regering meer as R1 000 000,00 bestee aan onderwysvoorsiening aan Swartes in SWA. [220]

Nadat die staat in 1943 die Augustineum van die Rynse Sendinggenootskap oorgeneem het, was die staat verantwoordelik vir die finansiering van die onderwysersopleiding by dié inrigting. Daar is alreeds in die Onderwysproklamasie van 1926 voorsiening gemaak vir dusdanige moontlike bykomende onkostes. [221]

Gedurende die oorlogsjare (1939-1945) is daar R1 034 326,00 betaal vir die oprigting van skole vir Swartes. In 1944 is daar begin met 'n voedingskema en vir die jaar 1946/47 het hierdie diens R1 720 000,00 bedra. [222]

Die bydraes van die staat moes voortdurend verhoog word om

219) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika, dl. I, pp. 55-56. Vgl. ook SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Jaarrapport van die Direkteur van Onderwys, 1951, p. 37.

220) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede oor Suidwes-Afrika 1962-63, p. 220.

221) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926, soos gewysig deur art. 18 van Proklamasie nr. 18 van 1943.

222) SOUTH AFRICA (Republic). Department of Information. South West Africa and the Union of South Africa. The history of a Mandate, p. 102.

tred te kon hou met die steeds stygende onkostes. In die tabel 5.12, word daar aangedui hoe die koste per leerling in die suidelike deel vir die tydperk 1940-1960 vermeerder het.

TABEL 5.12

DIE STAAT SE BYDRAE PER LEERLING, 1940-1960 [223)]

| Jaar | Bedrag in R wat per leerling bygedra is |
|---|---|
| 1940 | 6,18 |
| 1945 | 12,16 |
| 1950 | 18,11 |
| 1955 | 23,08 |
| 1960 | 27,33 |

In die reservate is die skole wat deur die stamraad of re= servaatraad gestig is ook deur die Administrasie gesubsi= dieer. [224)] Die Administrateur kon die subsidies na goed= dunke verminder, vermeerder óf staak. [225)] Die subsidies vir dié skole is direk aan die reservaat- of stamraad uit= betaal en nie aan die skole nie. Daar moes voortdurend by= komende koshuise in die reserwes opgerig word en die Onder= wysdepartement het jaarliks aan die stamfondse 'n per kapita bedrag vir die doel uitbetaal. Hierdie bedrag is kwartaal= liks bereken volgens die aantal leerlinge wat die skole ge=

223) SCHOLTZ, op. cit., p. 90.
224) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysordonnansie, nr. 27 van 1962, art. 101 (1) (a).
225) Ibid., 102 (2).

reeld bygewoon het.[226] Daar was 'n groot verskil tussen die bedrae geld wat by wyse van subsidies deur die staat uitbetaal is aan die suidelike en die noordelike sektore. In die noordelike sektor is daar in 1958 vir 18 350 leer= linge R72 234,00 goedgekeur, dit wil sê R3,94 per leerling. In dieselfde jaar is daar R255 646,00 vir 8 701 leerlinge in die suidelike sektor goedgekeur, naamlik R29,38 per leer= ling. Die gevolg van hierdie verskil was dat die onderwy= sers in die noordelike sektor se salarisse ongeveer die helfte minder was as dié van hulle kollegas in die suidelike sektor. Daar was dan ook 'n groter tekort aan onderwysers in die noordelike sektor as in die suidelike sektor.

Volgens die aanbevelings van die Kommissie van 1958 moes die Administrasie van SWA al die kostes van die onderwys aan die Swartes betaal. Dié verpligtings het die volgende inge= sluit: salarisse van onderwysers, meubels, skooltoerusting, instandhouding van skoolgeboue en toekennings aan sending= genootskappe. Volgens die begroting van 1958/59 van die Administrasie is R328 000,00 in daardie jaar begroot vir swart onderwys. Hierdie bedrag is gelykstaande aan 12,6 persent van die totale bedrag wat in die begrotingspos vir onderwys voorsien is. Die geldelike voorsiening vir swart onderwys was gelykstaande aan 1,1 persent van die totale landsbegroting vir 1958/59.[227]

Geen belastings is van die Swartes gehef nie. Daar was ook

226) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid= wes-Afrika, dl. I, p. 72.
227) Ibid., pp. 130-132.

geen regstreekse heffings ten behoewe van die onderwys nie en die swart gemeenskappe is ook nie aangemoedig om bydraes ten behoewe van die onderwys te maak nie. Die Kommissie van 1958 het hierdie toedrag van sake as opvoedkundig ongesond beskou omdat dit verhinder het dat die ouergemeenskappe 'n verantwoordelikheidsin ten opsigte van die onderwys van hul kinders ontwikkel. [228)]

Indien daar met die stelsel van gemeenskapskole 'n groter aandeel en verantwoordelikheid aan die plaaslike gemeenskappe toegeken kon word, sou daar verwag kon word dat daar groter verantwoordelikheid ten opsigte van die onderwys aan hulle kinders van die kant van die ouers sou wees. Tydens die oorskakeling van die sendingskole na die stelsel van gemeen=skapskole sou die Administrasie aanvanklik die kostes dra. Die kostes sou egter geleidelik die verantwoordelikheid van die gemeenskappe word en die Administrasie sou mettertyd onthef word van dié finansiële las. [229)]

Volgens <u>Onderwysordonnansie nr. 17 van 1962</u> kon die Admini=strateur van tyd tot tyd skole vir Swartes, naamlik "staats-inboorlingskole" stig en in stand hou. [230)] Die Administra=teur kon enige skool wat deur 'n reservaatraad, stamraad of gemeenskap gestig en in stand gehou is, subsideer. [231)] Die salarisse en toelaes van die onderwysers in die staatsonder=

228) <u>Ibid</u>., p. 133.
229) <u>Ibid</u>., pp. 132-137.
230) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Onderwysordonnansie nr. 27 van 1962</u>, art. 101 (1) (a).
231) <u>Ibid</u>., art. 102 (1) (a), (b).

steunde skole is deur die Administrasie betaal. [232] Daar is voorts voorsiening gemaak vir 'n hele aantal beurse aan Swartes vir verdere naskoolse opleiding [233] en daar is ook voorsiening gemaak vir die onkostes wat die skoolraadslede in die uitvoering van hulle pligte moes aangaan. [234]

## 5.12 KRITIESE BESKOUING

### 5.12.1 Enkele gebreke met betrekking tot die onderwys aan Swartes, 1933-1962

Die gevolg van die onoordeelkundige beplanning en die ver=deelde beheer oor die onderwys, was daar in sommige reser=vate met groot bevolkingskonsentrasies gedurende die perio=de 1933-1962 nog geen skole nie. Daar was voorts 'n dring=ende behoefte aan senior primêre skole in die reservate as=ook in die noordelike gebiede. In die Kaokoveld het daar ten spyte van die feit dat die ouers graag onderwysgeleent=hede vir hulle kinders wou hê feitlik geen onderwysfasili=teite bestaan nie en ongeletterdheid was aan die orde van die dag. Op die boereplase was daar ook nie voldoende voor=siening gemaak vir onderwys aan die kinders van die plaas=arbeiders nie. Families het soms van die plase na plekke waar daar wel onderwysfasiliteite bestaan het getrek. [235]

In baie gevalle kon die sendingleraar nie sy kerklike plig=te sowel as die bestuur van die skole behoorlik behartig nie.

232) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Offisiële Koerant G.K. nr. 56 van 1964, reg. 48 (a), (b), (c).
233) SCHOLTZ, op. cit., p. 161.
234) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Offisiële Koerant G.K. nr. 63 van 1964, reg. 48 (a), (b), (c).
235) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid=wes-Afrika, dl. I, pp. 87-88.

Die gevolg hiervan was dat die onderwyspogings daaronder ge= ly het. Daar was ook nie by die sendingskole 'n pos van "prinsipaal" nie, maar slegs vir 'n "eerste onderwyser". Daar was ook geen status of verhoogde salaris aan laasge= noemde pos verbonde nie. Hierdie reëling by die sending= skole het dus enige ideale vir bevordering by die onderwy= ser ontneem. (By die staatskole was daar wel 'n pos van prinsipaal.) 'n Verdere probleem by die sendingskole was dat die onderwysers onseker was oor wie werklik hulle werk= gewer was - die Onderwysdepartement of die bestuurder van die skool. Sendingbeheer oor die skole het verhoed dat die ouers 'n aandeel kon hê in die beheer en bestuur van skool= sake.[236)]

Die wyse waarop die klasse ingedeel is, was nie aanvaarbaar nie. Die Kommissie van 1958 kon nie die waarde insien van die spesiale "klein a"-klas nie. Dit was 'n vreemde verskyn= sel in die onderwys en dit het ook geen opvoedkundige be= tekenis gehad nie. Die gevoel was dat 'n kind liefs twee jaar in sub-standerd A kon bly as hy nie bekwaam was om be= vorder te word na sub-standerd B nie.

Daar was ook die vreemde verskynsel in die noordelike gebiede dat leerlinge na standerd 2 vir nog vier jaar kon leer, maar dan was die verskillende jaarklasse bekend as klasse I, II, III en IIIB. Die onderwysstelsel het voor 1958 geen ge= leenthede gebied om die skoolopvoeding en die toekomstige loopbane van die leerlinge te koördineer nie, veral omdat

236) Ibid., p. 81.

dit die skool se hooffunksie was om ongeletterdheid te be=stry. Benewens opleidingskursusse vir voornemende onderwy=sers of verpleegsters was daar min geleentheid vir jòng men=se om verder te studeer.[237]

Die Inspektoraat het nie en kon ook nie jaarliks 'n besoek by elke skool aflê nie. Die voorskrifte van die inspekteur en dié van die Organiseerder van swart onderwys het dikwels verskil, en dit het die onderwysers verwar. Die Organi=seerder van swart onderwys het in die noordelike dele aan=sienlike vryheid van beheer asook vryheid van beleid ge=had.[238]

### 5.12.2 Enkele voordele wat die onderwys aan Swartes ingehou het

Ten spyte van die gebreke was daar steeds 'n uitbreiding van die werksaamhede van die verskillende sendinggenootskappe met betrekking tot die onderwys, veral in die noordelike ge=biede. In 1957 het die N.G.-Sending 'n terrein verkry op Ohopoho in die Kaokoveld en 'n hospitaal asook 'n junior se=kondêre skool aldaar opgerig. In 1958 het die eerste blan=ke onderwyser by bogenoemde skool diens aanvaar.[239] Die sendingpoging onder die Boesmans het intussen 'n aanvang ge=neem en die eerste sendeling, F.H. Weich, het op 10 Novem=ber 1961 op Tsumkwe met sy werksaamhede begin en onder an=dere 'n skool geopen en die leerlinge Afrikaans leer lees.[240]

237) Ibid., p. 79.
238) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom=missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid=wes-Afrika, dl. I, p. 81.
239) KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 117.
240) Loc. cit.

Die Rooms-Katolieke Kerk het binne die blanke gebiede in die noorde groot sendingskole opgerig waarheen leerlinge gratis vervoer is om skoolonderwys te ontvang. Met inbegrip van die kinders in Ovambo en Kavango het dié kerk sowat 4 000 kinders in koshuise versorg. Hierdie kinders het skoolon= derrig sowel as 'n gesonde algemene Christelike opvoeding ontvang. Om die kostes van die skole te bestry, het dié sendinggenootskap probeer om 'n aantal plase winsgewend te bestuur. 241) In die Okavango het die Rooms-Katolieke Sen= dinggenootskap te Djiriku 'n skool opgerig, 242) waarvan Bruwer geskryf het dat die sendingwerk langs die Kavango= rivier een van die merkwaardigste prestasies van die twin= tigste eeu was. 243) Die Kommissie van 1958 het in sy ver= slag soos volg oor die onderwyswerksaamhede van die sende= linge geskryf: "Wat veral lofwaardig is, is die feit dat die leerlinge nie net skoolopleiding kry nie, maar ook deeg= lik afgerig word in tuinbou en ander handvaardighede". 244) Twee van die opvoedingsbeginsels van die Katolieke veral in die Kavango was dan ook "erziehung zur Arbeit" en "nicht su viel Lernen". 245)

Die Finse Sendinggenootskap het in 1952 die eerste sekon= dêre skool in die noorde van SWA by Oshigambo geopen. 246)

241) <u>Ibid</u>., p. 126.
242) SUID-AFRIKA (Republiek). <u>Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63</u>, p. 218.
243) BRUWER, J.P. van S. <u>South West Africa. The Disput= ed Land</u>. p. 79.
244) KRITZINGER, <u>op. cit</u>., vol. I, p. 345.
245) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid= wes-Afrika</u>, dl. I, p. 51.
246) VOIPIO, R. <u>Kontrak soos die Ovambo dit sien</u>, p. 11.

Teen 1958 was daar alreeds handwerkskole vir seuns en mei= sies en altesaam 81 primêre skole en 18 kosskole vir hoër of gespesialiseerde onderwys.[247] In verband met die drukkery van dié genootskap het Kritzinger geskryf: "Met die een hand is die Ovambo geleer lees, maar met die ander hand is vir hulle 'n letterkunde geskep om te lees".[248]

5.12.3 Die implementering van die nuwe onderwysbeleid

Die uitbreidings en ontwikkelings met betrekking tot die on= derwysvoorsiening aan Swartes het veroorsaak dat die admini= stratiewe personeel aangevul moes word. Toe die Kommissie van 1958 voorstelle ten opsigte van die toekomstige onder= wysbeleid gemaak het, het hulle onder andere ook aandag ge= gee aan die eventuele vermeerdering van die administratiewe personeel wat nodig sou wees om die beleid te implementeer. Om uitvoering te kon gee aan die nuwe voorgestelde beleid, moes SWA in drie inspeksiekringe ingedeel word. Die Hoof= inspekteur vir swart onderwys moes bygestaan word deur min= stens drie blanke inspekteurs. Om die inspekteurs met hul= le administratiewe werk behulpsaam te wees, en om die skool= rade en -komitees behulpsaam te wees met allerlei admini= stratiewe take, moes daar dan drie blanke administratiewe organiseerders aangestel word. In elke kring moes daar ook 'n swart opsiener van skole wees wat die inspekteurs moes by= staan met hulle professionele dienste en voorligting.[249]

247) FINSE SENDINGGENOOTSKAP. Die Finse sendinggenootskap en die Evangeliese Lutherse Ovambo-Kavangokerk 1859-1959. 'n Eeu van genade, p. 12.
248) KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 60.
249) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kom= missie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suid= wes-Afrika, dl. I, pp. 124-126.

Die nuwe voorgestelde stelsel van gemeenskapskole het aan=vanklik 'n goeie ontvangs by alle swart bewoners van die land gekry. Toe die beamptes wat met die taak belas was om die gemeenskapskole in te stel in die reservate begin werk het, het die Herero's die Onderwysdepartement in kennis gestel dat hulle leiers nie bereid was om die nuwe stelsel te aan=vaar nie. Die Herero's is meegedeel dat die nuwe stelsel van gemeenskapskole daarop gemik was om algehele vooruit=gang vir al die Swartes te bewerkstellig. Indien hulle dit nie wou aanvaar nie, sou die vordering op onderwysgebied by die ander stamme voortgaan terwyl dit by die Herero's sou stilstaan.[250] Na verdere beraadslaging het die Herero's hulle kinders toegelaat om die skole by te woon.

Die werklike vooruitgang van die onderwys van die Swartes in SWA blyk duidelik wanneer daar op enkele statistiese ge=gewens vir 1962 gelet word (vgl. tabel 5.13), p. 229.

250) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Memorandum van die Direkteur van Onderwys, 1963-01-07.

TABEL 5.13

'N ALGEMENE BEELD VAN SWART ONDERWYS IN SWA, 1962 [251]

| | Suidelike Sektor | | | | Noordelike Sektor | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Dorp sentrums | Platteland | Tuislande | Totaal | Sesfontein en Kaokoveld | Ovamboland | Okavango | Oos-Caprivi | Totaal | Groottotaal |
| Bevolking* | 51 000 | 67 000 | 30 000 | 148 000 | 10 500 | 240 000 | 30 000 | 16 500 | 297 000 | 445 000 |
| Moontlike skoolbevolking≠ | 11 700 | 15 400 | 6 900 | 34 000 | 2 400 | 55 000 | 6 900 | 5 800 | 68 000 | 102 000 |
| Werklike skoolbevolking | 9 053 | 2 038 | 3 749 | 14 840 | 165 | 27 136 | 3 444 | 1 503 | 32 248 | 47 088 |
| Persentasie bywoning | 77,37 | 13,23 | 54,33 | 43,64 | 6,87 | 49,35 | 49,91 | 39,55 | 47,42 | 46,16 |
| Getal skole | 43 | 23 | 34 | 101 | 3 | 148 | 46 | 18 | 215 | 316 |
| Gemiddeld: Leerlinge per skool | 210,53 | 88,60 | 107,11 | 146,93 | 55,00 | 183,35 | 74,86 | 83,50 | 149,99 | 149,01 |
| Getal onderwysers | 276 | 69 | 121 | 466 | 3 | 672 | 91 | 42 | 808 | 1 274 |
| Gemiddeld: Leerlinge per onderwyser | 32,80 | 29,53 | 30,99 | 31,84 | 55,00 | 40,38 | 37,87 | 35,78 | 39,91 | 36,96 |

*Bereken teen ongeveer 2 persent vermeerdering per jaar sedert 1960
≠Bereken teen ongeveer 23 persent van die totale bevolking

Die sukses wat daar alreeds in 1960 behaal is met die onderwys aan Swartes in SWA, blyk duidelik wanneer die persentasie kinders van "skoolgaande" ouderdom vergelyk word met dié in enkele ander Afrikastate (vgl. tabel 5.14), p. 230.

251) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 248.

TABEL 5.14

PERSENTASIE KINDERS VAN SKOOLGAANDE OUDERDOM WAT SKOLE BE= SOEK HET IN ENKELE AFRIKASTATE IN 1960 [252]

| Staat | Persentasie kinders tussen 5-19 jarige ouderdom wat skole besoek het |
|---|---|
| Algerië | 23 |
| Angola | 7 |
| Botswana | 29 |
| Ethiopië | 13 |
| Ghana | 28 |
| Kenia | 35 |
| Kongo (Brazzaville) | 33 |
| Kongo (Leopoldville) | 31 |
| Lesotho | 57 |
| Liberië | 12 |
| Malawi | 29 |
| Nigerië | 25 |
| Soedan | 9 |
| Somalië | 4 |
| Suidwes-Afrika | 46 |
| Swaziland | 39 |
| Tanzanië | 14 |
| Uganda | 14 |

Dit blyk dus dat die gemeenskapskole inslag gevind het en geen afbreuk gedoen het aan die sendingaktiwiteite nie. Die ouers het op hulle beurt hulle samewerking gegee en nie af= sydig teenoor die onderwys gestaan nie. Die staat het die nodige leiding en finansiële hulp gegee. Hierdie vennoot= skap tussen die ouers, sendelinge en staat was tot die voor= deel van die ontwikkeling van die onderwys aan die Swartes in SWA.

252) Ibid., p. 244.

## 6. DIE UITBREIDING VAN DIE ONDERWYS, 1962-1970

### 6.1 INLEIDING

Vanweë die wêreldwye belangstelling in SWA en die steeds toenemende vraag na skoolonderwys deur die swart volke, het die onderwys vanaf 1963 steeds uitgebrei. Die verskillende belanghebbende samelewingsverbande, naamlik die ouergemeen=skappe, die sendinggenootskappe, die Administrasie van SWA en die Suid-Afrikaanse regering, het in belang van die on=derwys hegter begin saamwerk.

Die Staatspresident van die RSA het op 11 September 1962 'n Kommissie onder die voorsitterskap van F.H. Odendaal [1] be=noem met die opdrag om 'n "... deurtastende ondersoek in te stel na die verdere bevordering van die stoflike en morele welsyn en die sosiale vooruitgang na die inwoners van Suid=wes-Afrika en wel meer bepaald die Nie-blanke groepe". [2]

Die Odendaalkommissie het in die lig van sy opdrag die on=derwys aan die Swartes indringend ondersoek en in 1964 'n verslag in dier voege uitgebring. In die verslag het hulle 'n duidelike beeld van die ontwikkeling van die onderwysdien=ste tot op daardie stadium gegee. Hulle het ook sekere ge=volgtrekkings en aanbevelings gemaak.

Die onmiddellike gevolg van die bevindings en aanbevelings van die Odendaalkommissie was dat die Onderwysmemorandum van

1) Die Kommissie staan as die Odendaalkommissie bekend en die verslag wat uitgebring is, is bekend as die Oden=daalsverslag.
2) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 1.

1960 hersien en gewysig moes word. Die wysigings is vervat in Onderwysordonnansie nr. 27 van 1962. Die nuwe en gewy= sigde regulasies het op 15 Desember 1963 van krag geword. [3)]

## 6.2 JURIDIESE GRONDSLAG VAN DIE ONDERWYS

Die skolestelsel vir die Swartes in SWA was in 1960 nog in ooreenstemming met die skolestruktuur wat in die RSA gegeld het.

Die Administrasie van SWA moes volgens die nuwe beleid voor= siening maak vir die volgende soorte onderwysinrigtings:

* Primêre skole
* Sekondêre skole
* Onderwysersopleidingskole
* Vakopleidingskole
* Inrigtings vir volwasseopvoeding.

Primêre skole is geklassifiseer as Junior Primêre Skole (sub-standerd A tot standerd 2) en Senior Primêre Skole (standerd 3 tot standerd 6).[4)] Vir die stigting van die Junior Pri= mêre Skole moes daar so 'n konsentrasie van ouers en kinders van skoolgaande ouderdom wees dat dit nie nodig sou wees om koshuisakkommodasie beskikbaar te stel nie. Die ouergemeen= skappe moes deur die bemiddeling van die skoolkomitees die nodige fasiliteite daarstel en sorg dra vir 'n minimum leer= linginskrywing van twintig leerlinge. [5)]

3) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Witboek, 1962/63, p. 28.
4) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Memorandum van onderwysbeleid 1960, pp. 28-29. Vgl. ook RUPERTI, op. cit., p. 87.
5) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Memorandum van onderwysbeleid 1960, p. 29.

Die volgende voorwaardes is gestel vir die oprigting van Senior Primêre Skole:

* Die skoolrade moes bepaal waar die skole geleë moes wees.
* Die skoolrade moes die nodige fasiliteite en koshuise ver=skaf.
* In elkeen van die 17 reservate moes slegs een Senior Pri=mêre Skool opgerig word asook een elk in die Okavangoge=bied en in Ovamboland.
* Wanneer daar 'n Senior Primêre Skool in 'n stedelike woon=gebied vir Swartes gestig moes word, moes daar genoeg ouers woonagtig wees sodat dit nie nodig sou wees om 'n koshuis op te rig nie. [6]

Sekondêre skole is in twee kategorieë ingedeel, naamlik Junior Sekondêre skole, wat 'n driejarige opleiding na stan=derd 6 moes voorsien en Senior Sekondêre Skole. Daar kon slegs een Junior Sekondêre Skool vir elkeen van die Nama-, Herero- en Ovambobevolkingsgroepe gestig word. Geen voor=siening is gemaak vir die oprigting van Junior Sekondêre skole in stedelike woongebiede vir Swartes nie.

Vir die senior sekondêre kursus is daar nie aparte sekon=dêre skole opgerig nie. Hierdie kursus is aangebied aan die inrigtings waar onderwysers opgelei is.

Die onderwysersopleidingskole het voorsiening gemaak vir 'n tweejarige onderwyserskursus na standerd 6 of 'n tweejarige kursus na die Juniorsertifikaat. Dusdanige inrigtings moes staatsinrigtings wees en die aantal is beperk tot een in die suide, naamlik die Augustineum, en een in die noorde, naam=

6) <u>Loc. cit</u>.

lik by Ondongua. [7]

Die beleid het daarvoor voorsiening gemaak dat vak- en land=bouopleiding gegee kon word wanneer die behoefte daarvoor ontstaan het.

Die volgende beginsels het as grondslag gedien vir die on=derwys aan Swartes in SWA: [8]

- Die onderwys moes 'n Christelike karakter hê.
- Die onderwys moes dien om die swart gemeenskappe te ont=wikkel.
- Die swart gemeenskappe moes aangemoedig word om daadwerk=lik belang te stel in die opvoeding van hul kinders. Die gemeenskappe moes 'n aandeel hê in die skoolbeheer en moes ook finansiële bydraes maak ten behoewe van die onderwys van hulle kinders.
- Die moedertaal moes onderrig word en moes ook as voertaal dien.

## 6.3 BEHEER OOR DIE ONDERWYS

### 6.3.1 Algemeen

Die voorstelle van die Kommissie van 1958 met betrekking tot die beheer oor die onderwys aan Swartes, is in die _Memoran=dum van onderwysbeleid, 1960_ uiteengesit. [9]

Die staat het op sekere voorwaardes alle sendingskole oorge=neem. Vir die skole waar blanke personeel noodsaaklik was, is 'n Adviesraad aangestel. Die kerk aan wie 'n skool behoort het, het verteenwoordiging op die Adviesraad gekry. Dusda=nige skole het onder die direkte beheer van die Onderwysde=partement geressorteer en is as staatskole geklassifiseer.

7) _Loc. cit._
8) _Ibid._, p. 29.
9) _Ibid._, pp. 31-34.

Skole waar daar geen blanke personeel was nie, is aan die ouergemeenskappe oorgedra en is geklassifiseer as gemeenskap=skole. Dusdanige skole is plaaslik beheer en geadministreer deur komitees en rade waarop Swartes gedien het.

Sendingskole wat nie aan die staat oorgedra is as gemeenskap=skole nie, het geen staatshulp ontvang nie en is as privaat=skole geregistreer. Die privaatskole was egter onderhewig aan departementele inspeksies en moes die sillabusse van die Onderwysdepartement volg.

Plaasskole was onder die beheer en bestuur van die plaaseie=naar of sy verteenwoordiger, en is as staatsondersteunde skole geklassifiseer. [10]

## 6.3.2 Sentrale beheer

### 6.3.2.1 SWA Onderwysdepartement

Swart onderwys het in die begin van die sestigerjare 'n apar=te afdeling van die struktuur van die SWA Onderwysdeparte=ment geword met 'n eie Hoofinspekteur. [11] Die personeel verbonde aan die afdeling vir swart onderwys, het uit 'n blanke Hoofinspekteur van Skole, twee blanke inspekteurs, twee blanke administratiewe organiseerders en twee swart op=sieners van skole bestaan. [12]

Nadat die Kommissie van 1962-63 ondersoek ingestel het na onderwysaangeleenthede in SWA, het hulle ook aanbevelings gemaak insake die beheer oor en organisasie van die onder=

10) SCHOLTZ, op. cit., p. 153.
11) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Memorandum van onderwysbeleid 1960, p. 33.
12) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 246.

wys aan Swartes. Die Kommissie het onder andere aanbeveel dat die verdere ontwikkeling en finansiering van die onder= wys en die bestaande onderwysdienste vir die Swartes, die direkte verantwoordelikheid moes word van die regering van die RSA. 13)

6.3.2.2 <u>Departement van Bantoe-onderwys van die RSA</u>

Die Kommissie van 1962-63 het aanbeveel dat die onderwysdien= ste vir die Boesmans, Damaras, Herero's, Tswanas, Kaokovel= ders, Ovambo's, Okavango's en Oos-Capriviane ingeskakel moes word by die organisasie van die Departement van Bantoe-onder= wys van die RSA. Swart onderwys in SWA moes in die praktyk onder 'n Streeksdirekteur, bygestaan deur die nodige gespesia= liseerde personeel funksioneer. 14) Dit is interessant om daarop te let dat die Namas nie ingesluit is in die boge= noemde groepe nie. Hierdie bevolkingsgroep wat op onderwys= gebied tot op daardie stadium (1962) geressorteer het onder die swart bevolkingsgroepe van SWA, sou voortaan ingeskakel word by die organisasie van die Departement van Kleurlingsa= ke van die RSA.

Die Onderwysordonnansie van 1962 het daarvoor voorsiening ge= maak dat die Administrateur, wanneer hy dit nodig geag het, 'n "Adviesraad vir Inboorlingonderwys" kon aanstel. 15) Die Adviesraad se funksie was om die Direkteur van Onderwys te adviseer in sake rakende die onderwys.

13) <u>Loc. cit.</u>
14) <u>Ibid.</u>, pp. 261-262.
15) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). <u>Onderwysordonnansie, nr. 27 van 1962</u>, art. 99 (1).

In 1969 is die swart onderwys van SWA deur die Departement van Bantoe-onderwys van die RSA kragtens Wet nr. 25 van 1969 oorgeneem. 'n Streekskantoor is onder die direkte beheer van die Hoofinspekteur van Onderwys in Windhoek geopen.

#### 6.3.2.3 Die Departement van Onderwys en Kultuur van Ovamboland

Dit dien hier vermeld te word dat Ovamboland oor 'n eie Departement van Onderwys en Kultuur beskik het. Die Departement van Onderwys en Kultuur is verantwoordelik vir die beheer oor en die administrasie van die onderwys, asook vir die voorsiening van geboue, meubels en toerusting. Die Departement van Bantoe-onderwys van die RSA was in Ovamboland slegs verantwoordelik vir die onderwysbeleid, die vakkundige beheer oor eksamens, sillabusse, kursusse, onderwysstandaarde en aanverwante sake. [16] Daar was dus in die praktyk twee beheerstrukture oor die onderwys van die Swartes in SWA, naamlik dié in die blanke gebiede wat direk onder die Administrasie van Bantoe-onderwys van die RSA geval het, en dié in Ovamboland waarvoor Ovamboland se Departement van Onderwys en Kultuur verantwoordelik was.

Om na die nuwe stelsel van beheer oor te skakel, moes daar verskeie nuwe poste geskep word. Die diensstaat vir swart onderwys in SWA was op 31 Desember 1969 soos uiteengesit in tabel 6.1, p. 238.

Die Hoofinspekteur van Onderwys soos aangedui in onderstaande tabel (6.1) is later vervang deur 'n Streeksdirekteur van Onderwys.

16) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Bantoe-onderwys. Jaarverslag vir die kalenderjaar 1969, p. 6.

TABEL 6.1

DIENSSTAAT VIR ADMINISTRATIEWE PERSONEEL IN SWA EN OVAMBO=LAND [17)]

| Benaming van pos | SWA | Ovamboland |
|---|---|---|
| Direkteur van Onderwys | | 1 |
| Hoofinspekteur van Onderwys | 1 | |
| Inspekteur van Onderwys | 3 | 3 |
| Vakinspekteur (Spesiale vakke) | 1 | |
| Onderwysbeplanner | | 1 |
| Assistent-inspekteur van Onderwys | | 7 |
| Administratiewe beampte | 1 | |
| Administratiewe assistent | 4 | |
| Eerste klerk | | 1 |
| Organiseerder van spesiale vakke | | 1 |
| Klerklike assistent | 2 | |
| Vertaler | | 1 |
| Klerk Graad-I | | 2 |
| Klerk Graad-II | 3 | 13 |
| Tikster | 1 | |
| Swart assistent-inspekteur | 3 | |
| Bode | 1 | 1 |
| Swart arbeider | 3 | |
| | 23 | 31 |

### 6.3.3 Plaaslike beheer

#### 6.3.3.1 Skoolrade

ʼn Skoolraad is saamgestel vir ʼn groep skole wat in ʼn bepaal=de gebied geleë was. Al die lede van ʼn skoolraad is Swartes en is soos volg benoem: drie lede deur die skoolkomitees van die gebied, twee lede deur die stamraad of die hoofman van die gebied, een lid deur die kerk wat hoofsaaklik in die

17) Opgestel uit gegewens uit jaarverslae van die Departe=ment van Bantoe-onderwys.

gebied werksaam was en een lid deur die Direkteur van Onder=wys. Wanneer die skole in stedelike swart woonbuurtes geleë was, het die betrokke stadsraad die lid benoem wat andersins deur die stamraad of hoofman benoem sou word. Die skoolrade was statutêre liggame en het hulle voorsitters uit eie ge=ledere gekies. [18)]

Die belangrikste funksies van skoolrade was om te let op die verspreiding van skole; die voorsiening van skoolgeboue met of sonder staatshulp; die indiensneming en ontslag van on=derwysers; die administrering van skoolraadsgelde; toesig=houding oor die fondse van skoolkomitees en om die Onderwys=departement in te lig en te adviseer in verband met sake ra=kende die skole onder hulle beheer. [19)]

Die Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede van SWA van 1962-63 het die voorafgaande reëlings onderskryf. Hierdie Kommissie het onder andere beweer dat daar ten volle reke=ning gehou moes word met die feit dat die een gemeenskap nie die onderwysdienste van ander gemeenskappe moes beheer en bestuur nie. Elke gemeenskap moes sy volle aandeel neem in die reëling van sy onderwysdienste onder leiding van die staat. Die Kommissie was oortuig daarvan dat die onderskeie groepe Swartes, met die uitsondering van die Boesmans, reeds die stadium van ontwikkeling bereik het waar 'n groter mate van deelname aan die onderwysaangeleenthede aan hulle toe=vertrou kon word. [20)]

18) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Offisiële Koerant G.K. nr. 63 van 1964, reg. (34), (35), (36).
19) Ibid., reg. (44).
20) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 246.

6.3.3.2 Skoolkomitees

Elke indiwiduele gemeenskapskool moes vanaf 1960 'n skoolkomi= tee hê wat uit die ouergemeenskap saamgestel moes word. Die skoolkomitee moes soos volg saamgestel word: twee verteen= woordigers uit die gemeentelede van die kerk waaraan die skool vantevore behoort het; drie verteenwoordigers van die plaaslike ouergemeenskap; een lid wat benoem moes word deur óf die hoofman óf die stamraad óf die stadsraad na gelang die ligging van die skool en een lid wat deur die Direkteur van Onderwys benoem moes word. 21)

Die funksies van die skoolkomitees was hoofsaaklik om sake wat die welsyn van die skool raak onder die aandag van die skoolraad te bring; die geboue in goeie toestand te hou; huisvesting vir die onderwysers te voorsien; te let op die gedrag van die personeel en om die skoolfondse te admini= streer. 22)

Deur die instelling van ouerbeheer is daar gepoog om die Swartes aktief te betrek by die onderwysaangeleenthede. Die Administrateur kon ook, indien hy dit nodig geag het, streeksrade, plaaslike of huishoudelike rade, besture of lig= game instel en die beheer of bestuur van een of meer skole aan so 'n raad of liggaam toevertrou. 23) Insgelyks kon die Administrateur bogenoemde rade, besture of liggame ontbind wanneer by dit nodig geag het. 24)

21) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Offisiële Koerant G.K. nr. 63 van 1964, reg. 2 (1) (a), (iii), (v).
22) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Memorandum van onderwysbeleid 1960, p. 32.
23) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysordonnansie nr. 27 van 1962, art. 106 (1).
24) Ibid., art. 106 (2).

## 6.4 FINANSIERING VAN DIE ONDERWYS

Nadat die aanbevelings van die Kommissie van 1958 aanvaar is, het die Administrasie 'n groot deel van die finansiële laste van swart onderwys gedra. Die Administrasie het die salaris=se van die administratiewe en onderwyspersoneel betaal en was ook verantwoordelik vir die koste verbonde aan geboue vir onderwysersopleiding en vir sekondêre en vakonderwys.

Die Administrasie het 'n aantal beurse beskikbaar gestel, onder andere merietebeurse, vir verdienstelike leerlinge. Leningbeurse vir losies is aan alle leerlinge beskikbaar ge=stel wat as onderwysers opgelei wou word. [25)]

Die munisipaliteite het die geboue voorsien wat in stedelike swart woongebiede opgerig is vir onderwysdoeleindes. Die ouergemeenskappe het die geboue in die reservate en in die gebiede buite die polisiesone voorsien. [26)]

Die bedrae wat bestee is aan die lopende uitgawes word in tabel 6.2 aangetoon.

TABEL 6.2

NIE-KAPITALE UITGAWES, 1963/64 - 1967/68 [27)]

| | Noordelike Sektor | | | Suidelike Sektor | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Boekjaar | Totaal | Leerling=tal | Per kapita | Totaal | Leerling=tal | Per kapita |
| 1963/64 | R449 588 | 32 533 | R13,82 | R461 915 | 16 764 | R27,55 |
| 1964/65 | R479 859 | 37 619 | R12,76 | R576 118 | 18 094 | R31,84 |
| 1965/66 | R484 699 | 38 933 | R12,45 | R651 413 | 19 293 | R33,76 |
| 1966/67 | R586 101 | 45 402 | R12,91 | R748 902 | 20 642 | R36,28 |
| 1967/68 | R819 111 | 48 828 | R16,78 | R923 491 | 22 951 | R40,24 |

25) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Memorandum van onderwysbeleid 1960, pp. 34-35.
26) Loc. cit.
27) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys 1968, p. 55.

Dit blyk uit die voorafgaande tabel dat die uitgawes in die noordelike sektor gedurende die tydperk 1964-1968 met 82,2 persent gestyg het terwyl die uitgawes in die suidelike sek= tor gedurende dieselfde vier jaar met 99,9 persent toegeneem het.

Tabel 6.3 vertoon die volledige beeld van die totale, dit wil sê lopende sowel as kapitale uitgawes ten behoewe van swart onderwys gedurende die boekjare 1934/35 - 1967/68.

TABEL 6.3

TOTALE UITGAWES AAN SWART ONDERWYS GEDURENDE DIE BOEKJARE 1934/35 - 1967/68 [28)]

| Boekjaar | Bedrag | Persentasie van die totale onderwys= begroting |
|---|---|---|
| 1934/35 | R26 710,00 | 11,9 |
| 1944/45 | R71 830,00 | 14,9 |
| 1959/60 | R640 352,00 | 20,6 |
| 1962/63 | R1 044 529,00 | 25,5 |
| 1964/65 | R1 531 932,00 | 29,6 |
| 1966/67 | R2 100 463,00 | 30,5 |
| 1967/68 | R2 593 194,00 | 33,0 |

Volgens die statistiese gegewens in bostaande tabel was die vermeerdering van die uitgawes oor die jare 1934/35 tot 1967/68 bykans honderdvoudig, naamlik 9 609 persent.

Die Kommissie van 1962-63 het aanbeveel dat die finansiering van die onderwysdienste vir die Boesmans, Damaras, Herero's, Tswanas, Kaokovelders, Ovambo's, Okavango's en Oos-Capriviane

28) Ibid., p. 55a.

die verantwoordelikheid moes wees van die Departement van Bantoe-onderwys van die RSA. Die diensvoorwaardes van die swart onderwysers van SWA moes so ver moontlik in ooreen=stemming gebring word met dié in die RSA. Daar moes ook ondersoek ingestel word na 'n moontlike voorsorgfonds waar=toe onderwysers kon bydra. Die Kommissie het ook voorge=stel dat die subsidies aan sendinggenootskappe voorsiening moes maak vir die instandhouding en verbetering van onder=wysdienste wat nie deur die staat of die gemeenskappe ver=skaf kon word nie. Alle verdere uitbreiding van die onder=wysdienste moes die verantwoordelikheid wees van die staat of die betrokke gemeenskapsowerheid. [29]

Bogenoemde aanbevelings van die Kommissie van 1962-63 is aanvaar. Nadat swart onderwys in 1969 onder die beheer van die Departement van Bantoe-onderwys van die RSA geplaas is, het die Departement verantwoordelikheid aanvaar vir alle be=talings in verband met die onderwys.

6.5 SKOOLBYWONING EN DIE TOENAME IN DIE LEERLINGTALLE

Uit die totale leerlingtal van 47 088 in 1962 was 90,7 per=sent in die junior primêre klasse, naamlik sub. standerd A tot standerd 2; 8,98 persent in die senior primêre klasse, dit wil sê standerd 3 tot standerd 6, en slegs 0,32 per=sent in die sekondêre klasse - standerd 7 tot standerd 10. [30] In die suidelike sektor was 63 persent van die leerlinge in die sub-standerds en in die noordelike sektor 71 persent.

29) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 262.

30) Ibid., p. 254.

Die skoolbywoning was wisselvallig en kortstondig van aard. Die Kommissie van 1962-63 was oortuig daarvan dat die onbe= vredigende skoolbywoning grootliks te wyte was aan die te= kort aan onderwysers en die feit dat die ouergemeenskappe nog nie die waarde van voortgesette onderwys verstaan het nie. Baie kinders moes die skool vroeg verlaat om die ou= ers behulpsaam te wees met die landbou, die veeteelt of an= der huishoudelike bedrywighede. Die skoolrade en skoolkomi= tees was ook nie opgewasse vir hulle taak nie. [31] Die fun= damentele rede vir die kortstondige skoolbywoning is die feit dat daar geen skoolplig bestaan het nie. Skoolplig sou egter moeilik meteens ingestel kon word omdat die ou= ers nog nie daarvoor gereed was nie. [32]

Die werklike skoolbywoning vir 1963 en 1968 word in tabel 6.4 aangetoon.

TABEL 6.4
AANTAL SKOLE EN LEERLINGE IN DIE SUIDELIKE EN NOORDELIKE SEKTORE IN 1963 EN 1968 [33]

| Skooltipe | Suidelike sektor | | | | Noordelike sektor | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Leerlinge | | Skole | | Leerlinge | | Skole | |
| | 1963 | 1968 | 1963 | 1968 | 1963 | 1968 | 1963 | 1968 |
| Staats- en gemeenskap= skole | 17 764 | 23 945 | 24 | 69 | 32 533 | 57 864 | 206 | 266 |
| Sendingskole | - | - | 81 | 44 | - | - | - | 8 |
| Totaal | 17 764 | 23 945 | 105 | 113 | 32 533 | 57 864 | 206 | 274 |

31) Loc. cit.
32) Ibid., p. 240.
33) Opgestel uit Jaarverslae van die Direkteur van Onderwys van SWA, 1963 en 1968.

Die toename van leerlinge gedurende die laaste ses jaar van beheer deur die SWA Administrasie, word in tabel 6.5 aange=toon.

TABEL 6.5

JAARLIKSE LEERLINGGETALLE 1963-1968 MET 100 AS BASIS IN 1957 [34)]

| Jaar | Suidelike sektor | Noordelike sektor |
|---|---|---|
| 1963 | 188,5 | 177,3 |
| 1964 | 203,6 | 205,0 |
| 1965 | 217,0 | 212,2 |
| 1966 | 232,2 | 247,5 |
| 1967 | 258,2 | 266,1 |
| 1968 | 269,4 | 315,4 |

Uit hierdie vergelykende syfers blyk dit dat daar 'n vermeer=dering in leerlingtalle van 169,4 persent in die suidelike en van 215,4 persent in die noordelike sektor was teenoor die leerlingtalle van 1957.

Die persentasie van die moontlike getal kinders van skool=gaande ouderdom wat die skole in die verskillende swart ge=biede in 1970 besoek het, word in tabel 6.6, p. 246 aange=toon.

Volgens die statistiese gegewens in tabel 6.6 was daar vier gebiede waar daar 'n skoolbesoek van byna 80 persent was.

In twee gebiede, naamlik Kaokoland en die suidelike sektor, was die skoolbesoek minder bevredigend. Die probleem in

34) ~~Ibid~~ Loc. cit.

Kaokoland was die yl bevolktheid van die gebied. Daar was min areas in Kaokoland waar daar soveel gesinne bymekaar ge=woon het dat dit die oprigting van 'n skool regverdig het.

TABEL 6.6

DIE MOONTLIKE EN WERKLIKE GETALLE SKOOLGAANDE SWART KINDERS IN DIE VERSKILLENDE GEBIEDE VAN SWA IN 1970 [33]

| Gebied | Totale bevolking | Geskatte getal kinders van skool=gaande ouderdom | Aantal leerlinge wat die skole besoek het | Persentasie van die moontlike getal leer=linge wat skool be=soek het |
|---|---|---|---|---|
| Ovambo | 294 496 | 73 624 | 57 624 | 78,3 |
| Kavango | 53 652 | 13 413 | 10 385 | 77,4 |
| Kaokoland | 12 438 | 3 110 | 385 | 12,4 |
| Damaraland | 11 644 | 2 911 | 2 114 | 76,1 |
| Hereroland | 19 660 | 4 915 | 3 658 | 74,4 |
| Suidelike sektor | 193 929 | 48 482 | 20 000 | 41,3 |
| Totaal | 585 819 | 146 455 | 94 166 | 67,0 |

In die suidelike sektor was die onderliggende probleem die groot aantal plaasarbeiders wat nie hulle kinders by die skole kon kry nie. Vanweë die feit dat kinders van skool=gaande ouderdom ook die arbeidsmark betree het, het min van hulle die skole besoek.

Vanweë die veranderde behoeftes wat ontwikkeling in SWA mee=gebring het, het daar 'n steeds toenemende vraag ontstaan na goed opgeleide werkers. Dit was dus belangrik dat daar stap=

35) KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 353.

pe geneem moes word om te verseker dat die skoolbywoningstyd=perk verleng word. Om hierdie oogmerk te bereik, moes die gewone skoolonderwys so georganiseer word dat dit voorsiening maak vir goed afgeronde kursusse in die verskillende jaar=klasse. [36]

Dit was dus noodsaaklik dat 'n veel groter persentasie kin=ders primêre onderwys ontvang. Primêre onderwys moes so ge=reël word dat die nodige minimum opleiding verskaf word in sekere basiese vakke. Terselfdertyd moes die leerlinge ook voorberei word vir sekondêre sowel as beroepsonderwys. [37] In hoeverre daar in hierdie poging geslaag is, blyk uit die statistiese gegewens wat in tabel 6.7 verstrek word.

TABEL 6.7

VERDELING VAN LEERLINGE IN KURSUSSE GEDURENDE 1963 EN 1968 [38]

| Kursus | Aantal leerlinge: Suidelike sektor 1963 | Suidelike sektor 1968 | Noordelike sektor 1963 | Noordelike sektor 1968 |
|---|---|---|---|---|
| Primêr | 16 537 | 23 068 | 32 355 | 57 241 |
| Sekondêr | 106 | 658 | 103 | 420 |
| Onderwysers- en in=dustriële opleiding | 121 | 219 | 75 | 203 |
| Totaal | 16 764 | 23 945 | 32 533 | 57 864 |

36) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 254.
37) Ibid., p. 256.
38) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Jaarverslae van die Direkteur van Onderwys 1963 en 1968.

Die persentasie vermeerdering in die skoolbesoek van die sekondêre skoolkursus het in die suidelike sektor met 520,75 en in die noordelike sektor met 307,77 gestyg. Alhoewel die werklike getalle in die sekondêre kursus nog klein was, is dit tog duidelik dat daar 'n neiging was om langer in die skool te bly.

## 6.6 DIE TEKORT AAN EN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS

### 6.6.1 Algemeen

Die ernstige tekort aan opgeleide onderwysers wat oor al die jare heen 'n knelpunt in die onderwys in SWA was, het ten spyte van die verbeterings en uitbreidings wat na 1962 ge= volg het, voortgeduur. Die onderwyser-leerlingratio was in 1962 1 : 46. In dieselfde jaar was die ratio in die Cap= rivi 1 : 43. [39]

Die onderwysersopleidingskool van die Anglikaanse Sending= genootskap wat in 1936 by Odibo gestig is, is in 1960 ge= sluit. Ook die Rooms-Katolieke opleidingskool op Tses is gesluit nadat dit tien jaar bestaan het. [40] Die Finse op= leidingskool wat in 1953 by Oniipa geopen is, is in 1955 verskuif na Onguediva. Laasgenoemde inrigting het vinnig vooruitgegaan nadat dit staatsteun ontvang het. [41]

Die Kommissie van 1962-63 het bereken dat daar 'n addisio= nele getal van 318 onderwysers binne die eerste vyf jaar na

39) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Bantoe-onderwys. Jaarverslag vir die kalenderjaar 1962, p. 8. Vgl. ook SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kom= missie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 256 wat die ratio aangee as 1 : 37.
40) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, p. 226.
41) Loc. cit.

1962 benodig sou word om die skole te beman. Indien die be=oogde uitbreidings op onderwysgebied in die noordelike en suidelike dele bewerkstellig kon word, sou daar teen 1970 minstens 754 bykomende onderwysers nodig wees om die onder=wyser-leerlingratio op 1 : 36 te hou. [42]

6.2.2 Opleiding van onderwysers

Volgens die Onderwysmemorandum van 1960 is daar voorsiening gemaak vir opleidingskole wat 'n tweejarige onderwysersop=leidingskursus na standerd 6 of 'n tweejarige kursus na die Juniorsertifikaat sou aanbied. [43] Dit was staatsinrigtings en is regstreeks deur die Onderwysdepartement beheer. Die Kommissie van 1962-63 het in hulle verslag aanbeveel dat on=derwysersopleidingskursusse ingestel moes word met standerd 6 as toelatingsvereiste. Hierdie onderwysers sou oorwegend diens kon lewer in die junior primêre klasse. So sou die onmiddellike tekort aan onderwysers die hoof gebied kon word. [44] 'n Verdere aanbeveling van die Kommissie was dat die staat die verantwoordelikheid moes aanvaar vir onder=wysersopleiding. Indien erkenning verleen sou word aan die diplomas en sertifikate wat aan nie-staatsinstellings ver=werf word, sou dit slegs kon geskied indien dusdanige in=rigtings dieselfde sillabusse volg as die staatsinstel=lings. [45]

42) Ibid., pp. 257-258.
43) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Memorandum van onderwysbeleid 1960, p. 29.
44) SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63, pp. 254-258.
45) Ibid., p. 258.

Aangesien die Augustineum reeds gedien het as opleidingsen=trum in die suide, het die Kommissie aanbeveel dat dié in=rigting hom daarop moes toelê om onderwysers op te lei vir die Herero- en Namataalgroepe.[46] Daar moes dus so gou doenlik 'n staatsopleidingskool in Ovamboland opgerig word om die Ovambo- en die Okavango taalgroepe te bedien. Daar moes ook in Ovamboland 'n spesiale onderwysersopleidingskursus in=gestel word met standerd 4 as toelatingsvereiste om die ver=wagte toevloei van leerlinge die hoof te kon bied. Nog 'n aanbeveling van die Kommissie was dat gereelde opknappings=kursusse vir diensdoende onderwysers ingestel moes word en dat daar ook geleenthede geskep moes word vir onderwysers om hulle kwalifikasies te verbeter.[47]

Gedurende die 1964/65 boekjaar was daar 'n onderwyssentrum vir Swartes in Windhoek in aanbou wat 750 studente sou kon huisves. Daar sou in hierdie inrigting onder andere onder=wysers opgelei word vir sekondêre en tegniese skole. 'n Soortgelyke inrigting was in dieselfde boekjaar beplan vir Onguediva in Ovamboland. Laasgenoemde inrigting sou aan=vanklik 750 onderwyskandidate kon akkommodeer. Lateraan sou dit uitgebrei word om 900 kandidate te huisves.[48]

Die eerste onderwysstudente sou in 1970 hulle opleiding by Döbra voltooi. Dit sou 'n welkome toevoeging tot die land se onderwys wees.[49]

46) Loc. cit.
47) Loc. cit.
48) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Bantoe-onder=wys. Jaarverslag vir die kalenderjaar 1969, pp. 12-13.
49) Ibid., p. 13.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in 1970 by die skool op Otumana begin met onderwysersopleiding ten einde te voor=sien in die groter behoefte aan onderwysers. Genoemde be=hoefte is veroorsaak deur die uitbreiding van die skooldien=ste in die Kaokoveld. [50] Gedurende dieselfde jaar is die nuwe geboue van die Finse Sendinggenootskap by Onguediva be=trek en die staat het die beheer van dié inrigting oorge=neem. [51]

Die meeste van die opleidingskole wat onder die verskillende sendinggenootskappe tot stand gekom het, was in 1970 reeds onder staatsbeheer. Daar is ook begin met 'n opleidingskool vir die Damarabevolking op Welwitschia. Die personeel by hierdie skool was oorwegend Blankes. [52] By Rundu is daar in 1968 met 'n opleidingskool begin. In die jaarverslag van die Departement van Bantoe-onderwys van 1970 is hierdie nuwe ontwikkeling verwelkom. [53] Die opleidingskool in die Ca=privi het ook goeie vordering gemaak en studente wat reeds hulle studies voltooi het, het goeie werk in daardie gebied verrig. [54]

In sy verslag van 1969 het die Sekretaris van Bantoe-onder=wys gemeld dat daar 'n gebrek was aan opgeleide onderwysers in Ovamboland en dat dit die vooruitgang van die onderwys belemmer het. Hy het beweer dat bykans een derde van die

50) KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 360.
51) Ibid., pp. 357-358.
52) Ibid., p. 360.
53) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Bantoe-onder=wys. Jaarverslag vir die kalenderjaar 1970, p. 11.
54) Loc. cit.

onderwysers van Ovamboland ongekwalifiseerd was. Minstens 27 persent van die onderwysers binne die suidelike sektor was ook ongekwalifiseerd. In die Kavango was dit 50 per= sent. Daar was egter twee opleidingskole in Ovamboland in aanbou. Alhoewel daar aanvanklik slegs voorsiening gemaak is vir die opleiding van onderwysers vir die junior primêre kursus, sou dié toevoeging help om die tekort aan onderwy= sers te verlig. Vir die suidelike sektor was daar vir 1970 een private kerkskool en drie opleidingskole beplan. [55]

Intussen is daar vir die diensdoende onderwysers kort op= knappingskursusse in verskillende vakke gehou. Die bywo= ningsyfer van die onderwysers vir hierdie kursusse was be= sonder hoog - in sommige gevalle selfs honderd persent. Hierdie kursusse het baie byval gevind en die gehalte van die onderwys is daardeur verhoog. [56] Wanneer daar na die eksamenuitslae van 1970 gekyk word en die tekort aan onder= wysers in gedagte gehou word, is die slaagsyfer van 70,8 persent (met 5,5 persent in die eersteklas) in standerd 6 'n verdienstelike prestasie. [57]

In sekere vakke, byvoorbeeld die Natuurwetenskappe, was daar 'n groter tekort aan gekwalifiseerde onderwysers, maar hier= die probleem het besondere aandag geniet. [58]

### 6.7 GEBOUE

Vanweë die steeds toenemende tekort aan klaskamerakkommoda= sie is daar in 1962 op 'n nuwe stelsel van klaskamervoorsie=

55) Ibid., 1969, pp. 12-13.
56) Loc. cit.
57) Ibid., 1970, p. 9.
58) Ibid., 1969, p. 14.

ning besluit. Die Administrasie het in daardie jaar R10 000,00 bewillig vir geboue. Onder blanke leiding en toesig het bouspanne 151 klaskamers in Ovamboland opgerig. Daar is in die 1963/64 boekjaar R260 000,00 begroot om 'n verdere 331 klaskamers op te rig.[59]

Rentevrye lenings is deur die Administrasie vir die oprig= ting van skole toegestaan omdat die stamfondse ná die lang= durige droogtes uitgeput was. Indien die skole wat met hier= die lenings gebou is, na twintig jaar nog in gebruik sou wees, sou die lenings nie terugbetaalbaar wees nie. Niemand het egter van hierdie aanbod gebruik gemaak nie. Die Admi= nistrasie was dus verplig om in belang van die Swartes, en om die daarstelling van die onderwysfasiliteite te laat vlot, 'n direkte finansiële bydrae uit die gebiedsontwikke= lings- en reserwefonds ten behoewe van geboue te trek.[60]

Die bouspanne wat deur die Administrasie aangestel is, het goed gevorder en het jaarliks 'n groot aantal klaskamers be= gin aflewer, naamlik 55 in 1967[61] en 206 in 1968.[62] Die boukoste aan klaskamers was R1 511 056,00 in 1968.[63]

Die Administrasie was voorts verantwoordelik vir die oprig= ting van opleidingskole en koshuise vir die opleiding van onderwysers, asook vir die geboue vir sekondêre onderwys en vakopleiding.

59) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Witboek 1962/63, p. 33. Vgl. ook Ibid., 1963-64, p. 31.
60) Ibid., 1962/63, p. 33.
61) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys 1967, p. 32.
62) Ibid., 1968, p. 41.
63) Ibid., p. 40.

In die stedelike woongebiede vir Swartes was die munisipali= teite verantwoordelik vir die voorsiening en instandhouding van die skoolgeboue. Geen koshuise is in die stedelike woongebiede vir Swartes toegelaat nie.[64) ] In die reservate en in die gebiede buite die polisiesone het die ouergemeen= skappe die geboue voorsien en ook gesorg vir die instandhou= ding daarvan.[65)]

6.8 DIE TAALKWESSIE

Volgens die Witboek van 1963/64 was dit nodig dat die "In= boorlingtaalburo" uitgebrei word. Daar is 'n pos geskep vir 'n tweede vakkundige asook vir vyf "Inboorlingtaalhulpposte". Die administratiewe personeel is ook uitgebrei.[66)] Hierna het die ontwikkeling van die tale van die Swartes vlot ver= loop.

In 1967 is die stadium bereik waar daar oorgegaan kon word tot die druk van skoolboeke in sommige van die moedertale.[67)] Die ortografieë vir die Herero- en Mbukushutale was in daar= die jaar alreeds voltooi. Daar was ook reeds 'n leesboek in die Ndonga- en Kwanyamataal voltooi en 'n begin is gemaak met 'n leesreeks vir alle ander tale behalwe vir die Boesman= taal.[68)]

Die Kommissie van 1962-63 het dit belangrik geag dat die kinders van die verskillende taalgroepe (onder andere Boes= man, Nama, Herero, Tswana, Kuanyama, Ndonga, Kuangare,

64) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Memorandum van onderwysbeleid 1960, p. 35.
65) Loc. cit.
66) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Witboek 1963/64, p. 29.
67) SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys 1967, p. 30.
68) Loc. cit.

Mbukushu en Lozi) hul moedertaal as medium van onderwys moes hê tot aan die einde van die sesde skoolstanderd.

Vir die eerste keer is daar in 1969 'n amptelike praktiese ortografie vir die Xu-Boesmantaal opgestel. Die Nama-orto= grafie is ook aan die skole beskikbaar gestel. Gestandaar= diseerde leesboeke in verskillende tale, insluitende die Boesmantaal, is uitgegee. Daar is hulp verleen aan Ovambo= land met die opstel van geskikte taalboeke vir skoolge= bruik. [69]

Met die oorname van swart onderwys deur die Departement van Bantoe-onderwys van die RSA is die "Inboorlingtaalburo" te Windhoek ook oorgeneem. Die Taalburo is onder die algemene administratiewe beheer van die Hoofinspekteur geplaas. Vak= kundig is dit ingeskakel by die beplanningsafdeling van die hoofkantoor in Pretoria. [70]

Daar was tydens die oorname van swart onderwys nege swart groepe in die land wat tien bekende en erkende tale ge= praat het (vgl. tabel 6.8 p. 256).

In sy verslag van 1969 [71] het die Sekretaris van Bantoe-onderwys geskryf dat die moedertaal die onderrigmedium in die sub-standerds is, maar omdat die ortografieë van die in= heemse tale nog nie heeltemal afgehandel was nie, is Afri= kaans dikwels in standerd 1 en 2 as onderrigmedium gebruik. Volgens dieselfde verslag het die Taalburo in Windhoek aan=

69) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Bantoe-onder= wys. <u>Jaarverslag vir die kalenderjaar 1970</u>, p. 11.
70) <u>Ibid</u>., 1969, p. 6.
71) <u>Ibid</u>., 1970, p. 11.

dag gegee aan die tekort aan die nodige leesboeke.

In die senior primêre skole in Ovamboland was die medium van onderrig Afrikaans behalwe in die private Anglikaanse kerk=skole waar Engels as voertaal gebruik is.

In die suidelike deel was die standaard van Afrikaans be=sonder hoog terwyl die standaard van beide die amptelike tale, naamlik Afrikaans en Engels, in Ovamboland onbevre=digend was.

By die na-primêre onderwys was Afrikaans die medium van on=derwys en volgens die eksamenuitslae, naamlik 99 persent ge=slaag met 39 persent in die eersteklas, was die onderrig baie goed. [72)]

TABEL 6.8
TAALGROEPE IN SWA, 1970 [73)]

| Bevolkingsgroep | Taal |
|---|---|
| Boesman | Boesman |
| Damara | Nama |
| Nama | Nama |
| Herero | Herero |
| Kaokovelder | Herero |
| Ovambo | Ndonga, Kuanyama, Kwambe |
| Okavango | Kuangali, Diriku |
| Caprivi | Lozi |
| Tswana | Tswana |

72) Ibid., 1969, p. 10.
73) KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 9.

## 6.9 KURSUSINDELINGS EN KURRIKULUMS [74)]

Nadat die Kommissie van 1962-63 hulle ondersoek voltooi het, het hulle die volgende aanbevelings met betrekking tot kur=susindelings en kurrikulums vir al die skole van die swart volke in SWA gemaak.

* <u>Junior primêre kursus</u>

  Die vierjarige junior primêre kursus was bedoel vir kin=ders vanaf sub-standerd A tot standerd 2. Die klem het geval op Lees, Skryf, Rekenkunde en aanvullende vakke soos Godsdiensonderrig, Moedertaalonderrig en 'n praktiese in=leiding tot die gebruik van Engels en Afrikaans.

* <u>Senior primêre kursus</u>

  Die senior primêre kursus van vier jaar (standerd 3 tot standerd 6) was 'n voortsetting van die vorige kursus. Die doelstelling met hierdie kursus moes wees om die kin=ders voor te berei vir sekondêre onderwys en of beroeps=leiding. Die klem het geval op Sosiale Studies, Natuur=studie en praktiese vakke. Onderrig in die moedertaal en meer gevorderde Engels en Afrikaans is ook voorgeskryf.

* <u>Algemene juniorsertifikaatkursus</u>

  Hierdie kursus het oor drie jaar gestrek en het vorms I, II, en III ingesluit. Onderrig is verskaf in die Moeder=taal, Afrikaans, Engels, Sosiale Studies, Algemene Re=kenkunde, Godsdiensonderrig, Liggaamsopvoeding, Sang en Musiek. Van die volgende vakke kon gekies word: Na=tuurwetenskap, Landbou, Wiskunde, Houtwerk, Kunsvlyt en Huisvlyt.

74) SUID-AFRIKA (Republiek). <u>Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63</u>, p. 256.

* <u>Kommersiële en klerklike juniorsertifikaatkursus</u>
  Dié driejarige kursus was basies dieselfde as die Alge= mene juniorsertifikaatkursus en het ook vorms I, II en III ingesluit, maar die keusevakke was uit die volgende: Boekhou, Handel, Tikskrif, Snelskrif, Handelsrekene en 'n Natuurwetenskap.
* <u>Tegniese juniorsertifikaatkursus</u>
  Dit was ook 'n driejarige kursus wat vorms I, II en III behels het met dieselfde basiese vakke as die Algemene juniorsertifikaatkursus, maar die keusevakke was Boukon= struksie, Skrynwerk, Timmerwerk en Meubelmakery, Tekene en Ontwerptekene, Kleremakery, Vlegwerk, Leerwerk en Werk= tuigkunde. Tegniese onderwys moes voortgesit en uitgebou word aangesien die nabye toekoms baie geleenthede sou bied vir tegnies-opgeleide persone. 75)
* <u>Seniorsertifikaatkursus</u>
  'n Seniorsertifikaatkursus van twee jaar, vorms IV en V, moes ingestel word. Vir hierdie kursus moes die silla= busse van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad of dié van die Departement van Onderwys Kuns en Wetenskap van die RSA gevolg word. Die suksesvolle voltooiing van hierdie kursus het gelei tot toelating tot universiteite of an= der inrigtings vir naskoolse opleiding. 76)

## 6.10 ONDERWYS IN DIE CAPRIVI

Die voorsiening van onderwys aan Swartes in die Caprivi ver= dien spesiale vermelding omdat die onderwys anders as dié in SWA beheer was. Tot in 1959 was alle skole in die Ca=

75) <u>Loc. cit.</u>
76) <u>Ibid.</u>, p. 258.

privi onder die beheer van die Rooms-Katolieke Kerk. Die Rooms-Katolieke Kerk is deur die Departement van Bantoe-ad= ministrasie en Ontwikkeling van die RSA ten opsigte van die salarisse van onderwysers, boeke, toerusting en skoolgeboue gesubsidieer. Die verskillende wette, proklamasies en or= donnansies van SWA wat die riglyne vir die onderwys aan die Swartes in SWA bepaal het, was nie van toepassing op die Ca= privistrook nie. Vanaf 1960 het die onderwys aan die Swar= tes van die Caprivistrook direk onder die beheer van die Departement van Bantoe-onderwys van die RSA gestaan.

Die eerste gemeenskapskool is in 1960 in die gebied geopen. Daar is bepaal dat alle toekomstige skole gemeenskapskole sou wees. Die Departement van Bantoe-onderwys van die RSA se kurrikulums is in hierdie gebied gevolg en Afrikaans is in 1960 as vak ingevoer. Slegs twee skole het tot in 1962 leerlinge tot standerd 6 voorberei en die eksamens vir hier= die leerlinge is deur die Departement van Bantoe-onderwys van die RSA afgeneem. [77]

Daar was ʼn groeikoers van 31 persent bo die vorige jaar en daar was 1 882 leerlinge in 1962. Die gemiddelde getal leerlinge per onderwyser was 43. [78]

Gedurende 1964 is drie nuwe gemeenskapskole geopen en ʼn se= kondêre skool is op Katima Mulilo onder sendingbeheer geopen. Die leerlingtal het met ʼn verdere 17,6 persent in 1964 ge= styg en dit het die skoolgaande kinders op 70 persent van

77) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Bantoe-onder= wys. <u>Jaarverslag vir die kalenderjaar 1962</u>, p. 8.
78) <u>Loc. cit</u>.

die moontlike persentasie skoolbywoners gebring.[79] In 1965 is daar twee gemeenskapskole voltooi en onderwysers=opleiding het vir die eerste keer in dié gebied begin.[80]

'n Blanke Inspekteur van Onderwys is in 1966 aangestel en alle skole het onder hom geressorteer. Hy het 'n swart as=sistent-inspekteur gehad wat hom in sy pligte bygestaan het. Alle skole is gedurende daardie jaar twee keer besoek en dit het grotendeels bygedra dat die standaard van die werk baie verbeter het. Daar het een nuwe skool bygekom en die leer=lingtal het met 13,3 persent opgeskuif. Daar was toe 2 849 leerlinge in die Caprivi-skole.[81]

Vier nuwe skole is in 1967 gestig en by 'n aantal skole is 'n nuwe standerd bygevoeg. Die leerlingtal het tot 4 122 ge=styg en die onderwysers het vermeerder van 69 tot 86. Die eerste kandidate in die Caprivi het aan die einde van 1966 die Juniorsertifikaateksamen afgelê. Daar was ook 'n aan=sienlike verbetering in die standaard van Afrikaans en 'n algemene verbetering was merkbaar in die peil van onderwys oor al die standerds in al die skole. Hierdie verbetering kan daaraan toegeskryf word dat alle skole maandeliks deur die assistent-inspekteur sowel as die Kringinspekteur be=soek is.[82] Daar is gereël dat onderwysers 'n opknappings=kursus kon bywoon wat op Katima Mulilo aangebied sou word. Die inhoud van die nuwe sillabusse sou tydens die kursus be=handel word. Alle onderwysers van beide die primêre sowel as die sekondêre skole in die Caprivi was teenwoordig.[83]

79) Ibid., 1964, pp. 8-9.
80) Ibid., 1965, p. 10.
81) Ibid., 1966, pp. 10, 37.
82) Ibid., 1967, p. 11.
83) Loc. cit.

Die medium van onderrig was die Lozitaal. Daar was ook 'n ernstige tekort aan handboeke. Daar is 'n Lozitaalkomitee in die lewe geroep en 'n begin is gemaak met die opstel van lees- en grammatikaboeke.

Die bevordering van die leerlinge van die een klas na die volgende is deur die inspekteurs gedoen. Die inspekteurs se hooftaak was om voortdurend hulp en professionele lei=ding aan die onderwysers te gee. Daar was 'n ernstige te=kort aan onderwysers en baie van die onderwysers was swak gekwalifiseerd. Met behulp van die skoolkomitees is daar vyf skole in 1968 opgerig.[84)]

Teen 1970 was die beginsel van moedertaalonderrig, ondanks die tekort aan handboeke alreeds met sukses toegepas. In die meeste skoolvakke was daar 'n verbetering van die onder=wyspeil as gevolg van beter gekwalifiseerde onderwysers. Hierdie verbetering in die bekwaamheid van die onderwysers kan toegeskryf word aan die kort opknappingskursusse wat vir die onderwysers gereël is.

Die gereelde toesig en professionele leiding van die inspek=teurs asook die getrouer skoolbywoning deur die kinders het daartoe bygedra dat die onderwys teen 1970 goed op dreef be=gin kom het. Daar is in 1970 agt nuwe skole deur die skool=komitees gestig.[85)]

Die werklike uitbreiding van die onderwys in die Caprivi is opvallend wanneer die statistiese gegewens met betrekking tot die aantal skole, leerlinge en onderwysers van 1964 met

84) Ibid., 1968, pp. 16-17.
85) Ibid., 1970, p. 9.

dié van 1970 in die onderstaande tabelle vergelyk word.

TABEL 6.9

VERSPREIDING VAN LEERLINGE VOLGENS STANDERDS, 1964 EN 1970 86)

| | 1964 | 1970 |
|---|---|---|
| Junior primêr | | |
| Sub-standerd A | 1 064 | 1 185 |
| Sub-standerd B | 371 | 978 |
| Standerd 1 | 308 | 904 |
| Standerd 2 | 271 | 622 |
| Totaal | 2 014 | 3 689 |
| Senior primêr | | |
| Standerd 3 | 223 | 488 |
| Standerd 4 | 98 | 287 |
| Standerd 5 | 72 | 346 |
| Standerd 6 | 36 | 239 |
| Totaal | 429 | 1 360 |
| Sekondêr | | |
| Vorm I | 10 | 81 |
| Vorm II | - | 36 |
| Vorm III | - | 36 |
| Vorm IV | - | 6 |
| Onderwysersopleiding | - | 36 |
| Totaal | 10 | 195 |
| Groot totaal | 2 453 | 5 244 |

86) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Bantoe-onder=
wys. Jaarverslag vir die kalenderjaar 1970, p. 68.

TABEL 6.10

AANTAL SKOLE, LEERLINGE EN ONDERWYSERS IN DIE CAPRIVI, 1964 EN 1970 [87)]

| | 1964 | 1970 |
|---|---|---|
| Skole | 22 | 35 |
| Onderwysers | - | 141 |
| Leerlinge | 2 453 | 5 244 |

TABEL 6.11

VERSPREIDING VAN LEERLINGE VOLGENS SKOLE, 1970 [88)]

| | |
|---|---|
| Gemeenskapskole | 2 588 |
| Sendingskole | 2 656 |
| Totaal | 5 244 |

## 6.11 EVALUERING

In 1970 was onderwys aan die Swartes (SWA sowel as die RSA) 'n komplekse organisasiestruktuur wat uit verskillende kom= ponente bestaan het. Al die afdelings en onderafdelings is egter saamgesnoer in 'n enkele staatsdepartement. Dié orga= nisasiestruktuur kan kortliks soos volg verduidelik word: Die hoofkantoor is in Pretoria met die Minister van Bantoe- onderwys (tans die Minister van Onderwys en Opleiding) as die hoof-wetgewende en uitvoerende gesag. Alle beplanning met betrekking tot die onderwys aan die Swartes in SWA en

87) Loc. cit.
88) Loc. cit.

die koördinering van die werksaamhede is in Pretoria gedoen.

In 1970 was daar vyf streekskantore in blanke gebiede wat die onderwys aan die Swartes behartig het. Benewens die ge=noemde streekskantore was daar nege tuislandse Departemente van Onderwys en Kultuur. Die vyf streekskantore in blanke gebied was te Pretoria (Transvaal), Pietermaritzburg (Natal), Bloemfontein (Oranje Vrystaat), Kaapstad (Kaapprovinsie) en Windhoek (Suidwes-Afrika). Die Caprivi was 'n inspeksiekring wat onder die streekskantoor op Windhoek geressorteer het. Die nege tuislandse onderwysdepartemente was dié van Trans=kei, Ciskei, Tswanaland, Lebowa, Matshangana, Vendaland, Basotho-ba-Borwa, Ovamboland, die Kavango (vanaf 1970) en Zoeloeland. Laasgenoemde het in 1970 nog onder die Pieter=maritzburgse streekkantoor (Natal) geressorteer. Dit is in 1970 in die vooruitsig gestel dat daar ook in die nabye toe=koms tuislandse onderwysdepartemente ingestel sou word vir Damaraland en Hereroland.[89)]

Die totstandkoming van die tuislandse onderwysdepartemente het gepaard gegaan met die instelling van Gebiedsowerhede of Wetgewende Rade vir elkeen van die bevolkingsgroepe.

In die tuislande is 'n Departement van Onderwys en Kultuur ingestel met 'n hoofkantoor en 'n Direkteur van Onderwys as die permanente hoof-uitvoerende beampte. Benewens die Di=rekteur van Onderwys is daar die nodige vakkundige en admi=nistratiewe personeel aangestel. Die skole in die tuislande is in inspeksiekringe ingedeel en aan die hoof van elke in=

89) Ibid., 1969, p. 1. Vgl. ook Ibid., 1970, p. 1.

speksiekring is daar 'n swart skoolinspekteur aangestel. Die tuislandse onderwysdepartemente was administratief onafhank= lik van die destydse Departement van Bantoe-onderwys (Preto= ria), maar vir die suksesvolle funksionering van elke af= sonderlike departement, was daar volgehoue kontak en oorleg= pleging. Ten einde eenvormigheid te handhaaf en om die on= derwysstandaarde op peil te hou, was die tuislandse onder= wysdepartemente vir die volgende sake by die Departement van Bantoe-onderwys ingeskakel: kurrikulums en sillabusse, on= derwysmetodes, beleidsrigtings, indiensopleidingskursusse vir onderwysers, eksaminering en die uitreiking van serti= fikate.

Dit is duidelik dat daar gedurende die sestigerjare ten op= sigte van die organisasie en beheer van onderwys van Swartes groot veranderings en aanpassings gekom het. As gevolg van die oorkoepelende Departement was daar nie groot verskille ten opsigte van die breë beleid van die onderwys nie. Oor die algemeen is dieselfde doelstellings nagestreef en die= selfde kurrikulums en sillabusse is meestal aangetref in die gedesentraliseerde streeksorganisasie en die tuislandse on= derwysdepartemente.

Vanweë die jaarlikse toename in die getalle leerlinge en die daarmee gepaardgaande vraag na meer opgeleide onderwy= sers, is dit te verstane dat die tekort op hierdie gebied nie onmiddellik uitgewis kon word nie. Die onderwyser-leerlingratio was teen 1970 nog steeds onbevredigend. Dit het daartoe gelei dat onderwysers nog dikwels, veral in die sub-standerds, vir twee skoolsessies per skooldag betrek

was.

Wet nr. 44 van 1970 (Die Bantoe Onderwyswysigingswet 1970) het die Wet op Bantoe-onderwys 1953 (Wet nr. 47 van 1953) gewysig sodat dit ook van toepassing kon wees in SWA. Proklamasie nr. R202, gedateer 21 Augustus 1970, wat die onderwys van Swartes in SWA gereël het, het in 1970 in wer=king getree.

# 7. SAMEVATTING

## 7.1 HISTORIESE OORSIG

Die beskeie onderwyspogings wat in 1805 by Warmbad begin is, het oor die jare heen die geskiedenis van die land op 'n be=sondere wyse beïnvloed. Die aanvanklike onderwyspogings was die eerste ontmoeting wat tussen die Blankes en Swartes plaasgevind het. In 1884 het Duitsland hierdie gebied as protektoraat geannekseer. Na laasgenoemde gebeurtenis het daar 'n wêreldwye belangstelling in SWA ontstaan.

Die eerste onderwyspogings van die sendelinge aan die Swar=tes het grootliks bestaan uit onderrig in Handwerk, die aan=kweek van sindelikheid, Lees en Skryf.

Een van die vernaamste struikelblokke in die weg van die ontwikkeling van die onderwys in die beginjare was die taal=vraagstuk. Die meeste sendelinge het Hollands as voertaal gebruik. Dit was eers veel later dat daar leer- en lees=boeke beskikbaar geraak het in die moedertale van die ver=skillende swart bevolkingsgroepe.

Daar was deurentyd 'n tekort aan geld. Die sendelinge moes sonder staatshulp die beperkte geldelike bedrae tot hulle beskikking self aan die dringendste behoeftes in die sen=dingskole voorsien. Geen geldelike bydraes kon ook van die leerlinge gevra word nie.

Die ernstige tekort aan bevoegde onderwysers was 'n verdere stremmende faktor in die onderwyspogings. Die sendelinge het vir hulle swart helpers opgelei om hulle behulpsaam te wees in die vele take wat vervul moes word. Die onderwys=opleiding wat die helpers ontvang het was uiters elementêr en dit is van hulle verwag om op hulle eie 'n skool te bestuur

en om vir bepaalde tydperke skoolonderwys aan die kinders te verskaf.

Van meer gevorderde onderwys was daar in die beginjare geen sprake nie. Dit was eers vanaf 1866 dat die Augustineum begin het met die opleiding van Swartes as onderwysers.

'n Verdere probleem waarmee die sendelinge te kampe gehad het, was die nomadiese leefwyse van die swart volke. Dit het die oprigting van skole en die verskaffing van voort=gesette onderwys bykans onmoontlik gemaak.

Gedurende die 19de eeu was daar voortdurend oorloë tussen die verskillende swart volke. Met die koms van die Duit=sers het daar ook nog tussen die Duitsers en die Herero's 'n jarelange stryd ontstaan. Die oorloë, asook die stroop=togte wat daarmee gepaard gegaan het, het die onderwysont=wikkeling uiters nadelig getref.

Daar was geen skoolplig nie en die dissipline by beide die ouers en kinders ten opsigte van skoolbywoning was uiters swak. Die Swartes het nog nie die waarde van voortgesette onderwys besef nie. Dit moet onthou word dat die Westerse skoolstelsel vir hulle vreemd was en dat hulle die stam- of inisiasieskool bo die sendelinge se skole verkies het.

Met die bewindsverandering in 1915, dit wil sê toe die Suid-Afrikaanse regering 'n militêre bewind in SWA ingestel het, was die voorsiening van onderwys aan die Swartes in SWA nog steeds onbevredigend. Daar is egter 'n Organiserende Inspek=teur van Onderwys deur die Suid-Afrikaanse regering aange=stel om die aangeleentheid te ondersoek en verslag in dier voege te lewer.

In 1921 is daar vir die eerste keer van owerheidsweë 'n poging aangewend om die onderwys op 'n vaste en georganiseerde basis te laat funksioneer. In daardie jaar het daar 'n belangrike Onderwysproklamasie verskyn. Hierdie proklamasie het grotendeels daartoe bygedra dat die verskillende sendinggenootskappe (ook enkele ander instansies) in 1923 byeen geroep is om onderwyssake tydens 'n konferensie te bespreek.

Gedurende 1925 is die uitvoerende gesag oor die onderwys "Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet" (Wet nr. 42 van 1925) toegeken aan die Administrasie van SWA.

'n Tweede Onderwysproklamasie is in 1926 uitgevaardig. Kragtens die bepalings van die proklamasie is daar voortaan voorwaardelik finansiële steun verleen aan die sendinggenootskappe ten einde hulle in staat te stel om met hulle onderwyspogings voort te gaan. Die finansiële bystand van owerheidsweë aan die sendinggenootskappe het daartoe gelei dat die onderwys aan die Swartes vinnig uitgebrei het. Die feit dat die sendingonderwys aan sekere minimum vereistes moes voldoen alvorens die Administrasie van Suidwes-Afrika die geldelike bydraes gemaak het, het die algemene gehalte van die onderwys beslis verbeter. Die Administrasie het daartoe oorgegaan om skole op te rig in daardie reservate waar die sendinggenootskappe dit onmoontlik gevind het om geboue op te rig.

Gedurende 1949 is die wetgewende gesag oor die onderwys kragtens die Wysigingswet op Aangeleenthede van SWA (Wet nr. 23 van 1949) toegeken aan die Wetgewende Raad van SWA.

In 1958 het die SWA-Administrasie 'n kommissie aangestel om

swart onderwys in sy geheel te ondersoek en om 'n verslag daaroor uit te bring. In die onderhawige verslag word 'n aantal interessante aanbevelings gemaak om die onderwys te verbeter. Die aanvaarding van die aanbevelings het die be= gin van 'n nuwe era in die geskiedenis van die onderwys aan Swartes in SWA ingelui. Een van die belangrikste aanbeve= lings wat geïmplementeer moes word, was die stigting van gemeenskapskole.

'n Verdere kommissie is in 1962 deur die Suid-Afrikaanse re= gering aangestel om die onderwys aan die Swartes van SWA te ondersoek en 'n verslag daaroor uit te bring. Weer eens is daar 'n aantal aanbevelings gemaak wat aanvaar is. Die On= derwysordonnansie van 1962 is vir algemene inligting gepu= bliseer as Goewermentskennisgewing nr. 116 van 1962.

Na aanleiding van die verslae en die kommissies van 1958 en 1962 het daar ook 'n verandering gekom ten opsigte van die plaaslike beheer oor die onderwys. Skoolrade en skoolkomi= tees, waarvan die lede Swartes moes wees, is gestig. Vir die eerste keer het die ouers werklik 'n aandeel in die on= derwys van hulle kinders gehad. Gedurende die sestigerjare is daar verskillende soorte skole in ooreenstemming met die behoeftes van die plaaslike swart gemeenskappe gestig, en daadwerklike aandag is geskenk aan die opleiding van onder= wysers. Die Administrasie van SWA het alle sendingskole oorgeneem en dit omskep in gemeenskapskole.

Die onderwys van die Swartes van SWA is in 1969 deur die destydse Departement van Bantoe-onderwys van die RSA oorge= neem kragtens Wet nr. 25 van 1969. Daar is 'n streekkantoor in Windhoek geopen met 'n Hoofinspekteur van Onderwys aan.

die hoof.

## 7.2 DIE INVLOED VAN DIE VERSKILLENDE SENDINGGENOOTSKAPPE OP DIE ONDERWYS

### 7.2.1 Inleiding

Die sendingaktiwiteite in SWA was vir baie jare onlosmaaklik gebonde aan die onderwysontwikkeling van die Swartes. Dit is primêr aan die voortgesette pogings van die sendelinge sedert 1805, toe die eerste sendingskool by Warmbad opgerig is, te danke dat die onderwys aan die Swartes in SWA gedurende die 19de eeu kon voortgaan. Verskillende sendinggenootskappe het met die verloop van jare bydraes gemaak ten behoewe van hierdie onderwyspogings, naamlik die Londense, Rynse, Finse, Rooms-Katolieke Sendinggenootskappe asook die Sendinggenootskap van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

### 7.2.2 Die Londense Sendinggenootskap

Hierdie genootskap was die eerste wat met hulle werksaamhede in SWA begin het en wel in die suide van die land. Die aanvanklike onderwyspogings het plaasgevind onder die Bondelswarts Namas. Hierdie pionierswerk het lateraan uitgebrei na die sogenaamde Afrikaner-stamme en die Oorlams. Die lewenswyse van hierdie swart stamme het vanweë die sendingpogings begin verander. Hierdie stamme het gevestig geraak en daar was alreeds vroeg tekens van 'n kultuurverskuiwing wat besig was om in te tree.

### 7.2.3 Die Rynse Sendinggenootskap

Teen 1842 het die Rynse Sendinggenootskap hulle in SWA gevestig en hulle eerste sendingstasie by Rehoboth gestig. Die Swartbooistam was op daardie tydstip by Rehoboth woon=

agtig. Verdere sendinguitbreidings het plaasgevind onder die sogenaamde Rooi Nasie by Hoachanas, die Witboois by Gibeon en die Basters van Rietfontein. Die Rynse Sending=genootskap het grotendeels daarin geslaag om die Swartes op te lei as handlangers en arbeiders. Die tradisionele strooptogte en oorloë tussen die verskillende stamme is daadwerklik as gevolg van die bemoeiinge van die sendelinge verminder.

Nadat die sendingaksies begin slaag het in die suide het hierdie genootskap se sendelinge hulle na die noordelike dele begin wend en die Herero's begin bearbei. Ook in die noordelike gebiede het die sendingwerk vrede en rus onder die swart volke, veral tussen die Herero's en die Namas, bewerkstellig. Die Herero's het gevestig geraak en nuwe le=wenswyses is deur die sendelinge gepropageer en gedemon=streer. Die kulturele, maatskaplike, politieke en ekono=miese lewe van die Swartes is beïnvloed. Die sendelinge het selfs meegehelp om die volkstale vinniger te ontwikkel — 'n faktor wat bygedra het tot beter verstandhoudings tussen die sendelinge en die Swartes.

### 7.2.4 Die Finse Sendinggenootskap

Die Finse Sendinggenootskap het in 1870 met hulle werksaam=hede op Omandongo begin. Slegs twee jaar later was daar alreeds sewe sendingstasies. Hierdie sendinggenootskap se werksaamhede was beperk tot die noordelike streke van die land waar die verskillende bevolkingsgroepe alreeds redelik gevestig was.

Teen 1911 was daar alreeds 'n aantal inheemse onderwysers in die diens van hierdie sendinggroep. Nadat daar besluit is

om 'n onderwysersopleidingskool op te rig is so 'n skool in 1913 op Oniipa geopen met ses kandidate. Verdere opleiding=skole is opgerig op Okahau en Oshigambo.

Dit kan sonder teenspraak beweer word dat die werksaamhede (onder andere ook die onderwyspogings) van die Finse Sen=dinggenootskap 'n groot rol gespeel het in die opheffing en ontwikkeling van die Ovambo- en Kavangovolke.

### 7.2.5 Die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap

Die Rooms-Katolieke Sendinggenootskap het sedert die begin van hulle sendingaktiwiteite in SWA daartoe oorgegaan om vir hulle swart helpers op te lei om behulpsaam te wees met die sendingwerk. Vir die doel is opleidingskole by Döbra en Tses opgerig. Hierdie genootskap het voorts van die standpunt uitgegaan dat onderwys nie van handewerk losge=maak kon word nie. Hierdie opvatting het daartoe gelei dat daar by al die Rooms-Katolieke sendingskole verskillende handwerkvakke aangebied is.

### 7.2.6 Die Nederduitse Gereformeerde en die Anglikaanse Kerke

Die sendelinge van hierdie twee kerke het besondere bydraes gelewer met betrekking tot die opleiding van Swartes as on=derwysers en die uitbreiding van die onderwys in die alge=meen.

### 7.2.7 Ten besluite

Oor die doelstellings van die sendingskole sê W.M. Kgware: "The salient features of missionary education of the Bantu were the following: (1) it was religious in purpose; (2) it was European rather than Bantu in spirit; and (3) it

was bookish".[1] Die verskillende sendinggenootskappe het nie presies dieselfde doelstellings nagestreef nie en Kgware poneer vervolgens soos volg: "In their pioneering work of establishing schools for their Bantu converts the missionary societies worked in splendid isolation from one another; there was no attempt or desire to pool efforts and resources".[2]

Met die instelling van gemeenskapskole en die daarstelling en navolging van algemene kurrikulums en sillabusse is die besware, soos geopper deur Kgware, grotendeels uit die weg geruim.

## 7.3 DIE POSISIE VAN SWART ONDERWYS IN 1970

Ten einde die omvang van swart onderwys in 1970 in die praktyk aan te toon, word daar gebruik gemaak van die sta= tistiese gegewens wat in tabel 7.1 aangetoon word op p. 275.

Dit blyk uit die syfers in tabel 7.1 dat die idee van ge= meenskapskole aan die verwagtings voldoen het. Minstens 93 persent van alle leerlinge, 88 persent van die onderwy= sers en 92 persent van die skole was alreeds in 1970 by die gemeenskapskoolstelsel ingeskakel. Slegs 5,2 persent van die totale leerlingtal het nog die sendingskole bygewoon, terwyl 1,8 persent leerlinge ingeskryf was by staats-, plaas- en gebiedskole.

Die syfers met betrekking tot die verspreiding van die leer= linge oor die verskillende standerds toon aan dat daar 'n

1) KGWARE, W.M. Bantu education in the province of the Orange Free State during the twentieth century (1900-1953), p. 1.
2) Loc. cit.

TABEL 7.1

AANTAL SKOLE, ONDERWYSERS EN LEERLINGE IN SKOLE VIR SWARTES IN SWA, 1970 [3)]

| Skoolsoort | Aard van die onderwys aangebied: Junior primêr | Senior primêr | Sekondêr | Onderwysers= opleiding | Industriële opleiding | Totaal | Aantal leerlinge |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Staatskole | - | - | 3 | 2 | 2 | 3 | 1 142 |
| Gemeenskapskole | 256 | 154 | - | - | - | 355 | 81 339 |
| Plaasskole | 4 | - | - | - | - | 4 | 236 |
| Privaat- en kerkskole | 17 | 16 | 5 | 1 | - | 23 | 4 563 |
| Gebiedskole | - | - | 2 | 2 | - | 2 | 262 |
| **Totaal** | 277 | 170 | 10 | 5 | 2 | 387 | 87 542 |
| **Onderwysers** | | | | | | | |
| Staatskole | 1 - | - | 31 | 10 | 6 | 47 | |
| Gemeenskapskole | 1 151 | 519 | - | - | - | 1 670 | |
| Plaasskole | 5 | - | - | - | - | 5 | |
| Privaat- en kerkskole | 58 | 49 | 32 | 7 | - | 146 | |
| Gebiedskole | - | - | 21 | 12 | - | 33 | |
| **Totaal** | 1 214 | 568 | 84 | 29 | 6 | 1 901 | |

**Leerlinge volgens standerds, 1970**

| Skoolfase en jaarklas | Aantal leerlinge |
|---|---|
| **Laer primêr** | |
| Sub. st. A | 26 894 |
| Sub. st. B | 16 500 |
| St. 1 | 13 372 |
| St. 2 | 9 703 |
| Totaal | 66 469 |
| **Hoër primêr** | |
| St. 3 | 7 126 |
| St. 4 | 5 333 |
| St. 5 | 3 420 |
| St. 6 | 2 885 |
| Totaal | 18 764 |
| **Sekondêr** | |
| Vorm I | 975 |
| Vorm II | 485 |
| Vorm III | 222 |
| Vorm IV | 63 |
| Vorm V | 39 |
| Totaal | 1 784 |
| Industriële opleiding | 150 |
| Onderwyseresopleiding | 375 |
| | 87 542 |

3) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Bantoe-onder= wys. Jaarverslag vir die kalenderjaar 1970, pp. 64-65.

groot konsentrasie van leerlinge in die junior jaarklasse (junior primêre fase) was, naamlik 75,93 persent. In die primêre klasse, dit wil sê vanaf Sub-standerd A tot en met standerd 4, was die persentasie 97,36. Daar was dus slegs 2,64 persent van alle skoolgaande kinders in die sekondêre-, industriële- en onderwysersopleidingskole.

Benewens die neiging dat 'n groter persentasie kinders van skoolgaande ouderdom die skole begin besoek het was daar oor die algemeen ook 'n vermeerdering van kinders vanweë die hoër geboortesyfer namate die Swartes vermeerder het (vgl. tabel 7.2.)

TABEL 7.2

DIE TOENAME VAN DIE SWARTES IN SUIDWES-AFRIKA, 1921 EN 1970 4)

| Bevolkingsgroep | Aantal in 1921 | Aantal in 1970 | Persentasie van die totale populasie van SWA | Persentasie aanwas (1921-1970) |
|---|---|---|---|---|
| Ovambo | 91 500 | 342 455 | 56,06 | 274,26 |
| Damara | 20 883 | 64 973 | 10,63 | 211,13 |
| Kavango | 20 000 | 49 577 | 8,12 | 147,89 |
| Herero | 31 063 | 49 203 | 8,05 | 58,40 |
| Nama | 20 968 | 32 853 | 5,38 | 56,68 |
| Oos-Capriviane | 4 249 | 25 009 | 4,09 | 488,59 |
| Boesmans | 3 931 | 21 909 | 3,59 | 457,34 |
| Ander | - | 14 756 | 2,42 | - |
| Kaokovelders | 1 500 | 6 467 | 1,06 | 331,13 |
| Tswana | 200 | 3 719 | 0,61 | 1 759,50 |
| Totaal | 194 294 | 610 921 | 100,00 | 214,43 |

4) KRITZINGER, op. cit., vol. I, p. 7.

Volgens tabel 7.2 was daar 'n bevolkingsaanwas van 214 per= sent vir die periode 1921-1970.

Gedurende die dekade 1960-1970 was daar 'n verdere interes= sante ontwikkeling, naamlik die voorsiening van onderwys aan die Boesmans. Die eerste skole uitsluitlik vir Boes= mans is opgerig te Tsumkwe en Nkongo.

Alhoewel die onderwys in 1970 nie meer 'n suiwer sendingpo= ging was nie, was die kerklike tradisie nog duidelik in die onderwys te bespeur. Godsdiensonderrig het nog steeds 'n belangrike deel uitgemaak van die kurrikulums van die ver= skillende skooltipes. Die staat het voorts die Christelike karakter in die juridiese grondslag van die onderwys aan die Swartes in SWA verskans.

Ten einde die onderwys vir Swartes in SWA te finansier moes daar vir die jaar 1970/71 die bedrag van R2 844 900,00 be= groot word. [5]

5) SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Bantoe-onder= wys. Jaarverslag vir die kalenderjaar 1970, p. 79.

ABSTRACT

The first education efforts of the missionaries started as far back as 1805. The education consisted mainly of the teaching of handcraft, personal cleanliness, reading and writing.

The language problem proved to be a major obstacle. There were a number of different black nations residing in the territory, each with their own language. The early mis= sionaries could not speak the languages and the education to the Blacks therefore took place through a foreign me= dium. The language most commonly used at that stage was Dutch. It was many years later, after the missionaries had acquired the knowledge of the different languages that the Blacks were taught in their mother tongue.

A second problem proved to be finances. There was, espe= cially during the initial years, an acute shortage of mo= ney. The missionaries were required to supply their own needs in almost every respect. They had to build the chur= ches which also served as schools; school equipment was non-existent and furniture had to be made by the missiona= ries themselves and their pupils.

The land was inhospitable and the distances immense. The people were nomads and therefore the missionaries were com= pelled to travel with the different tribes when the wander= lust came to the fore. To solve this problem the missiona= ries trained Blacks from the different tribes to assist them in their multiple chores. The training of these assistants was very elementary and their shortcomings proved to be

numerous.

In the initial stage there was no question of advanced edu= cation. It was only in 1866 when money became available from Germany that the Augustineum was built. The Augusti= neum subsequently became a teachers' training centre.

There were tribal wars almost throughout the nineteenth cen= tury. After the German occupation in 1884, the Germans and the Herero nation entered into a war which lasted several years and seriously hampered the advancement of education.

Compulsory school attendance was something unknown to the Blacks and disciplinary action on the part of the parents was minimal. The Blacks, at that stage, had no value of education as such. The Western school system was unknown to them and differred vastly from their initiation or tri= bal "schools".

When South Africa conquered the territory in 1915, SWA be= came a mandate through the Treaty of Versailles. It was then that the Government of the Union of South Africa ap= pointed an Organising Inspector of Education to investigate the matter of education to the Blacks of SWA. The findings of this investigation led to the first attempt to place the education of the Blacks on a more organised system. During 1921 Education Proclamation no. 55 and in 1926 Education Proclamation no. 16 were passed. These proclamations great= ly contributed to the establishment of a sound educational system for all Blacks of SWA.

For the first time regular financial assistance was made available to the missionary societies. However, they had

to comply with certain conditions regarding buildings, num= bers of pupils, curriculums and inspections. This arrange= ment met with approval and resulted in a widespread develop= ment of education to the Blacks.

After the proclamations and with the necessary funds avail= able, the Administration of SWA erected schools in the dif= ferent reserves. In 1925 an important change took place in the system of education whereby the executive powers with regard to education were granted to the Administration of SWA by the South West Africa Constitution Act (Act no. 42 of 1925). The control and management of educational ser= vices as a whole continued to be the function of the De= partment of Education of the Administration, but the ser= vices of the missionary societies were fully retained for the practical implimentation thereof.

During 1926 the educational services were well-established and developed, and approximately R1 000 000,00 per annum was expended on the education of Blacks out of the terri= tory's revenue.

The following three decades brought forth a steady growth and development in the general educational field. During this time powers of legislation over education were granted to the Legislative Assembly of SWA in terms of the SWA Af= fairs Amendment Act, 1949 (Act no. 23 of 1949).

The education of the indigenous language groups was mainly in the hands of the different missionary societies. At this stage it was felt that the various communities had reached the stage where they could participate to a great=

er extent in the control and management of their own educa=tional matters, therefore a commission was appointed during 1958 to review the educational services for the indigenous language groups and to make the necessary recommendations. The most important recommendation that was made, was that the mission schools should be converted into community schools thus enabling the parents to participate in educa=tional matters affecting their children. Most of the mis=sionary societies readily co-operated in this direction.

A second commission was appointed in 1962 and further re=commendations were made. An ordinance for the consolida=tion and amendment of provisions for the further develop=ment of the educational services was published under Govern=ment Notice no. 116 of 1962 as Ordinance no. 17 of 1962 and is known as the Education Ordinance of 1962.

As a result of the above-mentioned reviews and recommenda=tions the education of the Blacks of SWA was transferred to the Bantu Education Department of the Republic of South Af=rica (Act no. 25 of 1969).

A regional office, controlled by a Chief Inspector of Edu=cation, was opened in Windhoek. The territory was divided into three inspection circuits, excluding Ovamboland, which had its own Department of Education and Culture. The Lang=uage Bureau which was situated in Windhoek for many years, was also administered by the Chief Inspector in Windhoek.

In 1970 the medium of instruction in the sub-standards was the mother tongue. In standards 1 and 2, Afrikaans was most frequently used due to the fact that the ortography of the

indigenous languages was still being developed. It was an=ticipated that mother tongue instruction would be used throughout SWA by the end of 1970. This medium of instruc=tion would apply to sub-standard A up to and including the standard 2 level.

With all the rapid and radical changes which have benefi=cially affected the education systems of the Blacks, espe=cially during the years 1958-1970, there has been a tremen=dous increase in the number of schools, teachers and pupils. The system that was introduced during 1969 has operated sa=tisfactorily. The implimentation of the different proclama=tions, ordinances and reviews has proved the most logical and practical approach.

The missionary societies which played such a major part in the establishment of education to the Blacks of SWA over the past 165 years are acknowledged for their efforts and their churches are thus able to appoint members to the various school boards and school committees of the different areas. The education of the Blacks caters not only for vocational and academic requirements, but is also Christian orientated.

## BRONNE

### BOEKE


BRUWER, J.P. v. S. South West Africa. The disputed land. Cape Town, Nasionale Boekhandel Bpk., 1966.

FINSE SENDINGGENOOTSKAP. Die Finse Sendinggenootskap en die Evangeliese Lutherse Ovambo-Kavangokerk. 'n Eeu van genade, 1859-1959. Oniipa, Finse Sendingdrukkery, 1958.

FREY, K. Die Nie-blanke volkere van Suidwes-Afrika. Johannesburg, SAUK, 1958.

GOLDBLATT, I. History of South West Africa from the beginning of the 19th century. Cape Town, Juta, 1971.

HAHN, C.H.L., VEDDER, H. and FOURIE, L. The native tribes of South West Africa. London, Frank Cass Co. Ltd., 1966.

INTERNATIONAL COURT OF JUSTICE. South West Africa cases. The Hague, 1966.

KRITZINGER, J.J. Sending en kerk in Suidwes-Afrika; vol. I en II. Pretoria, Hennie's Sekretariële Dienste (Edms.) Bpk., 1973.

LEMMER, C.J.C. 'n Inleiding tot die geskiedenis van Suidwes-Afrika. ('n Afrikaanse verwerking van Dr. H. Vedder se "Einführung in die Geschichte Südwestafrikas".) Kaapstad, Unie-Volkspers Bpk., 1941.

MALHERBE, E.G. Bantu manpower and education. Johannesburg. S.A. Institute of Race Relations, 1969.

MULLER, C.F.J. Red. Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Kaapstad, Nasou, 1968.

OLPP, MISSIONAR. Kultuurbedeutung der Evangelischen Rheinischen Mission für Südwest. Swakopmund, 1914.

RUPERTI, RUTH. M. Die onderwysstelsel in Suider-Afrika. Pretoria, J.L. van Schaik Beperk, 1974.

SCHLUNK, M. Die schulen für eingeborene in den Deutschen schutzgebieten. Hamburg, 1914.

SHAW, E.M. Man in Southern Africa. The Bushman/Die Boes=man. Cape Town, South African Museum, 1971.

SMIT, A.P. God het laat groei. Geskiedenis van die Bybel=genootskapbeweging in Suider-Afrika, 1920-1970. Kaapstad, Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1970.

SOLLAS, W.J. Ancient hunters and their modern representa=tives. London, Macmillan, 1924.

SPIECHER, PASTOR. Die Rheinische Mission in Hereroland. Barmen, Verlag des Missionhauses, 1907.

STRASSBERGER, E. The Renish Mission Society in South Afri=ca, 1830-1950. Cape Town, C. Struik, 1969.

SWANEVELDER, C.J., KOTZé, J.C., VAN HUYSSTEEN, M.K.R., HA=NEKOM, F. Senior Aardrykskunde vir standerd 10. Kaapstad, Nasou Bpk., 1975.

VAN SCHOOR, M.C.E. OBERHOLZER, J.J., COETZEE, A.G., PIENAAR, K.J. Senior Geskiedenis vir Suid-Afrikaanse skole. Kaap=stad, Nasou, 1971.

VAN WARMELO, N.J. Notes on the Kaokoveld (South West Af=rica) and its people. Department of Native Affairs. Pre=toria, Government Printer, 1951.

VEDDER, H. Das alte Südwestafrika. Berlin, Martin Warneck Verlag, 1934.

VEDDER, H. Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika. Gebeur=tenisse in Suidwes tot aan die dood van Maharero in 1890. Aan die hand van die betroubaarste skriftelike en mondelinge oorlewerings vertel deur Dr. H. Vedder. Windhoek, John Meinert, 1937.

VEDDER, H. South West Africa in early times. Being the history of South West Africa up to the date of Maharero's death in 1890. Translated and edited by Cyril G. Hall. London, Frank Cass & Co., 1938.

VEDDER, H. Kort verhale uit 'n lang lewe. (Uit Duits ver= taal deur L.F. le Grange.) Kaapstad, A.A. Balkema, 1957.

VERHANDLUNGEN DES DEUTSCHEN KOLONIALKONGRESSES 1908; 1924. Windhoek.

VOIPIO, R. Kontrak soos die Ovambo dit sien. Oniipa, Evangeliese Lutherse Kerk in Suidwes-Afrika, 1972.

PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE

HEESE, J.A. Onderwys in Namakwaland, 1750-1940. Stellen= bosch, Universiteit van Stellenbosch, 1942. (Ongepubliseer= de D.Ed.-proefskrif.)

KGWARE, W.M. Bantu education in the province of the Orange Free State during the twentieth century (1900-1953). Pre= toria, Unisa, 1955. (Opsomming van ongepubliseerde M.Ed.- verhandeling.)

LEMMER, C.J.C. Onderwys in Suidwes-Afrika. Pretoria, Unisa, 1934. (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif.)

LUTTIG, H.G. The religious system and social organization of the Herero. Leiden, Rijksuniversiteit. (Gepubliseerde proefskrif.)

SCHOLTZ, P.J. Die ontwikkeling van inboorlingonderwys binne die suidelike sektor van Suidwes-Afrika 1915-1962. Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch, 1973. (Onge= publiseerde M.Ed.-verhandeling.)

SCHUTTE, C.H.J. Kleurlingonderwys in Suidwes-Afrika. Pre= toria, Unisa, 1942. (Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling.)

STALS, E.L.P. Die aanraking tussen Blankes en Ovambo's in Suidwes-Afrika 1850-1915. Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch, 1953. (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif.)

REGERINGSPUBLIKASIES


CAPE OF GOOD HOPE (Colony). Report of W. Coates Palgrave. Presented to both houses of Parliament 1877. Cape Town, 1877.

CAPE OF GOOD HOPE (Colony). Walfish Bay and St. John's Ri= ver Territories Annexation Act. (Act No. 35/1884.) Cape Town, 1884.

SOUTH AFRICA (Republic). Department of Foreign Affairs. South West Africa survey 1967. Pretoria, Cape and Trans= vaal Printers Ltd, March 1967.

SOUTH AFRICA (Republic). Department of Information. South West Africa and the Union of South Africa. The his= tory of a mandate. New York, Manhatten Printing Co., s.j.

SOUTH AFRICA (Republic). Department of Information. South West Africa the land, its peoples and their future. Johannesburg, Dagbreek Uitgewers, 1960.

SOUTH WEST AFRICA (Administration). Long term agricultural policy commission report. Windhoek, 1948.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Bantoe-onderwys. Jaarverslae van die Departement van Bantoe-onderwys van die Republiek van Suid-Afrika vir die jare 1962, 1964, 1965, 1966, 1967, 1968, 1969, 1970. Pretoria, Cape and Transvaal Printers Ltd.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Bantoe-onderwys. Omsendbriewe aan Inboorlingsendingskole en Staatsinboorling= skole 1951-1960. Pretoria, Departement van Bantoe-onder= wys.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Bantoe-onderwys. (Windhoek). Omsendbrief nr. N5 van 1952, 1952.07.05. Omsendbrief nr. N11 van 1953, 1953.08.28. Omsendbrief nr. 5 van 1953, 1953.04.07. Omsendbrief nr. N5 van 1954, 1954.06.15. Windhoek, Departement van Bantoe-onderwys.

SUID-AFRIKA (Republiek). Rapporte aangebied deur die re=gering van die Unie van Suid-Afrika aan die Raad van die Volkebond vir die jare 1927, 1928, 1929, 1930, 1931, 1932, 1933, 1934, 1935, 1937. Pretoria, Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die kommissie van on=dersoek na aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1962-63. Pretoria, Staatsdrukker, 1964.

SUID-AFRIKA (Unie). Departement van Bantoe-administrasie en Ontwikkeling. Bantoe-onderwys beleidsbepalings vir die onmiddellike toekoms. Pretoria, Staatsdrukker, 1959.

SUID-AFRIKA (Unie). Verslag van die Rehoboth Kommissie U.G. 41/1926. Pretoria, 1926.

SUID-AFRIKA (Unie). Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet. (Wet nr. 42 van 1925.) Kaapstad, 1925.

SUID-AFRIKA (Unie). Zuid-West-Afrika Mandaat Wet. (Wet nr. 49 van 1919.) Kaapstad, 1914.

SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Goewermentskennisgewings

G.K. nr. 129 van 1926. G.K. nr. 191 van 1947.
G.K. nr. 6 van 1951. G.K. nr. 56 van 1964.
G.K. nr. 57 van 1964. G.K. nr. 63 van 1964. Pretoria, Staatsdrukker.

SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Offisiële Koerant. Buiten=gewone Offisiële Koerant, nr. 2546 van 1964. Pretoria, Staatsdrukker, 1964.

SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Proklamasies

Onderwijs Proklamatie nr. 55 van 1921.
Onderwys Proklamasie nr. 16 van 1926.
Proklamasie nr. 38 van 1931.
Proklamasie nr. 10 van 1934.
Proklamasie nr. 18 van 1943.
Onderwysproklamasie nr. 16 van 1947. Kaapstad, Staatsdruk=ker.

SUIDWES AFRIKA (Administrasie). Wette en Ordonnansies

Die Onderwyswet van Suidwes-Afrika. Geannoteerde her= druk, 1949. Windhoek, John Meinert Ltd, 1949.

Wet nr. 56 van 1954.
Ordonnansie nr. 19 van 1960.
Onderwysordonnansie, nr. 27 van 1962. Kaapstad, Staats= drukker.

SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Jaarrapporte van die Di= rekteur van Onderwys van Suidwes-Afrika vir die jare 1934, 1936, 1938, 1940, 1941, 1944, 1945, 1947, 1948, 1950, 1951, 1952, 1954, 1956, 1957, 1959, 1961, 1962, 1963, 1967, 1968. Windhoek, Onderwysdepartement.

SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Memorandum van onderwys= beleid, bepaal na aanleiding van verslae van Kommissies van Ondersoek, 1960. Windhoek, Afgerolde eksemplaar, 1960.

SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Rapporte van die Admini= strateur van Suidwes-Afrika vir die jare 1922, 1923, 1924, 1926, 1927, 1929, 1932. Windhoek, Administrasie.

SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). U.K. Besluit. Minute 520, 1958.05.14. Windhoek, Administrasie, 1958.

SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). U.K. Besluit. Minute 1191, 1961.11.04. Windhoek, Administrasie, 1961.

SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die Suidwes- Afrika Onderwyskommissie 1950. Windhoek, Afgerolde eksem= plaar, 1950.

SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Verslag van die kommissie van ondersoek na Nie-blanke onderwys in Suidwes-Afrika; dle. I en II. Windhoek, Administrasie, November 1958.

SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Witboek oor die werksaam= hede van die verskillende afdelings van die Administrasie van Suidwes-Afrika, 1961/62, 1962/63, 1963/64. Kaapstad, Staatsdrukker.

SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Brief van die Direkteur van Onderwys van Suidwes-Afrika aan die Departement van Bantoe-onderwys Pretoria, 1960.04.19. Windhoek, 1960.

SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Memorandum oor taalgroepe in naturelle-skole in Suidwes-Afrika, 1954.06.11. Windhoek, Afgerolde eksemplaar, 1954.

SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Memorandum van die Direkteur van Onderwys, 1963. 01.07. Windhoek, Afgerolde eksemplaar, 1963.

SUIDWES-AFRIKA (Administrasie). Onderwysdepartement. Native Education general. Lêer 742; vol. II. Windhoek, s.j.

AMPTELIKE KORRESPONDENSIE

ORGANISEERDER VAN SWART ONDERWYS. Brief aan die Direkteur van Onderwys, 1954.09.08. Windhoek, 1954.

VAN WARMELO, N.J. Brief aan die Sekretaris van SWA, 1955.10.27. Windhoek, 1955.